# DIE PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA

**ROELOF CORNELIUS LINDEQUE**

**MA (MAATSKAPLIKE WERK), MTH (PRAKTIESE TEOLOGIE),**
**DPHIL (MAATSKAPLIKE WERK)**

**PROEFSKRIF VOORGELÊ VIR DIE GRAAD**

***PHILOSOPHIAE DOCTOR***
**IN PASTORAAL**

**AAN DIE**

**POTCHEFSTROOMKAMPUS**
**VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT**

**PROMOTOR: PROF. DR. W.C. COETZER**

**2006**

**POTCHEFSTROOM**

*Opgedra aan my Verlosser Jesus Christus wat my veertig jaar in sy bediening gebruik het.*

## Voorwoord en bedankings

Ek bedank die Noordwes-Universiteit wat dit vir my moontlik gemaak het om met 'n beurs te kon studeer.

Verder bedank ek ook die NG Kerk wat dit steeds vir sy predikante moontlik maak om langverlof te neem. My verlof het ek vir die navorsing gebruik. Die 40 jaar wat ek as predikant in die bediening kon staan was 'n wonderlike voorreg.

**My promotor, prof. Wentzel Coetzer, was vir my tot 'n baie spesiale seën. Baie dankie!**

Ek dank God vir sy groot genade wat my toegelaat het om die navorsing te voltooi, en vir 'n skootrekenaar wat op 'n bed net so goed werk as op 'n lessenaar!, en vir die voorreg om self ook met trauma wat aan my eie lyf, siel en gees kom ruk het, te kon worstel tot oorwinning deurbreek.

Baie dankie vir die Abraham Krielkinderhuis Potchefstroom wat uit hulle pad gegaan het om my te help met die praktiese navorsing. Die vyf respondente het my met groot deernis in Christus vir hulle verwul - en vir elke kind in die wêreld wat op een of ander manier getraumatiseer is.

Prof. Faans Steyn van die Statistiese Konsultasiediens was vir my 'n baie groot hulp. Baie dankie.

Aan my vrou, Hendrien, wat nie net dié pad saam gestap het nie, maar self deur chemoterapie en bestraling ernstig verwond maar nie oorwin is nie, baie dankie! Jou bydrae aan die finale produk was van onskatbare waarde.

Aan God kom al die eer toe in alles - nou en tot in ewigheid!

# SUMMARY AND KEY TERMS

## THE PASTORAL COUNSELLING OF PERSONS WITH COMPLEX TRAUMA

The research on pastoral counseling of persons struggling with complex trauma was undertaken with the aim of designing a practice-orientated model for pastoral counseling in order to guide such persons to emotional healing, stability and spiritual growth.

An exegetical study throws light on the role of prayer and trust in God. One can entrust to God one's problems and one's supplication for help in the firm belief that He will provide a way out. An investigation into counseling perspectives in the Scriptures and in the literature on Christian counseling brought to light that pastoral counseling, which is a mandate given to believers, affords a unique opportunity for lovingly encouraging and consoling people with complex trauma. Contributions by psychiatry and psychology emphasise the phase approach. They stress security and stability, the processing of the traumatic memory and mourning, as well as a renewed commitment to new relationships.

The core of the findings is that persons with complex trauma - which is an intricate syndrome relating to a spectrum of post-traumatic disturbances following intense, protracted and repeated trauma - can be guided by pastoral counseling to emotional healing, stability and spiritual growth. Specific reference is made to victims of prolonged family violence and/or physical an/or emotional and/or sexual abuse and/or protracted physical and/or emotional neglect in family context.

The empirical research confirmed that the children of the Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom, who were subjected to these traumatic experiences in their parental homes exhibit the typical symptomatology of complex trauma. These entail emotional disturbances like anger and self-injury, disturbances of consciousness like dissociation, disturbances of self-image like stigma, guilt and shame, disturbances in the image of the perpetrator, like unrealistic expectations and finally disturbances in relationships like distrust and loss of faith. The principles and outcome of the empirical research are eventually applicable to all persons struggling with complex trauma.

A practice-orientated counseling model was designed which focuses on stabilisation and security, the processing of the traumatic memory and mourning, as well as a renewed commitment to life in abundance and new relationships. In this therapeutic relationship of faith the distress narrative and the narrative of the past are central. God allows everything to turn out for the best for those who trust in Him. In Christ people are more than victors through God's will for their lives.


**KEY TERMS**

- Psychical trauma
- Complex trauma
- Pastoral counseling

# OPSOMMING EN SLEUTELTERME

## DIE PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA


Die navorsing oor die pastorale berading van persone wat worstel met gekompliseerde trauma is onderneem met die doel om 'n praktykgerigte model vir pastorale berading te ontwerp wat dié persone kan begelei tot emosionele genesing, stabiliteit en geestelike groei.

'n Eksegetiese studie het die rol van vertroue op God en gebed belig. 'n Mens kan God vertrou met sy klagte en sy smeking om hulp met die vaste vertroue dat Hy uitkoms sal gee. 'n Ondersoek na beradingsperspektiewe in die Skrif en literatuur oor Christelike berading, het aan die lig gebring dat pastorale berading wat 'n opdrag aan gelowiges is, 'n unieke geleentheid bied om persone met gekompliseerde trauma te bemoedig en te vertroos in liefde. Bydraes van die psigiatrie en psigologie beklemtoon die fase-benadering, met die klem op beveiliging en stabiliteit, die prosessering van die traumatiese geheue en rou, asook 'n herverbintenis tot nuwe verhoudings.

Die kern van die bevindinge is dat slagoffers van gekompliseerde trauma, 'n ingewikkelde sindroom wat verband hou met 'n spektrum van posttraumatiese versteurings wat volg op intense, langdurige en herhaalde trauma, deur pastorale berading begelei kan word tot emosionele genesing, stabiliteit en geestelike groei. Spesifieke verwysing is gemaak na slagoffers van langdurige gesinsgeweld en/of fisiese en/of emosionele en/of seksuele mishandeling en/of langdurige fisiese en/of emosionele verwaarlosing in gesinsverband.

Die empiriese navorsing het bevestig dat die kinders in Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom, wat in hulle ouerhuise onderwerp was aan dié traumatiese ervarings, die tipiese simptomatologie van gekompliseerde trauma vertoon. Hier gaan dit veral oor emosionele versteurings soos byvoorbeeld woede en selfbeserings, bewussynsversteurings van dissosiasie, soos selfbeeldversteurings van stigma, skuld en skaamte, versteurings in die beeld van die oortreder, soos onrealistiese verwagtinge; en dan ook verhoudingsversteurings, soos wantroue en versteurde sinsbelewing, wat veral dan ook manifesteer in geloofsverlies.

Die beginsels en resultate van die navorsing met kinders is uiteindelik op alle persone wat worstel met gekompliseerde trauma van toepassing.

'n Praktykgerigte beradingsmodel is ontwerp wat fokus op stabilisasie en veiligheid, die prosessering van die traumatiese geheue en rou, asook 'n herverbintenis tot lewe in oorvloed en nuwe verbintenisse. In dié terapeutiese geloofsverhouding staan die nood- en die verledeverhaal sentraal. God laat alles ten goede uitwerk vir mense wat Hom vertrou. In Christus is mense meer as oorwinnaars deur God se wil vir hulle lewens.

## SLEUTELTERME

- Psigiese trauma
- Gekompliseerde trauma
- Pastorale berading

# INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD EN BEDANKINGS ii

SUMMARY AND KEY TERMS iii

OPSOMMING EN SLEUTELTERME v

## AFDELING 1: INLEIDING

## HOOFSTUK 1: 'N INLEIDENDE PERSPEKTIEF OP DIE PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA ............ 1

**1.1 ORIËNTERING**

1.1.1 Definisies ........ 1

1.1.1.1 Psigiese trauma ........ 1

1.1.1.2 Gekompliseerde trauma ........ 1

1.1.1.3 Pastorale berading ........ 1

**1.2 PROBLEEMSTELLING** ........ 2

1.2.1 Inleiding ........ 2

1.2.2 'n Nuwe diagnose ........ 3

1.2.3 Erkenning van gekompliseerde trauma ........ 3

1.2.3.1 Die rol van die verlede ........ 3

1.2.3.2 Post traumatiese stresversteuring - die grens van psigiese trauma? ........ 4

1.2.3.3 Gekompliseerde trauma - 'n moontlike deurbraak ........ 5

1.2.4 Kenmerkende diagnostiese kriteria vir gekompliseerde trauma ........ 6

1.2.5 Gevolgtrekking ........ 6

1.2.6 Spesifieke leemtes in die huidige kennis oor die onderwerp ........ 7

1.2.7 Begrensing van die studie ........ 7

**1.3 NAVORSINGSVRAAG** .................... 8

1.3.1 Verdere vrae .................... 8

1.3.1.1 Basis-teoretiese vrae .................... 8

1.3.1.2 Meta-teoretiese vrae .................... 8

1.3.1.3 Praktyk-teoretiese vrae .................... 8

**1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE** .................... 9

1.4.1 Doelstellings .................... 9

1.4.2 Doelwitte .................... 9

**1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT** .................... 10

**1.6 METODOLOGIE** .................... 10

1.6.1 Inleiding .................... 10

1.6.1.1 Die Gereformeerde tradisie .................... 10

1.6.1.2 Navorsingsmodel van Zerfass .................... 10

1.6.2 Basis-teoretiese perspektiewe .................... 11

1.6.2.1 Hoofstuk 2 .................... 11

1.6.2.2 Hoofstuk 3 .................... 11

1.6.2.3 Hoofstuk 4 .................... 12

1.6.3 Meta-teoretiese perspektiewe .................... 13

1.6.3.1 Hoofstuk 5 .................... 13

1.6.3.2 Hoofstuk 6 .................... 13

1.6.4 Praktyk-teoretiese perspektiewe .................... 14

1.6.4.1 Hoofstuk 7 .................... 14

**1.7 ANDER TEGNIESE ASPEKTE** .................... 14

1.7.1 Bybelboekname ........ 14

1.7.2 Geslagsvorm ........ 14

1.7.3 Die terme beradene, pasiënt, kliënt, kind, persoon en individu ........ 14

1.7.4 Die terme terapeut en berader ........ 15

1.7.5 Die terme berading en terapie ........ 15

1.7.6 Die term kinders van die kinderhuis ........ 15

1.7.7 Die term kinderhuis ........ 15

**1.8 VOORGESTELDE HOOFSTUK INDELING ........ 15**

## AFDELING 2: BASISTEORIE

**HOOFSTUK 2: INLEIDENDE PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE MENS SE BELEWING VAN GEKOMPLISEERDE TRAUMA ........ 17**

**2.1 INLEIDING ........ 17**

**2.2 PRAKTIESE TEOLOGIE AS TEOLOGIESE WETENSKAP ........ 18**

2.2.1 Die praxis van praktiese teologie ........ 18

2.2.2 Die plek van die Skrif in praktiese teologie ........ 19

2..2.3 Die prakties-teologiese model van Zerfas ........ 21

2.2.4 Praktiese implikasies van 'n interpretatiewe benadering ........ 22

2.2.5 Die model van Zerfass in die praktyk ........ 23

**2..3 DIE SKRIF AS KENBRON VAN DIE BASISTEORIE ........ 25**

2.3.1 Die gesag van die Skrif ........ 25

2.3.2 Die Skrif as instrument ........ 26

2.3.3 Die genoegsaamheid van die Skrif ... 27

2.3.4 Gevolgtrekking ... 28

**2.4 BYBELSE PASTORAAT AS VERTOLKING VAN TROOS** ... 28

2.4.1 Inleiding ... 28

2.4.2 Die herder-metafoor ... 30

**2.5 'N BYBELSE PERSPEKTIEF OP DIE LYDING VAN GELOWIGES** ... 32

**2.6 DIE MENS WAT PASTORALE BERADING ONTVANG** ... 34

2.6.1 Inleiding ... 34

2.6.2 'n Antropologie van hulpverlening ... 36

2.6.3 Wat is die mens? ... 37

2.6.3.1 Die mens as beeld en gelykenis van God ... 38

2.6.3.2 Die mens as eenheidswese ... 41

2.6.3.3 Die mens as verhoudingswese ... 44

2.6.3.4 Die mens as toekomswese ... 49

2.6.4 Gevolgtrekking ... 51

**2.7 SAMEVATTING** ... 51

**HOOFSTUK 3: EKSEGETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE MENS SE BELEWING VAN GEKOMPLISEERDE TRAUMA** ... 53

**3.1 INLEIDING** ... 53

**3.2 EKSEGESE VAN PSALM 22 EN BASIS-TEORETIESE AFLEIDING** ... 53

3.2.1 Die keuse van Psalm 22 vir eksegese en basis-teoretiese afleiding ... 53

3.2.2 Die teks en tekstuele konteks van Psalm 22 ... 54

3.2.3 Die genre van Psalm 22, en van die Psalms ... 55

3.2.4 Bepaling van die kernvers van Psalm 22 ... 56

3.2.5 Die sosio-historiese konteks van Psalm 22 ... 58

3.2.5.1 Die klaaglied en die erediens vanIsrael ... 58

3.2.5.2 Die betekenis van die klaaglied vir Israel ... 59

3.2.5.3 Voorvereiste en doel van die klaaglied vir Israel ... 59

3.2.5.4 Die Naam van die Here en sy reddingsdade in die heilsgeskiedenis van Israel ... 60

3.2.5.5 Die oordele van God oor die vyande ... 60

3.2.5.6 Gehoorsaamheid ... 61

3.2.5.7 Skielike wending ... 61

3.2.6 Psalm 22 en die Nuwe Testament ... 61

3.2.7 Woordstudie van Psalm 22:22b ... 62

3.2.8 Skrif-met-Skrifvergelyking, en openbaringshistoriese plek van Psalm 22 ... 62

3.2.9 Die openbaring oor God in Psalm 22 ... 65

3.2.10 Die verlossingsfeite in Psalm 22, en die oproepe op grond daarvan ... 66

3.2.11 Die kommunikasiedoel van Psalm 22 ... 67

3.2.12 Raadpleging van eksegetiese bronne ... 68

3.2.13 Eie tersaaklike sosio-historiese konteks:'n Eietydse toepassing van Psalm 22 ... 71

**3.3 DIE HOOP WAT AAN DIE MENS MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA VERKONDIG WORD** ... 73

3.3.1 Inleiding ... 73

3.3.2 Markus 5:25-34: Die vrou met bloedvloeiing ... 73

3.3.2.1 Die keuse van Markus 5:25-34 vir eksegese ... 73

3.3.2.2 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop ... 74

3.3.2.3 Die sosio-historiese konteks van Markus 5:25-34 ... 77

3.3.2.4 Skrif-met-Skrifvergelyking, en die openbaringshistoriese plek van Markus 5:25-34 ... 78

3.3.2.5 Die openbaring van God in Markus 5:25-34 .......... 79

3.3.2.6 Die verlossingsfeite in Markus 5:25-34, en die oproepe op grond daarvan .......... 79

3.3.2.7 Die kommunikasiedoel van Markus 5:25-34 .......... 82

3.3.2.8 Raadpleging van eksegetiese bronne .......... 82

**3.4 SAMEVATTING** .......... 88

**HOOFSTUK 4: BASIS-TEORETIESE BERADINGSPERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA** .......... 90

**4.1 INLEIDING** .......... 90

**4.2 DOELSTELLING VAN HOOFSTUK 4** .......... 91

**4.3 BASIESE UITGANGSPUNTE** .......... 91

4.3.1 Pastorale berading .......... 91

4.3.2 Christelike spiritualiteit .......... 92

4.3.3 Pastorale probleme .......... 92

4.3.4 Pastorale dialoog en die bou van 'n Christelike spiritualiteit .......... 96

4.3.5 'n Herbeskrywing vanuit 'n narratiewe benadering .......... 98

4.3.6 Gespesialiseerde pastorale bediening .......... 98

4.3.7 Gevolgtrekking .......... 99

**4.4 DIE SKRIF EN ASPEKTE VAN PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA** .......... 100

4.4.1 Inleiding .......... 100

4.4.2 Toepaslike Skrifgedeeltes .......... 101

4.4.2.1 Inleiding .......... 101

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

4.4.2.2 Die eerste term: *παρακαλέω* ..... 102

4.4.2.3 Die tweede term: *νουθετέω* ..... 110

4.4.2.4 Die derde term: *παραμυθέομαι* ..... 111

4.4.2.5 Die vierde term: *ἀντέχομαι* ..... 112

4.4.2.6 Die vyfde term: *μακροθυμέω* ..... 113

4.4.2.7 Die sesde term: *ὀλιγόψυχος* ..... 114

4.4.2.8 Die sewende term: *ἀσθενής* ..... 115

4.4.3 Gevolgtrekking ..... 116

**4.5 'N BYBELSE VERWYSINGSRAAMWERK VIR 'N PASTORALE BERADINGSMODEL** ..... 117

4.5.1 Die terapie van Jesus ..... 117

4.5.1.1 Inleiding ..... 117

4.5.1.2 Jesus se dissipels se bediening ..... 118

4.5.1.3 Die verband tussen terapie en lyding ..... 118

4.5.1.4 Die verband tussen terapie en diens ..... 118

4.5.1.5 Die verband tussen terapie en woordbediening ..... 119

4.5.1.6 Pastorale berading en die hoop in Christus ..... 119

4.5.1.7 Opofferende liefde ..... 120

4.5.1.8 Gevolgtrekking ..... 121

4.5.2 Beradenes se status in Christus ..... 121

4.5.2.1 Inleiding ..... 121

4.5.2.2 Self-evalueringskaal: "Wie is ek in Christus?" ..... 122

4.5.3 Implikasies vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma ..... 123

4.5.4 Gevolgtrekking ..... 123

**4.6 PASTORALE BERADING IN PRAKTYK** ........ 124

4.6.1 Inleiding ........ 124

4.6.2 Om te leer om te luister ........ 125

4.6.2.1 Inleiding ........ 125

4.6.2.2 Luister met onderskeiding ........ 125

4.6.2.3 Vraagstelling, bemoediging en gerusstelling ........ 126

4.6.2.4 Die kuns van konfrontasie ........ 127

4.6.2.5 Gekompliseerde trauma ........ 128

4.6.3 Die lydenspastoraat ........ 128

4.6.3.1 Inleiding ........ 128

4.6.3.2 Die funksie van die klagformules ........ 129

4.6.3.3 Implikasies vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma ........ 131

4.6.3.4 Gevolgtrekking ........ 132

4.6.4 Die verhalende pastorale gespreksvoering ........ 132

4.6.4.1 Inleiding ........ 132

4.6.4.2 Algemene beginsels ........ 132

4.6.5 "Gees-gesentreerde gesprekke": die taal wat God van ons verlang om te praat (*Soultalk*) ........ 137

4.6.5.1 Inleiding ........ 137

4.6.5.2 Die rol van gees-gesentreerde gesprekke ........ 138

4.6.5.3 Die vyf stappe van sielsorg ........ 139

4.6.5.4 Algemene beginsels van gees-gesentreerde gesprekke ........ 140

4.6.5.5 Gevolgtrekking ........ 143

**4.7 SAMEVATTING** ........ 144

## AFDELING 3: METATEORIE

HOOFSTUK 5: META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA ........ 148

5.1 BAANBREKERSWERK VAN JUDITH HERMAN ........ 148

5.1.1 Inleiding ........ 148

5.1.2 Klassieke omskrywings ........ 148

5.1.3 'n Spektrum van toestande ........ 149

5.1.4 Kindermishandeling en -molestering ........ 150

5.1.5 Gesinsgeweld ........ 150

5.1.6 Definisie ........ 150

5.1.7 Ander aanverwante navorsing ........ 151

5.1.7.1 Inleiding ........ 151

5.1.7.2 Konsentrasiekampe ........ 151

5.1.7.3 Uitgebreide konsep van PTSD ........ 151

5.1.7.4 Posttraumatiese karakterversteuring ........ 151

5.1.7.5 Gekompliseerde PTSD ........ 152

5.1.7.6 Tipe 1 en tipe 2 trauma ........ 152

5.1.7.7 Ernstige (*severe*) PTSD ........ 152

5.1.8 Gekompliseerde trauma as 'n versteuring van ekstreme of buitengewone stres ........ 152

5.1.8.1 Inleiding ........ 152

5.1.8.2 Diagnostiese kriteria vir gekompliseerde trauma ........ 153

5.1.8.3 Voorlopige resultate van ondersoeke na DESNOS ten opsigte van kroniese trauma ........ 154

5.1.9 Gevolgtrekking ........ 159

INHOUDSOPGAWE (VERVOLG)

5.2 **GEKOMPLISEERDE TRAUMA** .......... 159

5.2.1 Inleiding .......... 159

5.2.2 Definiëring van gekompliseerde trauma .......... 160

5.2.3 Tydsverloop as 'n belangrike faktor .......... 161

5.2.4 Gekompliseerde trauma en die DSM .......... 162

5.2.5 Verskille tussen PTSD en gekompliseerde trauma .......... 163

5.2.5.1 Voorvereistes vir die diagnose van PTSD .......... 163

5.2.6 Die medevoorkoms van PTSD en ander psigiatriese versteurings (*comorbidity*) .......... 165

5.2.7 Spesifieke kliniese aspekte van gekompliseerde trauma .......... 168

5.2.7.1 Affektiewe disregulering .......... 168

5.2.7.2 Versteurings in aandag of bewussyn .......... 168

5.2.7.3 Versteurde verhoudings .......... 169

5.2.7.4 Somatisasie .......... 172

5.2.7.5 Versteurings in waardestelsels .......... 172

5.3 **BEHANDELING VAN SLAGOFFERS VAN GEKOMPLISEERDE TRAUMA** .. 173

5.3.1 Inleiding .......... 173

5.3.1.1 Psigometriese meetinstrument vir gekompliseerde trauma .......... 173

5.3.2 Driefasebenadering .......... 173

5.3.2.1 Inleiding .......... 173

5.3.2.2 Basiese vertrekpunt .......... 175

5.3.2.3 Belangrikheid van die terapeut .......... 175

5.3.2.4 Fase 1: Veiligheid en stabiliteit .......... 177

5.3.2.5 Fase 2: Verwerking van, en treur oor, traumatiese herinneringe .......... 184

5.3.2.6 Fase 3: Herverbintenis tot lewe in oorvloed .......... 189

5.4 SAMEVATTING ..... 191

HOOFSTUK 6: EMPIRIESE NAVORSING TEN OPSIGTE VAN DIE PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA ..... 195

6.1 INLEIDING ..... 195

6.1.1 Ondersoek na gekompliseerde trauma ..... 195

6.1.2 Beginsels en resultate van ondersoek ..... 196

6.2 KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING ..... 196

6.2.1 Inleiding ..... 196

6.2.2 Verskille tussen die kwantitatiewe styl en die kwalitatiewe styl ..... 196

6.2.3 Die doel van die empiriese ondersoek ..... 197

6.2.4 Metodologiese verantwoording van empiriese ondersoek ..... 198

6.2.5 Beperkings ..... 199

6.3 OPSOMMENDE VERSLAG VAN EMPIRIESE NAVORSING ..... 200

6.3.1 Erkenning ten opsigte van kwantitatiewe navorsing ..... 200

6.3.2 Kwalitatiewe ondersoek ..... 200

6.3.2.1 Onderhoude met inwoners van Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom ..... 200

6.3.2.2 Onderhoude met twee volwasse respondente ..... 215

6.3.3 Empiriese ondersoek na aanleiding van die lêerinhoud van die kinders van die kinderhuis (Bylaag A) ..... 217

6.3.3.1 Statistiese resultate ..... 217

6.3.3.2 Gevolgtrekkings ..... 220

6.3.3.3 Aanbevelings ..... 220

**6.4 GEVOLGTREKKING** ........ 221

**6.5 AANBEVELINGS** ........ 221

**6.6 SAMEVATTING** ........ 222

# AFDELING 4: PRAKTYKTEORIE

**HOOFSTUK 7: FORMULERING VAN PRAKTYKGERIGTE MODEL VIR PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA** ........ 224

**7.1 INLEIDING** ........ 224

7.1.1 Die doelstelling van die studie ........ 224

7.1.2 Die doelwitte van die studie ........ 224

7.1.3 Die verskillende invalshoeke van die studie ........ 225

7.1.4 Die doelstellings van hoofstuk 7 ........ 225

7.1.4.1 Inleiding ........ 225

7.1.4.2 Die struktuur van hoofstuk 7 ........ 226

**7.2 DIE HERMENEUTIESE SLEUTEL VAN PASTORALE BERADING** ........ 226

7.2.1 Vier beginsels as vaste merkers ........ 226

7.2.1.1 Beginsel 1 ........ 226

7.2.1.2 Beginsel 2 ........ 227

7.2.1.3 Beginsel 3 ........ 228

7.2.1.4 Beginsel 4 ........ 230

7.2.2 Samevatting ........ 230

7.3 'N SKRIFTUURLIKE ANTROPOLOGIE AS BASIS VIR PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA ..... 231

7.3.1 Inleiding ..... 231

7.3.2 Wat is die mens? ..... 232

7.4 INLEIDING TOT 'N PRAKTYKGERIGTE MODEL VIR DIE PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA ..... 233

7.4.1 Kroniese trauma ..... 233

7.4.2 Diagnostiese profiel van persone met gekompliseerde trauma ..... 234

7.4.3 Diagnostiese profiel van die kinders van Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom ..... 235

7.4.3.1 Redes vir verwydering ..... 235

7.4.3.2 Opsomming van tipiese simptomatologie van mishandeling en seksuele molestering ..... 236

7.4.4 Uitwerking van gekompliseerde trauma ..... 236

7.5 'N PRAKTYKGERIGTE MODEL VIR DIE PASTORALE VERSORGING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA ..... 237

7.5.1 Inleiding ..... 237

7.5.2 Die fasebenadering in pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma ..... 237

7.5.2.1 Inleiding ..... 237

7.5.2.2 Fase 1 - Veiligheid en stabiliteit ..... 239

7.5.2.3 Fase 2: Verwerking van traumatiese herinnering en rou ..... 243

7.5.2.4 Fase 3: Herverbintenis tot lewe in oorvloed ..... 248

7.5.2.5 Gevolgtrekking ..... 249

7.6 AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN ABRAHAM KRIELKINDERHUIS, POTCHEFSTROOM ..... 249

7.7 SAMEVATTING ..... 251

# AFDELING 5: BEVINDINGE


HOOFSTUK 8: BEVINDINGE ........ 257

8.1 BASISTEORIE ........ 257

8.2 METATEORIE ........ 262

8.3 EMPIRIESE NAVORSING ........ 265

8.4 PRAKTYKTEORIE ........ 267

8.5 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN AREAS VIR VERDERE NAVORSING ........ 271

SLEUTELTERME / KEY TERMS ........ 272

BYLAAG A: VERWERKING VAN DATA DEUR STATISTIESE KONSULTASIEDIENS VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT ........ 273

BYLAAG B: VOORBEELD VAN VRAELYS ........ 278

BIBLIOGRAFIE ........ 281

# HOOFSTUK 1

# 'N INLEIDINGSPERSPEKTIEF OP DIE PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA

## 1.1 ORIËNTERING

### 1.1.1 Definisies

#### 1.1.1.1 Psigiese trauma

Psigiese trauma word omskryf word as 'n emosionele staat van ongemak en stres wat voortspruit uit herinneringe aan 'n buitengewone, katastrofiese ervaring. Moontlike vroeëre gedagtes by hierdie individu dat hy pyn en leed sal vryspring is deur hierdie ervaring verpletter (cf. Hicks, 1996:15).

#### 1.1.1.2 Gekompliseerde trauma

Gekompliseerde trauma kan omskryf word as 'n ingewikkelde sindroom wat verband hou met 'n spektrum van posttraumatiese versteurings wat volg op intense, langdurige en herhaalde trauma (cf. Herman, 2001:119).

#### 1.1.1.3 Pastorale berading

Pastorale berading is omskryf as 'n probleemgesentreerde asook gestruktureerde vorm van hulpverlening en gespreksterapie binne 'n helpende verhouding van wedersydse vertroue.

Dit geskied met die oog op

- 'n professionele hantering van persone se probleme; en
- konstruktiewe geloofsgroei en vernuwing, gegrond op die versoeningswerk van Jesus Christus, soos geopenbaar in die Heilige Skrif.

Pastorale beraad is dus daarop ingestel om die teorie rondom die terapeutiese hantering van menswees en persoonlikheid binne die raamwerk van die gemeenskap van die gelowiges toe te pas (Louw, 1999:309 en Venter, 1988:32-34).

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

### 1.2.1 Inleiding

Kronies getraumatiseerde persone ly dikwels in stilte omdat hul klagtes oor simptome wat manifesteer, nie goed verstaan word nie. Medikasie is wel beskikbaar vir simptome soos slaaploosheid, hoofpyne, angs en depressie, maar wat hierdie betrokke persoon se toestand as geheel betref, is daar oor die algemeen nie dramatiese verbetering nie. Die rede vir dié onbevredigende toedrag van sake is omdat die onderliggende kwessies van trauma nie werklik hanteer is nie. Die gevolg is dan heel dikwels dat hierdie slagoffers getipeer word as kronies ongelukkige mense wat nie op behandeling kan reageer nie. Selfs die klassieke diagnose van posttraumatiese stresversteuring pas dié slagoffers nie goed genoeg nie, omdat die bestaande diagnostiese kriteria vir hierdie versteuring hoofsaaklik verband hou met sekere spesifieke traumatiese gebeure, soos byvoorbeeld oorloë, rampe en verkragtings. In gevalle van intense, langdurige en herhaalde trauma ontwikkel 'n tipiese simptomatologie wat baie meer ingewikkeld is as óf gewone trauma (hierna net trauma genoem) óf posttraumatiese stresversteuring (hierna PTSD genoem as gevolg van die bekendheid van die afkorting.

Slagoffers van langdurige en herhaalde mishandeling ontwikkel tipiese persoonlikheidsveranderinge, soos byvoorbeeld ernstige identiteitsversteurings. Slagoffers van kindermishandeling en -molestering ontwikkel 'n tipiese vermydende persoonlikheidsversteuring wat veral verband hou met sosiale ontrekking en lae selfagting, asook identiteitsversteurings.

Dié groep slagoffers is veral weerloos teen herhaalde leed, self aangebring of veroorsaak deur ander persone.

Die huidige formulering van PTSD slaag gevolglik nie daarin om die veelvormige simptomatiese manifestasies van intense, langdurige of herhaalde trauma óf die kenmerkende verandering of deformasie van persoonlikheid wat veral voorkom in gevangeneskap, te ondervang nie (Herman, 2001:119-121; cf. Matsakis, 1996:289).

### 1.2.2 'n Nuwe diagnose

Herman (2001:115-129) gee erkenning aan navorsing oor die afgelope twintig jaar met betrekking tot die uitwerking van intense, langdurige en herhaalde trauma, in onderskeiding van gewone trauma en PTSD. Sy bied dit aan as 'n nuwe diagnose, in haar wetenskaplike publikasie, "*Trauma and recovery*", wat vir die eerste keer in 1992 verskyn het. Hierdie navorsing het nie in isolasie ontstaan nie, maar sluit aan by 'n groep wetenskaplikes wat trauma, veral PTSD, nie net langer in 'n nou band van 'n enkele versteuring wil definieer nie, maar eerder as 'n spektrum van toestande wil omskryf.

Volgens Herman (2001:121) is hierdie nuwe diagnose ten opsigte van 'n sindroom van intense, langdurige en herhaalde trauma tans onder oorweging vir opname in die vyfde uitgawe van die diagnostiese handleiding van die *American Psychiatric Association.* Gekompliseerde trauma word gebaseer op die manifestasie van tipiese diagnostiese kriteria en in hierdie verband is daar sewe kategorieë wat deur Hermann onderskei word. Die eerste van hierdie sewe omskryf die omstandighede wat in ag geneem moet word vir 'n diagnose van dié sindroom. Dit sluit byvoorbeeld in 'n geskiedenis van onderwerping aan totalitêre kontrole oor 'n langdurige tydperk van maande tot jare. Tipiese voorbeelde van slagoffers is kroniese getraumatiseerde persone soos gyselaars, krygsgevangenes, konsentrasiekamp-oorlewendes en persone wat bevry is uit sommige godsdienstige kultusse. Herman (2001:121) wys egter daarop dat dit óók persone insluit wat onderwerp was aan totalitêre beheersisteme soos slagoffers van huishoudelike of gesinsgeweld, fisieke en emosionele mishandeling, seksuele misbruik as kinders en georganiseerde seksuele uitbuiting.

### 1.2.3 Erkenning van gekompliseerde trauma

#### 1.2.3.1 Die rol van die verlede

Die meeste mense wat terapeutiese hulp vra, doen dit omdat hulle daaglikse bestaan vanuit hulle verlede beheer word. Die radikale wyse waarop mense se huidige denkpatrone en gedrag deur spesifieke traumatiese ervarings van die verlede beïnvloed kan word, word wyd erken, ook in Christelik georiënteerde terapie (Kytta, 2000:234).

Emosionele letsels van ou, pynlike wonde bly vreet aan mense en versuur verhoudings, sê Seamands (2004:13), want in die "ringe" van mense se gedagtes en emosies is die rekord vasgelê, die herinneringe ingeëts, en almal is springlewendig. Hulle beïnvloed sienings, gevoelens en verhoudings direk - en affekteer die manier waarop mense lewe, waarop mense God dien en waarop mense ander mense dien.

In Psalm 51 bely Dawid dat hy sit met skuldgevoelens as gevolg van sy verlede, en bid hy dan vir nuwe gedagtes en nuwe begeertes (onderskeidelik in vers 7 en vers 127, cf. Burden, 1993:801):

*Ek was al skuldig toe ek gebore is,*
*met sonde belaai toe my moeder*
*swanger geword het*. (Ps 51:7)
*Skep vir my 'n rein hart, o God,*
*vernuwe my gees*
*en maak my standvastig*. (Ps 51:12.)

### 1.2.3.2 Posttraumatiese stresversteuring - die grens van psigiese trauma?

Matsakis (1996:246) beklemtoon die feit dat dit nodig is om die simptome van PTSD nie net in die lig van die gewone psigologiese en fisiologiese veranderings wat trauma kan veroorsaak, te beoordeel nie. Daar moet byvoorbeeld ook gelet word op ander faktore soos slagoffers se persoonlike belewenisse van trauma en sekondêre verwonding, asook hul eie hanterings- en/of aanpassingsmeganismes binne die konteks van die besondere tipe trauma wat ervaar word. Aspekte van PTSD kan ook by verskillende tipes van trauma verskillend manifesteer, byvoorbeeld gevoelens van magteloosheid en woede by slagoffers van bende-verkragting, en gevoelens van magteloosheid by slagoffers van 'n inbraak tuis, terwyl die huismense met vakansie weg was. Trauma kan ook nie losgemaak word van bepaalde sosiale en politieke kontekste waarbinne traumatiese ervarings op persoonlike vlak geëvalueer word nie.

Indikasies van rou en verlies kan volgens Wismer (2000:243) dikwels 'n kombinasie wees van depressie, angs, PTSD, én 'n verskeidenheid van psigosomatiese klagtes. Slagoffers van kindermishandeling en -molestering kan in die volwasse lewe steeds worstel met geestelike en emosionele wonde, omdat trauma van die verlede in die brein gekodeer is deur visuele, emosionele en sensoriese geheue, en herinneringe rondom hierdie wonde enige tyd opgeroep kan word deur 'n soortgelyke sensoriese prikkel of emosie. Hierdie herinneringe word verder onderdruk as daar nie deur terapie genesing plaasvind nie. Wanneer 'n persoon 'n traumatiese ervaring ondergaan dan word hy/sy 'n gewonde individu. Daar moet 'n tyd vir heling wees. Dit is nie 'n basiese veronderstelling van die mens dat pyn en trauma noodwendig deel van sy lewensloop sal uitmaak nie. Mense veronderstel dat die wêreld 'n rasionele plek is, dat dit regverdig en billik sal wees en dat hulle lewens van waarde is, en meriete het. Pyn en trauma laat dié veronderstellings in duie stort (Coetzer, 2004:12-15 en 20).

Hicks (1996:15) verwys in sy omskrywing van psigiese trauma spesifiek na die verplettering van moontlike vroeëre gedagtes by die individu dat hy pyn en leed sal vryspring, en wat die deur oopmaak vir gekompliseerde trauma omdat rou en gekompliseerde smart so 'n negatiewe uitwerking in die lewens van persone kan hê wat deur intense trauma gegaan het - dit alles kan dan ook die traumaproses

kompliseer (cf. ook Matsakis, 1996:86, 201-221; Herman, 2001:188-195; Boss, 2000:165; Salston 1994:129; en Kübler-Ross, 1997:143).

Ook Plug *et al.* (1987:371) se omskrywing van psigiese trauma as "enige (onaangename) psigiese ervaring wat 'n nadelige invloed, meestal van langdurige aard, op die persoonlikheidsontwikkeling het, bv. 'n ongeluk of die dood van 'n geliefde persoon, kan indirek dui op gekompliseerde trauma. Matsakis (1996:201) maak 'n insiggewende stelling oor die komplikasies van rou, wat die vermoede versterk dat PTSD nie die finale grens van psigiese trauma is nie, en dat gekompliseerde trauma 'n plek het naas gewone trauma en PTSD:

> *Indeed, grieving and coping with losses are among the most difficult aspects of human existence. Emotionally, grieving is such a challenge that most people, both trauma survivors and others, tend to avoid it at all costs.*

### 1.2.3.3 Gekompliseerde trauma - 'n moontlike deurbraak

'n Werkgroep wat betrokke is by die beplanning rondom die vyfde uitgawe van die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders* van die *American Psychiatric Association* verkies 'n inskrywing van gekompliseerde trauma onder 'n kategorie wat dui op 'n versteuring van ekstreme stres nie andersins gespesifiseer nie, terwyl die organisasie, *International Classification of Diseases,* 'n inskrywing verkies onder 'n kategorie wat dui op 'n persoonlikheidsverandering as gevolg van 'n katastrofiese ervaring (Herman, 2001:122). (Na die diagnostiese handleiding van die *American Psychiatric Association* word hierna in die teks verwys as DSM; maar indien daar na 'n spesifieke uitgawe verwys sal word, byvoorbeeld die huidige vierde uitgawe, word dit soos volg aangedui: DSM-IV.)

Terr (1991:10-11) onderskei tussen tipe I trauma en tipe II trauma. Tipe I trauma verwys na die effek van 'n enkele traumatiese gebeure. Tipe II trauma verwys na die effek van langdurige en herhaalde trauma. Herman (2001:119) self verkies om na gekompliseerde trauma te verwys as komplekse PTSD. Sy verwys ook na ander pogings om 'n geskikte naam te vind vir dié sindroom, byvoorbeeld "gekompliseerde PTSD" en "massiewe psigologiese trauma" (Kroll *et* al., 1989:1592-1597). In 'n brief aan die redakteur van die *American Journal of Psychiatry* wys Lawrence Kolb op die feit dat die deurbraak vir die psigiatrie ten opsigte van die konsep van die heterogeniteit van PTSD, dieselfde impak het as wat die geval was met die deurbraak rondom sifilis op die gebied van die mediese wetenskap:

> *At one time or another [this disorder] may appear to mimic every personality disorder ... It is those threatened over long periods of time who suffer the long-standing severe personality disorganization.* (Kolb, 1989:811-812.)

Daar kan dus vertrou word dat met DSM-V daar finaliteit rondom hierdie kwessie sal wees.

### 1.2.4 Kenmerkende diagnostiese kriteria vir gekompliseerde trauma

In verkorte vorm kan die sewe voorgestelde kenmerkende diagnostiese kriteria vir gekompliseerde trauma waarna reeds voorlopig hierbo verwys is, soos volg weergegee word (cf. Herman, 2001:119):

- 'n Geskiedenis van totalitêre kontrole oor 'n tydperk wat wissel van maande tot jare, en wat onder andere gesinsgeweld en kindermishandeling en –molestering insluit.
- Veranderings in beheer van emosies, byvoorbeeld onbeheerbare woede-uitbarstings of ekstreme, geïnhibeerde woede.
- Veranderings in bewussynsvlakke, byvoorbeeld geheueverlies.
- Veranderings in selfbeeld, byvoorbeeld gevoelens van hulpeloosheid, skaamte, skuld en selfblaam.
- Veranderings betreffende die persepsie van die molesteerder.
- Veranderings in medemenslike verhouding, byvoorbeeld onttrekking en isolasie.
- Veranderings in sinsbelewing, byvoorbeeld verlies aan 'n ondersteuningsbasis van geloof in die lewe, met gepaardgaande gevoelens van hopeloosheid en wanhoop.

### 1.2.5 Gevolgtrekking

Die individu se reaksie op trauma kan die beste verstaan word in terme van 'n spektrum van toestande - eerder as 'n enkele versteuring - en verwys na die volgende driedeling:

- 'n Kortstondige stresreaksie op gewone trauma, wat vanself kan verbeter en nie kwalifiseer vir 'n diagnose nie.
- PTSD.
- 'n Komplekse sindroom van langdurige, herhaalde trauma.

### 1.2.6 Spesifieke leemtes in die huidige kennis oor die onderwerp

`n Uitgebreide biografiese soektog is gedoen met behulp van die Ferdinand Postma biblioteek, deur die gebruikmaking van die volgende databasisse: ATLA religion database, NEXUS databasis, proefskrifte en verhandelinge.

Hierdie soektog het getoon dat daar nie veel akademiese bydraes tot op hede verskyn het rondom die volgende aspekte nie:

- ☐ Pastorale berading van gekompliseerde trauma.
- ☐ Riglyne vir 'n pastorale praktykmodel vir die pastorale berading van gekompliseerde trauma nie.

In die Amerikaanse akademiese literatuur het onder andere 'n PhD-studie in Sosiale Psigologie verskyn oor die verband tussen gesinsgeweld en persoonlikheidsversteurings (Manelski, 2004).

In die Afrikaanse akademiese literatuur het onder andere 'n PhD-studie in Praktiese Teologie verskyn oor die berading van MIV/Vigs-geaffekteerdes (Minnie, 2003), 'n PhD-studie in Praktiese Teologie oor hoop as pastorale bemagtiging en verryking in die rouproses (Smith, 2003) en 'n DTh-studie in Praktiese Teologie oor rousmart en krisis intervensie (Wambugu, 2000).

### 1.2.7 Begrensing van die studie

Die besondere fokus van hierdie studie is gerig op die formulering van generiese riglyne wat as basis kan dien vir pastorale begeleiding van persone met gekompliseerde trauma, deur die volgende persone:

- ☐ Pastorale beraders (met diverse opleiding).
- ☐ Pastors in gemeentes (met diverse teologiese opleiding, met of sonder gespesialiseerde opleiding in berading).
- ☐ Geregistreerde maatskaplike werkers, met of sonder gespesialiseerde opleiding in berading, in die diens van kerklike welsynsorganisasies en gemeentes.
- ☐ Gemeentelike vrywilligers (met opleiding in berading).

## 1.3 NAVORSINGSVRAAG

Hoe kan persone wat worstel met gekompliseerde trauma deur pastorale berading begelei word tot emosionele genesing, stabiliteit en geestelike groei?

### 1.3.1 Verdere vrae

#### 1.3.1.1 Basis-teoretiese vrae

- Is daar enige prakties-teologiese perspektiewe wat lig kan werp op die pastorale berading van persone wat worstel met gekompliseerde trauma?
- Is daar enige tersaaklike Skrifgedeeltes en Skriftuurlike beginsels wat lig kan werp op die pastorale berading van persone wat worstel met gekompliseerde trauma?
- Watter lig kan Bybelse beradingsperspektiewe werp op die pastorale berading aan persone wat worstel met gekompliseerde trauma?

#### 1.3.1.2 Meta-teoretiese vrae

- In watter mate kan gebruik gemaak word van die resultate van die navorsing van ander hulpwetenskappe en dissiplines met betrekking tot die pastorale berading aan persone met gekompliseerde trauma?
- Watter vernuwende insigte betreffende hierdie aangeleentheid kan deur 'n empiriese ondersoek na vore kom?

#### 1.3.1.3 Praktyk-teoretiese vrae

- Watter praktykgerigte model kan geformuleer word wat as basis kan dien vir die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma?

## 1.4 DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

### 1.4.1 Doelstellings

Om 'n ondersoek te doen aangaande die wyse waarop persone wat worstel met gekompliseerde trauma pastoraal begelei kan word tot emosionele genesing, stabiliteit en geestelike groei.

### 1.4.2 Doelwitte

Doelwit 1:

- ☐ Om toepaslike prakties-teologiese perspektiewe na te vors wat lig kan werp op die pastorale berading van persone wat worstel met gekompliseerde trauma.

Doelwit 2:

- ☐ Om toepaslike Skriftuurlike gegewens en beginsels na te vors oor pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma.

Doelwit 3:

- ☐ Om Bybelse beradingsperspektiewe na te vors wat lig kan werp op die pastorale berading aan persone wat worstel met gekompliseerde trauma.

Doelwit 4:

- ☐ Om die bydraes van ander vakdissiplines soos maatskaplike werk, sosiologie, psigologie en ook die mediese wetenskap rondom hierdie tema te verdiskonteer.

Doelwit 5:

- ☐ Om vas te stel watter vernuwende insigte na vore kom met betrekking tot hierdie tema, deur 'n empiriese ondersoek aan die hand van gestruktureerde vraelyste.

Doelwit 6

- ☐ Om 'n praktykgerigte model te formuleer wat as basis kan dien vir die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma.

## 1.5 SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Pastorale begeleiding van persone wat worstel met gekompliseerde trauma kan lei tot emosionele genesing, stabiliteit en geestelike groei.

## 1.6 METODOLOGIE

### 1.6.1 Inleiding

#### 1.6.1.1 Die Gereformeerde tradisie

Die Gereformeerde tradisie sal dien as vertrekpunt vir hierdie studie, en daar sal van die volgende wetenskaplike metodes gebruik gemaak word:

#### 1.6.1.2 Navorsingsmodel van Zerfass

Die algemene benadering van hierdie studie sal in ooreenstemming met die navorsingsmodel van Zerfass (1974:164) wees. Die uiteindelike doel van wetenskaplike ondersoeke in praktiese teologie is om die kommunikasieprosesse in diens van die evangelie te dien. Dit impliseer empiriese ondersoeke, wat 'n doelmatige wyse is om die reële praksis, soos dit in werklikheid geskied, vas te stel (Pieterse, 1993:175). Twee refleksiedomeine, naamlik die kommunikatiewe handelinge in die Skrifopenbaring en die normatiewe, konkrete bediening daarvan in die kerk, word in 'n hermeneutiese wisselwerking met mekaar gestel om te kom tot prakties-teologiese teorievorming. Binne dié kommunikatiewe handelingsteoretiese paradigma, met 'n hermeneutiese oriëntasie, word in die onderhawige studie 'n keuse gemaak vir die proses van wetenskaplike ondersoek volgens die basiese model van Zerfass (cf. Zerfass, 1974:167) - 'n poging om die teorie van die praktiese teologie te verbind aan die praksis, maar sonder om die teologiese dimensie te verloor.

### 1.6.2 Basis-teoretiese perspektiewe

#### 1.6.2.1 Hoofstuk 2

In hoofstuk 2 word gepoog om toepaslike prakties-teologiese perspektiewe na te vors wat lig kan werp op die pastorale berading van persone wat worstel met gekompliseerde trauma. Aandag word gegee aan die praksis van die praktiese teologie in die lig van die Skrif, die plek van die Skrif in praktiese teologie, die Skrif as kenbron van die basisteorie, die Bybelse pastoraat, gekompliseerde trauma in die Skrif en 'n Bybelse mensbeeld.

#### 1.6.2.2 Hoofstuk 3

- **Die mens se belewing van gekompliseerde trauma**

In hoofstuk 3 word in die lig van die Skrif aandag gegee aan die mens se belewing van gekompliseerde trauma. Dié hoofstuk val uiteen in twee dele:

- ☐ Van klag tot lof: God se plan vir die mens met gekompliseerde trauma.

- ☐ Die hoop wat aan die mens met gekompliseerde trauma verkondig word.

- **Eksegese**

Eksegese van geselekteerde Bybelgedeeltes volgens die grammaties-historiese metode (Deist en Burden, 1980) word beoog, met gebruikmaking van De Klerk en J van Rensburg (2005) se handleiding vir Gereformeerde prediking. Woord-eksegese met behulp van komponentanalise waar daar gebruik gemaak word van die gegewens van Louw en Nida (1989) asook Van Gemeren (1997) sal ook gedoen word. Dan sal daar ook 'n Bybelse trefwoorde-ondersoek gedoen word met betrekking tot sekere sleutelterme soos byvoorbeeld beproewing, dood, droefheid en trauma. Die hermeneutiese reëls waarvolgens die Skrifondersoek gedoen sal word, is soos aangedui deur Coetzee (1990:15 – 30).

- **Spesifieke Bybelgedeeltes is geselekteer vir eksegese**

- ☐ Van klag tot lof:

    - **Ou Testament:** Psalm 22 ("*U het my gebed gehoor*").

- Die Christelike hoop wat aan die mens met gekompliseerde trauma verkondig word:

  - **Nuwe Testament:** Markus 5: 25 - 34 ("*Die vrou met bloedvloeiing*").

▪ **Motivering vir die keuse van Ps. 22 en Mark. 5: 25-34**

Die keuse van hierdie twee Skrifgedeeltes word soos volg gemotiveer:

- Psalm 22 is 'n klaaglied van die enkeling. Verder het Jesus aan die kruis uit dié psalm aangehaal toe Hy in sy klagte uitgeroep het: '*My God, my God, waarom het U my verlaat.*' (cf. Matt 27:46.) Dit bring dié klaaglied dan ook binne die verwysingsraamwerk van Jesaja 53: 34, waar vermeld word dat die dienaar 'n persoon was *van lyding wat pyn geken het.*

- In Psalm 22 is daar verder vermelding van die langdurigheid van die trauma wat die digter beleef het. Hy roep *bedags* en die Here antwoord nie (cf. vers 3). Ook *snags* pleit hy by God, maar kry geen antwoord nie (cf. vers 3). Sy geloof in 'n goeie God wat red, word deur gekompliseerde trauma verpletter (vers 6-7). Hy word deur mense bespot, en sy redding is nie naby nie (vers 7-8).

- Psalm 22 is ook 'n goeie voorbeeld van die klagformule: van klagte tot loflied.

- In Markus 5: 25-34 is daar weereens 'n verwysing na die langdurigheid van die lyding van die vrou met bloedvloeiing. Vir twaalf jaar het sy alles probeer. Ook die mediese behandeling was erge lyding. Sy het inteendeel geen baat daarby gevind nie: haar toestand het eerder vererger.

- In Markus 5: 25-34 is daar egter meer direkte verwysings na die omstandighede van die vrou as byvoorbeeld in Ps 22 oor die omstandighede van die digter. Sy was onrein, en daarom was dit vir haar byvoorbeeld vir twaalf jaar nie bekore om die huis van die Here te besoek en deel te wees van die geloofsgemeenskap van Israel nie. Sy was dus op 'n langtermynbasis blootgestel aan intense trauma sonder enige hoop op uitkoms.

### 1.6.2.3 Hoofstuk 4

In hoofstuk 4 sal aandag gegee word aan Bybelse beradingsperspektiewe met betrekking tot die pastorale berading van persone wat worstel met gekompliseerde trauma.

### 1.6.3 Meta-teoretiese perspektiewe

#### 1.6.3.1 Hoofstuk 5

'n Literatuurstudie word beoog om die bydraes van ander vakdissiplines soos maatskaplike werk, sosiologie, psigologie en ook die psigiatrie rondom hierdie tema te verdiskonteer.

#### 1.6.3.2 Hoofstuk 6

'n Kwantitatiewe en kwalitatiewe empiriese studie wat gebruik maak van 'n gestruktureerde vraelys aan die hand van 'n wetenskaplike verantwoorde steekproef sal aan die orde gestel word ten einde vas te stel watter vernuwende insigte na vore kom met betrekking tot hierdie tema. Hierdie navorsing is gedoen by die Abraham Krielkinderhuis (hierna ook kinderhuis genoem). Die rede vir dié navorsing by die kinderhuis is omdat Herman (2001:96-114) náás die langdurige trauma wat persone in gevangenisse en in konsentrasie- en vlugtelingekampe ervaar, die "gevangenskap" wat kinders in huisgesinne kan ervaar as gevolg van mishandeling en molestering uitsonder as een van die natuurlike oorsake van gekompliseerde trauma by volwassenes.

Die persoonlikheid wat in die kinderjare deur langdurige trauma gevorm is, pas nie goed aan in die volwase lewe nie:

> *The survivor is left with fundamental problems in basic trust, autonomy, and initiative.*

Navorsing hieroor is ook deur Wieland (1997:1-51) gedoen wat verwys na die effek van kindermishandeling as interne trauma. Ook Roos (2005) sê dat die algemeenste ouderdom waarop dit begin, is wanneer die slagoffers tussen vyf en elf jaar is, maar kan ook vroeër wees. Molestering hou dikwels twee jaar of meer aan en stop normaalweg wanneer die kind adolessensie bereik of dreig om dit openbaar te maak.

Die navorsing bevestig dus dat

- persone met gekompliseerde trauma kinders insluit;
- dit nie 'n sindroom is wat eers in die volwasse lewe ontwikkel nie;
- die beginsels en resultate van die navorsing met kinders daarom uiteindelik op alle persone wat worstel met gekompliseersde trauma van toepassing gaan wees; en
- ten opsigte van volwassenes wat worstel met gekompliseerde trauma die proses in die meeste gevalle tydens die kinderjare begin het.

Met die navorsing by die kinderhuis beoog die navorser eerstens om die oorsprong van gekompliseerde trauma soos dit oor die algemeen in die samelewing voorkom, deur kwantitiewe navorsing ('n lêerondersoek by Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom, wat in hoofstuk 6 beskryf sal word) na te vors. Tweedens beoog die navorser om tipiese simptome van gekompliseerde trauma soos dit ook ten opsigte van volwassenes manifesteer, deur kwalitatiewe navorsing (onderhoude, wat in hoofstuk 6 beskryf sal word) na te vors.

### 1.6.4 Praktyk-teoretiese perspektiewe

#### 1.6.4.1 Hoofstuk 7

Uit die bostaande gegewens sal 'n praktykgerigte model geformuleer word vir die pastorale berading van persone wat worstel met gekompliseerde trauma. Hierdie model sal getoets word aan die situasie-analise, die teologiese oorlewering sowel as toepaslike geselekteerde Skrifgedeeltes en Skrifbeginsels. Dit sal dan ook as uiteindelike resultaat dien van die interaksie tussen basis-teoretiese en meta-teoretiese perspektiewe.

## 1.7 ANDER TEGNIESE ASPEKTE

### 1.7.1 Bybelboekname

Vir die afkortings van Bybelboekname is gebruik gemaak van afkortings voor in die Afrikaanse vertaling van die Bybel (1983).

### 1.7.2 Geslagsvorm

Waar die geslagsvorm hy/hom in die studie aangedui word, verteenwoordig dit ook die vroulike geslagsvorm sy/haar.

### 1.7.3 Die terme beradene, pasiënt, kliënt, kind, persoon en individu

Die terme beradene, pasiënt, kliënt, kind, persoon of individu word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie ontvang.

### 1.7.4 Die terme terapeut en berader

Die terme terapeut en berader word afwisselend gebruik vir die persoon wat behandeling, berading of terapie aanbied.

### 1.7.5 Die terme berading, behandeling en terapie

Die terme berading, behandeling of terapie word afwisselend gebruik vir die behandelingsprogram van die berader of terapeut.

### 1.7.6 Die frase kinders van die kinderhuis

Die frase kinders van die kinderhuis verwys na die inwoners van die Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom.

### 1.7.7 Die term "kinderhuis"

Die term "kinderhuis" verwys na die Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom.

## 1.8 HOOFSTUKINDELING

## AFDELING 1: INLEIDING

- Hoofstuk 1: Algemene inleiding

## AFDELING 2: BASISTEORIE

- Hoofstuk 2: Prakties-teologiese perspektiewe met betrekking tot die die mens se belewing van gekompliseerde trauma

- Hoofstuk 3: Eksegetiese perspektiewe met betrekking tot die mens se belewing van gekompliseerde trauma

- Hoofstuk 4: Basis-teoretiese beradingsperspektiewe met betrekking tot die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma

## AFDELING 3: METATEORIE

- Hoofstuk 5: Metateoretiese perspektiewe op die pastorale begeleiding van persone met gekompliseerde trauma

- Hoofstuk 6: Resultate van empiriese navorsing

## AFDELING 4: PRAKTYKTEORIE

- Hoofstuk 7: Formulering van 'n praktykgerigte model

## AFDELING 5: BEVINDINGE

- Hoofstuk 8: Bevindinge

- Aanbevelings ten opsigte van verdere navorsing

- Sleutelterme

# HOOFSTUK 2

# INLEIDENDE PRAKTIES-TEOLOGIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE MENS SE BELEWING VAN GEKOMPLISEERDE TRAUMA

## 2.1 INLEIDING

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om inleidende prakties-teologiese insigte te indentifiseer met betrekking tot die mens se belewing van gekompliseerde trauma. Saam met eksegetiese perspektiewe wat in hoofstuk 3 en die Bybelse beradingsperspektiewe wat in hoofstuk 4 aan die orde sal kom, sal daar dan vanuit dié basisteorie in hermeneutiese samehang met die metateorie en die situasie-analise 'n prakties-teologiese model vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma geformuleer word.

Die volgende sake word in dié hoofstuk ondersoek:

- Bybelse pastoraat as vertolking van troos.
- 'n Bybelse perspektief op die lyding van gelowiges.
- Die mens wat pastorale berading ontvang - ‘n inleiding tot ‘n teologiese antropologie vir die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma.

Inleidend word aandag aan twee sake gegee:

- Praktiese teologie as 'n teologiese wetenskap.
- Die Skrif as kenbron van die basisteorie.

## 2.2 PRAKTIESE TEOLOGIE AS TEOLOGIESE WETENSKAP

### 2.2.1 Die praksis van praktiese teologie

Praktiese teologie word deur Louw (1999:130-131) omskryf as 'n hermeneutiese wetenskap wat primêr gerig is op daardie ontmoetingsgestaltes van die heil waardeur die God-mens-interaksie gekonkretiseer en die heil gekommunikeer word (cf. Louw & Bosman, 2005:188). Hierdie ontmoetingsgestaltes struktureer die Christelike geloofspraksis van die gemeente, en kom hoofsaaklik in vier gemeentelike bedieningsvorme tot uitdrukking (cf. ook Heitink, 1992:151, wat verwys na die missionêre en diakonale karakter van die kommunikasie van die evangelie vanuit *het 'antwoord' van de gemeente* in die verskillende funksies van gemeente-wees):

- Lering/getuienis.
- Viering/doksa.
- Diens/sorg.
- Gemeenskap.

Die studieveld van praktiese teologie word deur Venter (1996:13) omskryf as die bestudering van die kommunikatiewe handelinge in die Skrifopenbaring van God en van die normatiewe en konkrete bediening van dié handelinge in die kerk. Teologie is nie nét die wetenskap van die kennis van God nie. Dit is ook die wetenskap van die leer ken van God, van dit wat tussen God en mens én mens en mens gebeur met die oog op - en in verband met - die proses van die leer ken van God (cf. Firet, 1977:14). Heitink (1992:18) verstaan onder praktiese teologie dié vorm van die teologie wat wetenskaplik met die praksis van die geloof omgaan. Dit het die implikasie dat praktiese teologie as 'n handelingswetenskap gedefinieer word wat gerig is op die empiriese teologiese teorie van die bemiddeling van die Christelike geloof (praksis 1) in die praksis van die moderne samelewing (praksis 2).

Hy wys daarop dat die praktiese teologie egter maklik, in reaksie teen die gevaar om 'n teologiese teorie sonder 'n praksis te wees, kan verval in 'n praksis sonder 'n teologie. Dit kan uitloop op 'n ongekwalifiseerde verbreding van die praksis-begrip in 'n empiriese teologie wat die praktiese handelinge self as die kenbron van die waarheid erken. Die praksis van die praktiese teologie is dus 'n gekwalifiseerde praksis, maar met erkenning aan outeurs wat menslike handelinge in die perspektief van

die handelinge van God wil sien (Heitink, 1992:19-20). Volgens Pieterse (1993:107) word in dié benadering uitgegaan van die koninkryksperspektief wat fokus op die kerklike diakonia sowel as op die samelewing in die breedste sin van die woord. Hy het dan ook bedenkinge teen die diakonologiese omskrywing van die praktiese teologie as 'n bestudering van die Skrif onder die absolute gesigspunt van die diens van die kerk.

Die tweeledige praksis-begrip is deurslaggewend vir die verstaan van die eie plek en taak van die praktiese teologie binne die teologie as geheel, ook vir die verstaan van die eie karakter van die prakties-teologiese teorievorming.

Dit kan soos volg verduidelik word:

- Praksis 1 gee duidelik aan dat die eintlike objek van die praktiese teologie geleë is in bepaalde mediale gebeure, naamlik die handelinge van God deur die diens van mense.

- Praksis 2 dui op die konteks waarin die handelinge plaasvind. Dit is 'n dinamiese konteks waarin mense en groepe binne die samelewing hulle in religieuse en in ander opsigte op 'n bepaalde wyse gedra en sekere doeleindes nastrewe (cf. Cottingham, 2003:2).

### 2.2.2 Die plek van die Skrif in praktiese teologie

Die plek wat aan die Skrif as kenbron van die waarheid gegee word, speel 'n deurslaggewende rol in die keuse van 'n prakties-teologiese praktykmodel vir navorsing. Die diepste verdeling binne die praktiese teologie lê dan ook by die manier waarop daar prinsipieel oor die normvraag gedink word. Die teologie sal vir die praktiese teologie die normvraag beantwoord omdat 'n omskrywing van praktiese teologie as teologiese wetenskap behoort te korreleer met teologie as wetenskap. Basies word teologie, ook vir die doeleindes van die onderhawige studie, as 'n geloofsleer omskryf: mense se woorde oor God en geloof in God (Heyns & Pieterse, 1994:4). Dit poog om die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens te interpreteer en sinvol aan mense binne kontekste te kommunikeer (Louw, 1999:126). Müller (2005:19) definieer teologie as *geloof wat soek na verstaan* (*fides quaerens intellectum*) en *geloof wat soek om te verwoord* (*fides quaerens verbum*).

Dit bly 'n kernvraag in praktiese teologie hoe teologie in dié wetenskap verreken moet word. Indien die omskrywing van Louw (1999:129) van teologie as geloof wat soek om die verhouding God en mens én teks en konteks sinvol te verstaan, aanvaar word, beteken dit ten minste drie dinge vir die praktiese teologie:

☐ Die praksis van God wat deur die Gees geskied.

☐ Die Heilige Gees wat mense gebruik om die evangelie te kommunikeer. Hy laat mense in vryheid en selfstandigheid optree deur hulle vermoëns, persoonlikhede, redelikheid, kommunikasievaardighede en handelingsbevoegdheid.

☐ Die geloofsaanvaarding dat die Heilige Gees mense-werk in diens neem.

Pieterse (1993:139) verwys onder andere instemmend na 'n siening van Van Ruler wat uitgaan van die standpunt dat die Gees die ruimte skep vir 'n teonome wederkerigheid waarbinne die mens 'n kreatiewe vryheid ontvang. Firet (1977:15) verskil ook radikaal van teoloë soos K Barth en KH Miskotte wat beweer dat die vraag nie eens gevra mag word na die gebeure in die mens, die gebeure tussen God en mens en die gebeure tussen mens en mens in die pastorale optrede nie. Die rede vir dié sterk standpunt van Barth en Miskotte is, volgens Firet (1977:15), hulle gevolgtrekking dat prediking en pastorale begeleiding 'n gebeure van God is wat mense nie kán verstaan nie.

Navorsing van Burger (1991:59-62) wys drie hoofstrome uit wat verband hou met die hantering van die Skrifopenbaring in die beoefening van praktiese teologie in die vakgebied van die teologie:

☐ Die Skrifopenbaring wat as die enigste kenbron erken word (en bekend staan as die konfessionele benadering in die praktiese teologie).

☐ Die Skrifopenbaring wat in verband gebring word met empiriese insigte uit ander wetenskappe (en bekend staan as die korrelatiewe benadering in die praktiese teologie).

☐ Die Skrifopenbaring wat ingeruil word vir aansluiting by die situasie/konteks en konkrete verandering wat geïnisieer word deur middel van situasie-analises (en bekend staan as die kontekstuele benadering in praktiese teologie).

In die konfessionele benadering figureer die Skrif regulatief, normatief en preskriptief binne die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mense. Die korrelatiewe benadering sluit aan by die omskrywing van praktiese teologie as handelingswetenskap, erken die Skrif as enigste kenbron en norm van die praktiese teologie, maar funksioneer eerder op 'n indirekte as direkte wyse. Die kontekstuele benadering beoefen praktiese teologie met die oog op transformasie van die samelewing. Die objek van die praktiese teologie word dan in dié benadering niks anders as sosiale analises en sosio-politieke en kulturele transformasie-aksies nie (Louw, 1999:123-132; Pieterse, 1993:103-119). Burger (1991:60) is oortuig dat die konfessionele benadering en die korrelatiewe benadering nie teenoor mekaar hoef te staan

nie. Die brug tussen die twee benaderings lê daarin opgesluit dat die praktiese teologie nie in die eerste plek 'n boek bestudeer nie, maar eerder 'n handeling of handelinge van die kerk en/of die gelowige(s) met die doel om die evangelie van die koninkryk van God te kommunikeer.

Die vraag na die waarheid blý deurslaggewend vir die praktiese teologie, redeneer Firet (1977:34), en verwys na die deurslaggewende belang van Joh 18:37 en Joh 1:14 vir die teologiese teorie van praktiese teologie. In Joh 18:37 sê Jesus dat Hy oor die waarheid getuienis moet aflê (Borchert, 2002:243). Joh 1:14 sê toe die Woord mens geword het, het die wêreld sy heerlikheid gesien, vol genade en waarheid (Borchert, 1996:118-121). Oor Jesus en die waarheid kan die gevolgtrekking dus gemaak word dat Jesus nie net ván die waarheid getuig nie. Hy ís die waarheid (Joh 14:6, cf. Borchert, 2002:108-111). Hy verkondig ook nie net die Woord nie. Hy ís die Woord (Joh 1:1-3, cf. Borchert, 1996:100-108).

Jesus se werk word na sy opstanding uit die dood, hemelvaart en Pinkster voortgesit deur die Heilige Gees. Pieterse (1993:135-136) verwys na die Woordgebondenheid van die Gees en die Geesgebondenheid van die Woord. Die ontvangs van die Heilige Gees beteken om in 'n blywende verhouding met die opgestane Here te bly. Dit kan net in die geloof, in 'n persoonlike verhouding van vertroue en gehoorsaamheid in Christus Jesus beleef word (Firet, 1977:159).

### 2.2.3 Die prakties-teologiese model van Zerfass

Die uiteindelike doel van wetenskaplike ondersoeke in praktiese teologie is om die kommunikasieprosesse in diens van die evangelie te dien. Dit impliseer empiriese ondersoeke, wat 'n doelmatige wyse is om die reële praksis, soos dit in werklikheid geskied, vas te stel (Pieterse, 1993:175).

Venter (1996:25) sê die praktiese teologie ondersoek die kommunikatiewe handelinge in die Skrifopenbaring en die normatiewe, konkrete bediening daarvan in die kerk. Binne hierdie werklikheid is dan twee onderskeibare refleksiedomeine aanwesig, naamlik die kommunikatiewe handelinge in die opskrifgestelde openbaring (basisteorie) en die kommunikatiewe handelinge in die konkrete bediening daarvan in die kerk (empiriese navorsing en metateorie). Hierdie twee refleksiedomeine word in 'n hermeneutiese wisselwerking met mekaar gestel om te kom tot prakties-teologiese teorievorming.

Binne die kommunikatiewe handelingsteoretiese paradigma, met 'n hermeneutiese oriëntasie, word in die onderhawige studie 'n keuse gemaak vir die proses van wetenskaplike ondersoek volgens die basiese model van Zerfass (cf. Zerfass, 1974:167). Hierdie prakties-teologiese model is 'n poging om die teorie van die praktiese teologie te verbind aan die praksis, maar sonder om die teologiese dimensie te verloor.

In die onderhawige studie word dan ook 'n keuse gemaak vir 'n prakties teologiese teorie wat geloofshandelinge van mense en die handelingsvelde wat daardeur geskep word, as die voorwerp van wetenskaplike studie van die praktiese teologie erken. Dit poog om die verbondsmatige ontmoeting tussen God en mens te interpreteer en sinvol aan mense binne kontekste te kommunikeer.

### 2.2.4 Praktiese implikasies van 'n interpretatiewe benadering

Die kommunikatiewe handelingsteoretiese benadering (wat in 1974 bekend gestel is deur Rolf Zerfass) plaas praktiese teologie onder die sambreel van 'n interpretatiewe paradigma. Dié nuwe benadering tot die vak, wat nie net kommunikatiewe geloofshandelinge bestudeer nie, maar óók die dinamiek van die kommunikasiegebeure tussen God en mens, en mens en mens, in diens van die Heer, het tot gevolg dat daar 'n lewendige interaksie tussen die praktiese teologie en die sosiale wetenskappe ontstaan het.

Dit het besliste implikasies vir die onderhawige studie oor die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma. Dit moet swaar leun op meta-teoretiese perspektiewe op menslike gedrag, soos die mediese wetenskap, die psigiatrie, psigologie en maatskaplike werk, omdat 'n relatiewe nuwe studieveld van kronies getraumatiseerde persone wat binne die psigiatrie ontwikkel word, vir die eerste keer binne die pastorale veld bestudeer word. Hulle depressie is nie dieselfde as gewone depressie nie, en *the degradation of their identity and relational life is not the same as ordinary personality disorders* (Herman, 2001:118).

Hierdie nuwe benadering in praktiese teologie kan lei tot 'n nuwe geslag praktiese teoloë wat meer sal weet van antropologiese vrae en die werking van menslike verstaansprosesse as van die Skrif (cf. Jonker, 1981:37). Heyns & Pieterse (1994:4-9) verdedig egter die integrasie van basisteorie en metateorie in praktiese teologie aangesien dié benadering steeds die uitsluitlike doel het om by 'n prakties-teologiese teorie uit te kom wat getrou bly aan die Skrif as norm vir die basisteorie.

Praktiese teologie, een van die deeldissiplines van die studieveld teologie, plaas die geloofshandelinge van mense onder die soeklig. God ontmoet die mens ín die wêreld, 'n handeling in diens van die evangelie wat die koms van sy koninkryk in hierdie wêreld dien - en waarby daar gewoonlik ander mense betrokke is wat uiteraard ook 'n bydrae tot dié ontmoeting maak. *Mense tree bemiddelend op* (Heyns & Pieterse, 1994:7), en in die geval van pastorale berading is dit byvoorbeeld die pastor of pastorale werker.

God se troos kom deur mense na mense toe. Praktiese teologie vra na die teorieë wat ten grondslag lê van hierdie kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie. Die rede hiervoor is omdat die praktiese teologie 'n studie is van die handelinge van mense wat daarop ingestel is om ander mense te

help om God te ontmoet - en met Hom en hulle medemens in gemeenskap te lewe (cf. Pieterse, 1993:1-52). Dit kom duidelik in Jesus se bediening na vore as Hy byvoorbeeld vir Saggeus, die hooftollenaar wat klein van postuur was, en in 'n boom moes klim om Hom te sien, uitnooi om af te klim en Hom persoonlik te ontmoet. Saggeus het ook baie gehad om in sy lewe reg te maak, byvoorbeeld die afpersing van sy volksgenote. Jesus nooi Saggeus om Hom in sy eie huis as gas te ontvang (Luk 19: 1-10, cf. Stein, 1992:466-469). Du Plessis (1993:1563) sê dan ook dat daar in elke gemeenskap mense is wat deur die res van die gemeenskap vermy word vanweë hulle leefwyse. Jesus het hulle lief - en hulle moet ook sy goeie nuus hoor en dit in gelowiges se omgang met hulle ervaar.

Ander teologiese vakke het die Bybel as teks, maar die praktiese teologie het die gelowige mens as teks (cf. Firet, 1977:22). Heyns & Pieterse (1994:8) haal H. Bastian aan wat die gevolgtrekking maak dat die ander teologiese vakke die Bybel en evangelie vir mense verstaanbaar maak, terwyl die praktiese teologie die wisselwerking tussen die evangelie en mense vertaanbaar maak.

Praktiese teologie as handelingswetenskap werk met 'n empiriese metode. Hierdie metode word egter binne die groter raamwerk van die krities-korrelatiewe hermeneutiek geplaas (Pieterse, 1993:26, met verwysing na J van der Ven). Hermeneutiek het met teks én konteks te make. Dit geld sowel vir die skriftelike bronne van die Christelike tradisie as vir die aktuele geloofservaringe van mense.

Praktiese teologie maak dus baie staat op multi-dissiplinariteit, inter-dissiplinariteit en intra-dissiplinariteit. In ‘n multi-dissiplinêre benadering doen die sosiaal-wetenskaplike sy ondersoeke met behulp van sy eie teorie. Daarna word teologies deur die praktiese teologie op die resultate gereflekteer. Hierdie model leen ook sosiaal-wetenskaplike insigte by byvoorbeeld die psigologie, maatskaplike werk en die sosiologie, en pas dit toe in die prakties-teologiese teorie. In ‘n inter-dissiplinêre benaderingswyse word staatgemaak op samewerking tussen verskillende dissiplines. In ‘n intra-dissiplinêre benadering doen die praktiese teologie sy eie ondersoeke op 'n prakties-teologiese wyse.

### 2.2.5 Die model van Zerfass in die praktyk

Vier dinge word in hoofsaak deur die model van Zerfass in ‘n prakties-teologiese ondersoek aan die orde gestel (cf. Heyns & Pieterse, 1994:42):

- ☐ Bepaalde geloofshandelinge in die kerk.
- ☐ Die situasie waarin die geloofshandelinge voltrek word.
- ☐ Die kritiese beoordeling van die geloofshandelinge en die situasie waarin dit plaasvind.

- Die vraag na moontlike wysigings in die prakties-teologiese teorie.

In die onderhawige studie dien dit as basis vir die volgende navorsingskema:

- 'n Probleem ontstaan omdat 'n bedieningspraktyk van pastorale begeleiding en berading van persone wat worstel met gekompliseerde trauma nie meer aan behoeftes van lidmate en/of kliënte onder aandag van die kerk se maatskaplike welsynsprogramme en die eise van die tyd voldoen nie.

- 'n Basisteorie word ontwerp om op wetenskaplike wyse 'n nuwe prakties-teologiese teorie daar te stel. Pastorale begeleiding en berading van persone met gekompliseerde trauma het sy oorsprong in die teologiese oorlewering, dit wil sê in die kerklike tradisie, kerkgeskiedenis en ander teologiese dissiplines. Onder andere sal 'n Skriftuurlike ondersoek na sake soos gekompliseerde trauma gedoen word, wat eksegese van sekere sleutelgedeeltes insluit, soos dit verband hou met die geloofshandelinge van pastorale begeleiding en berading aan persone wat worstel met gekompliseerde trauma.

- Verder word die situasie waarin die ou teorie (wat nie meer funksioneel is nie) gefunksioneer het, aan die hand van empiriese gegewens ontleed. 'n Vraelys (Bylaag A) wat deur 'n wetenskaplik-voltooide steekproef voltooi is, kan gebruik word. Deur die vraelys word eerstens vasgestel hoe persone/kinders met gekompliseerde trauma, geplaas in 'n kerklike kinderhuis, die Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom, deur pastors, maatskaplike werkers en ander pastorale werkers tans pastoraal beraad word. Tweedens word die uitkomste van dié begeleiding vasgestel deur gestruktureerde onderhoude met 'n geselekteerde groep kinders. Meta-teoretiese insigte, met verwysing na maatskaplike werk, psigologie, psigiatrie en geneeskunde, soos dit verband hou met die onderhawige probleem van pastorale begeleiding en berading, word verkry.

- Die gegewens van die empiriese ondersoek en die meta-teoretiese insigte word geïntegreer in 'n nuwe teorie. Vanuit die basisteorie, in hermeneutiese wisselwerking met die situasie-analise, en metateorie, soos geïntegreer in 'n nuwe teorie, word riglyne vir 'n aangepaste prakties-teologiese teorie vir pastorale berading/begeleiding van persone met gekompliseerde trauma ontwerp .

Verdere navorsing kan onderneem word deur hierdie nuwe teorie in die praktyk toe te pas; die nuwe praksis weereens aan die situasie en die teologiese oorlewering te toets; en die prakties-teologiese teorie en die nuwe praksis dienooreenkomstig te wysig.

## 2.3 DIE SKRIF AS KENBRON VAN DIE BASISTEORIE

### 2.3.1 Die gesag van die Skrif

Dit is nodig om kortliks die vernaamste perspektiewe op die Skrif as kenbron van die basisteorie na te vors, met verwysing na die betekenis daarvan vir pastorale begeleiding en berading van mense met gekompliseerde trauma.

Die Skrif het gesag omdat dit die Woord van God is. Däárom het die Skrif ook, as boek vấn mense vír mense, 'n boodskap (Heyns, 1976:125). Die gesag van die Skrif word afgelei van die Goddelike inspirasie van die Skrifopenbaring, soos volg in 2 Tim 3:16a geformuleer:

*Die hele Skrif is deur God geïnspireer.*

Volgens 2 Tim 3:16b het dit in vier opsigte groot waarde:

- om in die waarheid te onderrig;
- om dwaling te bestry;
- om verkeerdhede reg te stel; en
- om 'n regte lewenswyse te kweek.

Die Griekse woord wat in 2 Tim 3:16 met inspirasie vertaal is, is *θεόπνευστος*. Louw & Nida (1993:418) omskryf *θεόπνευστος* met betrekking tot 'n kommunikasie wat deur God geïnspireer is. J van Rensburg (1993d:1894) se gevolgtrekking is dat die Bybel tegelyk 'n goddelike en menslike boek is (cf. Lea & Griffen, 1992:255-256).

Dit is nie net 'n versameling van boeke wat mense se getuienisse oor God bevat nie. Dit is veel eerder 'n versameling geskrifte waarin twee dinge bereik wil word (cf. Mounce, 2000:565-570):

- God maak Homself bekend maak aan die mense.

☐ God maak sy wil bekend vir mense.

Dié versameling het oor baie eeue ontstaan en God het mense gebruik om dit tot stand te laat kom.

### 2.3.2 Die Skrif as instrument

Die Skrif is meer as net ‘n kenbron van die basisteorie. Dit is ook ‘n instrument van pastorale berading - wat deur die pastor in die pastoraat gebruik word om, volgens 2 Tim 3:16b, te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ‘n regte lewenswyse aan te kweek (cf. Mounce, 1995:70-74).

Rom 1:16 verwys na die *evangelie / εναγγέλιον*, waaroor die apostel Paulus hom nie skaam nie.

Dit is 'n *krag / δύναμις* van God tot *redding / σωτηρία* vir elkeen wat *glo / πιστεύω*. Louw & Nida (1993:413) omskryf *εναγγέλιον* met betrekking tot die vertel van die goeie nuus, met as inhoud die evangelie van Jesus in die Nuwe Testament. Rom 1:9 verwys na die evangelie van sy Seun en Rom 15:20 na die evangelie van Christus.

Van dié evangelie is Jesus dus nie net die outeur nie, maar ook die onontbeerlike subjek.

Die krag van God is sy mag om 'n funksie uit te voer. Die evangelie van Jesus is die krag van God tot *redding / σωτηρία* van elkeen wat glo. J van Rensburg (1993a:1728) verwys daarna as die evangelie in sy diepste wese.

Volgens Louw & Nida (1993:241) word redding in Rom 1:16 in figuurlike sin gebruik vir godsdienstige redding.

Die Griekse werkwoord, *πιστεύω*, word deur Louw & Nida (1993:379) gelyk gestel met die praktyk om 'n gelowige te wees. Rom 1:16 gaan dus daaroor om in die evangelie, of goeie nuus oor Jesus, te glo en om 'n volgeling te word - om 'n gelowige te wees of 'n Christen of van die Christelike geloof.

Die redding wat die evangelie bring, is dus vir alle mense - vir Jode sowel as almal wat nie Jode is nie, almal wat glo (cf. Mounce, 1995:16).

### 2.3.3 Die genoegsaamheid van die Skrif

Die Skrif is genoegsaam en het geen aanvulling of toevoeging nodig nie (Heyns, 1976:149). Dit het die implikasie dat die heil waarvan die Skrif getuig, deur niks en deur niemand verdring of vervang mag word nie.

Paulus vermaan Timoteus om te bly by wat hy geleer het (Mounce, 2000:561-564). Die heil wat geopenbaar is en in die Bybel op skrif gestel is, is voldoende. Iets anders of iets meer is nie nodig nie. Dit beteken egter nie dat die Skrif 'n handboek is wat alle antwoorde op alle vrae verskaf nie. Dit het ook nie alle oplossings in alle situasies nie.

Aanvaarding van die genoegsaamheid van die Skrif hou vir die mens die verantwoordelikheid in om in gehoorsaamheid aan God, in biddende opsien na Hom, te soek na God se wil vir elke situasie (cf. Marshall, 1999:787-788).

Heyns (1976:151) onderskei vier wyses van aktiewe skepping om die wet van God te onderhou - wat hy *positiveringsarbeid* noem:

- 'n Wandel in die wysheid (Ef 5:15).
- 'n Verstaan van die wil van die Here (Ef 5:17).
- 'n Onderskeiding van die dinge waarop dit neerkom (Fil 1:10).
- 'n Bede om verstand (Ps 119:34).

Die Here vra sy kinders om, in Christus, hulle lewens in die lig van die Skrif in veral drie opsigte te transformeer (cf. Lincolm, 1999:337-349):

- Om nie onverstandig op te tree nie, maar te probeer om te wete te kom wat die Here se wil is.
- Om al hoe meer toe te neem in begrip en fyn aanvoeling in hulle verhouding met Hom, met hulle self en met mekaar, sodat hulle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom.
- Om in afhanklikheid van God te bid om insig om sy wet van harte te gehoorsaam.

### 2.3.4 Gevolgtrekking

Die Skrif het gesag omdat dit die Woord van God is. Die Goddelike inspirasie van die Skrif het groot waarde. Dit is 'n kommunikasie wat deur God geïnspireer is, die kenbron van die basisteorie en die instrument wat in pastorale begeleiding gebruik word. Dit is 'n krag van God tot redding en genoegsaam. Die gesagvolle gebruik van die Skrif word erken in pastorale begeleiding en berading as die instrument tot genesing en geestelike groei.

Die genoegsaamheid van die Skrif het implikasies vir pastorale berading en begeleiding binne die raamwerk van 'n Bybelse gespreksmodel:

- Dit gaan gepaard met Skrifgebruik in pastorale berading en begeleiding.
- Dit gaan ook gepaard met gebed in die begeleidings- en beradingsgesprek.
- Uiteindelik gaan dit gepaard met geloof, hoop en vertroosting in die begeleidings- en beradingsproses (cf. Minnie, 2003:178-197).

## 2.4 BYBELSE PASTORAAT AS VERTOLKING VAN TROOS

### 2.4.1 Inleiding

Louw (1999:131) sê in die breedste sin van die woord gaan dit in praktiese teologie om die funksionering van die Christelike geloofsgemeenskap met die oog op die effektiewe kommunikasie van die evangelie. Dit handel dan onder andere oor diens of diakonia (sorg/troos) in die vakgebied pastoraat (cf. Heitink, 1992:75), waaronder die onderhawige studie van die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma dan ook ressorteer.

Dit is die taak van 'n prakties-teologiese ekklesiologie om ook dié funksie van sorg sodanig te ontwikkel dat die evangelie doeltreffend gekommunikeer word. Volgens Louw (1999:131) is die implikasie van 'n hermeneutiek binne 'n prakties-teologiese ekklesiologie dat dit nie nét 'n suiwer handelingswetenskaplike model kan wees nie. 'n Normatiewe en hermeneutiese model wil op 'n dieper vlak *vra na die kwaliteit, gehalte (aldus sin) van die Christelike geloofspraksis en ook kyk na die sin van geloof.*

Wanneer Heitink (1992:75) verwys na die pastoraat as onderlinge hulpverlening, beperk hy dit tot die werk van die predikant. Hy redeneer dat die predikant as teoloog en pastorale werker/helper/berader 'n eie deskundigheid het. In die reël gaan dit hier om ontmoetings wat 'n meer intensiewe vorm van pastorale berading vra - en verstaan hy onder pastoraat as hulpverlening dat 'n predikant 'n helpende verhouding aangaan met mense om saam met hulle in die lig van die evangelie en in verbondenheid aan die gemeente van Christus te worstel oor geloofs- en lewensvrae (Heitink, 1992:75).

Aansluitend by Firet (1977:55) se omskrywing dat pastorale optrede *intermediair is van het komen van God in zijn woord*, setel die eiesoortigheid van 'n pastorale hermeneutiek, volgens Louw (1999:132), daarin dat dit die ontmoetingsgestalte van die heil verstaan en vertolk in terme van herder-, dienskneg-, wysheid- en paraklesemetafore vanuit die Christelike perspektief van sorg, troos en hulpverlening.

Die trooseffek van God se nabyheid, teenwoordigheid en identifikasie met menslike nood en lyding in Jesus Christus, die opgestane Here, word die eiesoortige dimensie van waaruit die pastoraat probeer om die verbondmatige ontmoeting tussen God en die mens te verstaan (cf. Rom 8:18-39, Mounce, 1995:183-192). J van Rensburg (1993a:1742) kom tot die gevolgtrekking dat niks gelowiges van die liefde van Christus kan skei nie, want God gebruik alle denkbare beproewings vir die volle verwerkliking van sy plan vir hulle lewens.

Die pastoraat wil, volgens Louw (1999:132), die troos in Christus sodanig vertolk dat God se sorg 'n sin-horison ontsluit wat aanleiding gee tot hoop vir mense in krisis. Mense word deur die hoop-benadering in staat gestel om tot geloofsvolwassenheid te ontwikkel (cf. Firet, 1977:55, wat verwys na die dinamiek van die koms van God se koninkryk as 'n geloofsbeslissing in mense se lewens deur die pastoraat).

Heitink (1992:78-80) verwys na die gevaar dat die pastoraat as teologiese dissipline sy identiteit na twee kante toe kan verloor:

- ☐ Aan die een kant kan eise vir konkreetheid in konteks die evangeliese karakter van pastorale werk begin oorheers.
- ☐ Aan die ander kant kan die probleme van mense oorvergeestelik word.

Die verbinding van evangelie en konteks beteken dat die evangelie goed is vir mense. Louw (1999:133)wys daarop dat die pastoraat ten diepste betrokke is by die tegniek van die verhaalanalise wat die identiteit van die pastoraat direk raak. Dit hang saam met die pastoraat as 'n hermeneutiese proses, waar die pastor saam met mense op soek is na die betekenis van hulle lewensverhaal in die lig van God se verhaal.

Veltkamp (1988:229) gee aandag aan die verskil tussen die psigoterapeut / psigoterapie en die pastor / pastoraat, wat beide hermeneuties besig is om na mense se verhale te luister. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die verskil tussen die psigoterapie en die pastoraat wel in die teologiese hermeneutiek van die pastoraat lê. Dit werk addisioneel tot mense se verhale óók met God se verhaal in die evangelie. Die vertolking van die heil, as die unieke eie aard van die pastoraat, is dan inherent die verskil tussen die psigoterapie en die pastoraat.

Die hartklop van die pastoraat is die groot uitdaging hóé om in die pastorale gespreksituasie teologies na mense se verhale te luister. Die herderlike of pastorale versorging is eie aan die karakter van die Christelike kerk.

### 2.4.2 Die herder-metafoor

Die Skrif belig die sorggedagte vanuit verskillende hoeke. Louw (1999:61) verklaar die herder-metafoor in die lig van sorg as pastorale styl (sensitiwiteit). Dit is 'n herderlike sorg gerugsteun deur God se verbond en sy genade, uitgedruk in die feit dat Israel aan Jahwe se kudde behoort.

Die hele Ps 23 word aan die herdersbeeld gewy. Terrien (2003:238-242) se opskrifte vir dié psalm is betekenisvol, naamlik God die Pastor (1b-3), God die Gids (3b-4), God die Geneser (5) en God die Gasheer (6). Omdat Hy die herder van sy skape is, kom hulle niks kort nie. Die klem val nie in dié psalm op die dierlike eienskappe van die skape nie, maar op die dissipelskap van dié wat die Here volg: *As jy 'n goeie herder sien, volg hom!* (Burden, 1993:774).

In die Ou Testament is die herder-metafoor oorgedra op God (Jes 40:11) en op die Messias wat vir God as Herder sal optree (Eseg 34:23). Die betekenis van die herder-metafoor in die Nuwe Testament staan in verband met God se sorgsame verbondshandelinge aan Israel, en vind konkrete gestalte in barmhartigheid en liefde soos geopenbaar in Jesus se bedieningstyl en voltrek in sy offerdood (Louw, 1999:63).

Efesiërs 4:11 handel spesifiek oor die rolle en funksies van die gawes wat Christus aan die kerk gegee het (Perkins, 2000:422-425). Dié gedeelte slaan waarskynlik op die besondere ampte (Louw en Nida, 1993:541; cf. J van Rensburg, 1993b:1830).

Een van die gawes is dié van *herder* (*ποιμήν*), figuurlik afgelei van die werk van 'n skaapherder, dus met die betekenis van iemand wat verantwoordelik is vir die versorging en leiding van 'n gemeente, byvoorbeeld 'n predikant (Louw en Nida, 1993:542).

Louw en Nida (1993:542) wys daarop dat daar in Ef 4:11 net sprake is van vier klasse van persone. Die eerste drie is onderskeidelik apostels, profete, evangeliste, en die vierde klas is dié persone wat by twee komplimentêre rolle betrokke is, naamlik van herder en leraar, *in other words, to guide and help a congregation as well as to teach.* Roberts (1991:122) lê sterk klem op die sentrale plek wat die Skrif moet inneem in die dienswerk van die ouderling, met spesifieke verwysing na die dubbele rol van die ouderling van herder en leraar. In die Griekse teks word herders en leraars baie nou aanmekaar geskakel.

Die Nuwe Testament dui op 'n verbintenis tussen hulle wat elders ouderlinge genoem was en hulle wat die funksies van herders en leraars het:

> *The shepherds tend the congregation as the flock of God by admonishing them in the light of the gospel and keeping them from straying.* (Roberts, 1991:123.)

In Mat 9: 36 verwys Jesus na die menigtes rondom Hom, wat moeg en hulpeloos was, as skape wat nie 'n herder het nie. In dié gedeelte trek Jesus 'n verband tussen die werk van 'n herder of wagter van skape en arbeiders wat uitgestuur moet word vir die oes van die Here. In Joh 10: 11 verwys Jesus na Homself as die goeie herder wat sy lewe aflê vir die skape (cf. Matt 26: 31).

In 1 Pet 2:25 word Christus die Herder en die Bewaker van die lewens van die gelowiges genoem. Die apostel verwys in 1 Pet 5:4 na Christus as die Opperherder. Die ouderlinge is die dienaars vir wie Christus, die eintlike Herder van die kudde van God, gebruik om sy kudde te versorg. Daarom moet die ampsdraers se optrede in die gemeente getuig van die Opperherder se manier van doen (J van Rensburg, 1993g:1957).

In 1 Pet 5:2-3 word spesifiek verwys na die kudde wat goed opgepas moet word, waaroor toesig gehou moet word, vrywillig, en nie om eie gewin nie, maar uit toegewydheid. In Hand 20:28 verhaal Lukas die preek van die apostel Paulus aan die ouderlinge van Efese, waar hy ook die herder-metafoor vir die amp van die ouderling gebruik, en die versorging van die gemeente spesifiek vermeld. Heb 13: 20-21 verwys na Christus as die groot Herder van die kudde van God.

Wanneer die herder-metafoor op die amp oorgedra word, word die liefdevolle styl van die pastor 'n middel waardeur die sorg van God vertolk word, en hoofdoelstelling van pastorale berading die redding van 'n mens se lewe deur 'n ontmoeting met Christus Jesus. Omdat die wêreld - en die kerk ín die wêreld - so weerloos soos skape is, omvat dié begeleiding en berading onder meer die belangrike elemente van leiding en lering, vertroeteling en versorging, en beskerming.

## 2.5 'N BYBELSE PERSPEKTIEF OP DIE LYDING VAN GELOWIGES

Thomas A Kempis, 'n Rooms-Katolieke priester wat aan die kloosterorde van Augustinus te St Agnietenberg in Nederland behoort het, het in sy 15de eeuse manuskrip, *Die navolging van Christus* (À Kempis, 2004:16), ruim 'n eeu voor die opkoms van die Protestantisme in Europa, getoon dat die opvatting dat beproewings nié van God afkomstig is nie, maar dat Hy wel uitkoms gee - en beproewings ten goede bestuur - reeds in die vroegste eeue deel van die geloofsleer van die Christelike kerk was (À Kempis, 2004:49-50.)

In sy Dogmatiek vereenselwig Heyns (1978:164-169) hom daarmee dat die sonde, en by implikasie beproewings (ook in sy vorms van onder andere lyding, siekte en dood), eerstens nie die wil van God en die werke van sy hande kan wees nie. Tweedens staan dit tóg in God se Raad, maar moet dit nie met sy veroorsakende besluite in verband gebring word nie. Sonde moet wel met sy ruimte-skeppende en indiensnemende besluite in verband gebring word. Wat sy wil betref, moet die sonde gesien word as werke waarteen hy Hom gewend het, en waarvan Hy nog steeds 'n afkeer en misnoeë het.

Sonde is nie werke waarin God 'n welbehae het nie. Tog bly sonde 'n onbegryplike misterie en sy werklikheid volkome irrasioneel, maar sy aktualiteit word nie daardeur verminder nie, en ook nie die noodsaaklikheid van besinning daaroor nie.

In Jak 1:2a word verwys na die *blydskap / χαρά* wat daar by gelowiges moet wees wanneer *allerlei / ποικίλος beproewings / πειρασμός* oor hulle kom (cf. Richardson, 1997:57-62, wat sê dat God versoekings gebruik om sy doel te bereik). Dieselfde aanmoediging kom ook in 1 Pet 1:6 voor. *πειρασμός* beteken om iets te probeer leer van die geaardheid of karakter van iemand deur hom of haar te onderwerp aan deeglike en ekstensiewe toetsing/keuring. Dit slaan nie op bepaalde beproewings nie, omdat melding gemaak word van *allerlei beproewinge* (Louw en Nida, 1993:332).

Louw en Nida (1993:590-591) sê allerlei beproewinge beteken dat daar verskillende soorte of klasse is. Jak 1:2a slaan dus nié op 'n bepaalde beproewing nie. Matt 4:24 berig byvoorbeeld dat mense hulle siekes met allerhande kwale en pyne, dié wat demone gehad het, epilepsielyers en verlamdes na Jesus toe gebring het, en Hy het hulle gesond gemaak (cf. Bybel, 2004:1226).

Die *blydskap* oor beproewinge is volgens Louw en Nida (1993:302) 'n blydskap in God omdat Hy beproewings tot ons beswil gebruik. Beproewings is self nooit 'n oorsaak van blydskap nie. Vir Davids (1996:1984) is beproewings wel *an opportunity for joy*. J van Rensburg (1993f:1935) sien blydskap dan ook nié as 'n funksie van beproewings soos volharding en geestelike rypheid wél funksies van

beproewings is nie.

God gebruik beproewings tot gelowiges se eie beswil, maar Hy kan nie die skuld kry vir al die swaarkry en pyn in hulle lewens nie. Elke gelowige word beproef (J van Rensburg, 1993:1935). Beproewings werk volharding wat end-uit gevoer moet word sodat gelowiges tot volle geestelike rypheid of volmaaktheid kan kom - en niks kortkom nie. As 'n gelowige agterkom dat hy wysheid kortkom, moet hy dit van God bid.

Wysheid waarvoor gelowiges moet bid om die volharding ná beproewing end-uit te voer, word deur J van Rensburg (1993f:1935) soos volg omskryf:

- Die vermoë om te weet hoe God wil hê dat hulle hul lewens moet inrig.
- Die vermoë om te weet hoe hulle in elke konkrete situasie moet optree.
- Dit is nie 'n natuurlike wysheid wat mense sommer vanself het nie.
- Daar moet daarvoor gebid word.
- Hy gee dit deur die Heilige Gees wat in gelowiges woon - en hulle lei in die volle waarheid.
- Hierdie wysheid bring lewensverandering - 'n nuwe lewensuitkyk en 'n nuwe leefwyse.

In Romeine 8:18 verwys die apostel Paulus na *lyding / πάθημα* wat gelowiges in hulle lewe moet verduur. Louw & Nida (1993:285) wys daarop dat sensoriese, fisiologiese en psigologiese aspekte betrokke is by amper alle aspekte van pyn. Die bron van pyn kan van binne wees, van liggaamsorgane of van buite, byvoorbeeld die resultaat van 'n botsing of langdurige ontbering (*prolonged hardship*).

Gelowiges bly in hulle lewe op aarde onderworpe aan die gevolge van sonde en dood, al is hulle deur Christus van die vloek daarvan verlos. Beproewing, lyding en dood bly deel van gelowiges se daaglikse bestaan (Mounce, 1995:183-189; cf. Wright, 2002:595-596, wat melding maak van die *bookkeeping* metafoor in 8:18). Dit kry egter vir gelowiges 'n nuwe betekenis van 'n lyding met Christus en 'n dood saam met Hom. Dit is 'n eggo en naklank van die lyding van Christus en nie 'n nadoen van Christus nie.

Van der Watt & Joubert (2002:1448) verklaar hierdie tipe swaarkry as deel van die eenheid tussen Christus en sy kudde. Dit fokus dan nie ten diepste op die ooreenstemming in lyding nie, maar eerder op die eenheid van geloofsgemeenskap waardeur gelowiges hul lyding, in geloof, as gemeenskap aan Christus se lyding aanvaar en waardeer.

Alhoewel mense deur die eeue worstel met die vraag of beproewinge van God afkomstig is - en 'n antwoord hulle ontwyk - glo en ervaar mense dat God uitkoms gee in beproewings. God bestuur beproewings ten goede.

Daarom is daar ook blydskap in en ten spyte van beproewinge.

## 2.6 DIE MENS WAT PASTORALE BERADING ONTVANG

### 2.6.1 Inleiding

Die ontwerp van 'n teologiese antropologie is onontbeerlik vir die praktiese teologie omdat dit in dié vakdissipline gaan oor 'n hermeneutiese aangeleentheid, 'n kombinasie van geloofstaal oor God én die mens se daaglikse lewenservaring rakende die vraagstuk van sin. In die onderhawige studie gaan, in die meta-teoretiese ondersoek, indringend aandag gegee word aan die resultate van ander dissiplines soos die mediese wetenskap, psigiatrie, psigologie en maatskaplike werk oor menslike funksionering.

Net resultate van 'n Bybelse mensbeeld vanuit die sistematiese en praktiese teologie sal aan die orde kom wat, in hermeneutiese samehang met die metateorie, neerslag sal vind in 'n prakties-teologiese teorie. 'n Teologiese antropologie, in onderskeiding van enige ander antropologie, fokus op die verband tussen God en mens vanuit 'n geloofsperspektief.

Volgens Heyns (1978:119) was die skepping van die mens nie 'n noodoplossing vir 'n probleem wat in die skeppingskonstruksie ondervind is nie, ook nie 'n nagedagte nie, maar eerder die rigtinggewende vóórgedagte dat alles wat vanaf die eerste dag deur God geskape is, aangelê is óp, heenwys ná en dien as tuiste en as materiaal vír die mens.

*Die aarde het die Here aan die mens gegee* (Ps 115: 16b).

In hierdie verband maak McCann (1996:1145) melding van die mens se *God-given sphere of influence.*

Drie kernvrae kom na vore in 'n Bybelse beoordeling van die mens as skepping van God:

- ☐ Eerstens, die vraag na die wesentlike aard van die mens as skepsel van God.

- Tweedens, die vraag na daardie kwaliteite wat die mens se menswaardigheid as mens van God bepaal.

- Derdens, die vraag na die doel, rigting, bestemming en sin van menslike bestaan (cf. Louw, 1999:174).

Heyns (1978:119) werk met vier Bybelse voorveronderstellings oor die mens voordat hy kom by 'n beskrywing van die mens:

- Die Bybel werp 'n vertikale blik op die mens, dit wil sê die mens met wie God besig was, besig is én besig sal wees: die mens wat in al sy doen en late op God betrokke is.

- Die Bybel werp 'n totale blik op die mens, maar nie met ignorering van besondere aspekte van of perspektiewe op die mens nie (byvoorbeeld vlees/gees, siel/liggaam, ou/nuwe mens, en inwendige/uitwendige mens) waarin die eintlike en die wesentlike van die menswees op 'n bepaalde wyse tot uitdrukking kom.

- Die Bybel werp 'n realistiese blik op die mens, dit wil sê as skepping van God, as verlore sondaar voor God en as nuwe mens vir God. Dit korrespondeer met Sondag 1, vraag 2, van die Heidelbergse Kategismus oor sonde, verlossing en dankbaarheid, wat ook 'n spieëlbeeld is van die drie-deling van die 52 Sondagsafdelings van die kategismus (Bybel, 1991).

- Die Bybel werp 'n tydbepaalde blik op die mens, byvoorbeeld om oor die mens in 'n taal en 'n idioom van 'n bepaalde tyd te skryf:

  *Luister, daar kom die man wat ek liefhet! Hy spring oor die berge, hy wip oor die rante.* (Hoogl 2: 8)

Venter (1996:16) beklemtoon die hoofmomente van die Wysbegeerte van die Wetsidee wat prominente insigte bied vir 'n teologiese antropologie en prakties-teologiese besinning, met besondere verwysing na veral twee sake:

- Die religieuse grondmotief.

- Die mens se hart as kernpunt van religieuse funksionering.

Die Skrif is die openbaring van 'n integrale skepping, 'n radikale val en 'n radikale verlossing in Jesus Christus. Hierdie religieuse grondmotief wat voorwetenskaplik is, rig en stuur dan ook enige besinning oor teologie en 'n pastorale antropologie.

Die mens rig sy hele lewensbestaan op God of 'n afgod (Mat 22:37, cf. Den Heyer & Schelling, 2001:177-181, wat sê die hart-metafoor word gebruik as aanduiding van die mens se oriëntasie en lewenssentrum, dit wil sê sy insig, wil, denke en handelinge, asook vir sy emosies, maar *gerelateerd aan de oriëntasies*).

Die Skrif is nie 'n handboek oor die wese van die mens nie. 'n Definisie van die menslike natuur ontbreek ook. Nêrens handel die Skrif opsetlik, sistematies en geordend oor die mens nie (Heyns, 1978:119). Die Nederlandse Geloofsbelydenis noem in Artikel 14, naas die feit dat die mens uit die stof van die aarde geskep is, die feit van die oorspronklike aansien en uitnemendheid van die mens, gemaak en gevorm volgens God se beeld en gelykenis, dit wil sê, goed, regverdig en heilig, sodat hy met sy wil in alles met die wil van God kon ooreenstem - 'n aansien wat hy self nie verstaan het nie, en 'n uitnemendheid wat hy self nie besef het nie (Heidelbergse Kategismus, Artikel 14, in Bybel, 1991).

Verder handel dié artikel sowel as Artikel 15 oor die sondeval, die gevolge daarvan en die erfsonde:

> *Al die lig wat in ons is, het immers in duisternis verander, soos die Skrif ons leer: 'Die lig skyn in die duisternis, en tog het die duisternis dit nie aanvaar nie' (Joh 1:5) waar die heilige Johannes die mense duisternis noem.* (Heidelbergse Kategismus, Art 15, in Bybel, 1991).

### 2.6.2 'n Antropologie van hulpverlening

Heitink (1992:108) verwys na 'n groeiende antropologiese konsensus oor wat hy noem *een anthropologie van de hulpverlening*. Hy omskryf hierdie konsensus wat onder die hulpwetenskappe na vore tree, as 'n algemene antropologiese benadering wat hy omskryf as *aandacht voor de hele mens*. Daaronder verstaan hy vyf sake:

- ☐ Die eenheid van die mens na liggaam, siel en gees.
- ☐ Menswees as in-verhouding-wees met sy leefwêreld.
- ☐ Menswees na sy bewuste en onbewuste kante.
- ☐ Menslike ontwikkeling, gerig op selfverwesenliking.
- ☐ Menslike waardes en oortuiginge.

Hy erken dat daar wel verskillende benaderings is om by dieselfde uitkomste te kom, maar uiteindelik sal daar wel iets van elkeen van die bogenoemde sake tot sy reg kom in 'n konsensusbenadering, óók van die Bybelse boodskap oor die mens. Hy maan wel tot versigtigheid om so 'n benaderingswyse te volg, maar is tog oortuig dat die verskillende gesigspunte in 'n breër ontwerp van 'n pastorale teologiese antropologie neerslag kan vind.

Hy wys daarop dat die Skrif se gegewens oor die mens nie óórskat moet word nie. Dit is nie 'n wetenskapsleer oor die mens nie. Die Skrif is in die verlede ook nooit so gebruik nie, en die Christelike antropologie was nog altyd 'n vermenging van Bybelse, wysgerige en ander wetenskapsbeskouings oor die mens. Hy het ook kritiek teen 'n te eng mensbeeld van die gereformeerde kerke omdat dit nie 'n oog het vir die hele mens *in al zijn relaties nie* (Heitink, 1992:111).

Hy beweer dat die mens as skepsel te maklik kan verdwyn agter 'n oorbeklemtoning van die mens as sondaar, maar gee erkenning aan 'n groeiende teologiese besef wat tog die volgende gesigspunte oor die mens akkommodeer:

- Die nuwe mens in Christus, na die voorbeeld van die mens Jesus, die egte mens soos God dit oorspronklik bedoel het om te wees.
- Die Heilige Gees en die herskepping van die mens as mens van God.

Heyns (1978:119-143) maak gebruik van die volgende indeling vir 'n Bybelse antropologie:

- Die mens as eenheidswese.
- Die mens as beelddraende wese.
- Die mens as verhoudingswese.
- Die mens as tweeslagtige wese.
- Die mens as toekomswese.

### 2.6.3 Wat is die mens?

Die psalmdigter bring in Ps 8 lof aan die Skepper met die eerbiedige aanroep van die verbondsnaam van God, ons Here of Jahwe, gevolg deur die naam Here, wat ook die gewone titel vir die koning is. Die grootheid en die glansrykheid van die skepping van God oorweldig hom as mensekind, 'n swakke

sterweling, niks meer as 'n kind en 'n suigeling nie (Anderson, 1995:101). Maar selfs kinders en suigelinge besing die magtige werk wat God tot stand gebring het.

Van der Walt (1990:2-3) kom tot die gevolgtrekking dat die mens, al is hy klein, nietig en sterflik, God se meesterstuk is. Dit is vir hom egter belangrik dat die Bybelse gegewens oor die mens 'n voorwetenskaplike mensvisie is.

Heyns (1978:121) som die Bybelse openbaring oor die menswees op as *lewendwees-in-liggaamlikheid*. Dat die mens 'n liggaam het, en dat dit 'n lewende liggaam is, is 'n gawe van God (cf. Sampley, 2000:860-863 en 986-989, met verwysing na 1 Kor 6:13, 1 Kor 6:19 en 1 Kor 15:42-49, waar liggaam of *σῶμα/sōma* 'n tegniese term is wat verwys na die hele mens).

- Die liggaam behoort aan die Here (1 Kor 6:13 - die liggaam is daar vir die Here, wat ook oor die liggaam Here is).
- Die Heilige Gees woon in die liggaam (cf. 1 Kor 6:19 - die liggaam is 'n tempel van die Heilige Gees).
- Al sterf die liggaam eenmaal, sal hy opstaan en dan sal die natuurlike liggaam wat gesaai word, as 'n geestelike liggaam opgewek word (cf. 1 Kor 15:42 - 49 - die geestelike kom nie eerste nie maar die natuurlike, en daarna die geestelike).

In die onderhawige studie sal, in die ontwikkeling van 'n Bybelse mensvisie, veral gelet word op basisteoretiese perspektiewe op die mens as beelddraende wese, die mens as eenheidswese, die mens as verhoudingswese en die mens as toekomswese.

Dié inligting sal in hermeneutiese samehang met die meta-teorie gebruik word vir riglyne vir die pastorale begeleiding van mense met gekompliseerde trauma. Dit kan ook binne die praktiese teologie funksioneer as basisteorie vir algemene besinning oor die mens en menslike gedrag.

### 2.6.3.1 Die mens as beeld en gelykenis van God

Gen 1:26 vermeld dat die mens deur God geskep is na sy *beeld* / צלם en *gelykenis* / דמות (cf. Bybel, 1954, vir die klassieke vertaling van Gen 1:26 in terme van beeld en gelykenis). Fredheim (1994:345) maak melding van die unieke Goddelike beplanning of *inner divine reflection* en *divine council* in die hemelse sfere by die skepping van die mens. Minnie (2003:37) haal CJH Venter aan wat tot die gevolgtrekking kom dat die mens in sy totaliteit (siel, gees en liggaam) na die beeld van God geskape is,

dat die mens in 'n psigiese en andersins volmaakte verhouding met God en met mekaar kón lewe. Die mens as beeld van God kan God en mekaar, ook op volmaakte wyse, dien.

Gen 2:7 vermeld dat die mens, as mens van God, deur God geskep is uit die stof van die aarde, en dat God lewensasem in sy neus geblaas het sodat die mens 'n lewende wese of lewende siel ( נפש ) geword het (Waltke, 2001:85; cf. Hamilton, 1991:156-160 en Fretheim, 1994:349-350). Vosloo (1993:10) vat dan die betekenis van die besondere skepping van die mens deur God soos volg saam:

- Uit die "stof" van die aarde dui op die verganklikheid van die mens. Die liggaam bly 'n leë dop totdat God dit met sy lewensasem lewend maak. Sonder dié lewensasem keer die liggaam terug tot stof. Die geskape mens besit nie 'n onsterflike deel bekend as die siel nie.

  Siel beteken die hele mens as lewende wese. Die blote feit dat die mens lewe, is 'n Goddelike wonder - en moet as sodanig erken, vertroetel en gebruik word. Die mens se lewe, maar ook die waarde van 'n menselewe, kom van God af. Die mens is totaal van God afhanklik.

- Gen 1:26-27 en Gen 2:7 word gewoonlik beskou as die standaardverwysing vir 'n Bybelse antropologie. Dié Skrifboodskap oor die mens was egter nie bedoel as 'n uitvoerige leer of wetenskaplike gevolgtrekking oor die menslike wese nie.

  Die beeld- en gelykenis-uitspraak van God stel die mens wesentlik in verhouding tot God, terwyl die lewendewese-uitspraak daarop dui dat die lewensbeginsel in die mens fokus op die skeppende handeling van God en die trou van God aan sy skeppingswerk.

Vir die ontwerp van 'n teologiese antropologie vir die pastorale bediening, wil Vosloo (1993:10) veeleer vanuit 'n hipotese vertrek wat beeld en gelykenis van God, sowel as die mens as lewende wese, verklaar as terme wat saam en afsonderlik op die volgende drie sake fokus:

- Die mens het 'n unieke bestaan.

- Die mens is 'n wese wat van God afhanklik is.

- Die mens se uiteindelike (bestaans)bestemming kan slegs vanuit sy verhouding tot God geïnterpreteer word.

- **Die mens as *beeld* ( צלם ) van God**

Van Gemeren (1997:810) verwys na twee betekenisse vir *tselem*:

- ☐ *tselem* 1: In die betekenis van *skim / gedaante / skaduwee*, soos gebruik in die NIV Study Bible (1985) waar daar in Ps 39:6 na die mens verwys word as *a mere phantom*.

- ☐ *tselem* 2: In die betekenis van *beeld*, soos in die klassieke vertaling van *tselem* in Gen 1:26 as *beeld van God* (cf. Bybel, 1983).

Beide *tselem* 1 (*skaduwee*) en *tselem* 2 (*beeld*) verwys egter volgens Van Gemeren (1997:810) na een en dieselfde saak: 'n Skaduwee is 'n *image or likeness of the object casting it*, byvoorbeeld in die vertaling van Gen 2:26 in die Afrikaanse Vertaling van 1954 (Bybel, 1954) waar *tselem* 1 en *tselem* 2 in kombinasie gebruik word vir die verwysing na die mens as *skadubeeld*. Beeld van God beteken nie dat die mens dieselfde liggaam of gees as God het nie. Beeld beteken ook nie dat die mens presies soos God geskep is - en daarom presies soos Hy lyk nie. Vosloo (1993:8) verklaar beeld van God soos volg:

- ☐ Die mens weerspieël die heerlikheid van God.

- ☐ Die mens tree namens God op aarde op.

- ☐ Die mens is so gemaak dat hy met God kan kommunikeer.

Die beste waarop *ons kan hoop, is om sy wese, sy heerlikheid, te weerspieël in die wyse waarop ons liefde, geduld, vergifnis, goedheid en trou openbaar* (Vosloo (1993:8). Walkte (2001:69) haal Emil Brunner aan wat sê dat die kragtigste van alle geestelike magte die mens se beeld van homself is, *the way he understands his nature and his destiny, indeed ... the one force which determines all the others which influence human life.*

Die kombinering in Gen 1:26 van onderskeidelik die mens as beeld van God en as heerser oor die skepping, wat God se handewerk is, versterk 'n gevolgtrekking dat beeld dui op die mens wat die heerlikheid van God weerspieël in sy (die mens se) heerskappy oor die skepping. Dié siening word versterk in die interpretasie van Gen 1:26 in die Afrikaanse Vertaling van 1983 (Bybel, 1983), waar na die na die mens verwys word as God se *verteenwoordiger, sy beeld*. Wenham (1987:25-32) (cf. Hamilton, 1991:132 en Walkte, 2001:64-66) kom dan in sy kommentaar op die skeppingsverhaal in Gen 1 tot die gevolgtrekking dat die mens die hele skeppingsverhaal oorheers deur onder andere die aankondiging in die eerste persoon van God se besluit om die mens te maak (vers 26); die doel van die

skepping van die mens (om die aarde te regeer) (vers 26b); die doel van die skepping self (vers 27); en die toekenning van voedsel aan mens en dier (vers 29).

Die mens en sy bestaan kry baie meer aandag as die res van die geskape dinge. Die aarde is die mens se huis, en die son en maan bepaal sy lewensiklus.

Nadat Wenham (1987:31-32) die mees prominente interpretasies van die mens as beeld van God opgesom het, soos byvoorbeeld die mens se natuurlike kwaliteite soos sy rede, of die mens se geestes- en geestelike vermoëns of sy fisiese ooreenkoms met God, maak hy die stelling dat die enigste betroubare afleiding wat gemaak kan word, is dat *the divine image makes man God's vice-regent on earth* (cf. Mathews, 1996:160-175).

- **Die mens as *gelykenis (דְּמוּת )* van God**

Van Gemeren (1997:967-969) dui aan dat daar in die term gelykenis, wat patroon, vorm, gestalte of beeld kan beteken, geen indikasie is van 'n liggaamlike of geestelike gelykenis tussen God en die mens nie, behalwe vir die mens wat in die gelykenis van God heers oor die skepping. Die twee terme, *beeld van God* en *gelykenis van God*, het daarom essensieel dieselfde betekenis - en kan as wisselterme gebruik word. Die mens is die produk van Goddelike kommunikasie, 'n skepping *in the image of one who chooses to create in a way that shares power with others ... to mirror God to the world to be God as God would be to the non-human, to be as extension of God's own dominion* (Fretheim, 1994:345).

In Gen 5:3 is dié twee terme byvoorbeeld omgeruil, waar daar na Adam verwys word wat 'n seun verwek het na sy gelykenis, na sy ewebeeld (Bybel, 1954; cf. Mathews, 1996:167 en Walkte, 2001:113).

Die twee terme, *beeld* en *gelykenis*, is dus essensieel dieselfde. Die rariteit van die woord beeld, en die onsekerheid oor sy etimologiese herkoms, maak die interpretasie daarvan hoogs problematies (Wenham, 1987:29). Alhoewel die begrippe *gelykenis* en *beeld* omruilbaar is, is die begrip *gelykenis* dominant as hulle in kombinasie gebruik word (Fretheim, 1994:345). Die primêre funksie van die twee begrippe is die uitbeelding van die mens as heerser oor God se skepping (Van Gemeren, 1997:969).

### 2.6.3.2 Die mens as eenheidswese

Gen 2:6 beskryf die mens as 'n lewende siel: Die Here God het *het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens 'n lewende siel geword.* (Bybel, 1954; cf. Walkte, 2001:85).

- **Liggaam en siel**

Die mens as *lewende siel* ( נֶפֶשׁ ) of lewende wese, is uit die stof van die aarde gemaak (Bybel, 1983; cf. Vosloo, 1993:9). Die mens het 'n stoflike liggaam, verwant aan die aarde (Heyns, 1978:120). Die vraag is of die geskape, stoflike liggaam, die mens is. Vosloo (1993:10) meen dat daar niks spesiaals aan die liggaam is sonder die lewensasem van God nie. Omdat die lewensasem deel van die mens se liggaamlike bestaan is, is ook die liggaam, in sy fisies-chemiese samestelling, nooit nét 'n stukkie aarde nie. Dit is 'n spesiale skepping van God, bedoel om 'n stukkie lewende aarde te wees. Vir Heyns (1978:120) is die mens se liggaam egter ook nog baie meer as net 'n stukkie lewende aarde. Daarmee word altyd die ganse en totale mens bedoel, 'n lewende siel of lewende wese.

Vosloo (1993:10) kom ook tot die gevolgtrekking dat siel nié bedoel is om 'n hoër, onsterflike toevoeging tot die aardse en sterflike liggaam te wees nie. Die mens bestaan nie uit 'n tweedeling van onderskeidelik 'n sterflike, minderwaardige komponent én onsterflike meerderwaardige komponent nie. Die mens as geskapene uit die aarde, met die lewensasem van God, kom van God af. Dit bepaal ook sy hoë waarde - en die verbod op moord (cf. Ex 20:13; en Brueggemann, 1994:848, wat sê dat menslike lewe aan God behoort en gerespekteer moet word).

Vosloo & J van Rensburg (1999:123-124) sê om iemand te vermoor is om hom *te beroof van 'n gawe van God*, naamlik sy lewe. Die mens as mens van God, liggaam en siel, is totaal van God afhanklik. Van der Walt (1990:6) wys daarop dat eksegetiese studies ook aantoon dat die Bybel nie begrippe soos *hart, gees, siel* en *liggaam* net as tegniese begrippe gebruik nie. Hulle het baie meer betekenisse (veral ook geestelike betekenisse), óók wanneer hulle in verband met die mens se menslike, dit wil sê sy liggaamlike, bestaan gebruik word.

Menswees is *lewendwees-in-liggaamlikheid* (Heyns, 1978:121). Hy verwys in dié verband na die siel van die mens as aanduiding van sy *binnekant,* soos liggaam verwys na die mens se *buitekant.* Die mens se siel is ook die setel van die mens se emosionele lewe. Dit word onder andere weerspieël in Luk 12:19 waar die ryk dwaas vir sy siel sê dat hy die toppunt van menslike geluksaligheid bereik het - en tot rus kan kom.

> *Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik.*
> (Bybel, 1954.)

In Matt 26:38 is Jesus self aan die woord, in die tuin van Getsemane, direk voor sy gevangeneming en kruisiging:

> *My siel is diep bedroef tot die dood toe; bly hier en waak saam met My.*
> (Bybel, 1954.)

Blomberg (1992:394) toon aan dat die term, *perilypos,* binne hierdie konteks dui op die gedagte van baie bedroef te wees, en letterlik weergee kan word met *crushed with anguish* (cf. Boring, 1995:476).

In Hand 15:24 word verwys na gelowiges wat ontstel was - en wie se gemoedere verontrus was deur sekere bewerings van mense.

Ps 42 is 'n gedig van menslike vertwyfeling:

*Soos 'n hert wat smag na waterstrome, so smag my siel na U, o God! My siel dors na God, na die lewende God; wanneer sal ek ingaan en voor die aangesig van God verskyn? My trane is my spys dag en nag, omdat hulle die hele dag vir my sê: Waar is jou God?* (Bybel, 1954.)

Dit gebeur soms dat die Here stilbly in beproewende tye. Al soek ons Hom en roep ons na Hom. Sulke tye lei maklik tot depressie en wanhoop (Burden, 1993:792). 'n Mens kan dag en nag in trane wees vanweë verlies, byvoorbeeld oor die smartlike verlies van God se teenwoordigheid in Ps 42:4 en oor verlies aan status en die gemeenskap van gelowiges in Ps 42:5 (cf. McCann, 1996:852). Ps 139:14 verwys na die mens (*nephesh)* se *verwondering* oor sý wonderbaarlike skepping deur God, en dat hy ook verseker kan weet, deur 'n gawe van intellektuele vermoë, dat niks vir God verborge is nie.

Broyles (1999:486) maak die stelling:

*What is divinely determined is God's inevitable presence and knowledge.*

Soms dui siel nie net op die lewe ín of ván die mens nie, maar ook op die ganse mens as lewende wese. Louw en Nida (1993:321) verklaar *ψυχή/psuchē as the essence of life in terms of thinking, willing, and feeling.* In Joh 10:11 word vermeld dat die goeie herder, dit is Jesus Christus, sy lewe of siel (*ψυχή/psuche* ) aflê vir die skape. Die goeie herder tree met toewyding en opoffering op (Du Rand, 1993b:1609; cf. Beasley-Murray, 1999:170, wat sê dat *noble shepherd* in werklikheid *genuine shepherd* is, in kontras met enige ander onvolmaakte herder).

Dat die mens 'n liggaam het, en dat die liggaam 'n lewende liggaam is, is 'n gawe van God. Volgens 1 Kor 6:13 behoort die liggaam aan die Here. Naas die verbod op moord, waarna reeds verwys is, is die mens se liggaam ook nie bedoel vir losbandigheid nie, *maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is.* Die liggaam is ook 'n *tempel van die Heilige Gees,* en die Heilige Gees wat in die liggaam woon, is van God ontvang (1 Kor 6:19). Die mens moet God dus in sy liggaam verheerlik (1 Kor 6:20). Du Rand (1993c:1766) sê die liggaam moet as God se eiendom beskou word - en ook so hanteer word. Dit is immers *teen 'n duur prys gekoop en betaal, naamlik die offerdood van Jesus Christus.*

1 Kor 6:15 stel die liggaam in verband met die opgestane Here Jesus Christus. God sal mense ook deur sy krag uit die dood opwek, soos Hy Christus opgewek het. Gelowiges ontvang die belofte dat hulle die ewige lewe sal hê, en dat hulle, soos Christus, opstandingsliggame sal hê. Dit is juis as gevolg van hierdie ewigheidsbetekenis wat die liggaam as *onverganklike skepping van God het* (Heyns, 1978:121) dat die mens, op grond van die redding in Christus, hulle aardse liggame in diens van God kan stel (cf. Rom 12:1 in Bybel, 1954; cf. ook Du Rand, 1993c:1782).

In Rom 7:24 en 25 verwys die apostel Paulus egter ook na homself as *ellendige mens* - en vra wie hom sal verlos van die *liggaam van hierdie dood.* In Rom 7:25 sê hy dat hy wel met *die gemoed* (*νοῦς / nous*) die wet van God dien, maar met *die vlees* (*σαρξ*) die wet van die sonde. J van Rensburg (1993a:1739) som Rom 7:23-25 op as die besef van die *doodsbestaan van jou ellende*. Die uitdrukkings: *vlees* (*sarx)* en *liggaam van hierdie dood* mag nooit met die liggaam vereenselwig word nie (Heyns, 1978:121; cf. Wright, 2002:570; en Mounce, 1995:171, wat verwys na die uitdrukking *vlees* in die betekenis van die mens as *slave to the principle of sin*).

Soos liggaam dui vlees óók op die hele mens, maar verwys dan na 'n bepaalde aspek van die mens, naamlik die brose, verganklike en sondige mens. Dit verwys na die mens se ou sondige natuur, 'n uitdrukking van die mens se lewensrigting weg van God en sy naaste af, gerig net op homself. Dit is 'n toestand van dodelike verwonding deur die mag van die sonde wat onder die oordeel van die dood staan (cf. Rom 7:24-25; Bybel, 2004, verwys in vers 24 na die *liggaam van die dood)* . Vlees is nie 'n deel van dit waaruit die wese van die mens opgebou is nie (Heyns, 1978:121).

#### 2.6.3.3 Die mens as verhoudingswese

Die vraag word dikwels gevra hoekom die skeppingsverhaal in Gen 1:26 (by die skepping van die mens) oorslaan na die goddelike meervoud. God het toe gesê, *laat ons* mense maak. Vosloo & J van Rensburg (1999:12) verwys na die twee uiteenlopende verklarings vir die goddelike meervoud:

- Om *majesteit* aan te dui, en so die onderskeid tussen God en mens duidelik te stel.
- Om klem te lê op goddelike beraadslaging of kommunikasie, nié net om te herinner aan die groot erns om 'n saak van belang aan te pak nie, maar ook om te herinner dat die mens, wat na die beeld van God geskape is om God te verteenwoordig en te heers, ook (veral) die goddelike eienskap van kommunikasie het. Dit onderskei hulle van die res van God se skepsels (cf. Waltke, 2001:64, wat die standpunt huldig van beraadslaging in die hemelse hofhouding en wat die engele hierby insluit).

Heyns (1978:126) maak die stelling dat menswees beteken om *iemand* te wees, God se mens wat Hom verteenwoordig. Daarom is dit vir eg menswees, as God se skepping, *ewe fundamenteel om ook in verhoudings te lewe*. Van der Walt (1990:48) verklaar die skepping van die mens in terme van *gawe* en *opgawe*.

God het toe Hy die mens gemaak het, nie net met Homself gekommunikeer nie. Hy spreek die mens ook aan. Nadat Hy die mens geseën het, het Hy vir die mens opdrag gegee om vrugbaar te wees en te vermeerder, en om die aarde te bewoon, te bewerk en daaroor te heers (Gen 1:28). Vir die mens wat na God se beeld gemaak is om Hom op aarde te verteenwoordig, is dit fundamenteel aan menswees om óók in verhoudinge te lewe.

- **Die mens in verhouding tot God**

Die mens is nie 'n neutrale wese nie. Jesus Christus beantwoord die vraag oor die grootste gebod (Matt 22:34-40) met 'n aanhaling uit die Ou Testament, Deut 6:5 en 10:12 en 13: Die Here is God, die enigste Here, daarom moet *jy die Here jou God lief hê met hart en siel, met al jou krag* (cf. Blomberg, 1992:335, wat sê dat Jesus self "ongevraagd" die antwoord uitbrei om naasteliefde in te sluit).

Om God te dien is dus 'n integrale deel van menswees (Burden, 1993:253). Vosloo & J van Rensburg (1999:204) noem Deut 6:5 'n grondliggende belydenis wat 'n oproep tot lojaliteit en gehoorsaamheid voorafgaan. Die verhouding tussen Israel en God het op wedersydse liefde berus. So ook tussen die nuwe verbondsvolk en God. Heyns (1978:128) beklemtoon dit egter dat in beide skepping en herskepping menswees gekwalifiseer word as *aangesprokene* en *antwoordende* mens, nie alleen die bevestigende antwoord soos in die geval van Israel nie, maar ook die ontkennende antwoord.

Die mens kan dus nooit verstaan word buite sy verhouding tot God nie - en dus sal vanuit dié verhouding ook alle verhoudings (waarin die mens staan) verklaar word.

- **Die mens in verhouding tot sy medemens**

Die mens staan ook nie neutraal teenoor sy medemens nie. Jesus Christus beantwoord die vraag na die grootste gebod met 'n verwysing na Lev 19:18, oor naasteliefde. Hy noem dit die tweede gebod wat gelyk staan met die eerste, om God lief te hê.

Van der Walt (1990:48) beantwoord die vraag na die mens se *gawe en opgawe* in verband met die naaste, soos volg:

- Soos wat die mens as mens van God nooit mens apart van sy verhouding tot God kan wees nie, kan hy ook nooit mens los van sy medemens wees nie.
- Menswees as medemens-wees beteken om *nie 'n eiland te wees nie, maar 'n roeping en verantwoordelikheid.*

Die eieaard van naasteliefde word nader uitgewerk in die Skrif. Jesus werp in sy onderrig oor naasteliefde in Luk 10:25-37 'n ander lig daarop as wat tradisioneel onder die Ou Testamentiese boodskap verstaan is (cf. ook Matt 22:34-40 en Mark 12:28-34). Die mens het nie 'n naaste nie, maar is 'n naaste vir elkeen wat sy pad kruis. Vosloo & J van Rensburg (1999:1275) oordeel dat Jesus nie probeer om naaste te definieer nie. Hy vertel egter 'n storie waarmee die hoorder hom so kan vereenselwig dat hy sélf die vraag na wie sý naaste is, kan antwoord. Hy verskil egter radikaal van die Joodse godsdienstige leiers oor hulle interpretasie en uitleef van die wet. Dit sluit ook hulle definisie van naaste in (cf. Evans, 2001:263).

Die wetgeleerde wou weet wie 'n naaste van hom is. Jesus verander die vraag deur dit om te keer. Hy vra wie is die naaste van *hom wat onder die rowers verval* het (Lukas 10:36). Die priester, Leviet of die barmhartige Samaritaan? Jesus impliseer met sy vraag dat mense betrokke moet wees by ander in nood. Dit beteken dat 'n mens aktief betrokke moet wees by ander mense - en so 'n naaste word in plaas daarvan om naastes willekeurig uit te kies.

Die wetgeleerde het Jesus se punt gesnap, en antwoord op die vraag wie die naaste van die beseerde is, onomwonde dat dit die man is wat aan hom medelye bewys het (Luk 10:37a). Jesus reageer bevestigend met 'n ewe onomwonde antwoord:

*'Gaan maak jy ook so.'* Luk 10:37b

Jesus Christus verander eksklusiwiteit in inklusiwiteit. Hy roep mense om te wys dat God regeer deur God se liefde en omgee uit te straal. Jesus het geleer *that love is shown by action, that it must not be limited by its object, and that at times it is costly* (Barton et al., 2001:300-301). Heyns (1978:133) sê dat die begrip naaste *'n asemberowende konkreetheid kry* in die uitsprake van Jesus. Met die begrip naaste verwys Jesus na medemense in die algemeen.

Die Samaritaan, van wie die Jode hulle godsdienstig en sosiaal afgesonder het, word die ware naaste van die Joodse reisiger wat beseer langs die pad gelê het omdat hy medelye aan hom bewys het (cf. Stein, 1992:320, wat die opmerking maak dat die Samaritaan ironies die waarheid onderstreep dat die laaste eerste sal wees, en omgekeerd). Die Griekse term *ἔλεος* beteken om medelye te bewys of besorgdheid te

hê vir iemand in ernstige nood (Louw & Nida, 1993:751). Die Kanaänitiese vrou gebruik dié term as sy uitroep dat Jesus Hom oor haar moet *ontferm* (cf. Matt 15:21-28). Du Plessis (1993:1410-1411) sê dat Matteus se Joodse lesers dadelik sou verstaan het hoé betekenisvol dit was dat Jesus hierdie vrou gehelp het (cf. Blomberg, 1992:243). God se genade buite die grense van Israel betree 'n nuwe ruimte:

- Daar kom 'n definitiewe wending in Jesus se bediening, aanvanklik op Israel gerig, maar uiteindelik uitgebrei na die wêreld waar God vir Hom 'n nuwe volk uit al die nasies van die wêreld versamel (cf. Vosloo & J van Rensburg (1999:1150).

- Verder word die geloofsaksie van volhardende smeking van die vrou in verband gebring met die genesing van haar dogter (genade), namens wie sy pleit.

In dié volhardende optrede van die vrou lê 'n viervoudige les en geweldige appél aan elke gelowige opgesluit:

- As Jesus 'n nie-Joodse vrou help, hoewel dit nie sy aanvanklike taak was nie (Matt 15:22), hoeveel te meer sal Hy sy volgelinge nie help nie.

- Hy is die Immanuel, *God by ons* (Matt 1:23).

- Gelowiges kan te alle tye verseker wees van sy hulp (cf. Vosloo & J van Rensburg (1999:1151).

Heyns (1978:131) waarsku teen 'n reeks dwalinge wat verband hou met uitleef van naasteliefde:

- Dat naasteliefde vrywillig is.

- Dat naasteliefde neerbuigend is.

- Dat naasteliefde verdienstelik is.

***Die mens se lewe saam met sy medemens is bestem om 'n weerspieëling te wees van sy lewe saam met God.***

Akin (2001:96-97) beklemtoon dat kinders van God moet lewe soos Jesus.

God is liefde. Omdat liefde van Hom af kom moet mense mekaar liefhê. En elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God, want wie *nie liefhet nie, het geen kennis van God nie* (1 Joh 2:7-8). Die

algemene woord wat in die Nuwe Testament vir liefde gebruik word, is *ἀγαπάω*. Louw en Nida (1993:288 en 294) verklaar dit as houdings/emosies van toegeneentheid en medelye/erbarming, gebaseer op opregte waardering en hoë agting.

Daar bestaan ook 'n hele aantal idiomatiese en figuurlike uitdrukkings wat verband hou met liefde. Die rede hiervoor is dat houdings en emosies essensieel subjektiewe aangeleenthede en toestande is, en daar in tale die gebruik voorkom om subjektiewe belewenisse in terme van figuurlike uitdrukkings te beskryf. In die reël word liggaamsorgane in die ingewande hiervoor gebruik. Die rede hiervoor is die tipiese liggaamsreaksies van die sogenaamde simpatiese senuweestelsel. 'n Tipiese voorbeeld is die uitdrukking, *to have a heart* (cf. Louw & Nida, 1993:288-289).

Heyns (1978:133) maak die stelling dat 'n mens eenvoudig 'n naaste word vir iemand deur die funksies van sy ledemate nie net op homself nie, maar ook op sy medemense te rig. Hy verwys na die *medemenslikheidsfunksie van die menslike ledemate.* Met die oë word nood raakgesien, met bene loop mense ander wat hulp nodig het, tegemoet, vir 'n gesprek gebruik mense ore en die mond. So ontstaan 'n dialoog, waarin dit nie gaan om selfverdediging of selfregverdiging nie, *maar om selfbekendmaking, en op grond daarvan insig en begrip van die een met betrekking tot die ander.*

Die hand word uitgesteek om daadwerklik hulp te gee. Met sy hand ontvang die hulpbehoewene ook die hulp. Hulp geskied van harte, soos vir die Here (cf. Matt 22:34-40).

- **Die mens in verhouding met homself**

As Jesus sê dat die mens sy naaste moet liefhê, kwalifiseer Hy dit met die byvoeging, *soos jouself* (cf. Matt 22:39). Dié kwalifikasie stel selfliefde as die gegewe waaraan naasteliefde gemeet moet word. Die liefde wat 'n persoon vir homself het (in die sin van selfversorging en om sy belange ten beste te beskerm) moet ook van toepassing wees op naasteliefde (Barton et al., 2001:99; cf. Blomberg, 1992:335, wat die opmerking maak dat Jesus nie die kinders van God soseer oproep tot selfliefde nie, maar wél selfliefde veronderstel).

In die tweede boek van die Psalms (42:1-72:20) asook die vyfde boek (107:1-150:6) word temas hanteer soos lof aan God, vergifnis, dankbaarheid en vertroue - aangebied as enkelinge se selfgesprekke in gebed.

Van der Walt (1990:1) sê dat die mens die enigste skepsel is wat homself nie kan ontvlug nie. Die een of ander tyd moet hy nadink oor die belangrike vraag wié hy nou eintlik is. Dit is 'n universele, algemeen-menslike vraag. Die mens is nie net *Godgemaak* en *Godafhanklik* nie. Hy is ook *Godgerig.* Hy is 'n

religieuse wese wat ook sy bewustelik-religieuse karakter beleef en uitleef. Die mens kan besluit om sy lewe aan God oor te gee - en dit sodoende behou (cf. Luk 9:24-26; Van der Walt, 1990:12).

Selfkennis sonder kennis van God is nie moontlik nie. Jesus Christus sê wie Hóm gesien het, het die Vader gesien (Joh 14:9). Hy is die beeld van die onsienlike God (Kol 1:15). In Jesus wat ware God en ware mens is, herken die mens God en homself (cf. Heidelbergse Kategismus, Sondag 14, Vraag en Antwoord 35, en Sondag 18, Vraag en Antwoord 47, oor Christus wat ware God en ware mens is, in Bybel:1991).

Van der Walt (1997:68) waarsku dat menswees nie bepaal mag word nét vanuit sy verhouding met homself alleen nie. Sy verhouding met God en sy verhouding met sy medemens is die twee ander kante van die driehoek van menswees. Hy stel voor dat 'n gevolgtrekking soos, *Ek dink, daarom is ek*, ongeldig is. Die Bybelse antwoord word, volgens hom, gevind in 'n stelling soos, *Ek bestaan, omdat God my liefhet.*

### 2.6.3.4 Die mens as toekomswese

Rom 8:18-30 handel oor *die heerlikheid wat kom.* Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe. Die mens van God het egter 'n erfenis, naamlik die toekomstige heerlikheid wanneer Hy sal bekend maak wie sy kinders is (Rom 8:19). Die heerlikheid van dié erfenis gaan baie wonderliker wees as wat die huidige lyding swaar is (cf. J van Rensburg, 1993a:1741). Gelowiges worstel met die probleem van siekte, lyding, swaarkry deur onder andere armoede en traumatiese gebeure soos aardbewings, maar God het die belofte van hoop gegee (Rom 8:20b). Die hele skepping sien uit daarna om bevry te word van die verganklikheid (cf. Mounce, 1995:184).

Dit is nie net die skepping wat sug in die pyne van verwagting nie. Die mens sug ook. Ook die gelowige wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God. Hy behoort nie tot die wêreld nie, maar het 'n hemelse burgerskap (cf. Fil 3:20; Heb 11:16):

> *Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat Hy reeds sien? Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.* (Rom 8:24-25)

In 1 Kor 15:50 verduidelik Paulus uitvoerig die posisie van die mens. Vlees en bloed *kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie.* Die dooies sal as onverganklikes opgewek word. Paulus sê in 1 Kor 15:52b-53 dat die verganklike liggaam met die onverganklike beklee moet word, en die sterflike liggaam met die onsterflike.

Die opstanding van Christus is die waarborg dat die mens 'n toekoms het (cf. Sampley, 2000:976). Die evangelie word dan soos volg in 1 Kor 15:3-5 opgesom:

- Christus het vir die sondes van die wêreld gesterf.
- Hy is begrawe.
- Hy is op die derde dag opgewek.

As die evangelie *dan verkondig dat Christus uit die dood opgewek is, hoe kan party van julle nog beweer dat daar geen opstanding van die dooies is nie?* (1 Kor 15:12). Die eerste mens, Adam, het 'n lewende wese geword. Die laaste Adam het die lewendmakende Gees geword. Die eerste mens is uit die aarde en is stoflik. Die tweede mens is uit die hemel (1 Kor 15:45-47; cf. Sampley, 2000:987).

Du Rand (1993e:2022) som, met verwysing na Op 21:5, die skepping van God soos volg op (cf. Aune, 1998:1124-1126):

- Die Bybel begin met die wonderlike skeppingsverhaal van die heelal wat God uit niks geskep het.
- Hy sluit af met die skepping van die nuwe hemel en die nuwe aarde.
- Intussen het God ook verlossing gebring deur sy Seun, Jesus Christus.
- Hierdie sekuriteit bring hoop vir elke gelowige en bemoedig elke kind van God.
- As ons volmaak by Hom is, as ons sondes vergewe is en ons sekerheid oor die toekoms het, sal ons soos Christus wees. Dan sal ons ook, soos Hy, volmaak wees.
- Net soos God die skeppingswerk (Gen 2:1-3) en Jesus die verlossingswerk (Joh 19:30) voltooi het, sal die Drie-eenheid ook die uiteindelike verlossingsplan vervul en alle verlostes nooi om deel te wees van die volmaakte nuwe skepping. Du Rand (1993e:2022) sê in sy verklaring van Op 21:5 ('*Kyk, Ek maak alles nuut'*) dat gelowiges reeds *nuwe skepsels* is, maar dit nog *in volmaaktheid* moet word (cf. Aune, 1998:1125-1126). Du Rand (1993d:1792) kom dan, met verwysing na 2 Kor 5:1-5, tot die gevolgtrekking dat die gelowiges nóú reeds die ewigheid in hulle het.

### 2.6.4 Gevolgtrekking

'n Bybelse mensbeeld is van deurslaggewende belang vir pastorale begeleiding en berading. Die volgende aspekte van menswees het veral betrekking op pastorale begeleiding en berading: Die mens as beelddraende wese, as eenheidswese, as verhoudingswese en as toekomswese.

Die mens as beeld en gelykenis van God is metafore vir die menslike funksie om oor die skepping te regeer, soos God en vir God.

Die mens behoort aan die Here, liggaam, siel en gees. Liggaam, siel en gees verwys nie na 'n driedeling wat menswees bepaal nie, maar word as wisselterme gebruik om na die hele mens te verwys. Die mens leef in verhoudings, tot God, sy medemens en homself. Dit bepaal sy menswees.

Die mens van God het 'n toekoms by God in Jesus Christus die opgestane Here.

## 2.7 SAMEVATTING

Praktiese teologie word gedefinieer as 'n handelingswetenskap wat gerig is op die empiriese teologiese teorie van die bemiddeling van die Christelike geloof in die praksis van die (moderne) samelewing. 'n Keuse word gemaak vir die proses van wetenskaplike ondersoek volgens die basiese model van Zerfass.

Die Skrif is die kenbron van die basisteorie

- wat dien as instrument in pastorale begeleiding en berading en
- 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo.

In die praktiese teologie gaan dit in die breedste sin van die woord om die funksionering van die Christelike geloofsgemeenskap met die oog op die effektiewe kommunikasie van die evangelie.

Die pastoraat wil die troos in Christus so vertolk dat God se sorg 'n sin-horison ontsluit wat aanleiding gee tot hoop vir mense in krisis. Sonde en beproewings is nie die wil van God nie:

- tog gee God uitkoms – en
- daarom kan daar blydskap by gelowiges wees wanneer allerlei beproewings oor hulle kom.

Die ontwerp van 'n teologiese antropologie vir pastorale begeleiding en berading fokus op die mens van

God as beeld en gelykenis van God. Die mens as 'n eenheidswese behoort met liggaam, siel en gees aan die Here. Liggaam, siel en gees verwys nie na 'n driedeling wat menswees bepaal nie, maar word as wisselterme gebruik om na die hele mens te verwys.

Die mens leef in verhoudings: tot God, sy medemens en homself. Dit bepaal sy menswees. Die mens van God het 'n toekoms by God in Jesus Christus die opgestane Here.

# HOOFSTUK 3

# EKSEGETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE MENS SE BELEWING VAN GEKOMPLISEERDE TRAUMA

## 3.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk: eksegetiese perspektiewe met betrekking tot die mens se belewing van gekompliseerde trauma, word op twee sake gefokus:

- Na aanleiding van Ps 22:
  - God se plan vir die mens met gekompliseerde trauma.
- Na aanleiding van Mark 5:25-34:
  - Die hoop wat aan die mens met gekompliseerde trauma verkondig word.

Vir die eksegese van beide Skrifgedeeltes word riglyne gebruik soos gepubliseer in die publikasie getiteld, Preekgeboorte (De Klerk & J van Rensburg, 2005).

## 3.2 EKSEGESE VAN PSALM 22 EN BASIS-TEORETIESE AFLEIDINGS

### 3.2.1 Die keuse van Psalm 22 vir eksegese en basis-teoretiese afleidings

*My God, my God,*
*waarom het U my verlaat*
*en bly U ver as ek om hulp roep?*
(Psalm 22:2.)

Die openingsvraag waarmee die psalm begin, plaas die lied dadelik binne die konteks van 'n

buitengewone krisis (Terrien, 2003:230). Persone in ekstreme situasies van lyding, marteling of siekte vra nie om van pyn verlos te word nie. Hulle soek redes hoekom God in hul lewens afwesig is en kan gevolglik baie maklik identifiseer met die inhoud van hierdie psalm (cf. Broyles, 1999:115: *This psalm is particularly powerful for Christians.)* Lockyer (1993:79) haal Martin Luther aan wat dié psalm hoog aanslaan as *a kind of gem among the Psalms, and is percularly exellent and remarkable.*

'n Klaagpsalm word gekies omdat dié liedere aansluit by die tema van die proefskrif, P*astorale begeleiding van persone met gekompliseerde trauma.* Ps 22 wat bestaan uit 32 verse word aangegee as 'n psalm van Dawid, maar verwys nie na 'n spesifieke insident in die lewe van Dawid nie. Die meeste psalms is dan ook nié historiese beskrywings nie, alhoewel daar heelwat parallelle is tussen die psalms en historiese gebeure. Dié feite verhoog die gebruikswaarde van Ps 22 vir die onderhawige studie, omdat dit op enige persoon wat lyding ervaar, toegepas kan word. Dit is ook een van die beste voorbeelde van die tipiese patroon van klag tot lof waarvoor klaagpsalms bekend is – en vorm deel van die psalmbundel wat ontstaan het tussen die tyd van Moses en die tyd van die Babiloniese ballingskap (ongeveer 1250 v.C. tot 586 v.C.; cf. Burden, 1993:752).

Psalm 22 vorm ook tipies 'n enkele gedagte-eenheid van gebedsverhoring in lyding, en kan waardevolle basisteoretiese riglyne bied vir die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma.

### 3.2.2 Die teks en die tekstuele konteks van Psalm 22

Ps 22 vorm deel van Boek 1 van die psalmbundel wat uit 'n versameling van 41 psalms (1:1 – 41:14) bestaan. Die grootste gedeelte van die psalms in boek 1 word tradisioneel aan Dawid toegeskryf (in die onderskeie inleidende verse van die psalms vermeld). Verder toon hierdie eerste bundel ooreenkomste met die eerste boek van die Pentateug van Moses. Soos Genesis vertel hoe die mens geskape is, in sonde geval het en daarna die belofte van verlossing van die Here ontvang het, beskryf baie van dié psalms die mens as wese wat deur God geseën word, in sonde geval het en weer deur God verlos word (Burden, 1993:753). Die lofprysing aan die einde van Boek 1, Ps 41:14, bring aan die Here, die God van Israel, lof toe tot in die allerverste toekoms – en eindig met die bevestiging, *Amen, ja, amen* (cf. McCann, 2005:340-348).

Ps 22 vorm ook deel van 'n groep psalms wat as klaagliedere van die enkeling getipeer word. Die bidders in hierdie psalms roep in hulle nood, wanneer hulle swaarkry, in 'n klaaglied tot die Here om hulp. In die klaagliedere van die enkeling praat die digter namens homself. Dit onderskei hierdie liedere van die klaagliedere van die volk – waar die digter namens die gemeenskap praat. Burden (1993:773) sê dat die rede vir die nood van die enkeling gewoonlik daarin lê dat hy ver verwyderd van God af voel.

Die mens is totaal afhanklik van God vir hulp. Daarom roep hy tot God – al lýk dit asof God nie kan of wil help nie.

Ps 22, wat ook nóú saamhang met ander klaagliedere in die Ou Testament, veral die Klaagliedere van Jeremia, het ook 'n baie unieke band met die Nuwe Testament as gevolg van Jesus se aanhaling uit dié psalm van die klag van Godverlatenheid (vers 2) toe Hy aan die kruis gesterf het (cf. Matt 27:46 en Mark 15:35). Met hierdie aangrypende klag word die gelowige leser gevolglik meteen in die Nuwe Testament ingeruk tot by Golgota. Volgens DeClaissé-Walford (2005:139) sal hierdie unieke *gutsy, graphic, and grief-filled* woorde waarmee Ps 22 begin, enige leser daarvan tot ernstige nadenke stem.

Hierdie aangrypende klag waarmee die psalm begin, is egter nié uniek bloot omdat dit in die Nuwe Testament aangehaal word nie. Die omgekeerde is juis waar. Dit word in die Nuwe Testament aangehaal omdat die woorde sélf uniek is – en 'n eie plek in die Ou Testamentiese psalms verdien. Die feit dat Ps 22, soos reeds vermeld, as 'n psalm van Dawid aangegee word, maar sonder 'n verwysing na 'n bepaalde insident in die lewe van Dawid, word deur DeClaissé-Walford (2005:139) as 'n winspunt gesien wat die gebruikswaarde van die psalm verhoog.

Sy is van mening dat 'n te sterk konteks juis iets van die dieptes van wanhoop en depressie van die psalm sou laat verlore gaan. Al konteks wat by 'n leser wat met die Nuwe Testament bekend is, opgeroep kan word, ís die verhaal van Jesus se kruisiging, soos opgeteken in Matt 27:32-56, Mark 15:21-32, Luk 23:26-43 en Joh 19:17-27. Die betrokke "kruiswoorde" van Ps 22 word egter net gevind in Matt 27:46 en Mark 15:34.

Dit het dié psalm dan ook as 'n Messiaanse psalm laat bekend staan.

### 3.2.3 Die genre van Psalm 22, en van die Psalms

Psalms gee in poësievorm uiting aan klagtes, lof, aanbidding en belydenis (Burden, 1993:752). *Psalms* is afgelei van die Griekse woord *psalmos*, wat in die Griekse vertaling van die Ou Testament die betekenis het van *'n lied wat met begeleiding van snarespel gesing is* – en verwys by voorkeur na die bundel van honderd en vyftig gedigte in die Ou Testament wat in Hebreeus die titel *tehillem* of *lofliedere* dra (Verwysingsbybel, 1998:1734; cf. Wilcock, 2001:78-85).

Lockyer (1993:8) verwys na die Psalmbundel as 'n poëtiese Pentateug – en haal Christopher Wordsworth aan wat hom oor dié genre soos volg uitlaat:

*Hebrew set to music, an oratorio in five parts, with Messiah as it subject.*

Die mens se emosies lê op in die Skrif en die besondere rol van die psalms in dié verband word deur Lockyer (1993:11) onderstreep in sy verwysing na Psalms, die Ou Testamentiese liedboek, as 'n *series of chambers where hearts and lives have left the records of their experience* - 'n aanhaling uit 'n werk van John Kerr, *The psalms in history and biography*. Terrien (2003:236) sê dat Ps 22 *prefigures a theology of the cross, when God and man are together crucified.*

*They are united in the ultimate agony.*

Die psalms het deur die eeue 'n groot invloed in die lewens van mense gehad – dit het 'n ryke nalatenskap van geestelike ervarings, van uitinge van die hart, van sielerus en van konflikte tot gevolg gehad. Groot getalle gelowiges, *not classed as heroes, have found refuge in the dark and difficult hours of life in the majestic poetry of the Bible, with its broad humanity* (Lockyer, 1993:11). Die psalms word vergelyk met die intrek van die lewegewende asem van God se woord en die uitblaas van uitgediende menslike vrae, vrese en nood. Mense sal altyd psalms teëkom wat sê wat in húlle hart is, ook wanneer hulle *moedeloos of ontsteld of bang of onseker is, sal* (hulle) *vind dat hierdie bundel saam ... kla of huil* (Vosloo & J van Rensburg, 1999:600).

Die psalmboek is nie volgens onderwerpe ingedeel nie, alhoewel vyf temas wat onderskeidelik ooreenstem met die sogenaamde vyf boeke van Moses of die Pentateug, die psalmbundel oorheers (cf. Burden,1993:753). Die psalms is in die loop van eeue ingedeel op grond van opskrifte, temas en gemeenskaplike kenmerke. Volgens Anderson (1995:28-32) is die indeling volgens temas en konteks die mees populêre. Vosloo & J van Rensburg (1999:601-692) onderskei veertien soorte psalms, naamlik wysheidspsalms, koningspsalms, vertrouenspsalms, boetepsalms, lofpsalms, onskuldspsalms, skeppingspsalms, klaagpsalms van die enkeling en klaagpsalms van die hele volk, vloekpsalms, geskiedenispsalms, Sionspsalms, troonbestygingspsalms, pelgrimsliedere en halleluja-psalms. Crenshaw (2001:80-86) gee voorkeur aan 'n indeling van die psalms volgens tipes (cf. Weiser, 1975:91, wat 'n indeling volgens vyf tipes liedere voorgestaan het, naamlik die troonbestygings- en die Sionspsalms, die klaagpsalms van die enkeling en klaagpsalms van die volk, die dankseggings, wat verwant is aan die klaagpsalms, die seënbedes en vloekpsalms, en die wysheidspsalms en didaktiese gedigte).

### 3.2.5 Bepaling van die kernvers van Psalm 22

Die kernvers van Ps 22 is nié die aangrypende klag van godverlatenheid in vers 1 nie, maar die skielike wending in vers 22b, *U het my gebed verhoor!* Terrien (2003:233) som die fundamentele tema van dié psalm op as 'n soeke na én vind van God in lyding. Hy maak melding van die hergeboorte van vertroue by die noodlydende digter ín sy lyding (*rebirth of his confidence*) (cf. Weiser, 1975:221).

Die struktuur van Ps 22 wys dan ook duidelik vers 22b as die kernvers van die psalm aan:

Klagte (verse 2-3)<br>
  Vertroue (verse 4-6)<br>
Klagte (verse 7-9)<br>
  Vertroue (verse 10-11)<br>
    Gebed (vers 12)<br>
Klagte (verse 13-19)<br>
    *Gebed (verse 20-22)*<br>
      Lofprysing (verse 23-32)

In die psalm verwoord die digter driemaal sy klagte. Hy volg die eerste én tweede klagtes onderskeidelik op met uitsprake van vertroue in die Here, maar volg die tweede uitspraak van vertroue verder op met 'n gebed om verhoring. Hy formuleer dan 'n derde klagte, en volg dit op met 'n tweede gebed, wat afsluit met 'n bevestiging van verhoring. Dan breek die digter uit in lofprysing omdat dit die Here is wat dit gedoen het (Ps 22:32b).

Die uitsonderlike plasing van Ps 22 ('n klaaglied) in 'n unieke struktuur vóór Ps 23 ('n herders- of vertrouenspsalm), en direk opgevolg deur Ps 24 ('n lofsang), bevestig nie net die uitsonderlikheid van die psalm nie, maar help om die kernvers vas te stel (cf. Declaissé-Walford, 2005:146-151). In Ps 22 is daar net twee uitsprake van vertroue. Die derde klag, met sy sterk metaforiese taal van bedreigings, angs en nood, word nie opgevolg deur 'n vertrouensuitspraak nie, maar net met 'n lofsang. Declaissé-Walford (2005:146-151) kom tot die gevolgtrekking dat Ps 23 en Ps 24 'n ondersteuningsrol ten opsigte van Ps 22 vervul. Aan Ps 23 word die funksie toegeken van 'n breedvoerige vertrouensuitspraak en aan Ps 24 van 'n danklied wat die koningskap van die Here en Sy soewereiniteit oor die skepping vier. Ps 22 self, wat die basis van die struktuur vorm, se struktuur bestaan uit

- 'n uitvoerige klag, in metaforiese taal (die sentrale punt in die struktuur),
- gevolg deur die gebede onmiddellik aan weerskante van die sentrale klag,
- dan 'n klag aan die buitenste kante van die struktuur,
- gevolg deur 'n uitdrukking van vertroue,
- 'n verdere 'n klag,
- gevolg deur nog 'n uitdrukking van vertroue,
- 'n lofprysing aan die einde,
- gevolg deur 'n uitspraak van vertroue (Ps 23) en
- direk opgevolg deur 'n lofsang (Ps 24).

Dié struktuur kan grafies soos volg voorgestel word:

Klag (22:2-3)

Vertroue (22:4-6)

Klag (22:7-9)

Vertroue (22:10-11)

Gebed (22:12)

Klag (22:13-19)

Gebed (22:20-22)

Lofprysing (22:23-32)

Vertroue (Ps 23)

Lofprysing (Ps 24)

Meer spesifiek sluit die uitspraak van vertroue in Ps 22:22b, *U het my gebed verhoor!*, aan by die vertroue wat uitgespreek word in Ps 23:4 dat al sou 'n gelowige ook deur *donker dieptes* gaan, sal hy nie bang wees nie. Die Here is by hom. In sy hande is hy veilig. Met reg kan Ps 22 beskou word as 'n klaaglied vertolk in konteks van lofprysing (Ps 24) (Declaissé-Walford, 2005:148; cf. ook Broyles, 2005:259).

### 3.2.5 Die sosio-historiese konteks van Psalm 22

Vir die verstaan van die klaaglied in die algemeen en in die besonder Ps 22 as klaaglied van die enkeling, is dit belangrik dat die konteks waarbinne dit gefunksioneer het, goed verstaan sal word aan die hand van bepaalde indikatore.

#### 3.2.5.1 Die klaaglied en die erediens van Israel

Die klaaglied van die verbondsvolk van Jahwe (soos byvoorbeeld Ps 44, *Kom ons tog te hulp.)* het 'n belangrike rol gespeel het in die godsdiens van Israel (cf. Broyles, 2005:265) – en het sy oorsprong gehad ín die erediens van Israel (Berlin, 2005:65-84; cf. ook Crenshaw, 2001:55-70; en Weiser, 1975:66). Joël 1:13-14 vertel die verhaal van die vasdag wat uitgeroep moes word omdat die land bedreig was. Die gemeente moes bymekaar geroep word, die priesters moes rouklere aantrek en *klaag* (*ספד*), letterlik hulle hare trek en op hulle bors slaan en *huil (ילל)*. In Ps 22:23 getuig die digter dat hy tot eer van God sal getuig in die gemeente/voor sy broers. Die inleiding tot Ps 102, *'n Gebed van 'n hulpelose wanneer dit met hom sleg gaan en hy sy klagte uitstort voor die Here*, is 'n aanduiding dat van die klaagpsalms ook gebruik is as formulier-gebede, belydenisse en liedere in die erediens. Daarom was die inhoud ook meer algemeen van aard – en die oorspronklike konteks waarbinne dit tot stand gekom

het, nie altyd baie duidelik nie. Die klaaglied van die enkeling moes óók vir die gemeente betekenis hê. Daarom het dit tegelyk die doel gedien van 'n individuele gebed en van 'n gemeenskaplike belydenis.

### 3.2.5.2 Die betekenis van die klaaglied vir Israel

Die besondere betekenis van die klaaglied vir Israel, ook binne die konteks van die erediens, tree na vore in sy noue verwantskap met die dankseggingsgedigte en/of –liedere van die erediens. Oorspronklik het die dankseggingsritueel óók 'n algemene beskrywing bevat van die nood van die enkeling. Dit is vervang deur die klaaglied self – en het gedien as basis vir danksegging, maar óók vir die toesegging van die heil van God aan die enkeling déúr die verbondenheid aan die verbondsvolk (DeClaissé-Walford, 2005:147; cf. Weiser, 1975:70).

Dit het egter nié beteken dat die verbondsvolk van God die enigste subjek was wat in die klaagpsalms aan die woord gekom het nie. Die *ek* wat sterk in die klaagpsalms figureer, moet juis nié in 'n kollektiewe sin verstaan word nie. In persoonlike verklarings, soos in Ps 22:23, *Ek sal tot eer van u Naam getuig in die gemeente, U in die volle vergadering prys*, word die een wat praat, onderskei van die res van die vergadering.

### 3.2.5.3 Voorvereiste en doel van die klaaglied vir Israel

Die voorvereiste en doel van die meeste van die klaagpsalms is 'n ontmoeting met die getroue God van die verbond (Jahwe), die Een wat volgens die geloofsopvatting van die verbondsvolk teenwoordig was in die erediens (of tabernakel/tempel). Hierdie ontmoeting (en eventuele verlossing) het plaasgevind deur onder andere 'n Godsverskyning in 'n gesig / visioen, 'n profesie en 'n priesterlike bemiddeling / priesterlike seën. Heb 11:33 maak melding van die geloof van onder andere Samuel, Dawid en die profete. Deur die geloof het hulle hul *koninkryke verower, die reg van God gehandhaaf en verkry wat God beloof het* (Heb 11:33).

In 'n klaagpsalm deur 'n onbekende outeur, *Gebed van 'n hulpelose wanneer dit met hom sleg gaan en hy sy klagte uitstort voor die Here* (Ps 102), bely die bidder sy geloof dat die bestemde tyd van God aangebreek het, die tyd om Sion genadig te wees. Die teenwoordigheid van God in die heiligdom en sy nabyheid waarborg vir die enkeling en die volk van God dat hulle gebede verhoor word en hulle verlossing naby is. In Ps 141 bely Dawid dat sy oë op God gerig is, wat hy aanspreek as *U, Here my God*. Hy sê dat hy by God skuil, en vra daarom dat God nie sal toelaat dat sy lewe wegkwyn nie, dat God hom sal beskerm teen die valstrikke wat sy vyande vir hom gestel het en dat hy ongedeerd sal verbykom by die nette waarin die goddeloses hom wil vang (Brueggemann, 2005:588).

### 3.2.5.4 Die verband tussen die Naam van die Here en sy reddingsdade in die heilsgeskiedenis van Israel

Die besondere uitdrukking, *Naam van die Here (שׁם)*, is sinoniem met Homself in sy genadige openbaring aan en toeganklikheid vir sy verbondsvolk. Ps 74:7 noem die heiligdom die *woonplek van u Naam.* Die Here se Naam word in gebed *aangeroep* (Ps 97:6b), sy Naam *beskerm* (Ps 20:1) en die Here *red* sy uitverkorene deur sy Naam (Ps 54:3). Die Bybel (1983) vertaal/vertolk *shêm* met die *mag* van God, een van die Goddelike eienskappe eie aan sy natuur. Sy kinders vertrou op sy *heilige Naam* (Ps 33:21). Daarom word die Naam van die Here, die Allerhoogste, *besing* (Ps 7:18). Sy reddingsdade getuig daarvan dat sy Naam naby hulle is aan wie God goed gedoen het. Sy Naam is dus hulle hoop.

Die assosiasie van die Naam van Jahwe met sy reddingsdade in die heilsgeskiedenis van Israel, was nie vreemd aan die enkeling in nood wat sy klagtes aan die Here voorgelê, vasgehou het aan sy trou, en Hom geloof en geprys het vir uitredding nie. Die heilsgeskiedenis word byvoorbeeld in besonderhede beskrywe in Ps 106: *Wie kan sy lof ten volle verkondig?* Oor die algemeen word dit egter in die klaaglied opgesom in klassieke formuleringe soos die *liefde, trou* en *goedheid* van God, onderskeidelik in Ps 26:3, Ps 57:11 en Ps 106:1. Hierdie formuleringe word gebruik om die enkeling se eie persoonlike geloofsverwagting van God en/of sy belewenisse van vrees en verlatenheid uit te druk. Dit gebeur egter nie sonder dat daar ook terugverwys word na dinge wat alreeds binne die breër geloofsgemeenskap bekend was nie (Lee, 2005:225, 234-246; cf. ook Weiser, 1975:70).

### 3.2.5.5 Die oordele van God oor die vyande

Die belangrike rol wat die geloof in die oordele van God oor die vyande van Israel inneem, kan na dieselfde wortels van die erediens en die klaaglied teruggevoer word (cf. Broyles, 1999:10-13). Die enkeling in nood bid dat die Here sal optree teen sy vyande (cf. Ps 7:7, ook in Bybel, 2004, waar die Here gevra word om in sy toorn/woede op te staan, op te tree/Homself te handhaaf). Dié gebed berus op die veronderstelling dat God verskyn en op sy troon sit om 'n oordeel uit te spreek teen die teenstanders. Die uitgangspunt in die psalms is dat die teofanie en die oordeel van Jahwe oor sy vyande in die erediens/heiligdom aan mekaar verbind is. Die ontmoeting vind plaas in die heiligdom - die Goddelike oordeel word daar voltrek en redding en vernietiging aangekondig (Roberts, 2005:113-114).

Jahwe se geregtigheid word geopenbaar deur sy teenwoordigheid en deur sy reddende dade (cf. Weiser, 1975:76). Redding en geregtigheid (*צדק*) word as sinonieme hanteer. In Ps 35:27b-28 prys die bidder God omdat Hy sorg dat die bidder vrede het. Sy tong kan nie stil word oor God se grootheid en sy trou of regverdigheid nie (cf. Bybel, 2004).

### 3.2.5.6 Gehoorsaamheid

Die verbintenis van die enkeling aan die heilsgeskiedenis van Israel wat in die erediens/heiligdom geheraktualiseer word, en op dié wyse van geslag tot geslag oorgedra word (cf. Ps 22:31-32), en die redding van God van die enkeling binne 'n bepaalde konteks in die verlede, vra van die enkeling gehoorsaamheid aan God.

Dit is 'n verbondsverpligting (cf. Ps 24:6, *Die mense wat na sy wil vra en Hom dien, is die nageslag van Jakob*). Ps 24:4 en 5 sê uitdruklik van die gehoorsame ( *dié een wie se hande rein en wie se hart suiwer is, wat alle bedrog vermy en geen vals eed aflê nie*) dat hy van die Here seën sal ontvang, en God sy redder, reg aan hom sal laat geskied. Daarom speel sondebelydenis ook 'n prominente rol in die klaaglied. Die bidder verootmoedig homself voor God sodra sy gewete hom aankla dat hy nie die toets gaan deurstaan nie (cf. Ps 69:6).

### 3.2.5.7 Skielike wending

Die skielike wending in die klaaglied (wat Weiser, 1975:79 die *so-called change of mood* noem) verdien spesiale aandag. Hierdie tipiese wending van klagte en gevoelens van algehele verlorenheid tot blydskap, lofprysing en danksegging, weerspieël 'n vaste oortuiging of geloof dat die klaaggebed verhoor word (cf. McCann, 1996:764, wat opmerk dat die antwoord *comes not beyond suffering, but precisely in the midst of and even from the suffering*). Ps 31, met die opskrif, *My tye is in u hand,* is 'n verdere tipiese voorbeeld van dié skielike wending van klag tot lof. Sonder enige vermelding van rede of oënskynlike motivering verander die toon van klaaglied, en word redding onteenseglik omhels.

Dié verandering in toon kan toegeskryf word aan verskeie moontlike faktore. Dit kan eerstens vanuit 'n psigologiese oogpunt verklaar word as 'n aanduiding van 'n inwendige groeiproses wat in die siel van die bidder plaasgevind het gedurende sy gebed. Dit kan ook verklaar word as die resultaat van 'n priesterlike bemiddeling/priesterlike seën wat die (toekomstige) redding van God bevestig het. Broyles (1999:18-26) is egter van mening dat dié sekerheid oor persoonlike verlossing, wat (skielik) in lofprysing en danksegging uitbreek, gebaseer is op deelname aan die gemeenskaplike viering, in die heiligdom in Sion, van die verlossing van Israel in die verlede.

## 3.2.6 Psalm 22 en die Nuwe Testament

Burden (1993:756) wys die verband tussen die psalms en 'n *Christelike messiaanse-verwagting*, op grond van Ps 22:1 wat ooreenkom met een van die kruiswoorde van Jesus, sterk af. Die rede vir die afwysing is omdat die messiasverwagting na regte verband hou met die profete van die Ou Testament. Hy

bevraagteken daarom die benoeming van sekere psalms, soos onder andere Ps 22, as Messiaanse psalms. Die skrywers van die Nuwe Testament het in Christus die direkte vervulling van hierdie psalms verstaan. Lesers van die Bybel kan egter nie te gou die Ou Testament vanuit die Nuwe Testament verklaar nie, *maar moet dit in sy eie reg lees.*

Die Psalms het sy eie konteks in die Ou Testament, en in die geval van Ps 22 is dit, volgens Burden (1993:756), die *lyding van 'n onbekende enkeling*. Die kultiese tradisie van die verbondsvolk *must be assumed to be the 'Sitz im Leben' for the vast majority of the individual psalms and their types* (Weiser, 1975:35).

### 3.2.7 Woordstudie van Psalm 22:22b

Die werkwoord ענה in vers 22b beteken letterlik om iemand raak te sien, by implikasie om iemand te antwoord of in sy guns te getuig:

*U het my gebed verhoor!*

Oor vers 22 bestaan egter meningsverskil as gevolg van meer as een tekslesing wat kan geld. Vers 22b, saamgelees met vers 22a, word ook vertaal as 'n gebedsversoek:

*Red my uit die bek van die leeu, my gekwelde siel tussen die horings van die wildebeeste uit.*

Die NIV Bible (1985:806) volg hierdie tendens, met geen eksplisiete of implisiete verwysing na gebedsverhoring in die verlede, hede of toekoms nie (cf. Anderson, 1995:191). Die meeste verklaarders wat dié tekslesing volg, bied die uitleg aan dat veronderstel word dat God die gebedsversoek om redding verhoor - en in die guns van die pleitende noodlydende besluit. Daarom sal Hy hom in die (nabye) toekoms van al sy vyande verlos.

Declaissé-Walford (2005:148) beskou vers 22b as die keerpunt van die psalm - en sê dat dit niks minder is as 'n geloofsdaad nie. Dit word uitgespreek ín pyn en lyding, ín die wete dat die troue God van die verbond op een of ander manier betrokke is- en uitkoms sal gee.

### 3.2.8 Skrif-met-Skrifvergelyking en openbaringshistoriese plek van Psalm 22

Psalm 22, *'n Psalm van Dawid*, bevat, soos reeds vermeld, beide die twee tipiese elemente van die psalms, naamlik dié van 'n klag en 'n loflied. Dit deel ook sy outeurskap, op grond van die opskrifte, met drie en sewentig ander *Dawidpsalms* (cf. Vosloo & J van Rensburg, 1999:601). Ps 145 herhaal byvoorbeeld die oorspronklike titel van die Psalmbundel: *'n Loflied*, met die byvoeging, *van Dawid.* In die Hebreeuse Bybel is die titel van die bundel Ou Testamentiese gedigte en liedere: *Boek van lofliedere*

of *tehillim* (Crenshaw, 2001:80-86; cf. Anderson, 1995:23). Uit Ps 72:20 is dit duidelik dat Psalms ook gebede bevat:

- *Hier eindig die gebede van Dawid, seun van Isai.*

Psalms is nié historiese beskrywings nie. Nogtans is daar heelwat parallelle tussen Psalms en historiese gebeure en periodes in die Ou Testamentiese kanon vermeld, soos byvoorbeeld die periode van die Dawidiese koningskap.

Verwysings na historiese gebeure en periodes in Psalms dek die hele tydperk tussen Moses en die tyd van die Babiloniese ballingskap, 'n periode van ongeveer 670 jaar. Dit beteken parallelle tussen Psalms en gebeure soos beskryf in die Pentateug en die Deuteronomistiese geskiedwerk (wat verskeie fases van ontwikkeling deurloop en eers na die koningstydperk gedurende die Babiloniese ballingskap finaal afgerond is - cf. Vosloo & J van Rensburg, 1999:260). Die psalms het dus 'n baie noue verhouding met die eerste ses boeke van die Ou Testament, naamlik Genesis tot Josua. Dit sluit die tydperk voor die koningskap in Israel in, wat eindig met die boek Rigters. Die koningskap van Dawid en sy opvolgers, asook die rol van die tempel, is egter die leefwêreld van baie van die gedigte, liedere en gebede. Gebeurtenisse in die boeke Samuel, Konings en Kronieke vorm die agtergrond van die liedere wat gaan oor die koningskap en die ballingskap. Etlike teologiese temas, soos die onmag van die gode teenoor die mag van God, is 'n weerklank van wat in die profetiese boeke soos Jesaja en Jeremia geskryf is.

Die Nuwe Testament gebruik ook baie aanhalings uit Psalms vir verskeie doeleindes (Evans, 2005:554-555). Daar is aanhalings in die vier Evangelies, Handelinge, die Pauliniese briewe, die briewe van Petrus en Openbaring. Die lewe en werk van Jesus is deurspek met aanhalings en/of verwysings uit Psalms. Geen boek in die Ou Testament word soveel aangehaal of na verwys as Psalms nie. Psalms het veral 'n liturgiese, stigtelike en pastorale funksie verrig. Dit bevat ook 'n groot verskeidenheid toepaslike onderwerpe wat volgens temas ingedeel kan word, soos byvoorbeeld Ps 22 wat die onderwerp van gebedsverhoring in lyding behandel (cf. Vosloo & J van Rensburg, 1999:600).

Om dié hoofdoelwit van die genre te bereik - 'n digterlike kommunikasie na God toe én 'n kommunikasiemiddel van God na die mens toe - het die digters, sangers en bidders hoofsaaklik temas uit die Ou Testament gebruik (Vosloo en J van Rensburg, 1999:606), waarvan die volgende die mees algemene is:

- Die skeppingsverhaal.

- God se reddingsdade in die geskiedenis.

- God se riglyne vir die lewe.
- Dawid en Sion/tempel.
- Die ballingskap.
- God en die toekoms.

Die mens se emosies waarmee hy elke dag saamleef, is nie vreemd aan die Skrif nie. Heb 11 gee 'n oorsig van die Bybelverhaal oor God se pad met mense, veral hulle geloofsworsteling om as gelowiges getrou aan God te leef - en illustreer konkreet dat mense met sonde, pyn en droefheid geworstel het, maar óók vergifnis, vryspraak en verlossing geken het. Heb 11:32 vermeld dan ook die lewe van Dawid, aan wie die meeste van die psalms in boek 1 van die Psalmbundel toegeskryf word. Ook sy psalms getuig van koninkryke wat *deur die geloof* verower is, die *reg van God* wat gehandhaaf is en die verkryging *wat God beloof het* (Heb 11:33).

Jesus het aan die kruis, terwyl Hy gesterf het, uit Ps 22 aangehaal, *'Eli, Eli, lemá sabagtani?'* Dit is: *My God, my God, waarom het U my verlaat (M*att 27:46). Hierdie selfde verwysing van godverlatenheid kom verder op verskeie plekke in die Skrif voor (cf. Ps 22:12 en 20, Ps 10:1, Ps 35:22, Ps 38:22 en Ps 71:12. Hierdie gebede sentreer rondom die klag dat die Here tog nie so ver van die bidder af moet bly nie, want die nood is naby en daar is niemand wat help nie (*cf.* die letterlike vertaling van die Hebreeuse teks, *ver van my hulp die woorde van my gebrul*, soos aangehaal in Verwysingsbybel (1998:652).

Die bidder roep in Ps 22:6 om hulp, 'n tema wat ook in Ps 31:23, Ps 32:3, Ps 34:18 en Ps 145:19 voorkom. Hierdie psalms is tradisioneel aan Dawid toegeskryf, soos Ps 22, en werk met 'n tipiese Ou Testamentiese veronderstelling dat die Here hoor as sy kinders tot Hom roep, dat Hy getrou is en uithelp. Ps 145:19 bely dat God aan dié wat Hom dien, gee wat hulle vra. Die Here *hoor as hulle om hulp roep, en Hy red hulle.*

Burden (1993:752) maak die stelling dat die Psalms so verteenwoordigend is van die Bybelse boodskap oor die lewe van die mens van God vóór sy God, dat mense deur die eeue heen steeds na die Psalms hulle toevlug neem *vir troos in tye van nood en beproewing.* Saam met die psalmdigter *word hulle dan ook van wanhoop tot blydskap opgehef as hulle die krag van God se ewige liefde en vergifnis ontdek.*

Die besondere openbaringshistoriese plek van die psalms word deur Lockyer (1993:11) onderstreep in sy verwysing na dié Ou Testamentiese liedboek as 'n *series of chambers where hearts and lives have left the records of their experience* ('n aanhaling uit 'n werk van John Kerr, *The psalms in history and biography*). Vosloo en J van Rensburg (1999:600) vergelyk die Psalms met die intrek van die

lewegewende asem van God se woord en die uitblaas van uitgediende menslike vrae, vrese en nood. Mense sal altyd psalms teëkom wat sê wat in húlle hart is. Direkte verwysings na Psalms kom in die Nuwe Testament voor, soos in Luk 20:42 en Hand 1:20, asook verwysings na individuele gedigte binne die Psalmbundel (Hand 1:31).

Die Ou Testament ken verskillende soorte liedere, waarvan klaagliedere of klaagsange, naas dankseggingsliedere en lofliedere, die bekendstes is. Daar is klaagliedere van die enkeling sowel as klaagliedere van die volk. Dit gaan gewoonlik gepaard met trane en smartroepe, soos byvoorbeeld ook in Jer 9:17-18 en Eseg 2:10 aangetref. Ps 22 is deel van die klaagpsalms, waaronder verreweg die meeste psalms in die bundel geklassifiseer word. Spesifieke voorbeelde van ander klaagliedere van die enkeling is Ps 3, 6, 7, 13, 38, 42, 51, 61, 63, 86, 102 en 130 (cf. Bybel, 1999:622).

### 3.2.9 Die openbaring oor God in Psalm 22

Psalm 22 se opskrif, *U het my gebed verhoor*, sê wat God doen. Hy verhoor gebede (cf. Terrien, 2003:233). Maar wíé is Hy volgens sy eie openbaring in Ps 22? Vyf verwysings na God kom in dié psalm voor.

- **Die Godsnaam: *Elohim (אלהים)***

Dié naam vir God word baie in die grondteks van die Hebreeuse Ou Testament gebruik. *Elohim* is die naam waarmee God Homself bekendstel (J van Rensburg, 1998:1664). *Elohim*, verbind met persoonlike voornaamwoorde, (byvoorbeeld *my* God), is by uitstek die benaming wat gebruik word om die verbondsverhouding tussen God en sy volk uit te druk.

*Elohim*, voorafgegaan deur 'n beskrywende woord, dui 'n bepaalde hoedanigheid aan. Die verkorte *El* word gebruik as die selfstandige eienaam vir die Here. Hy is die almagtige God, daar is geen ander nie (cf. Jes 45:22; en Verwysingsbybel, 1998:1663).

- **Die Godsnaam*: Jahwe***

Dié Hebreeuse eienaam (*Jahwe*) wat in vers 20 voorkom, word ongeveer 6828 keer in die Ou Testament gebruik (Verwysingsbybel, 1998:1666). Hy is die sterke God en Verlosser (cf. Bybel, 1954; en Broyles, 1999:116).

- **Die Godsnaam: *Heilige* (קדוש *קדוש*).**

Dit is 'n selfstandige Godsnaam in die Ou Testament. Dit word veral in lofprysing van God gebruik en dui op God as die heilige en getroue Heerser (Verwysingsbybel, 1998:1665).

- **Die verwysing na: *Bron* (*van my krag*)** (אילות).

Dié verwysing na God dien as 'n beskrywing van 'n spesifieke hoedanigheid van God. Hy is die sterke God van Israel (Verwysingsbybel, 1998:1662).

- ***U Naam*** (*שם*)

*U Naam h*ou spesifiek verband met danksegging en lofprysinge van God, Hy wat 'n unieke posisie het - en spesiale plek inneem - in die lewe van Israel en onder die volke. Hy verhoor gebede en sorg vir gelowiges (vers 11) (Verwysingsbybel, 1998:1714-1716).

### 3.2.10 Die verlossingsfeite in Psalm 22 en die oproepe op grond daarvan

Wat doen God om die gelowige te verlos?:

- ☐ Hy verbind Hom aan sy kind(ers) in heiligheid en trou (vers 4).
- ☐ Sy verbondsliefde is ewig (vers 5 en 6).
- ☐ Hy sorg vir sy kinders van geboorte af (vers 10).
- ☐ Hy verhoor gelowiges se gebede (vers 22b).
- ☐ Hy verontagsaam nie die nood van die hulpeloses nie, maar hoor hulle hulpgeroep (vers 25).
- ☐ God is in beheer van die wêreld (vers 29b).
- ☐ Wat doen God in die gelowige deur sy Gees?:
- ☐ Hy leer die gelowiges om te vertrou en tot Hom te bid om redding (vers 11,20).
- ☐ Hy leer gelowiges 'n loflied (vers 24 en volgende verse).

☐ Hy leer gelowiges om ander te seën (vers 27c).

☐ Hy leer gelowiges om te getuig (vers 31).

Wat sal God in die toekoms doen?:

☐ Die nageslag sal Hom dien en van Hom getuig, en die volk wat nog gebore moet word, sal van sy verlossingsdade getuig (vers 31 en 32).

Watter opdragte gee God op grond van sy verlossingsfeite?:

☐ Bid gelowig in nood (vers 20-22).

☐ Prys Hom vir sy verlossingsdade (vers 24 en volgende verse).

☐ Getuig van Hom sodat die nageslag Hom kan dien (vers 31-32).

### 3.2.11 Die kommunikasiedoel van Psalm 22

Ps 22 is 'n klaagpsalm wat Anderson (1995:37) omskryf as 'n mens se aanspraak op God (of sy roep tot God) in 'n situasie van nood en beproewing. Ps 22 vertoon soos al die klaagpsalms 'n redelike vaste patroon van verskeie stappe (Vosloo & J van Rensburg, 1999:601-602 en 621-622). Eerstens roep die digter tot God om hulp (verse 1-3). Hy beskuldig God dat Hy hom in die steek gelaat het (vers 4). Hy herinner God aan sy groot en magtige verlossingsdade in die verlede (verse 5-6). Hy beskryf, in kontras met die groot dade van God in die verlede, die nood waarin hy tans verkeer (verse 7-9). Hy verklaar sy vertroue in God (verse 10-11). Hy smeek om hulp (verse 11-22). Hy verklaar dat God uitkoms gegee het (vers 22b). Hy loof en prys God (verse 24-0). Laastens stel hy sy vertroue vir die toekoms in God (verse 31-32).

Anderson (1995:37) onderskei twee hoofgedeeltes. Eerstens die inleiding, wat bestaan uit die aanroeping van Yahwe, die getroue God van die verbond. Dit behels soms niks meer as net die noem van die heilige Naam nie. Die hoofgedeelte bestaan uit 'n beskrywing van die nood, 'n gebed en uitroep om hulp en verlossing, die rede waarom daar op God 'n beroep gedoen word, byvoorbeeld 'n beroep op die aard van die nood en/of 'n beroep op die almag van God en/of 'n beroep op die eer van God, 'n skuldbelydenis of 'n onskuldverklaring, die uitspreek van wense en/of vervloekinge en 'n belofte om God te prys. Die spesifieke doelwit van Ps 22 is dan om aan gelowiges leiding te gee hoe hulle die God van die verbond in hulle nood moet vertrou, hoe hulle tot Hom moet bid om uitkoms, vas moet glo dat Hy hulle sy gebede

verhoor het, en Hom daarvoor moet prys.

### 3.2.12 Raadpleging van eksegetiese bronne

- **Vers 1-19: Klagte en smeekgebede**

**⇨ Vers 1: Inleiding**

Die lied is gesing op die wysie van *Die wildsbok van die daeraad.* Die LXX se opskrif verwys na hulp (wat gegee is) die oggend vroeg. Dit sluit aan by 'n algemene tema in die Psalms dat God in die oggend vroeg uitkoms gee (cf. Ps 46:6, *God sal help nog voor die môre kom*; Terrien, 2003:230).

**⇨ Vers 2-3: Klagte**

Na aanleiding van die klag van die digter in vers 2, *My God, my God, waarom het U my verlaat*, gee Anderson (1995:185) die eerste ses verse die opskrif: *Die ondraaglike stilte van God.* Die herhaling *my God, my God* beklemtoon die digter se ontsettende lyding en die geestelike nood wat hy deurgaan. Om van God verlaat te wees is die diepste nood wat 'n gelowige kan ervaar (Bybel, 1999:622; cf. Terrien, 2003:230-231). Die gebruik van die besitlike vorm *my*, in *my God*, wat hy óók herhaal, bou die brug tussen uiterste wanhoop en hoop (Anderson, 1995:185-186).

In vers 3 kla die digter dat dit vir hom totaal onbegryplik is dat die God van die verbond, sy God, hom verlaat het, hom nie hoor roep nie en hom nie uithelp nie. Hy roep dag en nag en kry geen rus nie.

**⇨ Vers 4-6: Vertrouensuitspraak**

Die presiese betekenis van die uitspraak, *U is tog die Heilige wat woon waar die lofsange van Israel weerklink*, in vers 4 is nie duidelik nie. Hy roep tot God. God swyg die heeltyd, maar die noodlydende bely dat Hy *tog* die Heilige is. Hy bly getrou aan Homself en ís verbind tot die tempel van die Here (by die lofsange van Israel). God swyg, tog ís Hy die objek van Israel én die noodlydende digter se aanbidding (cf. Broyles, 1999:116 en Terrien, 2003:231).

Hy hét die voorvaders se geroep om hulp gehoor en hulle vertroue raakgesien. Hy het hulle gered. Húlle is nie beskaam nie. In dié perikoop van vers 5-6 is daar 'n drievoudige uitspraak oor die vaders wat verband hou met hulle vertroue op die Here. Vandag se gelowiges moet glo *that Jahweh does not change and that these promises are reliable* (Anderson, 1995:187; cf. ook Jes 50:7).

**⇨ Verse 7-9: Beskrywing van persoonlike leed**

Die digter sien homself as 'n wurm. Vir hom is daar nie oorwinning nie. Daar is die mening dat die digter se lae selfbeeld, en algehele ontkenning van sy eiewaarde, nie in die eerste plek verband hou met

sy persoonlike ellende nie, maar met die feit dat mense vernederend van hom praat - en met hom die spot dryf - omdat hy steeds aan God vashou ín sy ellende (Vosloo & J van Rensburg, 1999:622; cf. ook Terrien, 2003:231 en Broyles, 1999:116-117). Soos in die geval met vers 2 (*My God, my God, waarom het U my verlaat)* word vers 9 ook in die Nuwe Testament aangehaal in Matt 27:43.

⇨ **Verse 10-11: Die digter se besondere verhouding met die Here**

Die besondere sorg van die Here blyk uit die feit dat die Here sy kinders veilig die wêreld inbring. Anderson (1995:188) wys daarop dat die etimologie van die werkwoord גּיח גּח, :om (*uit die moederskoot*) te trek, onseker is. Hy sê dat die term waarskynlik met 'n natuurlike geboorte in verband gebring kán word, maar die moontlikheid bestaan dat dit 'n geestelike betekenis kan hê wat dui op 'n geestelike geboorte. Dit kan onder andere verband hou met die aanvaarding van die noodlydende digter in die geledere van God se uitverkore volk. Ten spyte van sy lyding en hopelose situasie om homself te red, bely hy dat hy deur die Here ondersteun word.

⇨ **Verse 12: Smeekgebed**

Die noodlydende enkeling smeek die Here om hulp. Hy vra die Here om nie so ver van hom af weg te bly nie, want die nood is naby en daar is niemand om te help nie. Dit onderstreep duidelik die digter se hulpelose posisie en die gevaar wat sy vyande vir hom skep. Hierdie smeekgebed sluit aan by sy klag in vers 1. Dáár kla hy oor godverlatenheid en die feit dat God ver bly staan. Nóú word dieselfde klag 'n smeekgebed dat die Here wat ver is, hom sal help (cf. Terrien, 2003:232, wat sê *it is no longer a question of "Why?' but a cry of a child , who somehow still hopes).*

⇨ **Verse 13-19: 'n Smartlike klag**

Die lyding van die digter word in beeldryke taal omskryf. Sy vyande is soos 'n *wreedaardige klomp mense* wat hom omsingel, soos *beeste uit Basan* staan hulle hom toe, *verskeurende, brullende leeus* storm met hulle *oop bekke* op hom af en soos *honde* omsingel hulle hom, die *bende misdadigers* sak op hom toe (cf. Anderson, 1995:191). Vers 19 word in Joh 19:23-24 (Jesus se kruisiging) aangehaal (cf. Matt 27:35), wat dié psalm vir Nuwe Testamentiese Christene baie kosbaar maak.

▪ **Verse 20-22a: Tweede gebed om hulp**

Die gebed om hulp sluit aan by vers 12. Hy smeek die Here om tog nie so ver te bly nie. Beide vers 12 en 20 sluit aan by die klag in vers 2 dat die Here ver bly as die digter bid om hulp. Vers 20 gaan verder as vers 12 en verklaar vertroue in God as hy uitroep dat God, die Bron van sy krag, hom tog gou moet help (cf. Terrien, 2003:233, wat die opmerking maak dat die digter *is quite subtly announcing the praise that he promises to intone in the last strophe of the psalm).*

- **Vers 22: Gebedsverhoring**

Vosloo & J van Rensburg (1999:621) sê dat daar feitlik altyd aan die einde van 'n klaaglied, met sy donker ondertone, 'n skielike wending van klaaglied na loflied is (Broyles, 1999:118).
Daarin lê die volgende belangrike lesse om te leer:

- ☐ Vlug na Gód toe in 'n noodsituasie en nie weg van Hom af nie.
- ☐ Vertroue maak 'n nuwe perspektief oop óp nood ín nood.
- ☐ Vertrou God daadwerklik.
- ☐ As God vertrou word, verander klag in lof.

Anderson (1995:38) ontleed hierdie wending aan die einde van 'n klaagpsalm. Dit kan wees dat twee verskillende psalms, klaaglied en loflied, toevallig gekombineer is. Dit is volgens hom hoogs onwaarskynlik. 'n Volgende rede kan wees dat 'n klaagpsalm niks anders is as 'n belydenis van verlossing of uitkoms nie - met 'n klagte wat die doel dien van herinnering en dramatisering van dit wat verby is. Die aanneemlikste rede volgens hom is egter dat die wending toegeskryf kan word aan 'n belofte van Goddelike ingryping of Godspraak of heilsverkondiging, *a priestly oracle which promised the deliverance of the afflicted person.*

- **Verse 23-27: Lofprysing in die gemeente**

Anderson (1995:192) gee 'n beskrywende opskrif vir die hele gedeelte vanaf vers 22 tot 32: *The despair is past.* Dit sluit lofprysing in omdat die digter aan God die eer gee. So leer die opkomende geslagte Hom ken - en dien die lyding van die onbekende enkeling ook 'n doel ten goede. Omdat God dit gedoen het, die enigste Here van al die volke, sluit dit ook wêreldwye verkondiging van God se groot dade in (cf. Terrien, 2003:233-234). Burden (1993:774) sê dat lofprysing getuienis is van God se ingryping - en dat dit in die gemeente 'n plek het om die opkomende geslagte se geloof in die Here te versterk.

- **Verse 28-32: Wêreldwye lof**

Terrien (2003:234) som die slotstrofe soos volg op:

*"From the initial cry of cosmic isolation, the poet now engages himself to live 'for' or 'in' the Lord. The generation to be born shall then proclaim the fidelity of Yahweh to his beloved servant."*

Die verlossing wat God skenk, het wêreldwye implikasies. Die hele wêreld sal erken dat God die enigste Here is en hulle tot Hom bekeer (Vosloo en Janse van Rensburg, 1999:623).

### 3.2.13 Eie tersaaklike sosio-historiese konteks: 'n Eietydse toepassing van Psalm 22

| ALGEMENE OPROEP | SPESIFIEKE OPROEPE | KONKRETE UITVOERING |
|---|---|---|
| Vertrou die Here in lyding. | 1. Rig jou klag oor jou lyding tot God (Die regte adres). | 1. Ontleed jou lewensituasie en bring jou smartlike lyding presies onder woorde.<br>1.1 Wat is dit presies wat nie in harmonie met jou lewensverwagtings is nie?<br>1.2 Hoe het dit jou lewe (en lewenskring) beïnvloed?<br>1.3 Watter uitkomste verlang jy? |
| | 2. Smeek Hom in gebed om uitkoms. | 2. Bid oor jou lewensituasie.<br>2.1 Bestudeer die Woord.<br>2.2 Formuleer 'n gebed op skrif waarin jy jou klag na God toe bring en Hom vir uitkoms vra.<br>2.3 Maak seker dat jy vra dat God se wil geskied omdat sý uitkomste soms onverwags en "ongevraagd" is. Hy weet tog van beter.<br>2.4 Formuleer jou gebed(e) aan die hand die Nuwe-Testamentiese model van die modelgebed van Jesus in Matt 6:5-15.<br>2.5 Implementeer ook die riglyne in die betrokke perikoop in Matt 6.<br>2.6 Kry pastorale hulp indien vergifnis (Matt 6:15) 'n probleem is. |

| | | |
|---|---|---|
| | 3. Bely jou vertroue in Hom wat uitkoms gee. | 3.1 Ondersoek jouself asook jou totale lewenspad tot dusver. Roep gespesialiseerde pastorale hulp in indien nodig.<br>3.2 Maak seker dat jy alle insidente van gebedsverhoring en God se genade en goedheid op jou pad neerskryf. Maak onderskeid tussen direkte en indirekte verhoring. |
| | 4. Wag volhardend op die Here. | 4.1 Wag op die Here in gebed en prys Hom vir uitkomste in die verlede en vir sy leiding in die hede.<br>4.2 Skryf alle uitkomste in detail neer en die implikasies daarvan ten opsigte van jou huidige lewensituasie. |
| | 5. Loof en prys Hom vir uitkoms. | 5.1 Prys Hom vir uitkoms.<br>5.2 Rig jou gebed op God se goedheid en hoe jou lewe ten goede verander is. |
| | 6. Getuig van sy uitkoms. | 6. Vertel vir ander (gemeente/bybelstudiegroep /kleingroep/ampte) |

□ **Basisteoretiese afleiding:**

- Die Here kan vertrou word in lyding.
- Hy is die betroubare God wat uitkoms gee op sy tyd.
- Noodlydendes moet hul klag voor Hom uitstort.
- Gebed en smeking is 'n sleutel tot uitkoms.
- Gelowiges kan hulle vertroue in Hom bely wat uitkoms gee.

- Wag volhardend op die Here.

- Loof en prys Hom vir uitkoms.

- Getuig van sy uitkoms in die gemeente en teenoor die wêreld.

## 3.3 DIE HOOP WAT AAN DIE MENS MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA VERKONDIG WORD

### 3.3.1 Inleiding

In hierdie afdeling, met die fokus op die hoop wat aan die mens met gekompliseerde trauma verkondig word, word eksegese gedoen van Markus 5:25-34 met die oog op basisteoretiese afleidings vir die pastorale begeleiding van persone met gekompliseerde trauma. Vir die eksegese van dié gedeeltes word riglyne gebruik soos gepubliseer in Preekgeboorte (De Klerk & J van Rensburg, 2005).

Die Christelike belewenis van hoop het reeds in die voorafgaande eksegetiese studies van twee klaagliedere oor die mens se belewing van gekompliseerde trauma, gedeeltelik aan die orde gekom. Aan die hand van die klaagpsalms (cf. Ps 22, *U het my gebed verhoor*) is die mens van God se hoop-belewenis nagevors binne die raamwerk van klag tot lof. In onderstaande gedeelte in die Nuwe Testament word die hoop, (wat as koninkryksgawe aan mense met gekompliseerde trauma verkondig word), nagevors (cf. 1 Tim 1:1 waar Christus Jesus *ons Hoop* genoem word en Kol 1:27 wat melding maak van gelowiges se *hoop op die heerlikheid* van God). Hierdie hoop-beloftes van die Skrif sal, vir die doeleindes van die onderhawige studie, uitgelê word aan die hand van 'n gedeelte uit die Evangelies, naamlik Mark 5:25-34, *Die vrou met bloedvloeiing*. In dié gedeelte sal die demonstrasie van die krag van Jesus, as teken van God se heerskappy van hoop, nagevors word, met spesiale verwysing na die verband tussen genesing en die koninkryk van God wat naby gekom het (cf. Mark 1:15), en Jesus se wondergenesings as vervulling van Jesaja 53.

### 3.3.2 Markus 5: 25-34: Die vrou wat aan bloedvloeiing gely het

#### 3.3.2.1 Die keuse van Markus 5:25-34 vir eksegese

Markus 5:25-34 is 'n perikoop wat handel oor die genesing van 'n vrou wat twaalf jaar aan bloedvloeiing gely het. Dit vorm 'n selfstandige eenheid op sigself en dra 'n selfstandige boodskap oor in samehang

met 'n groter gedeelte binne hoofstuk 5, naamlik verse 21-43 wat handel oor die genesing van die dogtertjie van Jaïrus en die vrou met bloedvloeiing (cf. Du Rand, 1993a:1447). Die res van hoofstuk 5 handel oor nog 'n wondergenesing, dié van die besetene van Gerasa (vers 1-20). Markus 5:25-34 is dan 'n gedeelte wat veral lig kan werp op die realisering van die koninkryk van God in die bediening van Jesus, die Messias, die verband tussen genesing en die koms van die koninkryk van God, en die implikasies van die woorde (of toesegging van Jesus) dat geloof red, met vrede en vrymaking as resultaat (cf. Evans, 2001: *healings are especally prominent when the ratio of miracle stories to the length of the Gospel is taken into account*).

### 3.3.2.2 Die bepaling van die teks en die tekstuele konteks van die perikoop

- **Die plek van Markus 5:25-34 in die Markusevangelie, en in die Bybel**

Die genesing van die vrou met bloedvloeiing, 'n wonderwerk van Jesus die Messias, val in die tweede van drie hoofafdelings van dié Evangelie oor Jesus, die Seun van God. Die tema van afdeling 2 is die boodskap en bediening van Jesus wat as dienskneg na die wêreld toe gekom het (1:14-13:37), in onderskeiding van die eerste afdeling, 'n inleiding tot die Evangelie, en afdeling 3, wat handel oor die dood en opstanding van Jesus (14:1-16:20). Die plek van die perikoop in die boek is duidelik in die volgende struktuur:

| | | |
|---|---|---|
| 1. Inleiding: | Die begin (1:1-15) | |
| | Jesus se gesag (1:16-3:12) | |
| 2. Jesus se optrede (1:16-8:26): | Jesus se onderrig (3:13-4:41) | |
| | Jesus se bediening aan siekes (5:1-6:6) | |
| | | 5:21-24 Versoek van Jaïrus |
| | | 5:25-34 Genesing van die vrou |
| | | 5:35-43 Genesing van die dogter |
| | Jesus en sending (6:7-8:26 ) | |
| 3. Jesus se dood (8:27-16:8) | Jesus onderrig sy dissipels (8:27-10:52) | |
| | Jesus konfronteer Jerusalem (11:1-13:37) | |
| | Jesus se dood en opstanding (14:1-16:8) | |

Markus 5:21-43 bevat twee genesingsverhale, dié van Jaïrus se dogter en dié van die vrou met bloedvloeiing. Die tweede verhaal (die siek vrou) speel hom af binne die eerste verhaal (die siek dogter). God ontferm Hom oor 'n siek dogtertjie en 'n onrein vrou, beide aan die onderste end van die sosiale leer in Israel, maar beide op God, en daarom op Jesus, se agenda. So het die koninkryk van God naby gekom deur die koms en die bediening van Jesus.

Die struktuur van die twee verhale wat gelyktydig loop, word hierbo aangetoon. Guelich (1989:291) toon aan dat die verhaal van Jaïrus se dogter in wese ook 'n genesingsverhaal is, met dood wat in dié verhaal hanteer word as die uiterste vorm van siekte. Jesus wek beide die vrou en die dogter op tot 'n nuwe lewe. Dié primêre boodskap of hooftema van Markus se evangelie oor die koninkryk van God, verbind die Markus evangelie aan die breëre boodskap van die Bybel. Die Ou Testament begin met die skepping (cf. Gen 1:1-3:24a) en sondeval (2:4b-3:24), en die belofte van redding (Gen 11:10-32). 'n Genadige God kies een huisgesin om die mensdom te red. Dit eindig met die terugkeer van die ballinge uit Babilonië, die herbou van die tempel in Jerusalem en 'n eeu later, die belofte van versoening in Mal 4:4-6, waar God sê Hy gaan vir hulle die profeet Elia stuur.

Botha (1993:1352) sê versoening van mense met mekaar (deur die profeet Elia) is 'n teken van die koms van die koninkryk van God. So word Maleagi die brug na die Nuwe Testament, die koms van Jesus Christus en die nabyheid van die koninkryk van sy Vader. Die evangelie van God wat Jesus verkondig het, is die goeie boodskap dat die heerskappy van God oor die Bose nou in en deur Jesus se bediening aangebreek het. God se heerskappy word nou sigbaar (cf. Evans, 2001:xci, wat konkludeer dat Jesus in elke opsig *cuts an impressive figure, a figure who had announced the impending rule of God* ... en Markus nooi dan ook sy lesers uit om dié heerskappy van God vir hulle lewens te oorweeg).

Daarom moet mense hulle bekeer en die goeie boodskap ten volle aanvaar, want God se koninkryk is 'n verlossende heerskappy deur geloof (Du Plessis, 1993:1450). Jesus kan sê dat die koninkryk van God naby gekom het, omdat Hy sélf die Verteenwoordiger van God se koninkryk op aarde is (Mark 1:14-15).

Dit het implikasies vir die wêreld:

- ☐ In Homself én in sy optrede het God se verlossende heerskappy 'n werklikheid geword (Vosloo & J van Rensburg, 1999:1192).
- ☐ Die reaksie wat God verwag, is dat mense hulle hele lewe moet heroriënteer in die lig van die goeie nuus dat God se koninkryk naby gekom het.
- ☐ Verder moet mense die evangelie glo. Hulle moet God op sy woord neem en blymoedig aanvaar dat sy goeie nuus waar is.
- ☐ Die teendeel van dié geloofsaanvaarding van die koninkryk self en uitlewing van die beginsels van die koninkryk, wys dat daar in die wêreld ook teenstand teen Jesus en die koninkryk is (cf. byvoorbeeld die optrede teen Johannes die Doper, Mark 1:14).

- **Die genre van Markus 5:25-34**

Evans (2001:lxv-lxvii) wys daarop dat Markus, met die woorde, *die begin van die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God* (Bybel, 1954), aan die Christelike kerk 'n besondere literêre genre oorgelewer het, naamlik die *evanglie.* Dit sluit ook onteenseglik die boodskap van Jesus Christus in (Mark 1:14-15, 8:35, 10:29, 13:10 en 14:9). Alhoewel dit nie uitdruklik gesê word nie, meen Evans (2001:lxv) dat dit verband hou met beloofde goeie nuus in Jes 40:9, 52:7 en 61:1). Alhoewel Markus nie bedoel het om dit 'n *evangelie* te noem nie, of met 'n nuwe literêre genre te eksperimenteer nie, het sy werk die patroon geword vir die ander twee sinoptiese evangelies, dié van Matteus en van Lukas. Dit het bygedra tot die uiteindelike gebruik van *evangelie* as 'n literêre aanwysing in die vroeë Christelike kerk. Die bronne van Markus se evangelie is die mondelinge tradisie van die vroegste Christelike gemeenskap. Aanvanklik is Markus se evangelie as 'n verhaal gelees. Eers in die vroeëre twintigste eeu het stemme opgegaan om die verhaal as 'n sogenaamde versameling te sien van *traditional units, each with a distinctive form and historical background* (Guelich, 1989:xxii) .

Wat die evangelie van Markus verder uniek maak, sê Evans (2001:lv-lviii), is die feit dat dit die dominante weergawe binne die sinoptiese evangelies is. Selfs die klein aantal gedeeltes wat uniek tot die evangelie van Markus is, ondersteun dié standpunt omdat dit meer logies is dat Matteus en Lukas se evangelies dié gedeeltes weggelaat het as wat Markus dit van elders bygevoeg het.

- **Bepaling van die kernverse van Markus 5:25-34 en 'n ontleding van die gedagte-opbou van die perikoop**

Du Rand (1993a:1446) kom tot die gevolgtrekking dat die sentrale tema en hoofgedagte van die Markusevangelie die koninkryk van God is wat naby gekom het deur die aardse bediening van Jesus, die Seun van God. Hy neem veral twee kerngedeeltes in die evangelie as geheel in ag. Eerstens Markus 1:15, oor die tyd wat aangebreek en die *koninkryk van God* wat naby gekom het, en tweedens Markus 10:45, oor die *Seun van die mens* wat nie gekom het om te dien nie, *maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.* Basies gebeur daar vyf dinge (gedagte-opbou) in die verhaal, wat volledig vertel word in die perikoop:

☐ Teen die agtergrond van Jesus se bediening wat onder meer gekenmerk word deur 'n samedromming van mense by Jesus, kom 'n siek vrou wat van Sy bediening gehoor het, Hom opsoek.

☐ In die gedrang van mense nader sy vir Jesus en raak van agter af aan sy klere met die verwagting om gesond te word.

- ☐ Die bron van haar probleem is onmiddellik opgelos en sy kom dit dadelik agter.

- ☐ Jesus raak bewus van iemand wat só aan Hom geraak het en doen navraag oor wie dit is, 'n vraag waarop sy dissipels met verbasing reageer vanweë die gedrang van mense.

- ☐ Die vrou vertel vir Jesus die hele waarheid.

- ☐ Jesus sê vir die vrou dat haar geloof haar gered het.

Hierdie feite kan tot twee kernsake gereduseer word. Eerstens is dit 'n siek vrou sonder 'n toekoms wat aan Jesus kom raak in die verwagting om genees te word. Tweedens is dit Jesus wat haar genees en haar wegstuur met 'n toekoms. In die lig hiervan kan twee kernverse van die Markus-perikoop uitgelig word: vers 27, oor die vrou wat van Jesus gehoor het en aan sy klere kom raak het, en vers 34, oor Jesus se uitspraak dat die vrou se geloof haar gered het, dat sy in vrede moet gaan en vir goed genees moet wees van haar kwaal.

Hierdie twee kernverse vertel die (hele) verhaal van die vrou se verwagting (geloof) en van Jesus se almag wat genees.

#### 3.3.2.3 Die sosio-historiese konteks van Markus 5:25-34

Die ontstaanstyd van Markus se *evangelie* was ongeveer tussen 55 en 65 n.C. (cf. Mark 13:14 se verwysing na die komende gruwel van verwoesting van die tempel in Jerusalem in 67-69 n.C.) (cf. Evans, 2001:lxiii; France, 2002:37-41). Die vroegste tradisie (ongeveer 160-180 n.C.) het die outeurskap aan (Johannes) Markus toegeken - 'n persoon wat as 'n medewerker van die apostel Paulus geïdentifiseer word (cf. Hand 12:12). In 1 Pet 5:13 word ook na 'n Markus verwys. Wie die outeur van die Evangelie van Markus is, is egter onbekend. Guelich (1989:xxix) merk egter op dat *the question of authorship is moot for our reading of the gospel.* Daar is by die Markusevangelie self geen verwysing na outeurskap nie, omdat dit nie van deurslaggewende belang is vir die verstaan van die evangelie nie. Dieselfde geld vir die plek van ontstaan van die evangelie van Markus, wat tradisioneel as Rome aangedui word.

Vosloo en J van Rensburg (1999:1189) sê dat daar egter tog 'n paar sosio-historiese merkers is wat vir die Evangelie van belang is. Die outeur was waarskynlik 'n Joodse Christen en Grieks was nie sy moedertaal nie. Die Markusevangelie is ook waarskynlik heel eerste geskryf (65-70 n.C.). In die 35 tot 40 jaar wat reeds in daardie stadium verloop het vanaf Jesus se opstanding, hemelvaart en uitstorting van die Heilige Gees, is die verhale oor Jesus meestal mondelings oorvertel. Die Evangelie maak dus gebruik van die inligting van die oorspronklike ooggetuies van Jesus se bediening en dus hoef dié

inligting wat oorvertel is, nie noodwendig onakkuraat te gewees het nie. Onder leiding van die Heilige Gees het dié verhale in die Evangelie sy beslag gekry (cf. Evans, 2001:xlv).

Inligting oor die eerste lesers van die Evangelie, van wie ons ook sosio-historiese afleidings kon maak vir die beter verstaan van dié boek, is ook onbekend. Vosloo en J van Rensburg (1999:1180) lig dit uit dat die eerste lesers, óf in die Heilige Land óf in Rome, die *eise van die evangelie in 'n moeilike situasie* moes ervaar het. In Palestina is die oorlog wat die Romeine teen die opstandige Jode gevoer het, eers in 70 n.C. beëindig met die val van Jerusalem. In Rome het Nero, die vyand van die vroeë Christendom, eers in 68 n.C. selfmoord gepleeg. In sy beskrywing van Jesus probeer die outeur van die Markusevangelie die lydende Seun van God uitbeeld. Die lydende Messias het ook implikasies gehad vir sy volgelinge, ook vir die eerste volgelinge in die eerste drie of vier dekades na sy hemelvaart (cf. die uitvoerige bespreking deur Evans (2001:lxxxi-xciii) betreffende die doel van die evangelie van Markus binne die konteks van die Grieks-Romeinse wêreld).

### 3.3.2.4 Skrif-met-Skrifvergelyking, en die openbaringshistoriese plek van Markus 5:25-34

- **Die vier Evangelies en Skrifopenbaring**

Die Markusevangelie is deel van vier Evangelies van die Nuwe Testament. Navorsers erken dié Evangelie as die brondokument vir die Evangelies van Matteus en Lukas. Daarbenewens was daar ook 'n onbekende bron waaruit Matteus en Lukas stof in hulle Evangelies oorgeneem het (die sogenaamde Q bron) (cf. France, 2002:42). Vanuit gegewens uit Matteus en Lukas se Evangelies blyk dit ook dat hulle onderskeidelik bronne geraadpleeg het wat aan mekaar onbekend was (ook aan die Markusevangelie). Dit staan bekend as die sogenaamde Mt-E-bron vir Matteus en die Lk-E-bron vir Lukas. Hierdie teorie kan soos volg grafies voorgestel word (cf. Vosloo & J van Rensburg, 1993:1112 en Evans, 2001:xliii-lxii, oor die sogenaamde sinoptiese probleem en die teks van Markus):

Markus (1) Markus (1)

↓ ↓

↓ ↓

Mt-E → Matteus ← Q (2) → Lukas ← Lk-E

Die verhaal van die vrou met bloedvloeiing kom ook in Matteus 9:20-22 en in Lukas 8:43-48 voor. Uit die teorie van die twee-bronneleer (Markus en Q) beteken dit dat dié verhaal oorspronklik deur Markus in sy Evangelie opgeneem is. Dit is letterlik deur die Lukasevangelie oorgeneem, maar in die Matteusevangelie opgesom. Dit is tipies van die Matteusevangelie wat deurgaans nie belangstel in detail

nie, maar in die betekenis van gebeurtenisse (Vosloo en J van Rensburg, 1999:1134). In die geval van die vrou met bloedvloeiing, gekombineer met die genesing van die dogter van Jaïrus, fokus Matteus op die geloof van die hulpsoekendes. Die suggestie van Jesus se ignorering van die reinigingsvoorskrifte van Moses, verbind die evangelie openbaringshistories ook met die wette van Moses, spesifiek Lev 15:25.

### 3.3.2.5 Die openbaring oor God in Markus 5:25-34

Wat is die karaktereienskappe en attribute van God waaroor daar in die Skrifopenbaring van dié perikoop berig word? Markus 5:27 berig dat die onrein vrou wat siek was as gevolg van bloedvloeiing wat nie wou stop nie, gaan hulp soek het by Jesus van wie sy *gehoor* het. Uit Jesus se optrede het mense Hom erken as die Messias, as Jesus die Seun van God. Hy genees die vrou wat van Hom gehoor het, deur sy Goddelike krag. Markus maak ook spesifiek melding daarvan (in vers 30) dat Jesus wat haar, deur háár aanraking van Hom, genees het, self onmiddellik geweet het dat daar van Hom krag uitgegaan het.

Vosloo en J van Rensburg (1999:1204) sê dat dit belangrik is om te onthou dat dié genesing, soos al die ander wonderwerke van Jesus in die Markusevangelie, 'n teken was van die koninkryk van God wat naby gekom het.

Wat doen God in en deur sy Seun, Jesus die Messias? Die perikoop berig soos volg:

- Hy genees die vrou onmiddellik en volkome (vers 29).
- Jesus sê verder vir die vrou dat haar geloof haar gered het (vers 34).
- Hy stuur haar weg ín vrede mét vrede (vers 34).
- Jesus sê aan haar dat sy vir goed van haar kwaal genees sal wees (vers 34).

### 3.3.2.6 Die verlossingsfeite in Markus 5:25-34, en die oproepe op grond daarvan

- Wat doen God in Christus om die gelowige te red?
- Wat doen God in die gelowige deur sy Heilige Gees?
- Wat sal God in die toekoms doen?

| Wat doen God? | In die gelowige? | Wat sal God nog doen? |
|---|---|---|
| 1. God laat sy koninkryk naby kom | 1. Die siek vrou wat geen heenkome het nie, *hoor* van Jesus. | 1. God se komende koninkryk sal in volheid in die toekoms realiseer as 'n nuwe hemelse en ewige werklikheid. |
| 2. God se heerskappy word in Jesus die Messias sigbaar. | 2. Wat sy hoor van Jesus, skep by haar die *verwagting* van genesing. | |
| 3. Hy rig 'n teken van sy koninkryk op deur sy heerskappy oor siekte. | 3. Sy *soek Jesus* op, steek haar hand uit en *raak Hom aan*. | |
| 4. Hy genees die siek vrou. | 4. Sy *vertel* Hom die hele waarheid oor haarself. | |
| 5. Hy red haar. | 5. Deur haar *geloof* ontvang sy genesing. | |
| 6. Hy gee haar vrede. | 6. Hy gee haar vrede. | |
| 7. Hy gee haar lewe terug. | 7. Sy gaan lewe voluit. | |

- Watter eksplisiete en implisiete oproepe is daar in hierdie perikoop?
- Watter aanduidings is daar van die praktiese wyse waarop dié oproepe uitgevoer moet word?
- In watter gesindheid moet die oproepe gehoorsaam word?
- Watter waarskuwings/beloftes is aan die oproepe gekoppel?
- Aan watter spesifieke verlossingsfeite is die oproepe gekoppel?

| Oproepe | Praktyk | Gesindheid | Waarskuwings/ Beloftes | Verlossings-feite |
|---|---|---|---|---|
| 1. Implisiet lei Jesus die vrou wat in verwagting aan Hom geraak het, om Hom te vertrou met haar hele geskiedenis/die hele waarheid.<br>2. Hy gee haar opdrag om in vrede weg te gaan as 'n geredde dogter van die koninkryk van God.<br>3. Jesus sê aan haar dat sy vir goed van haar kwaal genees sal wees. | 1. Sy aanvaar die konsekwensies dat sy haar op Jesus verlaat het - en genees is.<br>2. Sy gaan huis toe om as geredde mens te leef - en vry van haar kwaal en gereinig deur 'n magsdaad van Jesus, die lewe weer op te neem as 'n nuwe (wedergebore / uit die dood opgewekte) mens van God. | 1. Gesindheid van eerbied/aanbidding (vers 33b). | 1. Belofte van 'n vol lewe. | 1. Jesus se magsdaad wat haar genees en gereinig het. |

### 3.3.2.7 Die kommunikasiedoel van Markus 5:25-34

God, in en deur die koms van sy Seun in die volheid van die tyd, getuig van sy koninkryk wat naby gekom het, van sy Goddelike regering of heerskappy wat deurgebreek het, en doen 'n beroep op Israel/gelowiges om sy Heerskappy te aanvaar en in Hom te glo, en as verloste mense, in geloof in Jesus, vrede te vind - en as sy dissipels te leef (cf. France, 2002:11, wat opmerk dat die evangelie van Markus as 'n drama gelees moet word. Die meeste lesers en hoorders van die evangelie *who experience Mark as a whole, discern a 'dramatic' quality in the careful development of a plot).*

Die primêre boodskap van die Markusevangelie dat die koninkryk van God naby gekom het deur die woorde en werke van Jesus (Mark 1:15), word in Markus 5:25-34 gekommunikeer deur die genesing van die vrou met bloedvloeiing. Hierdie Goddelike magsdaad van Jesus die Messias, illustreer duidelik dat die komende koninkryk van God naby gekom het in Jesus en in sy dade. Die evangelie van God wat Jesus verkondig het, is die goeie boodskap dat die heerskappy van God oor die Bose nou in en deur Jesus se bediening aangebreek het. Die perikoop in Markus 5 kommunikeer dus 'n sterk boodskap:

- God se heerskappy word nou sigbaar.

Daarom moet mense hulle bekeer en die goeie boodskap ten volle aanvaar (Du Plessis, 1993:1450), want God se koninkryk is 'n verlossende heerskappy deur geloof. Jesus kán sê dat die koninkryk van God naby gekom het, omdat Hy sélf die Verteenwoordiger van God se koninkryk op aarde is (cf. Mark 1:14-15). In Homself én in sy optrede het God se verlossende heerskappy 'n werklikheid geword ( Vosloo & J van Rensburg, 1999:1192). Die reaksie wat God verwag, is dat mense hul hele lewe moet heroriënteer in die lig van die goeie nuus dat God se koninkryk naby gekom het. Verder moet mense die evangelie glo. Hulle moet God op sy Woord neem en blymoedig aanvaar dat sy goeie nuus waar is.

### 3.3.2.8 Raadpleging van eksegetiese bronne

Markus 5:21-43 bevat twee genesingsverhale, dié van Jaïrus se dogter en dié van die vrou met bloedvloeiing. Die tweede verhaal (die siek vrou) speel hom af binne die eerste verhaal (die siek dogter) (cf. France (2002:234) se bespreking van Markus se gebruik van 'n tipiese '*sandwich*'- of '*interpolation*'-tegniek om 'n tematiese verbintenis tussen die betrokke gedeeltes aan te dui). God ontferm Hom oor 'n siek dogtertjie en 'n onrein vrou, beide aan die onderste end van die sosiale leer in Israel, maar beide op God en daarom op Jesus se agenda. Hulle is deel van die koninkryk van God wat naby gekom het deur die koms en die bediening van Jesus (cf. Brooks, 1991:92).

Die struktuur van die twee verhale wat gelyktydig loop, is soos volg:

Vers 21-24 ------------------- Versoek van Jaïrus

Vers 25-34 ------------------- Genesing van die vrou

Vers 35-43 ------------------- Genesing van die dogter

Guelich (1989:291) toon aan dat die verhaal van Jaïrus se dogter 'n genesingsverhaal is, met dood wat in dié verhaal hanteer word as die uiterste vorm van siekte (cf. Marcus, 2000:362).

⇨ **Markus 5:21-24**

Die inleiding tot die genesing van die dogter van Jaïrus en die onrein vrou, in Mark 5:21-24, is dieselfde as die inleiding in Mark 3:7-9, geskryf vir die genesingsberig in Mark 3:10. Die gemeenskaplike kenmerke is die volgende:

- ☐ 'n Menigte mense het agter Jesus aangekom.
- ☐ Daar was 'n gedrang rondom Jesus wat in 'n vertrappery ontaard het. Guelich (1989:296) noem die moontlikheid dat dit 'n tipiese inleiding is wat gebruik kon gewees het vir 'n pre-Markusversameling/bundel van wonderwerke van Jesus (cf. Mark 4:35-5:43 en 6:32-56).

⇨ **Markus 5:25-26**

Markus 5:25-26 beskryf die vrou wat vir Jesus kom hulp vra, soos volg:

- ☐ Sy het skynbaar om 'n onverklaarbare rede aan 'n kroniese bloedvloeiing gely.
- ☐ Dit was 'n kroniese toestand vir twaalf jaar.
- ☐ Sy het baie onder doktersbehandeling gely.
- ☐ Ernstige finansiële skade was haar lot, maar sonder sukses.
- ☐ Haar toestand het progressief versleg.
- ☐ Niks het vir hierdie vrou gewerk nie.

☐ Buitendien was sy ook oor die hele tydperk van twaalf jaar ritueel onrein.

Haar toestand (abnormale bloedvloeiing ná gewone menstruasie) word in Lev 15:25 beskryf. Van Lev 12:4 kan afgelei word dat sy in dié hele tydperk nie die heiligdom kon besoek nie. Soos in die geval van die besetene van Gerasa wie se toestand en genesing deur Jesus, in Mark 5:1-20 beskrywe word, moes hierdie vrou ook in afsondering leef, verwyderd van die gemeenskapslewe van haar volk en ook weg van die heiligdom van die Here. Haar prognose was, sóós dié van die besetene, hopeloos. Marcus (2000:357) wys op die feit dat die vrou se onmiddellike kennis van haar genesing die standpunt van 'n kroniese siektetoestand, en nie net van 'n abnormale vloeiing nie, bevestig. Die dogter van Jaïrus, wie se genesing in Mark 5:41 beskryf word, was só oud as wat die vrou siek was aan bloedvloeiing. Of dié ooreenstemming werklik iets beteken, is nie duidelik nie (cf. Guelich, 1989:297).

⇨ **Mark 5:27**

Markus berig dat die vrou van Jesus *gehoor (ἀκούω)* het.

Marcus ( 2000:358) wys daarop dat Jaïrus bevoorreg was om Jesus te kon sien (cf. 5:22), terwyl die vrou as gevolg van haar onrein status en gevolglike immobiliteit net van Hom kon gehoor het). Louw en Nida (1993:412) sê dié uitdrukking, in die semantiese domein van kommunikasie en semantiese subdomein van informasie / aankondiging / bekendmaking, beteken gewoon *to recieve information about something, normally by word of mouth.* Die siek vrou moes dus mondelinge verhale of getuienisse aangaande *(περί)* Jesus gehoor het wat verband gehou het met sy Goddelike krag om te genees. Daarom het sy Hom genader met haar probleem.

⇨ **Markus 5:29**

Ten spyte van die feit dat die *γάρ*-konstruksies (die *want*-verwante woorde) tipies aan die evangelie van Markus is, byvoorbeeld in Mark 1:16, 22 en 34, word die verduideliking in Mark 5:29 van die vrou wat gedink het dat sy deur die aanraking van Jesus se klere gesond sal word, as 'n lomp nagedagte van 'n latere redakteur van die evangelie beskou. Dié feit verminder egter nie die nadruk wat Markus plaas op die verband tussen die vrou se aanraking van Jesus se klere - in die verwagting dat Hy haar sál seën - en die vrou se erkenning van onmiddellike genesing nie (France, 2002:237).

Markus maak onomwonde 'n verklaring oor die toestand van die vrou nadat sy aan Jesus se klere geraak het. Dadelik het die *fontein van haar bloed opgedroog, en sy het aan haar liggaam bemerk dat sy van haar kwaal genees was* (cf. (Mark 5:29, Bybel, 1954). Guelich (1989:297) verwys na die moontlike betekenisvolle feit dat die uitdrukking in Mark 5:29: *fontein van haar bloed*, woordeliks ooreenstem met die Griekse vertaling van die Ou Testament (LXX) van Lev 12:7 (waar dit gaan oor die reinigingseremonie van 'n vrou na menstruasie) (cf. ook Marcus, 2000:359). Dit kan, sê hy, die vraag na vore bring oor die gevolge vir Jesus as 'n onreine aan Hóm geraak het. Dieselfde geld vir sý aanraking

van 'n onreine (cf. Mark 1:41). Guelich (1989:297) sê egter die feit dat Jesus se krag die bron van die onreinheid uitkanselleer, die vraagstuk irrelevant maak (cf. France, 2002:237).

Die vrou se aanraking van Jesus en haar onmiddellike genesing verteenwoordig 'n kern-element in die betrokke genesingsverhaal. In die opsomming van die genesingsverhale van Jesus, in Mark 3:10, *Hy het baie mense gesond gemaak, sodat almal wat die een of ander siekte gehad het, Hom oorval het om Hom aan te raak*, word ook daarna verwys as iets wat meermale sou voorgekom het.

⇨ **Markus 5:30**

Daar is navorsers wat die verhaal van die vrou met bloedvloeiing by Mark 5:29 laat eindig - en die oorblywende verse (30-34) sien as kommentaar van 'n latere redakteur op die genesingsverhaal. Guelich (1989:297) verwerp hierdie teorie op grond daarvan dat daar in die res van die verhaal geen rede op grond van vorm, styl of grammatika is wat so 'n gevolgtrekking kan ondersteun nie. As die gesprek wat vanaf Mark 5:30 plaasvind, uitgesny word, sal die verhaal 'n bepaalde fokus verloor en baie armer wees aan trefkrag en betekenis.

Jesus het onmiddellik geweet dat daar van Hom *krag* uitgegaan het (Mark 5:30). Hy draai om en vra wie aan sy klere geraak het. Hierdie opmerking van Jesus is baie betekenisvol met betrekking tot die uitleg en boodskap van die verhaal. Die rede hiervoor is die feit dat sy waarneming dat daar krag van Hom af uitgegaan het die oomblik toe die siek vrou aan Hom geraak het, die vrou se sterk verwagting/geloof om deur aanraking genees te word, baie sterk belig (cf. Brooks, 1991:96). Die verhaal fokus op die vrou se genesing deur geloof - en onderliggend aan die fisiese kontak *is a 'transaction' at a deeper level ... which takes the woman herself by surprise, when she finds out that what she had planned as a secret one-way contact proves to be two-way, and is thus brought into the open.* France (2002:237) verwerp ook 'n verklaring dat die vrou se genesing bloot die gevolg is van 'n outomatiese oordrag van krag van een liggaam na 'n ander liggaam deur aanraking (cf. Luk 6:19).

Die Griekse woord wat met *krag* vertaal word, is *δύναμις*. Louw en Nida (1993:680) omskryf *dunamis* as *the potentiality to exert force in performing some duties.* Jesus genees die vrou wat aan bloedvloeiing gely het - en Hom aangeraak het - deur sy goddelike krag te gebruik (cf. die belofte in Hand 1:8 dat die gelowiges, wanneer die Heilige Gees oor hulle kom, *krag* sal ontvang om sy getuies te wees). In die aanloop tot hierdie verhaal berig Markus oor Jesus se oorwinning oor natuurkragte (cf. Mark 4:41, *Jesus maak die storm* stil) en oor demone (cf. Mark 5:15, *Die besetene van Gerasa*).

In Markus 6:2 en 5 word verwys na Jesus se kragtige dade wat oral plaasvind. Dit kon egter vanweë die ongeloof van Nasaret nie in dié dorp plaasvind nie (cf. Bybel, 1954, wat Markus 6:5 soos volg vertaal, *En Hy kon daar geen krag doen nie, behalwe dat Hy 'n paar siekes die hande opgelê en hulle gesond gemaak het*, terwyl Bybel, 1983, *δύναμις* vertaal met *wonderwerk* in plaas van *krag*).

Mark 9:39 verwys na 'n *kragtige daad* wat iemand in Jesus se Naam gedoen het. Soos in Mark 5:30 verwys Mark 6:14 ook na die *krag* wat van Jesus af uitgaan, *the force which effects the mighty work* (Guelich, 1989:298). Die aard van die krag word nie omskryf nie, maar uit die konteks van die aangehaalde Skrifgedeeltes (oor die wonderwerke) wat plaasgevind het, kan aanvaar word dat dit bonatuurlik was.

Jesus verwys self in Mark 5:30 na die aanraking van sy klere wat gelei het tot die genesing van die vrou. In Mark 3:10 word melding gemaak van die feit dat Jesus, omdat Hy baie mense gesond gemaak het, oorval was van mense wat Hom wou aanraak. In Mark 6:56 word melding gemaak van die feit dat mense genees is deur net aan die soom van Jesus se kleed te raak. In Hand 5:15 en 19:12 word onderskeidelik melding gemaak van siekes wat gehoop het dat Petrus se skaduwee maar net op hulle kon val as hulle buite op draagbare en beddens neergelê is (cf. die wonderbaarlike dinge wat God deur Paulus gedoen het, byvoorbeeld deur die genesings deur doeke of voorskote wat aan sy lyf geraak het - en dan op siekes gelê is. Dié aksie het veroorsaak dat *hulle siektes verdwyn* het (cf. Hand 19:12; ook France, 2002:237).

⇨ **Markus 5:30b-33**

Die vrou het besef dat Jesus se navraag op haar gerig is aangesien sy onmiddellik kon agterkom dat sy genees is met die aanraking van sy klere. Haar geloof het haar nie in die steek gelaat nie. Sy het haar doel bereik. Dit laat haar van skrik bewe (vers 33). Volgens Marcus (2000:359) was dit natuurlik vir hierdie vrou om onder sulke omstandighede te skrik - om te skrik en bang te wees was egter ook 'n standaard Bybelse reaksie op 'n teofanie of Godsverskyning (cf. Gen 15:12 en 28:17). Hy verwys ook na Filip 2:12, *Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe*, wat die teenwoordigheid van God in die gemeente impliseer - en ook, soos in Mark 5:33, verband hou met verlossing. Toe het sy voor Hom op haar knieë kom val (*προσπίπτω / prospiptō*). Louw en Nida (1993:218) verklaar *προσπίπτω,* wat letterlik beteken om te struikel of per ongeluk voor iemand neer te val, as 'n aksie van om laag voor iemand neer te buig. Sy het vir Jesus haar *hele geskiedenis* (Bybel, 1983) of die *hele waarheid* (Bybel, 1954) vertel.

Letterlik beteken *ἀλήθεια* dat sy die hele waarheid aangaande haarself vertel het.

In 'n plegtige verklaring (Marcus, 2000:360) het sy het haar hart vir Jesus oopgemaak oor haar langdurige siekte, en oor haar vertroue op Hom nadat sy van Hom gehoor het. Jesus spreek haar aan as dogter (*θυγάτηρ*). Louw en Nida (1993:110) sê dit is 'n aanspreekvorm van toegeneentheid.

Du Rand (1993a:1464) sê dat sy as *dogter* nou deel geword het van Jesus se *geloofsgesin* (cf. Marcus, 2000:360, wat opmerk dat Markus se oorspronklike lesers dié opmerking dadelik sou verstaan het in terme van *the Christian community as a new family).*

⇨ **Markus 5:34**

Jesus sê vir die vrou wat genees is, drie dinge:

- ☐ Dat haar geloof haar gered het.
- ☐ Dat sy in vrede moet gaan.
- ☐ Dat sy vir goed van haar kwaal genees sal wees.

Jesus dring deur tot die kern van die saak. Sý vertel Hom Hom die hele waarheid oor haarself. Hý sê vir haar dat haar geloof haar gered (*σώζω*) het. Volgens Marcus (2000:360) kan haar geloof (πίστις), wat haar gered het, as 'n vaste vertroue omskryf word. Hierdie uitspraak van Jesus kom ook voor by die genesing van die blinde Bartimeus (cf. Mark 10:52). Verder is geloof as basis vir genesing ook ter sprake in Mark 2:5, 5:36 en 9:23-24 (cf. ook 4:40 en 11:22-24). Marcus (2000:238) maak die bewering dat geloof in hierdie verband meer wys op vertroue in Jesus se vermoë, as wat dit 'n aanduiding is van teologiese insig by die vrou met betrekking tot die identiteit van Jesus. Dit dra dan ook die gewig van die hele verhaal. Guelich (1989:299) sê dat dit die gesprek beslis tot sy klimaks bring. Louw en Nida (1993:376) omskryf *πίστις* as geloof *to the extent of complete trust and reliance.*

Die vrou het haar kroniese siektetoestand, met die ingrypende gevolge van godsdienstige onreinheid - wat haar selfs haar vryheid ontneem het om die heiligdom te betree - ten volle aan Jesus toevertrou. Sý het haarself op Hom verlaat en Hý het haar gered. Die Griekse werkwoord *σωζω* word oor die algemeen in Afrikaans vertaal met *redding*, soos byvoorbeeld in die betrokke perikoop van Mar 5:34. In vers 28 van dieselfde perikoop kom daar egter 'n uitsondering voor waar dit vertaal is met *gesondmaking.* In Bybel (2004) word 'n alternatief vir redding gebruik, *Dogter, jou geloof het jou gesond laat word.* Louw en Nida (1993:269) verklaar dan ook die Griekse werkwoord *σώζω* in die konteks van die betrokke perikoop van Markus 5, as gesondmaking - *to cause someone to become well again after having been sick - 'to heal, to cure, to make well, healing'.*

Hulle voeg by dat *σώζω* in sekere kontekste die addisionele implikasie kan hê om sulke persone van 'n siektetoestand te red. Die werkwoord kan volgens hulle ook verklaar word in 'n konteks soos Matt 14:28-31, waar Petrus Jesus versoek om hom van gevaar te red (verdrinking) en in veiligheid te bring (Louw en Nida, 1993:241). Laastens heg hulle aan *σωζω* die betekenis van godsdienstige of geestelike redding (*divine salvation,* Louw en Nida, 1993:242). In 1 Kor 1:21 word melding gemaak dat God in sy

goedheid besluit het om deur die prediking dié *te red wat glo.*

Jesus se eerste versoek aan die vrou wat genees is, is om *in vrede (εἰρήνη)* te gaan (5:34).

Louw en Nida (1993:247) sê dié term moet verstaan word in die sin van gunstige omstandighede wat vrede, kalmte en gemoedsrus tot gevolg het. Die opdrag aan die vrou om in vrede te gaan, hou baie meer in as die gewone Semitiese groet. France (2002:238) wys op die verband van dié woorde met byvoorbeeld 1 Sam 1:17, waar Eli vir Hanna seën met die woorde, *Wees gerus en gaan nou maar. Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het.* Guelich (1989:299-300) haal Schweizer aan wat die verklaring gee dat die vrou nie net weggaan met 'n gesonde liggaam nie, maar as iemand met 'n herstelde verhouding met God (cf. Marcus, 2000:361).

Die vrou wat deur Jesus gered is, tree 'n splinternuwe lewenshoedanigheid binne. Sy is voortaan altyd met vrede omgewe. Met 'n bevel bevestig Jesus haar genesing as Hy sê dat sy *vir goed* van haar kwaal genees moet wees. Haar foltering is verby. Haar vonnis is opgehef (cf. Marcus, 2000:361, wat verwys na 'n bevel van Jesus in Mark 9:25 dat 'n onrein gees nie weer moet terugkeer na die seun wat Hy genees het nie).

- **Basis-teoretiese afleiding**

Jesus red mense wat aan die einde van hul eie pad bereid is om Hom te vertrou om saam met hulle 'n nuwe pad te loop.

## 3.4 SAMEVATTING

Die mens se belewing van gekompliseerde trauma word aangrypend in Ps 22:2 uitgebeeld. Die mens se emosies lê oop in die Skrif en die rol van die psalms in dié verband is uniek as boek van menslike emosies.

Ps 22:22b, die kernvers van die psalm, verteenwoordig die tipiese struktuur van die klaaglied, naamlik van klag tot lof, en vervul die funksie van ‘n mens se aanspraak op God in ‘n situasie van nood en beproewing. God verbind Hom in heiligheid en trou aan sy volk. Hy verhoor gebede en verlos. So leer hy gelowiges om op Hom alleen te vertrou. Die Here kán vertrou word in lyding. Hy is die betroubare God wat uitkoms gee op sy tyd. Daarom is gebedsverhoring ook so onverwags. Dié skielike wending van klag tot lof in die klaagpsalms geskied sonder vermelding van rede.

Die klaagpsalms het in die erediens sy oorsprong en het verband gehou met die reddingsdade van God in die heilsgeskiedenis van die verbondsvolk. Sekerheid oor persoonlike redding is gebaseer op deelname aan die erediens en verlossing in die verlede. Redding lei tot lofprysing in die gemeente, en het wêreldwye implikasies. Gebed en smeking is die sleutel tot uitkoms.

Wag volhardend op die Here.

Die hoop wat aan die mens met gekompliseerde trauma verkondig word, het reeds gedeeltelik in Ps 22 ter sprake gekom. Die eksegese van Mark 5:25-34 belig egter vanuit die Nuwe Testament die inhoud van die hoop. Die verhaal van *Die vrou met die bloedvloeiing* in Mark 5:25-34 is 'n demonstrasie van die krag van God as teken van die koninkryk van God wat naby gekom het.

Die hoop as koninkryksgawe word aan die mens met gekompliseerde trauma verkondig. Mark 5:25-34 werp veral lig op die realisering van die koninkryk van God in die bediening van Jesus. Die kernverse van Mark 5:25-34 is verse 27 en 34. Die siek vrou het van Jesus gehoor en op grond daarvan gelowig aan sy klere geraak. Haar onmiddellike genesing word deur Jesus bevestig in sy verklaring dat haar geloof haar gered het. Hy gee aan haar genesing en vrede - en haar lewe terug.

In Jesus én in sy optrede het God se verlossende heerskappy 'n werklikheid geword. Die reaksie wat God van mense verwag, is dat hulle, as hulle die boodskap van sy koninkryk wat naby gekom het, hoor, hul hele lewe moet heroriënteer in die lig van die goeie nuus. Die vrou het haar hele donker verlede van lyding en beproewing aan Jesus oorgegee. Sy raak Jesus aan in vertroue dat Hy red (genees). Jesus bevestig haar geloof. Hy red haar inderdaad, deur sy krag.

Mense moet glo. God red 'n vrou wat in vertroue na Jesus toe gekom het. Hy maak haar gesond en gee haar lewe vir haar terug. Hy stuur haar weg in vrede, met die opdrag om voluit te gaan leef sonder enige van die fisiese belemmerings van die verlede.

Hy stuur haar weg in 'n herstelde verhouding met God.

So tree sy 'n splinternuwe lewenshoedanigheid binne. Jesus red hulle wat aan die einde van hulle pad bereid is om Hom te vertrou om saam met Hom 'n nuwe toekomspad te loop.

# HOOFSTUK 4

# BASIS-TEORETIESE BERADINGSPERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA

## 4.1 INLEIDING

Die mens worstel met basiese lewensvraagstukke as gevolg van die sonde. Romeine 5:12 berig dat die sonde in die wêreld gekom het deur een mens en deur die sonde die dood, en die dood so tot alle mense deurgedring het, omdat almal gesondig het. In die onderhawige studie word aandag gegee aan persone met gekompliseerde trauma as vorm van nood.

As Paulus in Rom 7:24-25 sug dat hy 'n *ellendige mens* is, en vra wie hom sal verlos *van hierdie doodsbestaan, dan jubel hy*:

*Aan God die dank!*

*Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here.*

Daarom kan Paulus ook getuig dat die Heilige Gees saam met sy gees getuig dat hy 'n kind van God is (Rom 8:16). Gelowiges is gered, en het nou die hoop in Christus. Die Heilige Gees tree vir gelowiges in by God - en Paulus skryf in Rom 8:28 dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet (cf. Rom 8:24, 26-28). Daarom vermaan hy die gelowiges om hulself op die proef te stel en te ondersoek of hulle in die geloof lewe. Christus Jesus leef in hulle, en hy versoek hulle gevolglik om te streef na *geestelike volwassenheid* (2 Kor 13:5,11). Die pastoraat wil dan déúr die kommunikasie van die evangelie die mens se lewensvraagstukke of eksistensiële nood van angs, skuld, skuldgevoelens, wanhoop en sinloosheid sinvol aanspreek.

Pastorale berading het dan basies te doen met die beleid en prosedures van die pastorale ontmoeting, terwyl die pastorale terapie spesifiek te doen het met die toepassing van geloofsbronne, die effek van Skrifgebruik en die uitwerking van gebed. Hierdie effek word as *heilsterapie* beskryf via die *vervulde Skrifbeloftes en gerugsteun deur die trou van God* (Louw, 1999:13).

Spesiale aandag word vervolgens in hierdie hoofstuk gegee aan die beleid en prosedures van die

pastorale ontmoeting vanuit die perspektief van die lydenspastoraat, die verhalende pastoraat en die gees-gesentreerde gespreksbenadering.

## 4.2 DOELSTELLING VAN HOOFSTUK 4

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om sekere basisteoretiese beradingsperspektiewe met betrekking tot die mens se belewing van gekompliseerde trauma uit die Skrif na te vors. Eerstens sal aandag gegee word aan begripsverheldering met betrekking tot pastorale berading, pastorale terapie, Christelike spiritualiteit en pastorale probleme, met dan besondere verwysing na gekompliseerde trauma. Tweedens sal uitvoerig stilgestaan word by verskillende aspekte van die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma, soos veral belig vanuit 1 Tessalonisense 5:14 asook aanverwante Skrifgedeeltes. Derdens sal gefokus word op verskillende pastorale benaderings, soos pastorale dialoog, lydenspastoraat, verhalende pastoraat en die gees-gesentreerde gespreksbenadering van Larry Crabb.

Die basis-teoretiese beradingsperspektiewe in hierdie hoofstuk sal saam met basis-teoretiese perspektiewe soos afgelei uit die eksegetiese studie (hoofstuk 2), in hermeneutiese samehang met die meta-teoretiese perspektiewe (hoofstuk 5) asook die empiriese navorsing (hoofstuk 6) as basiese uitgangspunte geneem word vir die formulering van riglyne vir 'n praktykgerigte model van pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma (hoofstuk 7).

## 4.3 BASIESE UITGANGSPUNTE

### 4.3.1 Pastorale berading

Pastorale berading word omskryf as 'n probleemgesentreerde asook gestruktureerde vorm van professionele pastorale versorging en hulpverlening deur 'n pastorale berader wat binne 'n helpende verhouding van wedersydse vertroue beoog om konstruktiewe beïnvloeding, verandering, insig, groei en herstel/vernuwing/heling in Christus teweeg te bring. Dit vind plaas deur 'n reeks kontakte en gestruktureerde onderhoude, response en houdinge.

Binne 'n spesifieke oorhoofse pastorale sorgdoelwit van geloofsontwikkeling en die bou van 'n Christelike spiritualiteit op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus, soos geopenbaar in die Heilige Skrif, word konstruktiewe geloofsgroei en sinsontdekking in Christus as primêre doelwit

nagestreef, en wel met die oog op die ontsluiting en/of ontwikkeling van die kwaliteit van beradenes se menswees en bemagtiging om self spesifieke persoonlike probleme te hanteer en op te los (cf. Louw, 1999:3; 231-335; 305; 308-310; 426-427; Venter, 1996:118-128; Venter, 1988:32-34; Firet, 1977:23-53; Heitink, 1992:284-311).

### 4.3.2 Christelike spiritualiteit

Christelike spiritualiteit verwys na 'n baie spesifieke tipe van Godsbewussyn of Godservaring wat sowel gemeenskap met God in Christus (geloofsgroei) as barmhartigheid insluit (Louw, 1999:20; 231-234; cf. Smit, 1988:182-193). W.D. Jonker, soos aangehaal deur Louw (1999:231), se beklemtoning van Gereformeerde vroomheid as 'n *lewe uit die genade van God*, beteken dat daar nie 'n waterdigte skeiding hoef te bestaan tussen Christelike en Gereformeerde spiritualiteit nie.

### 4.3.3 Pastorale probleme

Die pastoraat is gekoppel aan die teenwoordigheid van God in die wêreld (cf. Ps 84:4 en Rom 8:16) én aan mense se daaglikse omgangservaringe met God (cf. Ps 22:2). Daarom word die pastoraat dan ook omskryf as 'n hermeneutiese aangeleentheid rakende die kombinasie geloofstaal oor God en mense se daaglikse lewenservaring rakende die vraagstuk na sin (Louw, 1999:3).

Pastorale berading hanteer dan persone wat aanmeld se eksistensiële behoeftes of radikale emosies en ervarings, wat hulle alledaagse bestaan sodanig onderbreek dat hulle wil uitroep: *'O my God'* (aanhaling in Louw, 1999:3, uit 'n werk van Theodore Jennings). Hierdie radikale emosies en ervarings is wanhoop, vrees, bedreiging, angs en verwerping.

Gekompliseerde trauma of *uitsiglose situasies,* waarvan gelowiges nie gespaar bly nie (Louw & Bosman, 2005:180), draai dan basies rondom drie emosies/ervarings:

- Mense se *angs* vir isolasie, verwerping en die dood.
- Mense se ervaring van *skuld* en skuldgevoelens.
- Mense se *wanhoop/vertwyfeling*: mense se besef van eindigheid, nietigheid, sinloosheid en magteloosheid - wat aanleiding gee tot die soeke na sin in die lewe.

Vyf basiese situasies gee volgens Louw & Bosman (2005:180) aanleiding tot die ervaring van lyding - en die vraag na die sin en bestemming van die lewe:

- *Verlies* van eiendom, ander mense en eer.

- *Siektetoestande.*

- *Geweld*, wat konflik binne eie familie- en vriendekring, maar ook met vyande insluit.

- *Vrees* vir demone en/of vir God, en 'n mens se eie skuld en God se apatie.

- *Mislukking*.

In die aanmelding van persoonlike probleme by pastorale beraders, word die persoon wat die kommunikatiewe handelinge bedien (beraders), beleef as die verteenwoordiger van die Vertikale (Venter, 1996:107) - en is die persoonlike probleme dus enige denkbare ervaring/situasie in hulle daaglikse leefwêreld wat vir húlle nie ooreenstem met hulle Godsvoorstellings nie - en word intens beleef in situasies van langdurige en herhaalde trauma. Persone se eksistensiële of bestaansprobleme laat hulle dan sug en kla oor die sinloosheid en die hoop-loosheid van die lewe (Louw, 1999:3-4) in die taal van Ps 22:2a en 16b:

*My God, my God,*
*waarom het U my verlaat ...*
*U laat my lê asof ek dood is.*

Anthonissen (2005:145-152) verwys na mense wat leef *onder 'n swart son*. Daarmee verwys hy na mense met onopgeloste woede oor innerlike potensiaal wat nie verwesentlik is nie. Hy verkies steeds die beskrywing van Sigmund Freud wat verwys na die *melankoliese mens* wat nie in staat is om die woede, haat en frustrasie weens die aantasting van hulle selfwaarde te verwerk nie (Anthonissen, 2005:148). Volgens hom is melankolie vernietigende, onderdrukte woede wat na binne gekeer word. Melankoliese mense val hulleself aan - omdat hulle vir hulleself kwaad is.

Verskuilde woede en onbewuste vyandskap lê aan die wortel van 'n melankoliese houding.

Dit is *mense met 'n diep selfveragting*. Selfs die son lyk vir hulle triestig en melankolies. Hulle voel soos *'n nul op 'n kontrak*; hulle walg aan hulleself; hulle kan hulle eie leefstyl nie aanvaar nie, maar is magteloos om iets daaraan te doen. Soveel selftwyfel veroorsaak vanselfsprekend 'n verlies aan wilskrag (Anthonissen, 2005:149). Hulle worstel met onverwerkte verliese, hoewel hulle nooit daaroor getreur het nie. Sommige van die verliese kom uit die verre verlede, baie kere uit die ouerhuis. Hulle blameer ander vir dít wat die resultaat is van hulle eie onverwerkte verliese en pyn: Hulle blameer God, of hulle ouers, of ander mense, of die sogenaamde onregverdige lewe (Anthonissen, 2005:152; cf. ook, in die metateorie-hoofstuk, die beskrywing van Herman, 2001:115-119, paragraaf 4.1.1: 172, van die kronies

getraumatiseerde persoon se *apparant helplessness and passivity, her entrapment in the past, her intractable depression and somatic complaints, and her smoldering anger*).

Seksuele molestering van kinders is 'n reuseprobleem in die Suid-Afrikaanse samelewing, 'n euwel wat eerder toeneem as afneem, en tot onlangs 'n taboe-onderwerp waaroor daar weinig gepraat is. Roos (2005:11) rapporteer dat uit 'n reeks groepterapiesessies met ses vroue oor onder andere eensaamheid, depressie, spanning by die werk, huweliksprobleme en interpersoonlike probleme, dit eers in die sewende gesprek geblyk het dat vyf van dié vroue as kind seksueel gemolesteer is - en dat dié gebeure die gemeenskaplike faktor in hulle gesprekke was (cf. ook Herman, 2001:119, soos bespreek in hoofstuk 4 van die onderhawige studie, paragraaf 4.1.1: 172, se bevinding oor, wat sy noem, die *chronically unhappy people*: meestal slagoffers van gekompliseerde trauma, maar wat verkeerd gediagnoseer word omdat hulle trauma-geskiedenis geïgnoreer word).

Volgens Roos (2005:17), is die doeltreffendste manier waarop hierdie probleem in die Suid-Afrikaanse samelewing teengewerk kan word, deur behoorlike voorligting en bemagtiging van kinders (Roos, 2005:18). Dit kan ook in en deur die kerk geskied wat daagliks met verbondsgesinne - en verbondskinders - werk. In die meeste gevalle is dit die persoon wat die kind moet beskerm wat die molesteerder is. Dit is veral traumaties as dit 'n ouer is, want dan word die mees basiese vertrouensverhouding, die natuurlike band, aangetas. Die woord "huis" word geassosieer met veiligheid, maar waarheen moet die kind vlug *as die gevaar die gesin is?* (Roos, 2005:13). Die kerk kan nie 'n pastorale probleem wat soos 'n kanker die gesinslewe bedreig, ignoreer nie. Die gevaar van geheimhouding is egter wesentlik in dié gesinne, *want hoe nader die familie-verwantskap tussen molesteerder en die kind, hoe groter is die kans dat dit geheim gehou sal word, en, meer skrikwekkend, dat dit sal voortduur* (Roos, 2005:14).

Seksuele molestering kan omskryf word as 'n persoonlike, subjektiewe ervaring van "gebruik word", die skending van privaatheid en persoonlike regte. Dit impliseer dat die mens van God as 'n "objek" gesien en behandel word - en dat persoonlike Godgegewe grense op so 'n manier oortree word deur 'n oortreder. Die menswees en selfrespek van die slagoffer word aangetas. Hy word misbruik, sy regte word geïgnoreer en toepaslike grense van toelaatbare intimiteit word oortree. Dit kan enige vorm van seksuele uitbuiting wees: van onwelvoeglike voorstelle of insinuasies, gesprekke met seksuele ondertone tot betasting, verkragting en rituele marteling. Die kind is gewoonlik magteloos vanweë sy ouderdom of posisie in die gesin, en die molestering geskied sonder sy toestemming. Dit word afgedwing omdat hy nie volwasse genoeg is of in 'n posisie is om 'n vrye en verantwoordelike keuse te maak nie (cf.Roos, 2005:12).

Anders as fisieke en emosionele mishandeling, wat gewoonlik in die teenwoordigheid van ander plaasvind (byvoorbeeld fisieke geweld teen 'n eggenoot(e) wat voor die kinders plaasvind) en deel word

van die sigbare, eksplisiete familiegeskiedenis, bly seksuele molestering geheim tot jare nadat dit nie meer plaasvind nie (cf. Roos, 2005:12).

Geweld en mishandeling kom dan toenemend in ouerhuise voor (Collins, 2005:340). Dit is ook moontlik dat gemeenskappe, ook die kerklike gemeenskap, nou eers in 'n oop samelewing begin bewus raak van 'n wydverspreide probleem soos kindermishandeling, seksuele molestering en geweld teen kinders, asook geweld en seksuele molestering en verkragting van vroue in huishoudings, wat bloot in die verlede geïgnoreer is (Collins, 2005:340-41). Hy wys verder daarop dat daar 'n stadium was dat gelowiges al hierdie dinge afgemaak het as iets wat baie selde in Christenhuise voorkom, maar dat dit in die derde millennium 'n probleem word waarmee pastorale beraders toenemend te doen gaan kry omdat mense al hoe meer in 'n postmoderne samelewing bereid is om na vore te kom om oor hulle ervaring as slagoffers van mishandeling te praat.

Suid-Afrika self is 'n buitengewoon geweldadige gemeenskap - en 'n land waarin die insidensie van misdaad en geweld beduidend hoër is as die wêreldgemiddelde (cf. Robertson & Donaldson, 1997:1, wat verwys na 'n publikasie van die bankgroep: Nedcor, waarin hulle na Suid-Afrika verwys as '*... probably the most murderous society(s) on earth, even with probable under reporting*'). Dit is relatief moeilik om akkurate statistieke op te spoor oor gesinsgeweld in Suid-Afrika aangesien dit nie in polisiestatistieke onder 'n afsonderlike kategorie gepubliseer word nie. Dit word geïntegreer met ander misdade, soos gewone aanranding, aanranding om ernstig te beseer en soortgelyke kategorieë. Navorsing van die Centre for the Study of Violence and Reconciliation (CSVR), soos aangehaal deur Robertson & Donaldson (1997:2), toon egter aan dat tot soveel as 60% van huishoudings ("marital relationships") in Suid-Afrika betrokke is by mishandeling, en dat 1 uit 4 vroue mishandel word - wat verkragting en seksuele aanranding insluit. Daar word in hierdie verslag ook verwys na 'n afsonderlike studie oor geweld teen vroue wat aantoon dat daar tussen 1993-1994 één vrou per dág in Gauteng deur haar eggenoot/saamleefmaat om die lewe gebring is. Dit is 'n verbysterende en belangwekkende statistiek *especially if one considers this in relation to the child survivors of these grotesque deeds*. Volgens die statistieke van die Suid-Afrikaanse Polisie Diens (SAPD) vir 1 April 2004-31 Maart 2005 (Verslag, 2005) is meer as 625 772 vroue en kinders in hierdie tydperk in Suid-Afrika vermoor, verkrag, aangerand met die doel om ernstig te beseer en onsedelik aangerand. Dit verteenwoordig 60% van álle geweldsmisdaad in die land. Die verslag rapporteer dat 2,612 vroue en 1,128 kinders in bogenoemde tydperk vermoor is; 32,628 vroue en 22,486 kinders verkrag is; 239,892 vroue en 55,796 kinders ernstig aangerand is; en dat 3,907 vroue en 4,829 kinders onsedelik aangerand is.

Die feit dat 60% van alle geweldsmisdaad wat in Suid-Afrika aangemeld is, verband hou met aanvalle op vroue en kinders (Verslag, 2005; cf. ook Rapport, 2005) beteken dat statisties gesproke, vroue en kinders die kwesbaarste groep in die land is vir trauma-verwante insidente. By navrae het 'n navorser verbonde aan die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS) gesê dat daar rekening gehou moet word met die

kumulatiewe effek van misdaad teen vroue en kinders: elke jaar word nóg slagoffers gevoeg by die groep misdaadslagoffers van vorige jare: *Dit beteken die gedeelte van die bevolking wat deur misdaad geraak is, word jaarliks groter* (Rapport, 2005). In die praktyk beteken dit dat vroue en kinders wat fisies en emosioneel seergekry het, jaarliks vermeerder. Gemeenskapsorganisasies soos skole en kerke sal dié dinamiek wat deel is van die Suid-Afrikaande samelewing nie kan miskyk nie.

As in ag geneem word dat 'n groot deel van die Suid-Afrikaanse bevolking hulleself as Christene sien (cf. Hanekom, 2004), kan aangeneem word dat gekompliseerde trauma nie 'n vreemde verskynsel kan wees binne kerkgemeenskappe in Suid-Afrika nie. Hierdie aspek behoort gevolglik daadwerklik groter aandag te kry binne die algemene pastorale versorging van die onderskeie kerke:

> *As ons die nood rondom ons sien, weet ons dat 'n deel van ons roeping duidelik is* (Hanekom, 2004).

### 4.3.4 Pastorale dialoog en die bou van Christelike gemeenskap

Pastorale berading het as gesprek nie bloot die bedoeling dat die berader vanuit sý professionele hoek aangehoor moet word en die beradene vanuit sý hoek vrae moet beantwoord nie (cf. Anderson, 1997:134, wat byvoorbeeld verwys na die deskundigheid van die berader wat hom in staat stel om aan die hand van teoretiese konsepte of narratiewe waaroor hy al by voorbaat beskik, die kliënt se ervarings te verstaan en te stuur). Dit gaan ten diepste in die pastorale beraad en gespreksterapie oor die verhouding of koinonia wat twee mense met mekaar het met die oog op die '*verstaan*' en die '*ontsluiting*' van mekaar tot egte '*humaniteit*' (Louw (1999:308).

Dames (2005:369) beroep hom op Pieterse (1994:57-87) vir 'n keuse ten gunste van die "dialogiese kommunikasieteorie", want die kommunikatiewe handelinge in diens van die evangelie is altyd interpersoonlik, in 'n interaksiesituasie en met dialoog as grondtrek. Pieterse (1994:58) beskou dialogiese kommunikasie as die ideale kommunikasiesituasie. Dames (2005:369) sê dat pastorale dialoog essensieel is vir die bou van Christelike gemeenskap en in die vorming van gewone menslike gemeenskappe:

- Dit is dinamies, geskied in die vorm van 'n spiraal, geskied gelyktydig, vind binne verhoudinge plaas - en is gerig op verandering in terme van die ideale koninkrykstoestand. Spreker (pastorale berader), hoorder (beradene) en die onderwerp (probleem) is gelyktydig transaksioneel met dialoog besig.

Die dialogiese kommunikasieteorie is daarop gebaseer dat Christene se kommunikasie oor hulle geloof gefundeer is in God se kommunikasie met mense in die openbaring wat in die Bybel aan ons oorgelewer is. Die kriteria vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma behoort gevolglik as

pastorale gespreksterapie aan sekere ideale koninkrykswaardes te voldoen (Pieterse, 1994:55-56):

- 'n Nie-outoritêre kommunikasie.
- 'n Onvoorwaardelike vryheid by deelnemers.
- 'n Onvoorwaardelike aanvaarding van die ander se reg op 'n outentieke bestaan.
- 'n Benadering van die mens as mens van God.
- Die verkondiging van hoop.

Dames (2005:369) sê verder dat "anti-dialogiese" situasies net vermy kan word deur 'n *fundamentele verbondenheid* te bevorder wat daarop ingestel is om iets gemeenskapliks met mekaar te deel (cf. Scholtz, 2005:145; Firet, 1977:315).

Een van die mees wesentlike ervarings van persone met gekompliseerde trauma is byvoorbeeld ontmagtiging en die losmaking/isolasie/vervreemding van ander persone (cf. die ervaring van die mens in nood in Ps 22:1-3, wat in die metateorie deur Herman, 2001:133 bevestig word). Herstel word dus gebaseer op die beginsel van bemagtiging van die slagoffer en die aangaan van nuwe verhoudings (cf. Ps 22:23-27, waar die digter in koinonia met God en medegelowiges weer sy vreugde gevind het).

Herhaalde trauma in die volwasse lewe erodeer die struktuur van die gevestigde persoonlikheid, maar herhaalde trauma in die kindertyd vorm en vervorm die persoonlikheid. 'n Slagoffer *must find a way to preserve a sense of trust in people ... within the context of relationships* (Wieland, 1997:6-51; cf. Herman, 2001:133). 'n Genesende verhouding waarbinne 'n persoon met gekompliseerde trauma 'n medemens in Christus kan ontmoet - en in onderlinge Christelike gemeenskap kan groei in Christus en sy eie humaniteit weer herontdek, kán deur pastorale berading bewerkstellig word indien die berader, die beradene en die onderwerp *gelyktydig transaksioneel met dialoog besig is* (Dames, 2005:369).

Dames (2005:368) pleit byvoorbeeld vir pastorale dialoog as metodologie vir die werk van die kerk met "gangsters" op die Kaapse vlakte, 'n subkultuur vasgevang in bepaalde sosio-politieke en ekonomiese omstandighede wat 'n '*oorheersende en verlammende effek' op die leefwêreld van mense het*. Hierdie '*kolonisering*' van mense, wat hulle vryheid en solidariteit bedreig (Dames, 2005:368), kan lei tot 'n sindroom van gekompliseerde trauma wat oor tyd ontwikkel as gevolg van 'n spektrum van posttraumatiese versteurings wat volg op intense, langdurige en herhaalde trauma – in 'n sekere sin die gevolg van 'n staat van "kolonisering" (of gevangenskap) van mense oor meer as een geslag.

### 4.3.5 'n Herbeskrywing vanuit 'n narratiewe benadering

Scholtz (2005:141-142) vra vir 'n vierde benadering in pastorale berading/dialoog náás die kerugmatiese pastoraat, die terapeutiese beraad (die deelnemende beraad) en die kommunikatiewe pastoraat. Hy pleit naamlik vir 'n benadering in pastorale beraad waar daar, in gesprek, met verhale omgegaan word. In dié alternatiewe benadering is die pastorale berader en die beradene (*gespreksgenoot*) in 'n verhalende proses betrokke: *die vertel en formuleer van verhale met die oog op 'n hoopvolle toekoms vir die gespreksgenoot* (cf. Müller (2005:25-39). 'n Wegbeweeg van enige vorm van (pastorale) terapie word bepleit, asook van die (pastorale) berader as *ekspert*. Müller (2000:17) gee ook nie voorkeur aan enige spesifieke inhoude wat in die gesprek behoort te funksioneer nie (die sogenaamde *not-knowing position*).

Dié benadering kom daarop neer dat die gespreksgenoot (beradene) na die gespreksituasie kom met sy verhaal. Die pastorale berader luister goed na die verhaal om tot verstaan te kom - en gee aan die gehoorde betekenis. Hy moet ook egter die uitsig op God oophou vir die gespreksgenoot. Hy gee daarom getuienisse van mense se ervaringe van God se openbaring (Bybelverhale). Hy moet na *twee kante toe* uitlêer wees: na die kant van die gespreksgenoot se verhaal, en na die kant van God toe. Hierdie proses laat 'n nuwe toekomsverhaal ontwikkel - wat nie van een van die gespreksgenote afkomstig is nie - *maar 'n ko-konstruksie vanuit die gesprek is* (Scholtz, 2005:148).

### 4.3.6 Gespesialiseerde pastorale bediening

Gespesialiseerde pastorale bediening is 'n bediening in die naam van Jesus Christus van een persoon wat 'n ander persoon help om sy probleme te herken, te verstaan en met die nodige insig self op te los in ooreenstemming met die Woord van God (Minirth & Byrd, 1994:25). 'n Pastorale spesialis is dus binne dié verwysingsraamwerk basies 'n Christenhelper wat te doen het met pastoraal-professionele hulp aan enkelinge, lewensmaats, gesinne en groepe mense wat hulp soek om die druk en krisisse van die lewe te hanteer (cf. Collins, 2005:3).

Louw (1999:3) omskryf gespesialiseerde pastorale bediening as 'n pastorale ontmoeting waarin dit ten diepste gaan om ons *menslike situasie te deurdink en te verstaan in terme van daardie geloofstaal: God is hier en ek kan op Hom vertrou.* Dit wil basies bemoediging en leiding verskaf aan mense wat verliese en teleurstellings in die gesig staar, en wat probleemoplossende besluite moet neem om hul lewens weer aan die gang te kry.

Tradisioneel is die gespesialiseerde pastorale bediening gesien as die werk van geordende ampsdraers van die Christelike kerke. Gespreksterapie behoort egter in 'n sekere sin deel van elke Christen se roeping te wees omdat gelowiges 'n naaste is van elkeen wat op die lewenspad op sy/haar hulp

aangewese is. Dit is dan ook tipies van die universele boodskap van Christus se verlossing en die werk van die Heilige Gees dat gespesialiseerde pastorale berading, wat pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma insluit, nie beperk is tot lidmate van gemeentes of Christene nie. Dit is oop vir almal wat by 'n pastorale berader aanmeld vir hulp (cf. Anderson, *et al.*, 2000:62-84).

### 4.3.7 Gevolgtrekking

Pastorale berading word omskryf as 'n meer probleemgesentreerde asook gestruktureerde vorm van professionele pastorale versorging en hulpverlening waar 'n pastorale berader binne 'n helpende verhouding van wedersydse vertroue beoog om konstruktiewe beïnvloeding, verandering, insig, groei en herstel/vernuwing/heling in Christus teweeg te bring deur 'n reeks van kontakte en gestruktureerde onderhoude, response en houdinge. Konstruktiewe geloofsgroei en sinsontdekking in Christus word as primêre doelwit nagestreef met die oog op die ontsluiting en/of ontwikkeling van die kwaliteit van beradenes se menswees en bemagtiging om self spesifieke persoonlike probleme te hanteer en op te los. Pastorale berading is dus, soos die pastorale gesprek, ingestel op 'n spesifieke oorhoofse pastorale doelwit van geloofsontwikkeling en die bou van 'n Christelike spiritualiteit op grond van die versoeningswerk van Jesus Christus, soos geopenbaar in die Heilige Skrif.

Christelike spiritualiteit verwys dan na 'n baie spesifieke tipe van Godsbewussyn of Godservaring wat sowel gemeenskap met God in Christus (geloofsgroei) as barmhartigheid insluit.

Persone wat aanmeld vir pastorale berading van gekompliseerde trauma word in die konteks van "pastorale probleme" hanteer: dit is situasies in hulle leefwêreld wat nie kongruent is met hulle Godsvoorstellings nie – dit sluit ook in radikale "eksistensiële" emosies en ervarings soos wanhoop, terneergedruktheid, bedreiging, angs, verwerping, sinloosheid, skuld en haat.

In die onderhawige studie word pastorale berading met persone met gekompliseerde trauma ondersoek. Gekompliseerde trauma word omskryf as 'n ingewikkelde sindroom wat verband hou met 'n spektrum van posttraumatiese versteurings wat volg op intense, langdurige en herhaalde trauma.

Suid-Afrika is 'n buitengewoon geweldadige gemeenskap en gekompliseerde trauma, wat heel dikwels aan die orde is by aspekte soos gesinsgeweld, kindermishandeling en molestering, is onvermydelik op die agenda van elke kerkgemeenskap.

Pastorale dialoog is essensieel vir die bou van Christelike gemeenskap en ook ten opsigte van die vorming van gewone menslike gemeenskappe. Dit is dinamies, geskied in die vorm van 'n spiraal, geskied gelyktydig, vind binne verhoudinge plaas en is gerig op verandering in terme van die ideale

Koninkrykstoestand. Spreker (pastorale berader), hoorder (beradene) en die onderwerp (probleem) is gelyktydig transaksioneel met dialoog besig. Dialoog geskied altyd binne 'n bepaalde konteks en teen die agtergrond van bepaalde faktore (soos byvoorbeeld opvoeding, kultuur, godsdiens, geslag en ouderdom) van elke deelnemer. Die dialogiese kommunikasieteorie wat funksioneer in 'n evangeliese klimaat of pastorale veronderstelling van fundamentele verbondenheid wat daarop ingestel is om iets gemeenskapliks met mekaar te deel, word gesien as deel van die uiteindelike oplossing vir gekompliseerde trauma.

'n Herbeskrywing van die pastoraat vanuit 'n narratiewe benadering vra dat daar in die pastorale gesprek en berading met verhale omgegaan word - 'n proses wat 'n nuwe toekomsverhaal laat ontwikkel as 'n ko-konstruksie vanuit die gesprek tussen die berader en die gespreksgenoot.

Gespesialiseerde pastorale bediening is 'n bediening in die naam van Jesus Christus van een persoon wat 'n ander persoon help om sy probleme te herken, te verstaan en met die nodige insig self op te los in ooreenstemming met die Woord van God. 'n Pastorale spesialis is dus binne dié verwysingsraamwerk basies 'n Christenhelper wat te doen het met pastoraal-professionele hulp aan enkelinge, lewensmaats, gesinne en groepe mense wat hulp soek om die druk en krisisse van die lewe te hanteer.

Dit wil basies bemoediging en leiding verskaf aan mense wat verliese en teleurstellings in die gesig staar, en wat probleemoplossende besluite moet neem om hul lewens weer aan die gang te kry.

## 4.4 DIE SKRIF EN ASPEKTE VAN PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA

### 4.4.1 Inleiding

Pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma bou, naas meta-teoretiese kennis en kundigheid, op die vaste fondament van die bediening van Jesus Christus (Collins, 2005:5). Daarom bly die Skrif die kenbron met betrekking tot dié bediening, asook met betrekking tot die eer van God ten opsigte van die beroep van pastorale beraders. Die doel van hierdie onderafdeling is dan om, na aanleiding van 1 Tess 5:14, verskillende Griekse terme in die Nuwe Testament wat leiding gee oor pastorale berading aan persone met gekompliseerde trauma aan die orde te stel (cf. Anderson, *et al.*, 2000:62-84:145).

Dié betrokke terme sal in die konteks waarin hulle voorkom, ontleed word, en daar sal dan gepoog word om uit dié gegewens hulle toepaslikheid vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma vas te stel.

### 4.4.2 Toepaslike Skrifgedeeltes

#### 4.4.2.1 Inleiding

1 Tessalonisense 5:14, 'n tipiese "beradingsteks" (Minirth & Byrd, 1994:31), gebruik vyf van die belangrikste Griekse werkwoorde wat kernaspekte van pastorale berading belig:

*Ons druk julle dit op die hart, broers:*
*Wys die leeglêers onder julle tereg,*
*praat die kleinmoediges moed in,*
*help die swakkes,*
*wees met almal geduldig.*

Paulus roep die gemeente op om nie pastorale berading te verwaarloos nie, en wys op ten minste drie tipiese persoonlike probleme van mense in die Christelike gemeenskap: die *leeglêers* (die onordelikes, lg. in Bybel, 1954), die *kleinmoediges* en die *swakkes*. Dienooreenkomstig versoek hy die gelowiges om die leeglêers tereg te wys of te vermaan (lg. in Bybel, 1954), die kleinmoediges moed in te praat of te bemoedig (lg. in Bybel, 1954) en die swakkes te help of te ondersteun (lg. in Bybel, 1954).

Boonop moet hulle met almal *geduldig* (*lankmoedig*: Bybel, 1954) wees.

Die breër raamwerk van 1 Tess 5:1-28, waarvan Paulus se oproep tot pastorale berading 'n onderafdeling is, het besliste implikasies vir pastorale berading. Dit handel oor die *wederkoms van die Here* en *laaste opdragte* aan die gemeente en riglyne om te leef soos God dit wil hê.

Die laaste opdragte word verdeel in twee hoofgedeeltes: *onderlinge verhoudings* en *daaglikse innerlike houding* of basiese lewenshouding van die gelowige(s) (J van Rensburg, 1993c:1869).

In Christus moet gelowiges streef na en groei in geloofsvolwassenheid. Paulus se oproep tot onderlinge pastorale berading is dus met die oog op geestelike volwassenheid en spiritualiteit.

Barton *et al.* (2001:909) wys veral op die rol van blydskap (1 Tess 5:16) en dankbaarheid (in alle omstandighede, cf. 1 Tess 5:18) in geestelike ewewigtigheid en volwassenheid:

> *True joy transcends the rolling waves of circumstance. Joy comes from a consistent relationship with Jesus Christ. When believers' lives are intertwined with Christ, He will help them to walk through adversity without sinking into debilitating lows and to manage prosperity without moving to deceptive heights.*

- **Gekompliseerde trauma**

In die lig van Jesus se uitnodiging in Matt 11:28 dat almal wat vermoeid en belas is, na Hom toe moet kom, en Hy sal hulle rus gee, kan die gevolgtrekking gemaak word dat al die beloftes van God wat verbind word met pastorale berading in 1 Tess 5:14 (in die konteks van hoofstuk 5:1-28, en die ander toepaslike Skrifgedeeltes wat in dié afdeling ondersoek sal word), óók van toepassing sal wees op persone met gekompliseerde trauma. Jesus se uitnodiging is terselfdertyd 'n belofte dat Hy die ware Verlosser is van elkéén wat op Hom vertrou, óók in elke beradingsituasie:

- ☐ Elkeen wat hulle lewens aan Hom toevertrou in geloof *will find refreshment in their renewed relationship with Him, freedom from guilt over sin, deliverance from fear and despair, and the promise of continued help and guidance from the Holy Spirit* (Barton *et al.*, 2001:55).

### 4.4.2.2 Die eerste term: *παρακαλέω*

**Inleiding**

Die eerste belangrike Griekse term wat in hierdie teksgedeelte gebruik word, is *παρακαλέω*, wat volgens Louw & Nida (1993:388-389) 'n tipiese "kommunikasie-werkwoord" is, en wat deur Paulus gebruik word om die gemeente te versoek om mekaar met pastorale berading te bedien.

Berading is dus nié vir die kerk 'n terloopse óf opsionele saak nie.

Deur die werkwoord *παρακαλέω* te gebruik, druk Paulus pastorale berading op die gelowiges se hart. Hy vra ernstig dat dié praktyk in volle swang sal wees in die Christelike gemeenskap. Die gelowiges moet dié leefwyse baie spesiaal soek (cf. Bybel, 1983; ook Louw & Nida, 1993:408: *to ask for something earnestly and with propriety ... to plead for, to appeal to: earnest request*).

- *παρακαλέω* **in ander Skrifgedeeltes:**

    - ☐ In Rom 8:27 word dieselfde werkwoord gebruik vir die Heilige Gees wat vir die gelowiges met versugtinge *pleit by God.*

    - ☐ In Hand 28:20 het παρακαλέω die betekenis van *om iemand te roep* om te kom na waar die spreker is, soos die Joodse leiers volgens Hand 28:20 deur Paulus laat roep is om met hulle te praat oor sy gevangenskap.

      Hy roep gelowiges om sy traumatiese ervaring tydens sy gevangenskap asook die doodsvonnis wat onskuldig oor sy kop gehang het, met hulle te deel. (Paulus se ervaring van (gekompliseerde) trauma en die behoefte om daaroor in gesprek te tree - en te vra vir voorbidding - kom later in die hoofstuk aan die orde).

    - ☐ In 1 Tess 3:7 vermeld Paulus ook dat hy, deur die nuus van Timoteus oor die gemeente se geloof en liefde, *vertroos* (*παρακαλέω*) is (Bybel,1954) (cf. Bybel, 1983, waar Paulus sê dat dat hy en sy medewerkers in al hulle nood en swaarkry weer moed geskep het).

    - ☐ In Ef 6:22 vermeld Paulus dat hy spesiaal vir Tigikus na die gemeente van Efese toe gestuur het sodat hulle uit sy mond kan hoor hoe dit met hulle leraar gaan: ... *dat julle ons omstandighede kan ken en hy julle harte kan troos* (*παρακαλέω*) (Bybel, 1954). Tigikus moes die berig bring dat Paulus wel veilig in die tronk is. As hulle dit hoor, sal hulle nie onnodig bekommerd hoef te wees nie.

      Paulus stuur 'n pastorale berader om die gemeente te beraad - en hulle te bemoedig in hul ernstige bekommernis oor hom, en in hul smart oor hul verlies en oor die lot van hulle leraar.

- *παράκλητος* **as selfstandige naamwoord**

Die selfstandige naamwoord: *παράκλητος*, word ook gebruik as 'n titel vir die Heilige Gees: "... *en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak* (*παράκλητος*), *die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het"* (Joh 14:27) (cf. Louw & Nida, 1993:136 en 143 wat die Heilige Gees in dié konteks plaas binne die semantiese veld van bonatuurlike wesens en kragte).

Dié belofte van die Heilige Gees as Voorspraak word in Joh 14:27 opgevolg deur die toesegging van Jesus se nalatenskap, sy *vrede.*

Hierdie titel van die Heilige Gees het die betekenis van een wat help deur te vertroos/bemoedig, en te bemiddel, in belang van iemand. Louw & Nida (1993:142, 420, 460) wys verder daarop dat παράκλητος, in verskillende semantiese velde gebruik kan word, soos byvoorbeeld 'Trooster' (wat te doen het met die semantiese veld van houdings en emosies, aangesien dit ook *psychological factors of encouragement* behels). Hulle gee egter voorkeur aan die meer generiese woord: "Helper".

In 1 Joh 2:1 word die betekenis en rol van "voorspraak" wel aan Jesus Christus toegeken.

Louw & Nida (1993:460) plaas παράκλητος dan hier binne die semantiese veld van hulpverlening, en sê dat dié domein *involves primarily those positive aspects of largely interpersonal activity in which people are provided for or supported.*

Dié plasing van pastorale berading binne die terapeutiese konteks van die werk van die Heilige Gees as Helper en bemiddelaar van die heil in Christus asook die voorspraak by God die Vader, plaas 'n besondere stempel van geestelike dinamiek op die proses van pastorale berading van mense wat emosioneel/geestelik verwond is, en uiteraard dan ook diegene met gekompliseerde trauma.

Die lewendmakende Gees van God wat Jesus uit die dood opgewek het, woon in die gelowiges ... en dié Gees maak mense nie tot slawe nie, en laat hulle nie weer in vrees lewe nie. Die teendeel is waar: *... julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!".* Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig *saam met ons gees dat ons kinders van God is* (cf. Rom 8:11-17).

Joubert (2004:11) verwys daarom na die *geesdimensie* van die mens. Die Heilige Gees wat saam met die mens se gees getuig dat hy 'n kind van God is, wil die hele menswees (liggaam, siel en gees) beheer. Dit het toeglaat dat Paulus en Silas ín die tronk (liggaams- en sielsdimensie in 'n doodloopstraat) kon bid en lofliedere tot eer van God kon sing (geesdimensie) in vryheid in Christus - en bevry is.

Pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma val dus nie buite die kragveld van die Heilige Gees nie.

- **Die perspektief van die liefde**

In Hand 8:9 word die παράκλητος (Heilige Gees) die *Gees van Christus* genoem:

- ☐ Hy getuig van Christus (Joh 15:26).
- ☐ Hy maak Jesus Christus teenwoordig in mense se lewens (Joh 14:16-18).

Dit plaas daarom in Christus verder die stempel van liefde op pastorale berading. Jesus Christus is die groot Hoëpriester wat medelye het met mense se swakhede (cf. Heb 4:15). Sý heil wat deur die Heilige Gees bemiddel word, gee dan aan pastorale berading 'n priesterlike dimensie wat in liefde na alle mense en gemeenskappe uitreik (*cf.* Dames, 2005: 369, se klem op *opregte liefde* en *opregte nederigheid*).

Omdat *Jesus aan versoekings onderwerp was, is Hy die regte Persoon om vir jou by God in te tree* (J van Rensburg, 1993e:1916). Hy weet hoe dit is om versoek te word, verliese te ly, deur mense teleurgestel en seergemaak te word, en selfs verraai te word. Die diepte van Jesus se lyding aan die kruis gee ook verder aan persone met gekompliseerde trauma hoop dat Hý, die groot Hoëpriester wat self aan die kruis vir ewig van God verlaat was - en dít hardop voor God en voor die mense uitgeroep het (Matt 27:46) - van alles weet.

In 2 Kor 1:4 sê Paulus omdat God ons in elke moeilikheid bemoedig (in liefde), kan ons daarom weer ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. God ken mense se lyding en ontferm Hom oor mense in hulle lyding (2 Kor 1:3). Gekompliseerde trauma gaan nié sy liefdevolle aandag ontsnap nie. God, wat meegevoel het met sy kinders in hul lyding, gee aan hulle moed - en doen iets aan hulle nood. So het hy Paulus gebruik om hulle te bemoedig, soos Paulus sélf deur Christus bemoedig is (Du Rand, 1993d:1786).

- **Die perspektief van die geloof**

Pastorale beraad werk met die perspektief van die Christelike geloof. Dit het die implikasie vir pastorale beraad dat dit sy eiesoortigheid (byvoorbeeld teenoor die psigoterapie) moet soek binne die verhouding: God en mens (cf. Louw, 1999:14). Die aspek van heil, naamlik die verlossing, beïnvloeding, verandering, vernuwing, herstel en groei van die nuwe mens in Christus, op grond van God se genade, binne 'n (pastorale) God-mens verhouding, is dan die enigste uitgangs- en fokuspunt van pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma.

Geloof wat lewensomvattend en allesomvattend is, is in pastorale berading deel van God se genade vír en toerusting ván sondaars om as gelowiges God met al hul persoonlike probleme te vertrou. Pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma is daarom dan verder nie net 'n eiesoortige terapie nie, maar het ook 'n unieke karakter omdat dit in die God-mens verhouding nié van mense afhang om herstel en vernuwing te bring nie, maar van God. Sy genade word dan ook in verband gebring met sy lankmoedigheid, liefde en trou. Dit is nie toevallig waar in die lewe van mense nie (Verwysingsbybel, 1998:1645).

▪ **Die perspektief van hoop**

Saam met bemoediging en geloof vermeld 2 Kor 1:3-11 verder ook nog die hoop wat nie beskaam nie, omdat dit op Jesus Christus gevestig is.

Paulus sê in 2 Kor 1:10b:

*Op Hom is ons hoop gevestig. Hy sal ons ook verder red.*

Volgens 1 Kor 13:13 kan daar nie "hoop" sonder "geloof" wees nie. Volgens Du Rand (1999c:1778) is "geloof" die vashou aan God - en vorm die fondament en kern van ons bestaan, terwyl "hoop" dui op die gelowige gesindheid en verwagting van die kinders van die Here. Sonder "hoop" kan daar nie "liefde" wees nie - die daadwerklike optrede in geloofsvolwassenheid. Eers as iemand geloof en hoop het, kan hy liefhê soos God liefgehad het.

Die liefde beskryf hoe God teenoor die mens is (1 Joh 4:8) (cf. Du Rand, 1999c:1778; cf. ook Dames, 2005:369, se klem op *opregte geloof* in mense se vermoë om skeppend en herskeppend te wees - en dat pastorale berading/dialoog nie binne 'n *'hoop-lose'* klimaat kan geskied nie).

Omdat die impak van pastorale terapie op die funksionering van geloof, hóóp is, verwys Louw (1999:426) na terapie as *hoopterapie.* Dit kan alleen waar wees omdat die pastorale beïnvloedingsgebeure of die helende dimensie van die Christelike geloof onlosmaaklik gekoppel is aan die versoeningswerklikheid in Christus Jesus: die oorwinningsdimensie van sy opstanding en die hoopdimensie van sy Vader se koninkryk.

▪ **Die perspektief van gebed**

Geloof, hoop en liefde kan nie "funksioneer" sonder gebed nie - en daarom rig Paulus ook so 'n versoek aan die medegelowiges:

*Op Hom is ons hoop gevestig. Hy sal ons ook verder red. Daartoe werk julle mee deur vir ons te bid.*

Daarom is daar dus plek vir gebed in pastorale beraad vir persone met gekompliseerde trauma: die gebed van die berader vir die beradene in sy nood, en die gebed van die beradene vir verlossing/bevryding. Louw (1999:498) noem die gebed, in die konteks van pastorale beraad, 'n refleksiefenomeen van die geloof binne die konteks van gemeenskap met God:

> *Pastorale berading beoog 'n verandering in die geloofsfunksies van die mens met die oog op 'n lewe wat hoop sal bring in die aangesig van lewensontwrigting, verskeie disfunksies, traumatiese krisisse, die ervaring van pyn en doodsangs.* (Louw, 1999:426.)

Daarom kan beradenes met gekompliseerde trauma ook geleer word om te bid met die oog op 'n lewe wat hoop sal bring.

- **Die aard van Paulus se traumatiese ervarings**

Uit die gegewens hierbo met betrekking tot die Griekse werkwoord παρακαλέω, blyk dit dat daar 'n noue verband was tussen Paulus se traumatiese ervarings as apostel en dié Griekse werkwoord - veral met die "troos" in Christus. Paulus se toestand word in 2 Kor 1:9 saamgevat as 'n *doodsvonnis* wat klaar oor hom uitgespreek is:

*We felt like we'd been sent to death row, that it was all over for us*. (Peterson, 2002:2095.)

Dit het vir Paulus gevoel asof hy daagliks onder 'n doodsvonnis leef (cf. die perfektum partisium aktief van *ἔχω* - cf. Zodhiates, 1992:586 en 907).

Sy probleme, wat verband gehou het met intense, langdurige en herhaalde trauma, het onder andere die volgende situasies van onmenslike pyn en lyding ingesluit (2 Kor 11:23-29):

- Tronkstraf (by verskeie geleenthede).
- Lyfstraf (drie maal).
- Die gebruiklike Joodse straf van nege en dertig houe (vyf maal).
- Doodsgevaar.
- Steniging.
- Skipbreuk (drie maal).
- Een dag en een nag se ontberings in die oop see.
- Dikwels op reis en in gevaar: riviere, rowers, volksgenote, heidene, in die veld, in die stad, op die see en vals broers.
- Swaarkry.
- Nagte sonder slaap.

- ☐ Honger en dors.
- ☐ Dikwels sonder kos.
- ☐ Sonder skuiling of bedekking teen koue.

Dié swaarkry was selfs bokant sy fisiese vermoëns, en hy moes dikwels die moontlikheid van die dood in gedagte hou.

Vosloo & J van Rensburg (1999:1529) verwys na Paulus wat gestroop was van eie middele en vermoëns - en intense en langdurige trauma gely het – as *'n voëlvryverklaarde ter wille van Christus.*

2 Kor 12:7 vermeld ook sy *doring in die vlees*: *'n boodskapper van Satan wat hom met die vuiste slaan.* Paulus het die aard van dié toestand verswyg omdat dit 'n hoogs persoonlike saak was, en waarmee hy wel die Here vertrou het vir bevryding of genesing, maar dit nie na buite toe bekend gemaak het nie. Hy het nie genesing/bevryding gekry het nie (2 Kor 12:8). Dit is egter duidelik dat dié probleem, volgens Barton *et al* (2001:749), kronies en aftakelend was.

Die *genade* van die Here was egter vir Paulus genoeg: Die *krag van Christus* was sy *beskutting* (2 Kor 12:9).

- **Slagskaap-metafoor**

In Rom 8:36 vertel Paulus van die langdurige trauma van Christenskap:

> *Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.*

Die slagskaap-metafoor wys op die weerloosheid van Paulus, dit wil sê op die gedurige persoonlike onsekerheid waaronder hy moes leef en werk, en die uitgelewerdheid aan die impulse van wrede vervolgers wat enige oomblik kon toeslaan. Vosloo & J van Rensburg (1999:1476) sê dat God se belofte in Rom 8:31-39 is dat Christus al hierdie gebrokenheid op Hom neem, aan die kruis daarvoor betaal het, en deur sy opstanding alles nuut en heel maak.

*Deur sy liefde kan jy werklik en altyd vrede met Hom ervaar.*

Dit kán aan persone met gekompliseerde trauma gekommunikeer word:

- ☐ God ís hulle hoop.

- **In Christus meer as oorwinnaar**

Geen denkbare persoonlike bedreiging kan God keer om sy plan in mense se lewens uit te voer nie. Dit wat Hy bestem het vir sy kinders voer Hy deur tot sy verheerliking (Rom 8:28-30). God laat alles ten goede meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat Hy volgens sy besluit geroep het.

> *As jy dit regtig besef en regtig beleef, dan pak jy die toekoms met optimisme en met moed, want jy weet: wat ookal mag gebeur, in Christus is ek meer as oorwinnaar!* (J van Rensburg, 1993a:1742.)

- **Versoek om voorbidding**

Paulus doen in Rom 15:30, in die Naam van Jesus Christus en op grond van die liefde wat van die Heilige Gees kom, 'n beroep op die gelowiges om sáám met hom te stry deur vir hom te bid dat hy veilig mag wees tussen al die ongelowiges. Die Griekse werkwoord: συναγωνίζομαι (saam stry) word soos volg verklaar (Zodhiates, 1992:938):

> *To fight in company with, assist someone in a fight, help.*

**Gekompliseerde trauma**

Paulus druk dit die gelowiges op die hart om mekaar pastoraal te beraad - en tree met hulle in gesprek oor sý belewenis van intense, langdurige en herhaalde trauma, veral in sy gevangenskap, en oor die troos in Christus wat hom telkens in die gemeentes, en in die gevangenis deur besoeke en die bemoediging van medegelowiges, te beurt geval het. Die Heilige Gees is gelowiges se Voorspraak. Hy tree vir hulle in by God. Hy bemiddel die heil in Christus:

- ☐ Sy Gees getuig saam met die gees van gelowiges dat hulle kinders van God is.
- ☐ Hy laat alles vir hulle, ook in gekompliseerde trauma, ten goede uitwerk.

In pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma speel liefde, geloof en hoop en gebed, terapeuties 'n sleutelrol in die beradingsproses. Geen denkbare of ondenkbare persoonlike bedreiging kan God keer om sy plan in beradenes se lewens uit te voer nie.

- **Samevatting**

- ☐ Paulus versoek (*παρακαλέω*) die gelowiges om die bediening van pastorale berading nie te verwaarloos nie. Die gelowiges moet streef na geloofsvolwassenheid in Christus.

- Die Griekse werkwoord *παρακαλέω*, onderstreep verder die pastorale troosfunksie en sorghandelinge van gelowiges onderling.
- Pastorale berading fokus op die bediening van die liefde van Jesus Christus in en deur die Parakleet of Gees van Christus. Hy is die groot Hoëpriester wat met die swakhede van mense medelye het. Jesus Christus woon deur die geloof (geloofsoorgawe of vertroue) in gelowiges.
- Pastorale berading werk dan verder met die perspektief van geloof en hoop in Christus. Die impak van 'n pastorale terapie op die funksionering van geloof is hoop. Pastorale berading is dus niks anders as hoop-terapie nie.

- Geloof, hoop en liefde kan nie funksioneer sonder gebed nie aangesien dit 'n sentrale plek in pastorale berading inneem.
- Paulus wat onderwerp was aan intense en langdurige traumatiese ervaringe, was in Christus meer as oorwinnaar. Geen denkbare persoonlike probleem of bedreiging kan God keer om sy plan in mense se lewens uit te voer nie.

- Vanuit sy troos en oorwinning in Christus moedig Paulus gelowiges aan om mekaar by te staan met pastorale berading.

#### 4.4.2.3 Die tweede term: *νουθετέω*

Die tweede Griekse "beradingswerkwoord" νουθετέω, is ook 'n "kommunikasie-werkwoord" (Louw & Nida, 1993:388-389,415,437). Dit word in Afrikaans vertaal met *vermaning* (Bybel, 1954) en *teregwysing* (Bybel, 1983). As Griekse werkwoord word dit in drie betekenisse in die Nuwe Testament gebruik, naamlik om te onderrig (om gedrag te korrigeer), te vermaan en medegelowiges te adviseer oor gevaarlike konsekwensies van ongehoorsame optredes (Louw & Nida, 1993:415,436,437).

Die klem val dus op onderlinge vermaning in die breë (cf. Zuehlke, 2000:223; Crabb, 2003:162 en 254; Minirth & Byrd, 1994:31).

Adams (1977:45) wat die noutetiese beradingsmodel rondom vermaning ontwikkel het, sê dat dié werkwoord *specifically presupposed the need for change in the person confronted.* Vermaning kan 'n rol speel in pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma, maar dan, soos in enige beradingsituasie, met die fokus op onderrig.

Die noutetiese beradingsmodel van Adams word deur Louw (1999:47-49) gekritiseer omdat dit gebaseer is op bekering as enigste geneesmiddel vir emosionele disintegrasie, en probleme binne die geheel van ons menswees. Daar kon geen literatuur opgespoor word wat die noutetiese model beskou as die antwoord vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma nie (cf. ook Anderson *et al.*, 2000:72-77).

### 4.4.2.4 Die derde term: *παραμυθέομαι*

Die derde Griekse werkwoord wat in 'n Bybelse beradingskonteks gebruik word, is παραμυθέομαι, 'n werkwoord wat in Afrikaans vertaal word met *bemoedig* (Bybel, 1954) of om iemand moed in te praat (Bybel, 1983). Dié werkwoord in 1 Tess 5:14, met dan die algemene betekenis van vertroosting of bemoediging (dit figureer binne die semantiese domein van houdings en emosies - cf. Louw & Nida, 1993:288,306) kom enkele male in die Nuwe Testament voor:

- ☐ Tweemaal in die evangelie van Johannes, in verband met die Jode wat Maria kom troos het oor die afsterwe van haar broer, Lasarus (Joh 11:19 en 31).

- ☐ Behalwe in 1 Tess 5:14, kom die werkwoord ook voor in 1 Tess 2:11. Die handeling wat hier veronderstel word, is bedoel om 'n positiewe uitwerking te hê. Dit het die funksies van opbeuring en bemoediging van die wankelmoediges en die moedeloses. Paulus het die gelowiges, *soos 'n pa sy kinders, bemoedig en aangespoor en dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe* (Bybel, 1983). Hy het individueel met elkeen gewerk, en soos wat dit nodig was, ook pastoraal beraad (J van Rensburg, 1993c:1865; cf. Minirth & Byrd, 1994:32).

- ☐ Die selfstandige naamwoord: *παραμύθιον*, in Filip 2:1, wat beteken *vertroosting*, vorm die grondslag vir die bemoediging deur medegelowiges:

  > *Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing- maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees.*

Die klem lê in die eerste plek op die vertroosting deur die liefde van Christus (cf. Louw & Nida, 1993:306). Die opdrag tot berading staan dus nie op sigself nie aangesien God Homself met 'n vierdubbele kabel aan die gelowiges verbind het (Vosloo & J van Rensburg, 1999:1586). Hy gee dus nie net die opdrag nie, maar weet ook waarom, en borg self die suksesvolle afloop daarvan.

Die vier sake op grond waarvan die oproep vas staan, is die troos in Christus, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees en die innige meegevoel en meelewing. Barton *et al.* (2001:849) sê dat al vier hierdie gawes van God reeds in volle werking was in die gemeente van Filippi. Dit is omdat hulle dit self in Christus besit het - ook die innige meegevoel vir en meelewing met mekaar - dat hulle sy opdragte kon uitvoer.

- ☐ Paulus, wat in die gevangenis in Caesarea of Rome was, noem die enigste drie Jode wat saam met hom werk vir die koninkryk van God *'n groot troos* (Kol 4:11). Waar παραμύθιον (Filip 2:1) die grondslag vir bemoediging gee (die vertroosting van die liefde van Christus), gee *παρηγορία* in Kol 4:11 die manier weer waarop vertroos word (cf. Louw & Nida, 1993:306 en 459, wat ook verder daarop wys dat *παρηγορία* ook as 'n manier van "hulpverlening" verstaan kan word).

- ☐ Laastens verbind Paulus in 1 Kor 14:3 verstaanbare woordbediening met opbou, bemoediging en vertroosting. Hierdie gawe maak ruimte vir insig, waarskuwing, onderrig en bemoediging (Barton *et al.*, 2001:691).

- **Gekompliseerde trauma**

Paulus het self, in sy gevangenskap, 'n groot troos ervaar deur die bemoediging van medegelowiges. Bemoediging, wat sy vaste basis in die bemoediging van Christus het, was die manier waarop Paulus vertroos of gehelp is.

- **Gevolgtrekking**

*παραμυθέομαι* beklemtoon die bemoedigingsfunksie van berading. Mense wórd in Christus vertroos, omdat sý troos en liefde die grondslag vorm vir berading. Vertroosting is verder ook 'n manier of wyse van hulpverlening.

### 4.4.2.5 Die vierde term: *ἀντέχομαι*

Hierdie term in 1 Tes 5:14 word in Afrikaans vertaal met *ondersteuning* van swakkes (Bybel, 1954) en om die swakkes *te help* (Bybel, 1983).

Volgens Louw & Nida (1993:446, 449, 458) het *ἀντέχομαι* die volgende betekenisse:

- ☐ Eerstens as 'n "assosiasie-werkwoord" in die betekenis van deel te word van en lojaliteit te

behou teenoor (die swakkes) en om trou te bly en vas te hou aan (iemand). Die werkwoord word ook in idiomatiese sin gebruik as aanduiding van lojaliteit, soos in Matteus 6:24, waar Jesus sê dat 'n persoon nie lojaal kan wees teenoor twee base nie.

- Tweedens as 'n "versorgingswerkwoord" in die betekenis van iemand by te staan in die voorsiening van wat hy nodig het / te help - soos in Hand 20:35 waar Paulus sê dat hy deur sy eie voorbeeld hulle aanmoedig om hard te werk sodat hulle die armes kan help.

Samevattend word die betekenis van hierdie Griekse term deur Minirth en Byrd (1994:32) binne 'n beradingsraamwerk dan soos volg weergee: *to be available, to cling to, to hold fast, to take an interest in, to hold up spiritually or emotionally.* In 'n krisis gebeur dit dikwels dat 'n persoon se onmiddellike behoefte dié is aan ondersteuning (Collins, 2005:64-69). Louw (1999:320-321) verwys dan ook binne die konteks van pastorale beraad na *die ondersteunend-bemoedigende houding*.

- **Gekompliseerde trauma**

Persone met gekompliseerde trauma, veral slagoffers van gesinsgeweld en kindermishandeling en -molestering, is soms afhanklik van die fisiese hulp en ondersteuning deur andere ten einde hul situasies te beveilig en hulle te vrywaar van verdere fisiese en/of psigiese geweld.

- **Gevolgtrekking**

Ondersteunende beraad beteken soms ingrepe in 'n beradene se fisieke en maatskaplike omstandighede. Die pastor of pastorale berader moet dikwels help om strukturele aspekte rondom beradenes se probleme te hanteer. Dit is dieselfde wat die psigoterapeutiese beradingsmodel ook dikwels doen (cf. Herman, 1992:155-174, met verwysing na die beveiliging van beradenes met gekompliseerde trauma, soos die verwydering van verkragtingslagoffers uit die sogenaamde veilige omgewing van hul huise).

### 4.4.2.6 Die vyfde term: *μακροθυμέω*

Die vyfde Griekse term in 1 Tes 5:14 wat van toepassing gemaak kan word op berading, is μακροθυμέω. In Afrikaans word dit vertaal met: *lankmoedig wees* (Bybel, 1954) en *om geduldig te wees* (Bybel, 1983).

As 'n "houdingswerkwoord" (cf. Louw & Nida, 1993:646) het dit vir pastorale berading besondere betekenis, soos Hebr 6:15 onder andere duidelik demonstreer:

> *En so het Abraham dan, nadat hy geduldig gewag het, gekry wat aan hom beloof is.*

Dit gaan dus hier om geduld ten spyte van moeilikhede - om geduldig te bly en geduldig te wag en só die oorwinning te behaal. Só het Abraham gekry wat aan hom beloof was. Geduld hou ook verband met die Christelike hoop, wat 'n sleutelwoord in pastorale berading is.

Beraders en beradenes kan geduldig wag op God, want uitkoms is vas geanker in twee *onveranderlike dinge: die belofte en die eed* (Hebr 6:18a) – wat die waarborg is dat God sy woord gestand sal doen, en vir *ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, 'n kragtige aansporing om vas te hou aan die hoop op wat vir ons weggelê is* (Hebr 6:18b).

J van Rensburg (1993e:1919) sê dat Bybelse hoop impliseer *om met algehele sekerheid te weet dat God dit wat Hy beloof het, waar sal maak:*

> *Dat Hy jou sy kind gemaak het, en dat niemand jou uit sy hand sal ruk nie; dat jy die ewige lewe het, en end-uit sal volhard; dat jy dus nié bo jou kragte versoek sal word nie; dat Hy volkome vergifnis gee aan diegene wat hulle sondes voor Hom bely en aanvaar dat Jesus hulle skuld betaal het; dat Hy die Heilige Gees gee aan almal wat Hom daarvoor vra. Hou vas aan hierdie hoop, en soos wat 'n bergklimmer hom aan sy ankertou optrek, so moet jou hoop jou in staat stel om werklik intieme persoonlike kontak met God te hê.*

Hierdie hoop besit gelowiges as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker (Heb 6:18).

- **Gekompliseerde trauma**

Omdat pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma 'n lang proses van fisiese, psigiese en geestelike heropbou is, is geduld in Christus onontbeerlik vir die uiteindelike genesing en heropbou-proses.

- **Gevolgtrekking**

Geduld is 'n "houdingswerkwoord" en hou verband met die Christelike hoop, wat 'n sleutelwoord in pastorale berading is. Pastorale beraders kan volhard in terapie en beradenes kán geduldig wag op God, want uitkoms is vas geanker in Hom.

#### 4.4.2.7 Die sesde Griekse term: ὀλιγόψυχος

In die beradingsteks van 1 Tess 5:14 word na twee groepe persone verwys wat probleme ervaar. Die eerste word in Afrikaans vertaal met "kleinmoediges". Louw & Nida (1993:319-320) omskryf

"kleinmoediges" as 'n negatiewe houding of emosies by mense - mense wat moed verloor het/geknakte riete en lamppitte wat dof brand - en nie kans sien vir die lewe nie (cf. Jesaja 35:4). Hierdie Griekse term word slegs hier in die Nuwe Testament gebruik, en verwys waarskynlik na 'n groep mense in die Christelike gemeenskap wat negatief of selfs vreesbevange was oor die uitdagings van Christenskap in 'n heidense omgewing (Du Preez, 1981:87).

#### 4.4.2.8 Die sewende Griekse term: *ἀσθενής*

Die tweede groep mense wat Paulus in 1 Tess 5:14 uitsonder vir pastorale berading is die "swakkes". Volgens Louw & Nida (1993:679) figureer hierdie betrokke Griekse term binne ses betekenisvelde. Eerstens dui dit op 'n toestand van beperkte kapasiteit om te funksioneer, om swak te wees of onbekwaam of magteloos of onmagtig. Tweedens word dieselfde term in 1 Kor 9:22 gebruik om na die swakkes in die geloof te verwys vir wie Paulus 'swak' geword het ten einde die swakkes te red. Derdens verwys dit in Rom 5:6 na ongeredde mense (in religieuse sin) of wat onbekwaam is om goed te doen: *pertaining to be morally weak and hence incapable of doing good* (Louw & Nida, 1993:755). Vierdens verwys die term "swakkes" na siekes of gestremdes, byvoorbeeld in Matt 25:43, waar Jesus na die siekes verwys wat nie besoek is nie. Vyfdens verwys die term na die magteloses as gevolg van bepaalde omstandighede buite hulle beheer (cf. Rom 5:6 se verwysing na die "magteloses" vir wie Christus op die regte tyd gesterf het). Laastens verwys dié Griekse selfstandige naamwoord na fisiese swak mense, soos in 2 Kor 10:10 waar Paulus se teenstanders met hom spot oor sy "mak" voorkoms wat nie pas by sy sogenaamde kwaai briewe nie.

- **Gekompliseerde trauma**

Kleinmoediges is die depressiewe persone wat nie kans sien vir die uitdagings van die daaglikse lewe nie. Die swakkes is diegene wat nie oor die fisiese, psigiese of geestelike kapasiteit beskik om hulleself te handhaaf nie. Gesamentlik bied hierdie gevolglik 'n goeie beskrywing van persone met gekompliseerde trauma: mense wat op die agenda van die gemeente van Christus is. Hulle word deur Paulus uitgesonder vir pastorale berading, verslae mense wat met geduld hanteer moet word:

- ☐ die kleinmoediges wat nie meer kans sien vir die uitdagings van die daaglikse lewe onder beproewende omstandighede nie; en

- ☐ die swakkes wat nie oor die fisiese en/of psigiese en/of geestelike kapasiteit beskik om op daaglikse basis self in eie fisiese en/of emosionele en/of geestelike behoeftes te voorsien nie.

### 4.4.3 Gevolgtrekking

Verskillende aspekte van Christelike berading word belig deur die Skrif, die kenbron van die basisteorie. 1 Tess 5:14 is 'n sleutelteks vir pastorale berading waar Paulus, in die breëre konteks van geloofsgroei, gelowiges versoek om met geduld na mekaar om te sien deur teregwysing, bemoediging en hulp (berading).

Die eerste Griekse werkwoord van belang vir Christelike berading is *παρακαλέω*, 'n tipiese "kommunikasie-werkwoord", wat handel oor die kommunikasie van die heil deur Christelike berading. Verder word dié werkwoord ook gebruik vir vertroosting in liefde. Van belang vir pastorale berading is die verband tussen *παρακαλέω* en *παράκλητος*, 'n eienaam van die Heilige Gees, die bemiddelaar van die heil in Christus, die groot Hoëpriester wat met mense se swakhede medelye het. Dit gee aan Christelike berading 'n priesterlike dimensie van uitreik na alle mense.

Liefde, geloof en hoop, is onlosmaaklik deel van Christelike berading. Daarom kan Christelike berading ook nie apart van gebed as die sleutel van hoop funksioneer nie.

Die term *παρακαλεω*, laat die beste reg geskied aan die inhoud en styl van die pastorale troosfunksie en sorghandelinge. In die ware sin van die woord is dit liefde in aksie deur Christelike berading. Daar is geen noodsituasie waarin die Here nie in beheer is van die toekomsbestemming van die gelowige nie.

Die aard van Paulus se traumatiese ervaringe word opgesom deur die slagskaap-metafoor - wat op 'n besondere wyse van toepassing gemaak kan word op gekompliseerde trauma. In uiterste weerloosheid en uitgelewerdheid aan wrede mense het hy van dag tot dag met 'n doodsvonnis oor sy kop geleef. In Christus ervaar mense egter onder die mees traumatiese omstandighede innerlike sekuriteit omdat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet.

Die tweede term van belang is *νουθετέω*, wat die klem laat val op *onderlinge vermaning*. Met betrekking tot Christelike berading val die fokus hier veral op persoonlike verandering en gedragswysiging.

Die derde Griekse werkwoord wat in 'n Bybelse beradingskonteks gebruik word, is *παραμυθέομαι*, wat in Afrikaans vertaal word met *bemoedig* of om iemand *moed in te praat/te vertroos*. Dit kan ook slaan op hulpverlening.

Die vierde term: dié van "ondersteuning", gee aan Christelike berading die dimensie van ondersteuningshulp en beveiliging teen gevaar.

'n Vyfde term van belang vir Christelike berading is *μακροθυμέω*, wat in Afrikaans met *lankmoedigheid* en *geduld* vertaal word. Heb 6:15 leer gelowiges geduld te hê ten spyte van moeilikhede, om geduldig te bly, en geduldig te wag, en só die oorwinning te behaal.

In die beradingsteks van 1 Tess 5:14 word na twee groepe persone wat probleme ervaar, verwys:

- ☐ Die eerste groep persone word in Afrikaans vertaal met *kleinmoediges*, en dui op 'n negatiewe houding of emosies by mense - mense wat moed verloor het/geknakte riete en lamppitte wat dof brand, en nie kans sien vir die lewe nie. Dit verwys waarskynlik na 'n groep mense in die Christelike gemeenskap wat negatief of selfs vreesbevange was oor die uitdagings van Christenskap in 'n heidense omgewing.

- ☐ Die tweede groep is die swakkes. Dit kan dui op enige persoon wat nie oor die fisiese en/of psigiese en/of geestelike kapasiteit beskik om op daaglikse basis self in eie fisiese en/of emosionele en/of geestelike behoeftes te voorsien nie.

Aspekte van pastorale berading wat van toepassing gemaak kan word op persone met gekompliseerde trauma word deur 1 Tess 5:14 en aanverwante Skrifgedeeltes op die agenda van die Christelike gemeentes geplaas as werk van die kerk.

In Christus het die gemeente die roeping om deur pastorale berading te bemoedig, te ondersteun, en te help - en in besonder dan ook persone met gekompliseerde trauma te begelei tot geestelike groei en vernuwing.

## 4.5 'N BYBELSE VERWYSINGSRAAMWERK VIR 'N MODEL VIR PASTORALE BERADING

### 4.5.1 Die terapie van Jesus

#### 4.5.1.1 Inleiding

Volgens Wright (2003:17) is kennis van die Bybelse 'versorgingsbenaderings' essensieel vir pastorale berading, met spesifieke verwysing na die bediening van Jesus Christus:

*The way He ministered to others is a model for all of us who seek to help others.*

In Matt 4:23 verwys die werkwoord *θεραπεύω* of terapie na die wondergenesings van Jesus (cf. ook Mark 3:2 en Matt 9:35). Daar word in Matt 4:23 berig dat Jesus die mense in hulle sinagoges geleer het, die evangelie van die koninkryk verkondig en *elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak het.*

Louw & Nida (1993:269) verduidelik die betekenis van "terapie" soos volg:

- to *cause someone to recover health, often with the implication of having taken care of such a person - to heal, to cure, to take care of, healing.*

#### 4.5.1.2 Jesus se dissipels se bediening

In Matt 10:1 gee Jesus aan sy dissipels die outoriteit om *elke soort siekte en kwaal gesond* (*θεραπεύω*) *te maak* (cf. Louw &Nida, 1993:269).

#### 4.5.1.3 Die verband tussen terapie en lyding

Die belangrike punt in Jesus se terapeutiese werksaamheid is dat dit in verband met God se beloftes aangaande die lyding van die mens gebring word (Louw, 1999:64-65). In Matt 8:16-17 word Jesus se genesings in verband gebring met die vervulling van Jesaja 53:4: Jesus het *ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra.*

Pastorale berading as terapie gaan dus oor die dimensie van genesing en herstel soos dit verband hou met die heerskappy van die koninkryk van God. Genesing *besit 'n tekenkarakter en verwys die mens in lyding na die oorwinning van God oor alle destruktiewe magte* (Louw, 1999:65).

#### 4.5.1.4 Die verband tussen terapie en diens

θεραπεύω word ook gebruik om dienslewering aan te dui: *to render assistance or help by performing certain duties* (Louw & Nida, 1993:460, wat óók baie insiggewend aandui dat terapie en diens / διακονέω as wisselterme gebruik word vir dienslewering).

> *So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.* (Matt 20:28.)

#### 4.5.1.5 Die verband tussen terapie en woordbediening

Die drie terme θεραπεύω, ἰάομαι en σώζω, word ook as wisselterme vir genesing gebruik.

Pastorale berading hou ook spesifiek verband met woordbediening. Vosloo & J van Rensburg (1999:1260) wys op die verband tussen Jesus se prediking en sy diens van genesing. Jesus is die Een wat van God die gawe ontvang het om siekes gesond te maak, maar ook die Een wat namens God met mense praat (cf. Firet, 1977:25, wat verwys na *de daad van God, die via het intermediair van het ambtelijke dienst in zijn woord tot mensen komt*; en Heitink, 1992:154, wat verwys na pastorale beraad as die kommunikasie van die evangelie):

> *Jesus is die groot Gesondmaker en Profeet.*

#### 4.5.1.6 Pastorale berading en die hoop in Christus

"Terapie" is *wesentlik 'n Christelike saak en is nie vreemd aan die Christelike tradisie nie* - en hou verband met Jesus se woordbediening (cf. Louw, 1999:65; 427; ook Barton *et al.*, 2001:272). In Matt 8: 8 sê die offisier vir Jesus:

> *Sê maar net 'n woord, en my slaaf sal gesond word.*

Heitink (1994:155) verwys na pastorale beraad as as 'n helpende verhouding wat blyke gee van 'n betrokkenheid op die beweging van heil *zoals deze in de persoon en het werk van Jesus Christus aan het licht treedt* (cf. Firet, 1977:24). Die ontferminge van God het konkreet geword in die kruis en opstanding van Christus (Venter, 1996:33, met verwysing na Rom 12:1).

Mense se lewens kan verander - en hulle kan onderskei wat die wil van God is, *wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is* (Rom 12:2). Dit is God wat mense verander deur hulle denke te vernuwe (Rom 12:2). Hierdie lewensvernuwing (*lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is,* Rom 12:1) is moontlik *op grond van* die groot ontferming van God in Christus Jesus (Vosloo & J van Rensburg, 1999:1481). Müller (2000:43) sê ook dat die Christelike hoop alleen vanuit die verlossingsteologie of kruisteologie sinvol hanteer kan word:

> *As die hoop van die verlossing losgemaak word, is dit bloot 'n vorm van ontkenning van die werklikheid, asook die werklikheid van die verlede.*

Hy kritiseer vervolgens standpunte wat die verband tussen soteriologie en eskatologie nie ernstig genoeg neem nie (cf. Müller, 2000:43). Die helende dimensie van die Christelike geloof is gekoppel aan die versoenende werking van die kruis, die oorwinnende perspektief van die opstanding en die hoopdimensie

van die Ryk van God (Louw, 1999:426). Hy sê dat die teologiese argument vir pastorale berading (in die onderhawige studie: van persone met gekompliseerde trauma) berus op die teologie van die opstanding as die hermeneutiese raamwerk en eksegese van die kruis.

> *'Jesus is God' omdat Hy opgestaan het, sodat die verlossing van die nuwe mens 'n daad van God is.* (Louw, 1999:427.)

In die dinamiese struktuur van die pastorale optrede kom God in sy Woord tot sy reg. Hierdie selfde Woord is aan die werk in sielsorg of pastorale beraad en hier is dit veral gefokus op verstaan (insig) en verandering.

#### 4.5.1.7 Opofferende liefde

Die "ontferming" van God (Rom 12:1), die grondslag vir verandering, geloofsgroei en geloofsvolwassenheid (cf. Louw, 1999:222, oor geloofsvolwassenheid en spiritualiteit as pastorale doelwit van terapie, en die terapeutiese funksie van geloof, hoop en gebed), veronderstel dat dit vir Jesus in die praktyk die kruis beteken het (cf. Vosloo & J van Rensburg, 1999:1481). In Fil 2:5-8 verduidelik Paulus dat die ontferming van God vir Jesus vernedering beteken het deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem. Dit wat oor Jesus Christus geskryf word, toon baie ooreenkomste met die lied van die lydende kneg in Jesaja 53. Hierdie materiaal word in pastorale berading binne konteks van die beradene se leefwêreld gekommunikeer. Volgens Müller (2000:43) is dit nie 'n naïewe hoopverhaal nie. Die Bybelse hoop bou (egter) *op die verledestorie van Christus.* Dit is dié verhaal wat mense help om eerstens hulle eie verledeverhale af te handel. Iets van hierdie *verledestorie van Christus* word gereflekteer in die woorde van die ou kerklied van Fil 2:5-8 (Vosloo & J van Rensburg, 1999:1587):

- ☐ Hy is van altyd af by God.
- ☐ Hy is aan God gelyk omdat Hy self God is (wat korrespondeer met Joh 1:1-2 en Kol 1:15-19).
- ☐ Alhoewel Hy God is, het Hy mens geword om God se verlossingsplan vir alle mense ten uitvoer te bring.
- ☐ Hy het nie bloot 'n skynliggaam aangeneem nie, maar Hy het werklik mens geword om ons sondes weg te neem.
- ☐ Hy het uit liefde vir sy Vader vrywillig afstand gedoen van sy bestaan op Godgelyke wyse. Hy het aan die kruis vir mense se sondes gesterf, met die gevolg dat Hy die ewige dood vrygespring het.

- God het Hom verheerlik omdat Hy gehoorsaam was.

- God het Hom in sy ereposisie aan sy regterhand herstel, vanwaar Hy ewig as Here regeer.

#### 4.5.1.8 Gevolgtrekking

Pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma, toegepas op die pastoraat as hulpverlening, fokus dan volgens Louw (1999:427) in 'n besondere sin op hoopterapie - *geoperasionaliseer deur kommunikasie van die evangelie.* In hierdie kommunikasieproses (cf. Pieterse, 1994:49-60) is Skrifgebruik 'n deurslaggewende faktor. Die Skrif moet aan die woord kom via die verband van die pastorale ontmoeting (berading) en die psigologiese en sosiale konteks van die mens en sy probleme (om sinvol te leef). In so 'n aanpak setel die gesag van die Skrif in die trou van God (Louw, 1999:427). Hy stem ook saam met Heitink (1992:181) wat die aard van hierdie gesag in die helpende verhouding/pastorale terapie/pastorale beraad omskryf as "sakramenteel" van aard, wat beteken dat die Skrif God deur sy Gees teenwoordig stel in dié bediening.

### 4.5.2 Beradenes se status in Christus

#### 4.5.2.1 Inleiding

Die vraag na wie afsprake kan maak met pastorale beraders, word deur Heitink (1992:178) krities bespreek. Sy uitgangspunt is dat mense afsprake met beraders van húl keuse maak - en dat persone genoeg redes sal hê vir 'n afspraak met 'n pastorale berader, byvoorbeeld omdat hulle hul probleem as geestelike nood ervaar. Scholtz (2005:147) maak die stelling dat persone 'n pastor se hulp opsoek *omdat hulle 'n behoefte het aan iemand wat na hulle verhale van nood sal luister.*

Vir Heitink (1992:178) is alle mense egter "mense van God", en behoort pastorale beraders dít hulle primêre uitgangspunt te maak.

Elke beradene op hulle agenda is lankal reeds op God se agenda.

Die vraag duik egter ook op: *wié wil die pastor in wát verander?* (Louw, 1999:348). Vir hom is daar 'n basislyn vir pastorale beradering: *die pastor wil die mens as God se skepsel verander in 'n nuwe mens sodat die nuwe mens sinvol en gelowig elke dag vanuit die hoop kan lewe* (Louw, 1999:348).

Anderson *et al.* (2000: 94) benader die probleem van die kant van die effektiwiteit van pastorale

berading: dat alleen Jesus Christus antwoorde het vir die mens se mees kritiese eksistensiële behoeftes, soos sinvolle lewe, identiteit, aanvaarding, sekuriteit en betekenisvolheid (cf. ook Meier, *et al.*, 2000:25). Dit bly egter steeds van kritiese belang, volgens Anderson (2000:386), om 'n beradene se status in Christus wel te bepaal, want dit is baie makliker *to find a way ... if you know who you are in Christ and if you recognize how God 'will meet all your needs according to his glorious riches in Christ Jesus'.* Die antwoord lê daarom nié vir hom primêr in programme nie, maar in vryheid in Christus om die regte keuses te maak (Anderson, 2000:93):

*We are not saved by how we behave, but by how we believe.*

### 4.5.2.2 Self-evalueringskaal: "Wie ek is in Christus?"

Anderson (2000:94-95) het gevolglik 'n self-evaluerinskaal opgestel, *Who I am in Christ,* wat persone se status in Christus toets, met die doel *to learn exactly who you are as a Christian and to discover how all your "being" needs are met in Christ.* Dit bestaan uit drie hoofafdelings, elk met elf onderafdelings met betrekking tot die Bybelse konsep, *in Christus* (cf. Rom 8:1, dat daar geen veroordeling is vir dié wat *in Christus* is nie). Elkeen van die drie en dertig stellings begin met: *I am* ..., byvoorbeeld stelling 1.1: *I am God's child*, en sluit aan by die konsep, *Who I am in Christ.*

Die drie hooftemas is soos volg geformuleer:

- ☐ *I am accepted in Christ*

  Dié afdeling handel oor stellings met betrekking tot kind van God wees (Joh 1:12); vriend van God wees (Joh 15:15); regverdigmaking deur geloof (Rom 5:1); eenheid met die Here (1 Kor 6:17); die kooprys wat Christus vir mense betaal het (1 Kor 6:29); lidmaatskap van die gemeenskap van die gelowiges (1 Kor 12:27); sekerheid oor verlossing, vergifnis en kindskap (Ef 1:5, Kol 1:14 ); direkte toegang tot God deur die Heilige Gees (Ef 2:18); en volmaak wees in Christus (Kol 2:10).

- ☐ *I am secure in Christ*

  In hierdie afdeling word gehandel oor stellings soos om vir ewig vry te wees van veroordeling (Rom 8:1-2); die sekerheid dat alles meewerk ten goede (Rom 8:28); om vry te wees van aanklagte van veroordeling (Rom 8:33-34); om nie geskei te kan word van God se liefde nie (Rom 8:35, 38-39); om vir God afgesonder te wees; as eiendom van God beseël te wees deur *die Heilige Gees in ons harte* as waarborg van wat ons nog sal ontvang (2 Kor 1:21-22); die sekerheid dat God die goeie werk wat Hy in gelowiges begin het, sal voleindig (Fil 1:6); dat

gelowiges burgers van God se koninkryk is (Fil 3:20); dat gelowiges se lewe saam met Christus verborge is in God (Kol 3:3); dat die Gees wat God aan gelowiges gegee het, hulle nie lafhartig maak nie, maar vul met *krag en liefde en selfbeheersing* (2 Tim 1:7); om in nood genade en barmhartigheid te ontvang om op die regte tyd gehelp te word (Heb 4:16); en om uit God gebore te wees en deur Jesus bewaar te word van sonde en die houvas van die duiwel (Joh 5:18).

- □ ***I am significant in Christ***

Die gelowige is die sout en die lig vir die wêreld (Mat 5:13-14); 'n tak van die ware wingerdstok en 'n kanaal van Sy lewe (Joh 15:1, 5); gekies en aangewys om vrugte te dra (Joh 15:16); 'n persoonlike getuie van Christus (Hand 1:8); God se tempel (1 Kor 3:16); 'n dienskneg van versoening (2 Kor 5:17-20); 'n medewerker van God (2 Kor 6:1); saam met Christus opgewek uit die dood, en saam met Hom 'n plek in die hemel gegee (Ef 2:6); 'n skepping van God (Ef 2:10), wat tot God kan nader met vrymoedigheid/in vryheid en vertroue (Ef 3:12); en tot alles in staat wees deur Christus wat hom krag gee (Fil 4:13).

### 4.5.3 Implikasies vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma

Jesus is God wat uit liefde vir sy Vader vrywillig afstand gedoen het van sy bestaan op Godgelyke wyse. Hy het vir mense se sondes gesterf en die ewige dood vrygespring. Hy is verheerlik by God en tree vir mense in by sy Vader.

Die berader wil die mens as skepsel van God verander in 'n nuwe mens - sodat die nuwe mens elke dag sinvol en gelowig vanuit die hoop in Christus kan lewe. Dit geld vir alle pastorale probleme.

Alleen Jesus kan die mens se mees kritiese eksistensiële behoeftes, soos onder andere gekompliseerde trauma, genees. Pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma fokus op sinvolle lewe, identiteit, aanvaarding, sekuriteit en betekenisvolheid.

Volgens Anderson (2000:386) gaan die doelwitte van pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma net soveel vinniger vorder as die beradene sy identiteit in Christus vind - en in vryheid in Christus die regte keuses kan maak. Daarom sal daar dan ook in terapieproses met sulke persone gewerk word aan 'n nuwe geborgenheid in Christus.

### 4.5.4 Gevolgtrekking

Jesus se terapeutiese werksaamheid word in verband met God se beloftes aangaande die lyding van die

mens gebring. Jesus het *ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra*. Sy vereenselwiging aan die kruis met menslike lyding deur sy aanhaling van die klag van Godverlatenheid in Ps 22:1: *My God, my God, waarom het U my verlaat*, beklemtoon die feit dat Jesus die mens se diepste lyding en grootste trauma op Hom geneem het. Daarom kan mense Hom vertrou, want mense se lewens kan verander - sodat hulle kan onderskei wat die wil van God is, *wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is* (Rom 12:2) - deur Gód wat mense verander deur hulle denke te vernuwe (Rom 12:2). Dit is die moontlikhede wat ook vir mense met gekompliseerde trauma oopgemaak word op grond van die ontferming van God in Christus Jesus.

Hoop word geoperasionaliseer deur die kommunikasie van die evangelie.

## 4.6 PASTORALE BERADING IN PRAKTYK

### 4.6.1 Inleiding

Ten spyte van opleiding en ervaring twyfel Christelike beraders steeds van tyd tot tyd wat hulle moet doen of sê in sekere beradingsituasies (Wright, 2003:28). Christelike beraders moet dus van dag tot dag in hul bediening hul afhanklikheid van die Here bely en bid vir leiding deur die Heilige Gees.

Gebed is 'n hulpmiddel om te verhoed dat beraders visie verloor, eiesinnig begin optree, en in eie krag en wêreldse wysheid besluite neem oor die toekoms.

Die berader wat nie eiewillig wil optree nie, kan byvoorbeeld staat maak op die beloftes van Spr 3:5-7:

*Vertrou volkome op die Here*
*en moenie op jou eie insigte staat maak nie.*
*Ken Hom in alles wat jy doen*
*en Hy sal jou die regte pad laat loop.*
*Moenie dink jy het die wysheid*
*in pag nie.*

Crabb (2003:37) maak die stelling dat as beraders gewillig is om met 'n eerlike bewustheid van hulle eie onvermoë voor God te worstel, hulle dan eers gereed sal wees om te leer hoe om na God, na medemense en na hulself te luister. Hy sê dat beraders soms, nog voordat hulle goed geluister het, te gou skik met dit wat húlle dink hulle bereik het in die oplossing van probleme.

Soms mik beraders te laag, ter wille van vinnige resultate: dit verhoed dat hulle goed genoeg luister en dan bereid is om sáám met beradenes voor God te worstel om sy wil te ken.

## 4.6.2 Om te leer om te luister

### 4.6.2.1 Inleiding

Soos in enige vorm van berading is om te luister ook 'n belangrike deel van Christelike berading. Die Skrif sê in Jak 1:19 dat gelowiges *al te gewillige* luisteraars moet wees, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie. Soms kan beraders, sonder om te luister, kwaad word as die beradenes nie na húlle luister nie. Dan word daar te gou gepraat en te gou oplossings aangebied.

Volgens Crabb (2003:42) is daar drie dinge wat aanvanklik moet gebeur:

- ☐ Beraders moet luister voordat hulle praat.
- ☐ Hulle moet, as rooi ligte van ernstige probleme dadelik begin flikker (*Omigosh! He's suicidal!*), die begeerte om weg te hardloop, weerstaan.
- ☐ Beraders moet die menslike begeerte om dadelik te wil help, met baie beslistheid weerstaan.

### 4.6.2.2 Luister met onderskeiding

Beraders kan nie almal op dieselfde manier luister nie, omdat faktore soos ouderdom, geslag, opvoedingspeil, vorige ervarings, gevoelens van eiewaarde en eie geestelike, emosionele en fisiese gesondheid 'n rol speel. Maar geen berader hoef in 'n doodloopstraat te beland nie, omdat luister 'n vaardigheid is wat aangeleer kan word. Afgesien van baie persoonlike faktore is dit belangrik dat die beradene ... *needs to sense that you're in sync with him or her.*

> *I learned to reflect upon what I saw on another's face and in his or her posture, walk and pace. Then I shared with the counselee what I saw."* (Wright (2003:30.)

Daar is verskil tussen om te hoor en om te luister. Om te hoor is om informasie in te samel oor sake soos die beradene se naam, adres en so meer. Om te luister is egter om om te gee vir, en empaties te wees teenoor die beradene. Beraders luister terwille van beradenes (Wright, 2003:33). Om te luister bring ware persoonlike kontak as die beradene nie net met sy verstand luister en analiseer nie (kognitiewe luister), maar ook "van harte" betrokke is by die persoon wat voor hom sit.

Wright (2003:34) sê, met verwysing na Paul Wilczak se konsep van *listening as ministry*, dat "luister" *is one of the most loving gifts you can give another person, whether it be counselee, friend or family member*.

Dit is belangrik om te onderskei tussen wanneer om te praat en wanneer om stil te bly, omdat dit nie net gaan om die inwin van kennis nie, maar ook om opregte belangstelling asook die betoning van liefde. Beraders moet dus leer om die regte woorde op die regte tyd en op die regte wyse te sê, asook vertroulikheid te waarborg. Woorde het in tye van krisis of trauma 'n baie groter impak as ander tye.

Daarom waarsku Spreuke 25:20 ook teen sekondêre verwonding deur ondeurdagte luister:

*Iemand wat jou klere van jou afvat*
*op 'n koue dag,*
*of asyn op bytsoda,*
*so is iemand wat vir jou liedjies sing*
*as jy treurig voel.*

### 4.6.2.3 Vraagstelling, bemoediging en gerusstelling

Vraagstelling is 'n baie populêre en effektiewe tegniek vir beide die insameling van kennis en die betoning van empatie, as dit reg benut word. Beradingsessies kan egter ontaard in vraagstelling en antwoorde - en 'n konklusie aan die einde om "af te rond". Dan word berading niks anders as ondervraging nie.

Om vrae te vra, kan vir die berader sowel as die beradene tot hulp wees in die bereiking van sinvolle doelwitte. Veral in die eerste fase van berading kan vrae 'n belangrike rol speel, maar dit behoort nie 'n struikelblok te wees met betrekking tot die bemoediging van die beradene om te doen wat hy moet doen nie. Dit kan ook dien as gerusstelling van die feit dat alhoewel die proses pynvol kan wees, bemagtiging om die probleme self te hanteer, die moeite werd gaan wees (Wright, 2003:42). Daar moet egter ernstig daarteen gewaak word om met geykte *clichés* te werk, soos dat alles uiteindelik ten beste sal uitwerk.

Gerusstelling is 'n tegniek wat die pad oopmaak vir die berader om verder te werk. Dit kommunikeer onder andere (cf. Wright, 2003:42)

- dat die probleem algemeen voorkom,
- dat iets daaraan gedoen kan word,
- en dat dat alhoewel die simptome baie ongerieflik is, dit "normaal" is,
- dat behandelingsmoontlikhede nie uitgesluit is nie,

- 'n oplossing wel moontlik is,
- en vrese dat die beradene sogenaamd kranksinnig/waansinnig raak, ongegrond is,
- dat terugvalle kán plaasvind,
- dat alle negatiewe gevolge in iemand se lewe nié altyd sy eie skuld is nie, en
- dat die Here se *modus operandi* nie is om mense links en regs te straf nie.

### 4.6.2.4 Die kuns van konfrontasie

Christelike berading is te veel in die verlede met konfrontasie vereenselwig. Egan (1994:158) verkies die konsep van uitdaging bo *the more biting term 'confrontation'*. Wright (2003:52-54) sien konfrontasie as 'n manier om empatie te bevorder, om beradenes te help om beter beslissings vir hulleself te maak, meer aanvaardend teenoor hulself te wees, en meer produktief en minder destruktief op te tree.

Beraders kan nie altyd onder alle omstandighede presies dieselfde optree nie. Aanpasbaarheid is baie belangrik, en eerlikheid en aanvaarding behoort voorrang te geniet bo die rigiede toepassing van tegnieke. Volgens Wright (2003:56) behoort beraders spesifiek te waak teen sekere destruktiewe elemente in berading. Voorbeelde hiervan is die volgende:

- Passiwiteit aan die kant van beraders word gewoonlik negatief beleef deur beradenes.
- Dominante optrede van die berader, waar dit meer om hom as persoon gaan.
- Die uitstal kennis en ervaring, die kroniese uitdeel van advies, die altyd-van-alles-beter-weet houding, die doelbewuste skep van afstand en die afbreek van sinvolle kommunikasie.
- Te veel self-belydenisse aan die kant van die berader, veral van persoonlike besonderhede, swakhede en mislukkings.
- Die kunsmatige voorhou van 'n beeld van 'n sogenaamde gewonde geneser *causes the counselee to wonder how your ego trip relates to his or her problem* (Wright, 2003:56).
- Ondervraging bring wantroue - en bevorder nie probleemoplossing nie.
- Ontoepaslike gedrag deur die berader, soos beplande huilbuie.

- Valse gerusstellings van die kant van die berader, wat die indruk skep dat daar geen probleem is nie, skep 'n gees van passiwiteit by die beradene om aan die probleem te werk.

- Emosionele afwesigheid aan die kant van die berader skep, soos passiwiteit, die indruk dat die berader net 'n tegniese adviseur is - en dat die raadpleging van 'n handboek dieselfde resultate sou opgelewer het.

- Soos ondervraging, skep veroordeling 'n gees van wantroue wat nie die beradingsproses bevorder nie.

> *We need to realize that for some, change will be very slow. They need our encouragement and our faith to move them along. Some counselees lack faith and hope; therefore, they need our sense of faith and hope in the Lord - and in the future - to carry them until their own faith and hope build and they can rely upon their own inner strength.* (Wright, 2003:59.)

### 4.6.2.5 Gekompliseerde trauma

Die algemene beginsels van pastorale berading geld vir enige beradingsituasie, ook vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma. In die lig van die spesiale eksistensiële behoeftes van persone met gekompliseerde trauma aan sekuriteit, aanvaarding, identiteit, betekenisvolheid en 'n sinvolle lewe, is tegnieke soos luister, vraagstelling, bemoediging, gerusstelling en 'n klimaat van vertroue krities belangrik in pastorale berading en pastorale gespreksterapie.

## 4.6.3 Die lydenspastoraat

### 4.6.3.1 Inleiding

Gekompliseerde trauma is 'n simptoom van mense wat intense lyding beleef – hiervan is talle in Suid-Afrika uiteraard nie gevrywaar nie (cf. Verslag, 2005). Ook gelowiges word nie van hierdie uitsiglose situasies gevrywaar nie (Louw & Bosman, 2005:180). Callie en Monique Strydom van Suid-Afrika wat in 2001 deur die Moslem-ekstremiste, Abu Sayyaf, gyselaar geneem is en vier maande in die Jolo-oerwoud in die Filippyne aangehou is, sê dat hulle as "wedergebore Christene" glo dat alles met 'n doel gebeur. Sommige dae was dit 'n stryd om te bepaal wat die doel is, *maar ons glo God beproef 'n mens nooit bo jou kragte nie* (Sarie, 2005).

Lieb Bester, 'n Suid-Afrikaanse akteur, se gewese vrou, Hanlie, en hul sewejarige dogter, Suné, is in

2002 in 'n gesinsmoord uitgewis. Hy sê niemand is daarteen gevrywaar nie, *maar dit is juis wanneer jy so iets beleef dat God se liefde, wat in Christus geopenbaar is, tot sy volle reg kom* (Van Wyk, 2005:180-182). Ook die Suid-Afrikaanse paralimpiese atleet, Oscar Pistorius, wat by die Paralimpiese Spele in Athene 'n rekord in die 200 m opgestel het, sê hy weet nie hoe dit is om bene te hê nie. As Christen erken Oscar dat sy geloof hom dikwels vertroos en krag gee *om die beste uit die lewe te haal'* (Van Wyk, 2005:180).

Mense in Suid-Afrika met sy hoë vlakke van misdaad, leef egter so dat die leed verskans word, dat daar nie oor nood gepraat word nie, *dat daar selfs nie in ons kerke ruimte gemaak word vir die openhartige en eerlike verwoording van pyn nie* (Louw & Bosman, 2005:180), 'n situasie wat moontlik verband hou met die tipiese situasie in lande waar misdaad en geweld hoog is en 'n 'medelye-uitputting-sindroom', waar mense ter wille van eie emosionele beskerming die oë sluit vir die pyn rondom hulle (Ackermann, 1996:53). Wat die Ou Testament betref, was die klagformule nie net in die Psalms bekend nie, maar óók 'n onmisbare deel van die Israelitiese gemeenskap en die erediens van Israel (voor en na die ballingskap) (Weiser, 1975:67-68). Die ore en oë van die samelewing was dus nie onnatuurlik gesluit vir die alledaagse nood op grondvlak nie.

### 4.6.3.2 Die funksie van die klagformules

Die navorsing van Louw & Bosman (2005:180) kyk na maniere hoe die *klagformule in die lydenspastoraat aangewend kan word binne die helings- en verwerkingsproses van lyding*. Louw (1999:460) se rede hoekom dié navorsing nodig is, vat hy saam in die stelling dat die verstaan van die plek van klagformules (in byvoorbeeld die Psalms) 'n gelowige kan help om gedurende 'n lydensvolle situasie sy pyn aan God te kommunikeer by monde van 'n klag.

Lyding is die onverstaanbare ervaring van intense pyn (Louw & Bosman, 1999:181). God kom in die gedrang in ervarings van intense trauma. Crabb (2002:22) sê dat afhanklikheid van 'n swygende God *in the middle of crumbling dreams can be tough on faith.* Hierdie pyn sny baie diep, dieper as emosionele, psigiese of fisieke pyn. Dit laat mense vra *waarom* dit met húlle gebeur.

In talle mense se lewe kom daar oomblikke wanneer die raakpunte tussen hulle verhaal en dié van die digter van Ps 22 of die man Job (Job 3:1) hulle onderskeidelik dieselfde taal laat praat:

*My God, my God, waarom het u my verlaat en bly u ver as ek om hulp roep?*

of

*Die dag waarop ek gebore is, moes nooit aangebreek het nie.*

Meyer *et al.* (2005:14) sê dat die die rou kreet: *'Waarom?'*, *'Waarom ék'*, die universele taal van lyding is. Dit sypel deur tot die mees sensitiewe areas van ons bestaan en word uiteindelik die vraag na die betekenis van die lewe. Vrae na die *sin en bestemming van ons bestaan ruk aan die wortels van ons bestaan* (Louw & Bosman, 2005:180). Die kernprobleem in lyding (en lydenspastoraat) is die vraag na die verband tussen God en lyding, maar Meyer *et al.* (2005:108), met 'n beroep op die geskiedenis van Job, sê dat Job se grootste versugting en die rede vir al sy vrae nie soseer was om die sin van sy lyding te verstaan nie, *maar om iets van Gód te verstaan.*

Dit is belangrik dat pastorale beraders sal verstaan dat hoe meer intens en langdurig die trauma is, hoe "goedkoper" is antwoorde geneig om te word wat aangebied word ter vertroosting. Meyer *et al.* (2005:85) wys daarop dat beraders nie vir God hoef op te kom deur lang verduidelikings, teorieë en beskouings oor God en sy optrede nie. Hulle haal die teoloog Nicholas Wolterstorff aan wat, na die dood van sy seun in 'n bergklimongeluk, skryf:

> *Ek kan nie die stukke van die legkaart laat pas nie. Ek kan maar net, soos Job, uithou en verduur. Ek weet nie waarom God nie Eric se dood gekeer het nie. Om met dié antwoord saam te lewe, is onseker en vol gevaar. Dit is moeilik om nie jou vastrapplek te verloor nie.*

In lydenspastoraat word die beradene die geleentheid gegee om sy pyn te verwoord in 'n klag, waarvan Ps 44:24-25 'n goeie voorbeeld is:

> *Kom ons te hulp! Waarom slaap U, Here? Moet ons nie vir altyd verstoot nie! Waarom draai U U rug vir ons? Waarom steur U U nie aan ons ellende en smaad nie?*

Die klag van die individu word op 'n unieke wyse verwoord in die klaagpsalms (cf. Weiser, 1975:66-82; Louw, 1999:463-465). Louw & Bosman (2005:182) sit dit soos volg uiteen:

- ☐ Die aanroep van God.
- ☐ Die beswaar of protes.
- ☐ Herinnering as keermoment.
- ☐ Uitspreek van vertroue (geloofsbevestiging).
- ☐ Versoek en petisie.
- ☐ Bemoediging en troos.
- ☐ Lofprysing.

Die geheim van die lydenspastoraat is die krág van die klagformules wat die trou van God antisipeer en daarop hoop. Die klag is die medium waardeur beradenes hulle woede, angs en gevoelens van hulpeloosheid voor God kan uitstort - dan gebeur die wonderwerk:

- God is dáár en Hy help (Louw, 1999:461).

In 'n ouer klassieke werk van Brueggemann (1984:10) word dié skema van die klaagpsalms omskryf as oriëntasie, disoriëntasie en oriëntasie. Weiser (1975:223-224) skryf van dié oorgang van klag na lofprysing in Ps 22:16-18 soos volg:

*The way which leads him to God is already partly covered by the fact that he may disclose to God the depth of his affliction so unreservedly.*

#### 4.6.3.3 Implikasies vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma

Die beginsels wat toegepas word in lydenspastoraat gee aan die persoon met gekompliseerde trauma die unieke geleentheid om sy eksistensiële of bestaansnood op 'n Skrifuurlike en gestruktureerde wyse voor die Here te bring in die klagformule (cf. die genoemde voorbeelde van Ps 22: Die klag van Godverlatenheid, en Job 3:1: Job vervloek sy geboortedag). 'n Kernprobleem vir persone met gekompliseerde trauma is die vraag hoekom die Here dit oor so 'n lang tyd toegelaat het tot op 'n punt wat die lewe geen sin meer maak nie. Lydenspastoraat bied dan 'n unieke geleentheid vir beradenes met gekompliseerde trauma om te praat oor die verband tussen God en lyding wat vir hulle dikwels nie sin maak nie. Psalm 88:19, 'n psalm sonder enige trooswoorde van Gód se kant af - nog erger, 'n psalm waar God géén woord sê nie, begin met woorde van hoop, maar eindig met 'n wanhoopskreet:

*Here my God wat altyd help,*
*ek roep elke dag om hulp,*
*elke nag bid ek tot U.* (vers 1.)
*U laat my vriende en my bure*
*ver van my af staan,*
*die duisternis van die dood*
*is my geselskap.* (vers 19.)

Die lydenspastoraat bied ook die geleentheid om deur pastorale berading sakramenteel Jesus Christus in die gesprek teenwoordig te stel, deur die Heilige Gees se bemiddeling, sodat die beradene uiteindelik deur die genade van God kan sê dat die Gees van God saam met sy gees getuig dat hy 'n kind van God is.

Hy bly dus ook onder traumatiese beproewinge bewus van God se greep op sy lewe.

### 4.6.3.4 Gevolgtrekking

Die Klaagpsalms kan 'n teken van hoop wees in lydenspastoraat. Die klagformule in dié psalms kan gebruik word as instrument om pyn aan God te kommunikeer. Die klag vloei voort uit die basiese vertroue op God. Louw & Bosman (2005:188) sê dat die hoop daarin lê *dat ons 'n adres het vir ons lyding - dat Iemand wat omgee, wéét.*

Die lydenspastoraat kan persone met gekompliseerde trauma help om hulle nood, pyn, angs en woede op 'n eerlike wyse aan God te kommunikeer - en deur die terapeutiese proses heen hoop te vind.

## 4.6.4 Die verhalende pastorale gespreksvoering

### 4.6.4.1 Inleiding

Die verhalende benadering in die pastorale beraad impliseer dat mense nie net vir vermaaklikheid stories vertel nie, maar dat die grein van die lewe deur verhale blootgelê word. Dit funksioneer aan die wortel van menswees, omdat elke verhaal wat vertel word, 'n worsteling in die proses van dink, doen en besluit is. In hul verhale ontdek én bou mense aan hul identiteit. Binne-in elke verhaal is daar *die spanning tussen dít wat in die hede ervaar word enersyds, en die verlede en die toekoms andersyds* (Müller, 2000:10). Hy haal dan T.R. Sabin aan wat sê dat verhale die *root metaphor* is waardeur menslikheid geïnterpreteer en verstaan kan word. Die verhalende pastorale gespreksvoering werk dan met 'n sleutel waarsonder die benadering/model nie verstaan kan word nie (Müller, 2000:108-16):

- ☐ Mense organiseer hulle ervarings in verhale.
- ☐ Elke nuwe ervaring of stimulus word in 'n storie geformuleer.
- ☐ So gaan mense vorentoe, en word die lewe 'n reis, want mense neem die ervarings van die verlede, organiseer dit in 'n storie, en die storie word die kaart vir die onbekende land (toekoms) wat voorlê.

### 4.6.4.2 Algemene beginsels

- **'n Posisie van nie-weet**

In die narratiewe metode is die berader nie die meer- en beterweter nie. Hy is die nie-weter. Die *'not knowing position' is die posisie waarna hier gestreef word* (Müller, 2000:17). Volgens Müller is die

*verhalende pastor* ingestel op gelyke en vrye kommunikasie - en word in die *verhalende pastoraat* die hele storie en elke storie volkome ernstig opgeneem.

- **Hoop op 'n beter toekoms**

Mense wat hul verhale vertel, is in werklikheid besig met die toekoms (Müller, 2003:41, noem dit *toekoms-verlede-stories*). As beradenes hulle verlede-stories vertel, is hulle in werklikheid besig om die lesse wat uit die verlede geleer kan word, ten goede te benut op hulle toekomspad. Dit wat mense motiveer om afsprake by terapeute te maak, is trauma wat uit hul lewens verdring is, maar wat dreig om hul toekomsverhale te word.

Die vraag wat by die narratiewe model aan die orde is, is nie hoe die verlede-prentjie weer heelgemaak kan word nie, maar hoe die toekomsprentjie weer herstel kan word *sodat dit 'n dryfkrag kan word om in die hede te kan verander* (Müller, 2000:42). Mense se verledestorie moet vir hul deure kan oopmaak na 'n beter toekoms.

Omdat daar 'n verband bestaan tussen verlede en toekoms kan God se beloftes van 'n nuwe toekoms nie waar gemaak word met 'n uitsiglose verledestorie nie. Daar kan nie net vanuit 'n verbeelde toekoms, al is dit gebou op God se beloftes, gewerk word aan 'n herstelde hede nie. God se hoop bou self op die verledestorie van Jesus Christus. En Christus se verhaal help mense om hul eie verledeverhale af te handel (Müller, 2000:43).

Mense moet gehelp word om anders oor hulle verledeverhale te dink en anders met hulself en met mekaar daaroor te praat. Dan word dit moontlik om 'n nuwe toekomsverhaal te verbeeld. Om met die verledeverhale te werk vanuit die perspektief van sonde en skuld asook van genade en vergifnis, bring noodwendig ander denke oor die verlede en dán kan mense ook anders oor die verlede praat.

Dan is alles nie net hopeloos nie (Müller, 2000:45).

- **Die beperkte rol van die berader**

Die pastor het slegs 'n beperkte bydrae om te lewer in die oplossing van krisisse. Hy kan nie verantwoordelikheid oorneem vir beradenes se lewe nie. Hy kan ook nie wonderwerke vermag nie. Soos die beradenes hou hy ook rekening met wat Müller (2000:61) die onverwagse "magic" van God noem. Met hierdie onvoorspelbare elemente wat oplossing vir lewenskrisisse bring, moet beraders ín berading rekening hou. "Magic" of geloofsverwagting breek nie die verantwoordelikheid van die beradene af nie, maar bevorder dit juis.

Sukses is moontlik deur pastorale gespreksvoering as kuns.

- **Die metode van verhalende pastorale gespreksvoering**

Müller (2000:68) wil dat die narratiewe benadering nie werklik werk met metode en tegniek nie. Die eerste twee instrumente waarmee dié benadering werk, naamlik om responsief te luister in 'n nie-wetende posisie, het met 'n gesindheid en posisie-inname van die pastor te doen wat met geen tegniek bereik kan word nie. Die derde instrument, die gespreksvrae as tegniek, bied egter die geleentheid om 'n bepaalde gespreksmodel vir die narratiewe benadering aan te bied. Dit is 'n model met vyf bewegings wat as 'n *dans-model* voorgestel word. Dit begin êrens en eindig êrens, maar is oop vir meer of minder bewegings en vra daarom 'n kreatiewe aanpak. Dit verskil dus baie van 'n strategiese fase-model, en behels die volgende bewegings:

☐ **Die noodverhaal**

Die beradene moet gehelp word om die storie van nood so uitvoerig as moontlik te vertel. Die persoon wat die afspraak gemaak het om 'n pastor te spreek, voel dat dit tyd geword het om met 'n bepaalde saak, wat op daardie tydstip vir hom te veel geword het, werk te maak. Die beradene moet die geleentheid gegee word om sy noodverhaal so goed as moontlik te vertel. Van belang in hierdie aanvangsfase van beraad, is die wat-vrae van die pastor. Daar moet nie te gou by *storymaking* uitgekom word voor die *storytelling* nie eers genoeg aandag geniet het nie.

☐ **Die verledeverhaal**

Die noodverhaal is reeds 'n eerste verledeverhaal, 'n verhaal binne die verhaal. Dit word onderskei van die verledeverhaal wat meer omvattend is as die noodverhaal. Gewoonlik werp die verledeverhaal dan ook meer lig op die nood. Dit help ook met die verligting van die nood. Die verledeverhaal moet sinvol benut word in die pastorale gesprek. Müller (2000:76) sê dat om erns te maak met die verledeverhaal is in besonder ook 'n pastorale aktiwiteit.

Beide die narratiewe benadering en die psigoanalitiese benadering stel intens belang in die verledeverhale. Laasgenoemde benadering poog net om die verlede op te roep/terug te roep/te herwin. Dit is vir die psigoanalise 'n volledig afgehandelde verlede, met sy gevolge in die huidige funksionering van die beradene. Om te weet wat daar gebeur het, verklaar huidige funksionering. In die narratiewe metode gaan dit nie net om 'n terugroep van die verlede nie, maar om *die konstruering van 'n toekomsstorie uit die herinnering van die verlede* (Müller, 2000:77).

□ **Die verlede as boumateriaal in die verbeelding van die toekoms**

Die herbelewenis/onthou van die verledeverhaal is baie keer reeds genesend omdat dit mense help met hulle identiteit, wie hulle was en waarheen hulle gaan. Dit behels dus terapeutiese bouwerk om iemand te help om die verledeverhale op te diep en te vertel.

Die verledeverhaal kan 'n baie omvattende stuk werk wees. Müller (2003:80) stel die gebruik van 'n genogram voor, 'n diagram van familie- of gesinstrukture wat gebruik word om patrone en temas binne die familię oor drie of vier geslagte te verhelder. 'n Eenvoudiger maar effektiewe manier om gespreksgenote te begelei om hul verledeverhale te vertel, is om hulle te vra om dit volgens 'n lewenslyn te doen. Dit is meer as 'n kroniek, want die manier waarop die lyn getrek word (met stasies van laagte- en hoogtepunte) behels reeds 'n interpretasie van gebeure. Eko-kaarte kan ook gebruik word om die gesinsituasie (en dié van betekenisvolle individue) in 'n breër omgewing vas te stel.

□ **Die "verduisterde toekomsverhaal"**

Die terapeut moet in hierdie derde beweging van die verhalende pastorale gespreksvoering saam met die gespreksgenote/beradenes die toekomsstorie in die verledestorie ontdek. Dit is 'n *verduisterde toekomsverhaal* omdat die verledeverhaal nie meer 'n pad vorentoe kan oopmaak nie.

Die toekomsperspektief van mense raak versteur deur die doodloopstraat waarin hul toekomsverhaal beland het as gevolg van hulle verledeverhaal (Müller, 2000:92).

□ **Die "herverteIde verledeverhaal"**

Die hervertelde verledeverhaal is die tweede laaste beweging van die narratiewe metode. Dit behels die herinterpretasie van die verlede. Met kreatiewe kunstigheid kan die terapeut mense uitnooi om nuwe stories op dieselfde raamwerk van die feite te konstrueer:

> *Deur ander temas in plaas van die probleem-versadigde temas te suggereer, nooi ons mense uit om te begin skep aan nuwe verhale oor die verlede.* (Müller, 2000:73.)

Mense se identiteit word versterk deur 'n positiewe herformulering van die lewensverhaal. Nuwe betekenisse word aan gebeure toegeken. Dit kan beteken dat mense byvoorbeeld minder blameer deur meer verantwoordelikheid vir hulleself te neem in bepaalde herinterpretasies van gebeure. Mense kan ook byvoorbeeld minder die rol van slagoffer vertolk as hulle met 'n nuwe verstaan na sekere insidente in die verledeverhaal kyk.

Om te herformuleer is om persepsies te hervorm en om kognitiewe kaarte (*maps*) waarvolgens gebeurtenisse geïnterpreteer word, te verander (Müller, 2000:94). Dan kan mense ontdek dat hulle suid in werklikheid noord was, en hulle daarom konsekwent in 'n verkeerde rigting besluite geneem het.

Mense kan ook gehelp word om deur eksternalisering van hulle probleme, saam met die terapeut, anders na hulle probleme te kyk - en dit van buite af te bespreek asof dit nie húlle probleme is nie. So word die probleem 'n aparte entiteit, waaraan ook 'n eie naam gegee kan word. Dit help mense ook om objektief daaroor te praat asof dit iets buite hulleself is - iets eksterns.

- **Die "verbeelde toekomsverhaal"**

Die narratiewe metode werk met 'n konsep van God se toekoms wat nie 'n beweging na die toekoms is nie, maar 'n beweging uit die toekoms na die verlede. Om op pad êrens heen te wees en daarvan bewus te wees, is op sigself nie 'n godsdienstige ervaring nie. Om egter te leef met die wete dat God *êrens uit die toekoms na jou toe aan die kom is, dit is om geloof te hê* (Müller, 2000:99).

God sluit ons in van agter en van voor (Ps 139).

Die herinterpretasie van die verledestorie beteken nie 'n afsluit van die verlede in die sin van vergeet nie. Dit beteken wel 'n afhandeling en 'n heroriëntasie. Deur verbeelding en metafore word teenstrydighede in 'n nuwe verhaal geïntegreer. Die verbeelding van 'n ander, beter toekoms, is ten diepste 'n geloofsaak.

Die Christelike hoop konstrueer 'n ander realiteit - weliswaar nie losstaande van die verlede en die herinterpretasie van die verledestorie nie. Tog is dit iets splinternuut.

> *Hoe presies die toekoms gaan uitdraai, is nie regtig ter sprake nie. Ons moet ons weerhou van goedkoop hoop en maklike strategieë. Maar ons moet onvermoeid voortgaan om toekomsverhale te help skep - verhale wat in pas is met die realistiese hoop van die evangelie.* (Müller, 2000:103.)

- **Gevolgtrekking vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma**

Die beginsels van die verhalende pastorale gespreksvoering bied aan die beradene met gekompliseerde trauma die geleentheid om sy verhaal aan die orde te kry in 'n "beradingsituasie" waar die berader en die

beradene ingestel is op gelyke en vrye kommunikasie. Die "not knowing position" word as ideaal gestel waar die berader nie die "meer" of "beterweter" is nie.

Die verhalende pastoraat werk met die formule dat uit die noodverhaal, die verledeverhaal, die verduisterde toekomsverhaal en die hervertelde verledeverhaal uiteindelik 'n verbeelde toekomsverhaal van hoop daar sal stel. Volgens Müller (2003:103) is dit nie regtig ter sprake wat die toekoms bring nie, solank die verbeelde toekomsverhaal in pas is met die realistiese hoop van die evangelie, wat Jesus se eie verledeverhaal wat vergifnis en hoop bring, insluit.

### 4.6.5 Gees-gesentreerde gesprekke: die taal wat God van ons verlang om te praat

#### 4.6.5.1 Inleiding

Larry Crabb, 'n sielkundige, stigter/direkteur van New Way Ministries en Geestelike Direkteur van die Amerikaanse Vereniging van Christelike Beraders, is een van die baanbrekers van die Christelike sielkunde (cf. Joubert, 2005:125; Anderson, 2000:65). Aanvanklik het hy in sy werk, *Effective Biblical counseling* (1977:31-56), vier kenmerkende benaderings tot Bybelse berading geïdentifiseer (cf. ook (Anderson, 2000:65; Joubert, 2005:126-135; en Minirth en Byrd, 1994:24):

- Die *separate but equal* benadering.
- Die *tossed salad* benadering.
- Die *nothing buttery* benadering.
- Die *spoiling the Egyptians* benadering.

Die *separate but equal* benadering skei, volgens Crabb (1977:34), teologie en sielkunde met 'n benadering dat die Bybel alleen geestelike probleme hanteer. Crabb (1977:34) verwerp dié standpunt. Die intraksie tussen 'n mens se gees, sy siel en liggaam is so geïntegreerd dat 'n skeiding soos die sogenaamde *separate but equal* benadering voorstaan, nie kan slaag nie. As die Bybel uitdruklik oor emosies soos skuldgevoelens, hartseer en woede handel, het dit ook iets te sê vir sielkundige simptome wat die resultaat is van die interaksie van dié negatiewe emosies. Die sielkunde kan ook baie hiermee help om dit beter te verstaan (Crabb, 1977:36). Die *tossed salad* benadering wil die kennis en insigte van die Bybel en die sielkunde, waar toepaslik (byvoorbeeld by depressie), integreer en toepas. Crabb (1977:36) verwerp dié standpunt omdat dit bloot die kennis en insigte van die sielkunde ongekwalifiseerd betrek en toepas. Die *nothing buttery* benadering oorreageer deur die sielkunde heeltemal te negeer.

Crabb (1977:47) verwerp dié simplistiese '*identify-confront-change*' model omdat dit sowel die Bybel as die sielkunde diskrediteer. *Spoiling the Egyptians* verskil van die *tossed salad* benadering daarin dat die bydraes van die sielkunde geëvalueer word *in order to determine their compatibility with Christian presuppositions* (Crabb, 1977:47). Die doel van dié benadering is om kennis en insigte van die sielkunde wat toepaslik is vir Bybelse berading te gebruik terwille van die hoë standaarde van professionalisme (cf. ook Anderson, 2000:67). Crabb (1977:47) verwerp dus nie die kennisbasis van die sielkunde as sodanig nie, alhoewel hy baie sterk voorwaardes het vir die gebruik van bydraes deur die sielkunde. Die gesag van die Skrif oor die sielkunde moet erken word, sowel as funksionele kontrole van die Skrif oor die denke van die betrokke pastorale berader (Crabb, 1977:48-51).

### 4.6.5.2 Die rol van gees-gesentreerde gesprekke

In 'n nuwe publikasie: *Soultalk. The language God longs for us te speak* (Crabb, 2003:1-266), verwys Crabb (2003:13) egter na die *soultalk*-revolusie: die wíl om mekaar met woorde van lewe te besiel en te verander. Navorsing oor dié nuwe publikasie kon nie opgespoor word nie, behalwe 'n boekresensie wat sê dat dit lyk of Larry Crabb die laaste paar jaar op 'n nuwe missie is:

> *To teach Christians a way of living that is more Real than what we've been doing. The 'New Way', 'the dance' that leads us to try to find God before we try to make life 'work'. He insists that words are powerful to move the heart, and that spirit-led conversation - as difficult as it can be - is powered by someone other than ourselves, deepening friendships and driving spiritual formation.* (Ridgeway, 2005.)

Hy maak die bewering dat die meeste mense dwarsdeur hulle hele lewe nooit met iemand anders iets deel van dit wat hulle ten diepste motiveer en waarvoor hulle lewe nie. Gesprekke bly oppervlakkig en kunsmatig, ook gesprekke in die kerk - en ook in Christelike terapie.

> *People across the world remain alone - personally unknown, personally unobserved, and personally untouched. We rarely speak words that connect who we are beneath our pretense, posturing, and political correctness to another living soul. We rarely hear words that draw our soul into the soul of another human being and, together, into God.* (Crabb, 2003:16.)

*Soultalk* of gees-gesentreerde gesprekke staan teenoor *selftalk* (selfgesprek): mense wat by mekaar verby praat met woorde wat nie bedoel om 'n verskil te maak nie, en daarom geen betekenis het nie. Hy wil vir pastorale berading ook die antwoord vind in die "hoe" van Jesus se gesprekke met sy volgelinge, en tussen sy volgelinge onderling: die "hoe" van dié gesprekke, wat 'n platform vir die volgende impliseer:

- ☐ Waar die bonatuurlike kragte van God vertoon word.
- ☐ Waar lewe is en waar lewe geniet word.
- ☐ Waar liefde vrygestel word.
- ☐ Waar mense sielsgenote word en mekaar vind.

Hierdie gees-gesentreerde hartsgesprekke misluk gewoonlik wanneer dit ontaard in selfgesprekke van mense wat net natuurlike gedagtes en gevoelens na vore bring, maar geen ware lewe nie. Mense slaag dan nie daarin om die goddelike lewe wat diep in die sentrum van hulle bestaan vibreer, te herken nie. Hulle versuim dan om die gedagtes en gevoelens wat die Heilige Gees diep in hul harte gee, vry te stel in hul kontak met mekaar.

Daar moet in gedagte gehou word dat gees-gesentreerde gesprekke, sê Crabb (2003:29) die taal van sielsorg (soul care) is. Sielsorg is 'n baie spesiale soort verhouding en dit is 'n gebeurtenis of ontmoeting met 'n bonatuurlike doel. Wanneer 'n persoon, volgens Gal 4:19, van vooraf in geboortepyne verkeer totdat Christus in 'n gespreksgenoot se siel of lewe vorm aanneem, *you are in a relationship of soul care.*

### 4.6.5.3 Die vyf stappe van sielsorg

- Dink wat lê agter mense se probleme wat hulle met pastorale beraders deel. Dink aan die ware oorlog tussen lig, wat lewe bring, en donker magte, wat die geestelike dood bring in mense se siele. Dit kan net deur die insig wat die Heilige Gees gee, realiseer.

- Dink visie. Omhels die ware plan van die Heilige Gees waarmee Hy in mense lewens binnekom. Dit sal bonatuurlike verbeelding vra om 'n visie te kry van dit wat die Heilige Gees verlang om in iemand se lewe doen.

- Dink passie. Dit sal bonatuurlike moed en oortuiging vra om te erken dat eiebelang gekruisig moet word ter wille van God se beste belang, en dié van ander mense.

- Dink storie. Ontmoet die ware persoon met wie in gesprek getree word. Stel opreg in sy storie belang - en in die dinge wat sy lewe verander het/geslyp het.

  *It will require supernatural listening to become a safe enough person that another will want to be explored by you.* (Crabb, 2003:31.)

- Dink beweging. Volg die Heilige Gees getrou as Hy elke verdedigingsmeganisme teen gebrokenheid en elke laag van selfvoldoening binnedring totdat die ware self wat Hy vir homself geskep het, vrygestel is om God en die naaste opreg lief te hê ten alle koste ter wille van Christus.

> *It will require supernatural rhythm to keep in step with God's Spirit as he dances into someone's soul.* (Crabb, 2003:32.)

#### 4.6.5.4 Algemene beginsels van gees-gesentreerde gesprekke

Christelike beraders moet nié skik vir sogenaamde veilige hantering van probleme deur te doen wat veilig voel om te doen nie – inteendeel, daar moet toegetree word tot die oorlog vir iemand se gees:

> *This new way of relating, of speaking with power into people's lives because we've been spoken to by God with his power, is fire in my bones, and I can't hold it.* (Crabb, 2003:41.)

Alles wat self gedoen kan word sonder die Heilige Gees, is selfgesprekke. Alles wat gedoen kan word mét die Heilige Gees, is gees-gesentreerde gesprekke. Gees-gesentreerde gesprekke kan lewens verander omdat die krag van die Heilige Gees in Christelike beraders is. Crabb (2003:44-49) beroep hom, vir hierdie stelling, op ses Skrifgedeeltes, en verkies die kontemporêre vertaling van Eugene Peterson (The Message, 2002):

- ☐ Kolossense 2:9-10

> *You don't need a telescope, a microscope, or a horoscope to realize the fullness of Christ ... When you come to him, that fullness comes together for you, too. His power extends over everything.*

- ☐ Kolossense 2:11,13

> *Entering into this fullness is not something you figure out or achieve. ... No, you're already in ... God brought you alive—right along with Christ!*

- ☐ Kolossense 2:18-19

> *Don't tolerate people who try to run your life ... They're a lot of hot air, that's all they are. They're completely out of touch with the source of life, Christ, who puts us together in one piece, whose very breath and blood flow through us.*

☐ Kolossense 1:28

*The mystery in a nutshell is just this: Christ is in you ... It's that simple.*

☐ 1 Petrus 1:3,17

*What a God we have! And how fortunate we are to have him, this Father of our Master Jesus! Because Jesus was raised from the dead, we've been given a brand-new life ... Your life is a journey you must travel with a deep consciousness of God.*

☐ 2 Petrus 1:4

*We were also given absolutely terrific promises to pass on to you - your tickets to participation in the life of God.*

God moet in die beradingsgesprek "opdaag". Dit is waarop beradenes wag wat met hulle vasgeloopte lewens hulle toevlug tot pastorale beraders neem. Gees-gesentreerde gesprekke is nie 'n tegniek nie, maar 'n outentieke ontmoeting, 'n taal wat mense praat *when the life in them meets the need in others* (Crabb, 2003:67, met verwysing na Ef 4:29 wat sê dat gesprekke opbouend moet wees volgens die eis van omstandighede, sodat dit die hoorders ten goede kan kom).

Dit is nie soos 'n operasie om 'n kwaadaardige kankergewas te verwyder nie. Dit vra ook nie professionele presiesheid nie. Dit is soos om lewende water in 'n dorstige siel in te stort. Die pastorale berader wat bonatuurlike lewe het, kan met bonatuurlike krag inspreek in mense se lewens.

Gees-gesentreerde gesprekke het daarom gemeenskap met God drie-enig nodig. Dit is nodig om die ritme van God aan te voel en op die regte tyd met die regte gesindheid en die regte woorde in te beweeg en God drie-enig met iemand anders te deel. Daarom wag gees-gesentreerde gesprekke vir/op die Heilige Gees. Die pastoraat is geduldig, want beraders stel nie die tydtafel vir verandering en sukses op nie. Dit is die werk van die Gees. Beraders kan ontspan. Gees-gesentreerde gesprekke hou rekening én werk met die sleutel van die mees basiese behoefte wat God in mense se lewens inspreek deur die Heilige Gees: die begeerte om God beter te ken.

Daarom is dit 'n probleem wanneer pastorale beraders soms die behoefte het om te gou in die loop van 'n gesprek te wil ingryp met raad en hulp. Kitsoplossings is dikwels 'n struikelblok wat verhoed dat daar by die eintlike probleem uitgekom word: 'n ontmoeting met God. Crabb (2003:83) noem dié ontmoeting met God die *'first-thing' desire*, dit waarop pastorale beraders in die eerste plek behoort te fokus.

Die krag van die evangelie van Jesus Christus om lewens te verander en die wêreld te transformeer moet altyd gevisualiseer word - in alle gesprekke - anders word gees-gesentreerde vervang deur selfgesprekke, met God uit fokus. Verandering volgens die gees-gesentreerde gesprek-model van Crabb (2003:114) kan slegs realiseer *where change depends on real people being someone with another*:

- *No self-serving agenda.*
- *No points to make.*
- *No jobs to do.*
- *Just being, with holy passion and spritual wisdom.*

Gebrokenheid, en nie opleiding of groot pogings nie, is die sleutel tot die passie van die Heilige Gees. Hoe hoër Christelike beraders hulle visie in Christus stel, en hoe meer menslik onbereikbaar die ideale in die beradingsituasie blyk te wees, hoe meer gebroke en met groter afhanklikheid sal pastorale beraders met entoesiasme die proses van gees-gesentreerde gesprekke aanpak. Pastorale beraders moet in die hele verloop van die proses altyd bewus bly van 'n natuurlike, sondige neiging tot selfgesentreerdheid, om sélf sukses vir die kliënt te bereik deur strategiese beplanning - en so die uitkoms van die gesprek te manipuleer.

Dit wat pastorale berading wil bereik, is die vrystelling van die heilige passie van die pastorale berader, *the holy passion lying dormant in the depth of our soul* (Crabb, 2003:123).

Jesus Christus is die Een wat die berader en die beradene se gebrek aan 'n ware begeerte om God te ken en te vertrou, herstel deur sy krag. 'n Herstelde vertroue met God of *a satisfied appetite for God* (Crabb, 2003:127) laat mense sielsgesprekke voer wat lewens verander. Gees-gesentreerde gesprekke wil nie probleme in stand hou deur empatie nie. Daar is by beraders, en ook pastorale beraders, 'n oorwegende neiging om te wil troos en te ondersteun - veral as daar by wyse van 'n bepaalde benadering, nie sterk gefokus word op genesing nie. Empatie deel egter hoofpynpille uit vir kankerpasiënte, en versterk narsisme. Van God en die gemeenskap word dan dikwels verwag om saam te werk om mense beter te laat voel ín die doodloopstraat waarin hulle beland het, en nie 'n vinger te verroer om iets vir hulle te laat vermag nie, nié eers deur hulself nie.

*It keeps us preoccupied with ourselves and no closer to God.* (Crabb, 2003:148.)

Vir Crabb (2003:147-145) is die kritiese vraag dan: wat gebeur ná empatie? Oor die algemeen lê die klem dan op ondersteuning (*support groups / supportive counseling*) en op die bystand van mense solank

as wat dit vat. Crabb (2003:148) vra weer:

*As long as it takes 'for what'?*

Vir die gees-gesentreerde benadering lê die antwoord in 'n nuwe pad - na God toe:

*That's the New Way - draw near to God as your better hope.* (Crabb, 2003:151.)

Niks is dán belangriker as om Christus te sien vorm aanneem in die lewe van 'n beradene nie. Emosionele pyn is nie die enigste werklikheid nie - en ondersteuning en spirituele genesing om hierdie pyn te verminder, nié die enigste alternatiewe nie. Beradenes moet gelei word om sélf die geleentheid aan te gryp om te groei na God toe en om Hom God te laat wees in alles: ook in pyn wat nie altyd ten alle koste moetweg gaan nie. God laat alles meewerk ten goede (Rom 8:28). Gelowiges aanvaar dit, maar beradenes moet gelei word om dit sélf te ervaar in hulle eie lewe dat God, omdat Hy in beheer is, werklik alles op hulle pad ten goede láát meewerk. Hy kán vertrou word - en Hy wíl sentraal staan in hulle lewe.

Beraders moet persone lei om hul storie te sien as deel van die groter verhaal van God vir hulle en die wêreld. Eers as die storie van hulle siel in fokus begin kom, en die stryd om die siel in God se hande gelaat word om in en deur sy Seun, Jesus Christus, die oorwinning te behaal, is die eerste tree gegee na herstel.

Dit is ook die belangrikste tree.

Crabb (2003:173) verwys na so 'n ervaring en skryf:

*She left that evening with a stronger appetite for God, still a struggling pilgrim on a long journey, but a pilgrim who had encountered God and wanted him more than ever.*

Mense moet hul stories kan vertel. En dié storie moet deur gees-gesentreerde gesprekke die storie van die siel insluit. Mense moet dáár kom waar al wat hulle eindelik kan vertel, 'n getuienis is dat die hele pad nog voorlê, saam met God.

*You're blessed when you're at the end of your rope. With less of you there is more of God.*

#### 4.6.5.5 Gevolgtrekking

Waar die lydenspastoraat die beradene met gekompliseerde trauma die geleentheid bied om sy pyn en lyding van isolasie en verwerping in gebed en smeking voor God te bring wat genesing bied, en die verhalende pastoraat die geleentheid aan die beradene bied om sy eie nood- en verledeverhaal in 'n gelyke-geleentheidgesprek te vertel - en sy eie verbeelde toekomsverhaal te skep, bied die beginsels van die gees-gesentreerde gespreksbenadering beide die berader en beradene die geleentheid om die "eerste

dinge" eerste te stel. Dit beteken eerstens dat die pastorale berader, wat bonatuurlike lewe het ('n Gees-vervulde lewe) met bonatuurlike krag inspreek in mense se lewens. Tweedens beteken dit dat die beradene toelaat dat die heilige passie van die Gees van God in sy lewe vrygestel word.

Beradenes moet self die geleentheid aangryp om te groei na God toe - en om uit dié krag van die nuwe verhouding te getuig dat die pad van genesing wat nog voorlê, voluit 'n pad saam met God sal wees.

## 4.7 SAMEVATTING

Pastorale berading word omskryf as 'n probleemgesentreerde en gestruktureerde vorm van professionele pastorale hulpverlening wat beoog om deur beïnvloeding, verandering, en insig, groei en herstel/vernuwing/heling teweeg te bring. Geloofsgroei en sinsontdekking word as primêre doelwit nagestreef met die oog op die ontwikkeling van beradenes se menswees en om hulle te help om self spesifieke persoonlike probleme te hanteer en op te los. Christelike spiritualiteit is 'n baie spesifieke tipe van Godservaring wat geloofsgroei en barmhartigheid insluit.

Die fokus in dié studie val dan op pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma – 'n ingewikkelde sindroom wat verband hou met 'n spektrum van posttraumatiese versteurings wat volg op intense, langdurige en herhaalde trauma. 'n Verwarde of verdraaide Godsvoorstelling is heel dikwels aan die orde by beradenes binne hierdie kategorie.

Suid-Afrika is 'n buitengewoon gewelddadige gemeenskap. Ook kerke kry al meer te doen met gekompliseerde trauma soos gesinsgeweld, en kindermishandeling en -molestering. Dit is dus belangrik dat kerkleiers en Christelike beraders hulself deeglik sal vergewis van hierdie uiters aktuele aangeleentheid.

Pastorale dialoog is essensieel vir die bou van 'n Christelike gemeenskap asook die vorming van gewone menslike gemeenskappe. Dit vind binne verhoudinge plaas, is daarop ingestel om iets gemeenskapliks met mekaar te deel, is gerig op verandering en word gesien as deel van die uiteindelike oplossing vir gekompliseerde trauma.

Gespesialiseerde pastorale bediening is 'n bediening in die naam van Jesus Christus waar een persoon 'n ander help om sy probleme met die nodige insig self op te los in ooreenstemming met die Woord van God. Dit verskaf bemoediging en leiding aan mense wat verliese en teleurstellings in die gesig staar en wat hulle lewens weer aan die gang wil kry. Verskillende aspekte van Christelike berading word belig

deur die Skrif.

1 Tess 5:14 is 'n sleutelteks vir pastorale berading binne die oorhoofse konteks van geloofsgroei. Gelowiges word basies versoek om met geduld na mekaar om te sien deur teregwysing, bemoediging en hulp (berading). Met betrekking tot 'n tema soos gekompliseerde trauma is daar dan ook besonder toepaslike insigte wat vanuit hierdie Skrifgedeelte na vore kom:

- □ Die eerste Griekse werkwoord van belang is *παρακαλέω*. Dit handel oor die kommunikasie van die heil deur pastorale berading. Dié werkwoord word verder gebruik vir vertroosting in liefde. Van belang vir beradingsproses is die verband tussen *παρακαλέω* en *παράκλητος*,: 'n eienaam van die Heilige Gees, die bemiddelaar van die heil in Christus, die groot Hoëpriester wat met mense se swakhede medelye het. Liefde, geloof en hoop, is onlosmaaklik deel van pastorale berading. Daarom kan Christelike berading ook nie apart funksioneer van gebed as die sleutel van hoop nie.

  Die term *παρακαλέω* laat op 'n besondere wyse reg geskied aan die inhoud en styl van die pastorale troosfunksie en sorghandelinge en is niks anders as liefde in aksie deur Christelike berading nie. Daar is geen noodsituasie in die lewe van kinders van die Here waarin Hy nie in beheer bly nie - hulle toekomsbestemming is in Sy hand. Die aard van Paulus se traumatiese ervaringe word opgesom deur die slagskaap-metafoor wat op 'n besondere wyse van toepassing gemaak kan word op gekompliseerde trauma. Dit verwys na uiterste weerloosheid en uitgelewerdheid aan wrede mense - met 'n doodsvonnis wat daagliks oor sy kop gehang het. In Christus ervaar mense egter selfs ook onder sulke omstandighede innerlike sekuriteit omdat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet.

- □ Die tweede term van belang is *νουθετέω*, waar die klem op onderlinge vermaning val. Met betrekking tot Christelike berading val die fokus hier veral op persoonlike verandering en gedragswysiging.

- □ Die derde Griekse werkwoord is *παραμυθέομαι*. Dit word in Afrikaans vertaal met *bemoedig* of om iemand te vertroos. Dié werkwoord kan ook slaan op hulpverlening.

- □ Die vierde term is *ἀντέχομαι*, wat 'n dimensie het van ondersteuningshulp en beveiliging.

- □ 'n Laaste term van belang vir Christelike berading is *μακροθυμεω*. In Afrikaans word dit met lankmoedigheid en geduld vertaal. Heb 6:15 leer gelowiges om geduld te hê ten spyte van moeilikhede, en om só die oorwinning te behaal.

In 1 Tess 5:14 word na twee groepe persone wat probleme ervaar, verwys:

- Dit is eerstens die kleinmoediges ('n woord wat dui op 'n negatiewe houding of emosies by mense wat moed verloor het en nie kans sien vir die lewe nie). Dit slaan waarskynlik op 'n groep mense binne die Christelike gemeenskap wat negatief of selfs vreesbevange was oor die uitdagings van Christenskap in 'n heidense omgewing.

- Die tweede groep is die swakkes. Dit dui op enige persoon wat nie oor die fisiese en/of psigiese en/of geestelike kapasiteit beskik om op daaglikse basis self in eie fisiese en/of emosionele en/of geestelike behoeftes te voorsien nie. Gemeentes het gevolglik die roeping om deur pastorale berading te bemoedig, te ondersteun, en te help en in besonder dan ook persone met gekompliseerde trauma te begelei tot geestelike groei en vernuwing.

Jesus wat uit liefde vir God vrywillig afstand gedoen het van sy bestaan op Godgelyke wyse, het vir mense se sondes gesterf. Hy is verheerlik by God (sit aan sy regterhand) en tree vir mense in by sy Vader. Pastorale berading wil die mens as skepsel van God verander in 'n nuwe mens met die oog daarop dat hy as 'n nuwe mens elke dag sinvol en gelowig vanuit die Christelike hoop kan leef. Dit geld vir alle pastorale probleme.

Jesus alleen kan die mens se mees kritiese eksistensiële behoeftes genees – waarby gekompliseerde trauma dan ook ingesluit is. Pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma fokus in Christus onder andere op die moontlikhede van 'n sinvolle lewe, identiteit, aanvaarding, sekuriteit en betekenisvolheid.

Dit het verder geblyk dat die doelwitte van pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma vinniger bereik kan word indien beradenes hul identiteit in Christus vind - en in vryheid (in Christus) die regte keuses kan maak. Pastorale terapie aan persone met gekompliseerde trauma is gevolglik daarop gefokus om hulle te begelei tot 'n nuwe geborgenheid in Christus.

Die algemene beginsels van pastorale berading geld uiteraard ook vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma. Met die oog op die spesiale eksistensiële behoeftes van persone met gekompliseerde trauma (aan byvoorbeeld sekuriteit, aanvaarding, identiteit, betekenisvolheid en 'n sinvolle lewe) word tegnieke soos luister, vraagstelling, bemoediging en gerusstelling en 'n klimaat van vertroue as van kritieke belangrik beskou.

Die beginsels wat toegepas word in lydenspastoraat gee aan die persoon met gekompliseerde trauma die unieke geleentheid om sy (bestaans)nood op 'n Skriftuurlike en gestruktureerde wyse voor die Here te

bring in die klagformule (cf. byvoorbeeld Ps 22:2-3 en Job 3:1). Lydenspastoraat bied dan eerstens die unieke geleentheid om beradenes met gekompliseerde trauma te help met die (vir hulle) sinlose verband tussen God en lyding (cf. Ps 88:19). Tweedens bied dit ook die geleentheid om Jesus Christus sakramenteel in die gesprek teenwoordig te stel. Die Klaagpsalms kan verder ook dien as 'n teken van hoop as deel van die lydenspastoraat, en die klagformule kan gebruik word as 'n instrument om pyn aan God te kommunikeer. Dit alles kan gebeur omdat die klag voortvloei uit 'n basiese vertroue op God. Gelowiges het 'n adres vir hulle lyding en Iemand wat omgee (Louw & Bosman, 2005:188). Die lydenspastoraat kan persone met gekompliseerde trauma help om hulle pyn op 'n eerlike wyse aan God te kommunikeer en hoop te vind.

Die beginsels van die verhalende pastorale gespreksvoering bied aan beradenes met gekompliseerde trauma die geleentheid om hulle verhale te vertel in 'n beradingsituasie waar die berader en die beradene op gelyke en vrye kommunikasie ingestel is. Die verhalende pastoraat werk met die formule dat uit vier verhale, die noodverhaal, die verledeverhaal, die verduisterde toekomsverhaal en die hervertelde verledeverhaal, uiteindelik 'n verbeelde toekomsverhaal van hoop geformuleer kan word. Die verbeelde toekomsverhaal sal egter in pas moet wees met die realistiese hoop van die evangelie, wat Jesus se eie verledeverhaal van vergifnis en hoop insluit.

Die beginsels van die gees-gesentreerde gespreksbenadering bied aan die berader en beradene die geleentheid om die "eerste dinge" eerste te stel. Dit impliseer eerstens dat die pastorale berader, wat die Gees van God in sy binneste het, met die krag van hierdie Gees ('n bonatuurlike krag) inspreek in mense se lewens. Tweedens beteken dit dat die beradene toelaat dat die heilige passie van die Gees van God in sy lewe vrygestel word. Beradenes moet ín lyding groei na God toe - en glo dat die pad van genesing dan eers begin het.

# HOOFSTUK 5

# META-TEORETIESE PERSPEKTIEWE MET BETREKKING TOT DIE PASTORALE BEGELEIDING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA

## 5.1 BAANBREKERSWERK VAN JUDITH HERMAN

### 5.1.1 Inleiding

Reeds ‘n dekade het verloop sedert die baanbrekerswerk van die Amerikaanse psigiater, Judith Herman, verbonde aan die Departement van Psigiatrie van die Harvard Mediese Skool in Boston, oor die teorie en die behandeling van psigiese trauma: *Trauma and recovery. From domestic abuse to political terror*, verskyn het (Herman, 2001). Haar navorsing fokus op ‘n nuwe diagnose vir gekompliseerde of intense, langdurige en herhaalde trauma (Herman, 2001:11-129). Daar was volgens haar ‘n behoefte aan ‘n nuwe konsep van trauma omdat so baie kronies ongelukkige mense na spreekkamers gestroom het vir sielkundige en mediese behandeling, maar nooit werklik daarby baat gevind het nie.

Sy definieer die tipiese reaksie op trauma as *a spectrum of conditions rather than as a single disorder* (Herman, 2001:119; cf. ook Herman, 1992:1). Haar werk word dan ook algemeen beskou as ‘n grensverskuiwing in denke oor psigiese trauma en PTSD (Kolb, 1989:811-812; Whealin, 2005).

### 5.1.2 Klassieke omskrywings

Die klassieke omskrywings van trauma en PTSD word soos volg deur Coetzer (2004:12-23) weergegee:

- Psigiese trauma

    *’n Emosionele staat van ongemak en stres wat voortspruit uit herinneringe aan ‘n buitengewone, katastrofiese ervaring. Moontlike vroeëre gedagtes by hierdie individu dat hy/sy pyn en leed sal vryspring is deur hierdie ervaring verpletter*. (cf. Hicks, 1996:15.)

□ PTSD

*PTSD is die gevolg van die oorweldigende blootstelling aan 'n stresvolle insident of 'n reeks van gebeure, soos byvoorbeeld oorlog, verkragting of molestering. Dit is die normale reaksie van normale mense op 'n abnormale situasie.*

Kolb (1989:811-812) vergelyk die nuwe konsep van die heterogeniteit van PTSD, en die gevolge daarvan vir die psigiatrie, met die verreikende gevolge vir die mediese wetenskap van die ontdekking van sifilis:

*At one time or another (this disorder) may appear to mimic every personality disorder.*

### 5.1.3 'n Spektrum van toestande

Die navorsing van Judith Herman verbreed die bestaande konsep(te) van trauma en identifiseer die volgende drie kategorieë:

□ 'n Kort stresreaksie of gewone trauma.

□ Klassieke PTSD.

□ Komplekse posttraumatiese stresversteuring.

Volgens Herman (2001:119) is gewone trauma 'n kortstondige stresreaksie op ongewone gebeure in 'n mens se lewe. Dit is 'n normale reaksie wat deel is van die menslike bestaan. Dit is nie 'n sindroom nie - en los met verloop van tyd vanself op. Die probleem wat sy egter identifiseer, hou verband met die bestaande diagnostiese kriteria vir PTSD wat nie voorsiening maak vir kroniese getraumatiseerde persone nie.

Dié slagoffers ly dikwels in stilte omdat hul klagtes oor simptome nie altyd goed verstaan word nie. Daar ís wel medikasie beskikbaar vir dié simptome, byvoorbeeld vir slaaploosheid, angs, hoofpyne en depressie, maar die gebruik daarvan bring oor die algemeen nie die dramatiese verbetering waarop gehoop word nie.

Hierdie kronies ongelukkige mense word dan dikwels op die kantlyn geskuif omdat hulle nie op behandeling reageer nie. Hierdie onbevredigende toedrag van sake is te wyte aan die feit dat die klassieke diagnose van PTSD oor die algemeen nie werklik van toepassing is op hierdie persone se ervarings en situasie nie.

Klassieke of gewone PTSD hou gewoonlik net verband met spesifieke traumatiese gebeure soos oorloë, natuurrampe (soos byvoorbeeld aardbewings en tsunami's) en verkragtings, maar nié met intense, langdurige en herhaalde trauma nie.

Slagoffers van gekompliseerde trauma ontwikkel dan gewoonlik 'n tipiese simptomatologie wat baie meer ingewikkeld of kompleks is as dié van gewone trauma en klassieke PTSD (Herman, 2001:119).

> *It is those threatened over long periods of time who suffer the long-standing severe personality disorganization*. (Kolb, 1989:812.)

### 5.1.4 Kindermishandeling en -molestering

Slagoffers van kindermishandeling en -molestering is veral blootgestel aan gekompliseerde trauma - en ontwikkel ernstige verhoudings- en identiteitsprobleme.

Verder is hulle veral weerloos teen herhaalde leed, óf self aangebring óf veroorsaak deur ander persone.

### 5.1.5 Gesinsgeweld

Slagoffers van langdurige en herhaalde mishandeling ontwikkel kenmerkende persoonlikheids- en identiteitsversteurings.

### 5.1.6 Definisie

'n Hoofbevinding van Herman (2001:119) oor intense, langdurige en herhaalde trauma is dat die huidige formulering van *post-traumatic stress fails to capture either the protean symptomatic manifestations of prolonged, repeated trauma or the profound deformations of personality that occur in captivity.*

Dit bring haar dan uit by 'n definisie van trauma wat by kronies getraumatiseerde persone gediagnoseer kan word (náás dié van klassieke trauma en gewone PTSD):

- Gekompliseerde trauma is 'n sindroom wat volg op intense, langdurige en herhaalde trauma (*cf.* Herman, 2001:119).

#### 5.1.8.2 Diagnostiese kriteria vir gekompliseerde trauma

Herman (2001:121) beklemtoon dat die tyd aangebreek het vir die sindroom van komplekse posttraumatiese stresversteuring om 'n offisiële, erkende naam te kry. Sy verwys na die werk van die destydse PTSD-werkgroep wat voorgestel het dat dié sindroom opgeneem word in DMS-IV. Die sewe diagnostiese kriteria waarop dié sindroom gebaseer is (cf. par. 1.2.4), kan volledig soos volg weergegee word:

- Geskiedenis van totalitêre kontrole oor 'n uitgerekte tydperk wat wissel van maande tot jare, byvoorbeeld gyselaars, krygsgevangenes, konsentrasiekampoorlewendes, en slagoffers van sommige godsdienstige kultusse; asook diegene wat onderwerp was aan totalitêre sisteme in byvoorbeeld die georganiseerde seksbedryf en gesinslewe, insluitende slagoffers van onder andere herhaalde gesinsgeweld, langdurige fisiese en seksuele mishandeling, en van georganiseerde seksuele uitbuiting.

- Veranderinge in affektiewe regulering, wat toestande insluit van 'n algemene gevoel van angs, algemene rusteloosheid en neerslagtigheid, kroniese selfmoord pre-okkupasie, self-beserings, woede-uitbarstings óf ekstreme geïnhibeerde woede en kompulsiewe óf ekstreme geïnhibeerde seksuele gedrag.

- Veranderinge in bewussynsvlakke, wat toestande insluit van geheueverlies óf hipermnesie ('n buitengewone skerp geheue) ten opsigte van traumatiese gebeure, van kortstondige dissosiatiewe episodes, depersonalisasie of derealisasie, en van herbelewingservarings van traumatiese gebeure.

- Veranderinge in selfkonseptualisering, wat toestande insluit van gevoelens van hulpeloosheid of totale ineenstorting van inisiatief, van skaamte, skuld, en selfblaam, van vuilheid of stigma, van totaal anders wees as ander persone en van gevoelens van 'n nie-menslike identiteit).

- Veranderinge in die persepsie van die molesteerder, met insluiting van toestande soos 'n pre-okkupasie met die oortreder (wat pre-okkupasie met wraak kan insluit) en/of onrealistiese oordrag van totale mag aan die oortreder en/of idealisasie en/of paradoksale erkentlikheid en/of gevoelens van 'n spesiale of bonatuurlike verhouding en/of aanvaarding van die geloofsoortuigings óf rasionalisasie van die oortreder.

- Veranderinge in verhoudings met ander, wat insluit die onderbreking van intieme verhoudings, van isolasie en onttrekking, 'n herhaalde soektog na die bevryder, hardnekkige wantroue en herhaalde mislukkings met self-beskerming.

- Veranderinge in sinsbelewing, met insluiting van 'n verlies van volhoubare geloof, gevoelens van hulpeloosheid en hopeloosheid, en wanhoop.

'n Enkele traumatiese gebeurtenis kan op enige plek en enige tyd geskied, byvoorbeeld 'n ontvoering van 'n kind terwyl hy in die veilige omgewing van sy ouerhuis verkeer. Alhoewel so 'n ontvoering 'n buitengewone gebeurtenis is wat die kind erg mag traumatiseer, en PTSD kan veroorsaak, sal die kind gekompliseerde trauma (en die tipiese simptome van byvoorbeeld 'n algemene gevoel van angs, rusteloosheid en neerslagtigheid en/of amnesie en/of skaamte, skuld en selfblaam en/of sosiale ontrekking en isolasie en/of 'n gevoel van hulpeloosheid en hopeloosheid en/of wanhoop) vryspring omdat dit nie 'n langdurige trauma is wat oor 'n lang termyn plaasvind nie (cf. Whealin, 2005).

Die huidige diagnostiese kriteria vir PTSD, wat hoofsaaklik verkry is van waarneming van slagoffers van spesifiek gedefinieerde traumatiese gebeure, soos oorlogsituasies, rampe en verkragting, is gevolglik nie voldoende vir die diagnosering van die sindroom van langdurige en herhaalde trauma/gekompliseerde trauma/kroniese trauma nie.

Een van die vernaamste redes is dat dié kriteria nie voorsiening maak vir byvoorbeeld die kwessie van gevangenskap nie.

> *In contrast to a single traumatic event, prolonged, repeated trauma can occur only where the victim is in a state of captivity, unable to flee, and under the control of the perpetrator* (Herman, 1992:377).

Gevangenskap bring die slagoffer in langdurige kontak met die oortreder, en 'n verhouding van gedwonge kontrole ontstaan. Dit is waar van persone wat fisies in afsondering toegesluit word, soos gyselaars, asook persone wat deur 'n kombinasie van fisiese, ekonomiese, sosiale en sielkundige metodes in langdurige gevangenskap leef (Herman 1992:378).

### 5.1.8.3 Voorlopige resultate van ondersoeke na DESNOS ten opsigte van kroniese trauma

Herman (1992:379-387) gee 'n samevatting van kliniese waarnemings ten opsigte van DESNOS. In hierdie verband identifiseer sy hoofsaaklik drie areas van verskil in vergelyking met gewone PTSD:

- Die eerste is simptomaties, dit wil sê meer kompleks, diffuus en volhardend.

Simptomaties van gekompliseerde trauma is die veelvuldigheid van simptome van slagoffers. Pasiënte het eerstens 'n groot verskeidenheid van klagtes gehad. Resultate het betekenisvolle patologie in ten minste vyf domeine gewys, naamlik somaties, kognitief, affektief, gedrag en verhoudings. Vroue met 'n geskiedenis van fisiese of seksuele mishandeling het byvoorbeeld betekenisvolle hoër puntetellings gehad as ander pasiënte op gestandaardiseerde meetskale van somatisasie, depressie, algemene en fobiese angs, interpersoonlike sensitiwiteit, paranoia en psigotiese gedrag.

Tweedens vergroot herhaalde trauma die fisiologiese simptome van trauma en PTSD. Kroniese getraumatiseerde persone is hiper-waaksaam, angstig en gespanne, en kla oor slaaploosheid, oordrewe skrik-reaksies, spanningshoofpyne, ingewandsversteurings, rug- en maagpyn. Slagoffers kla ook oor die onwillekeurige beweging van ledemate of die liggaam (cf. Plug, 1987:371, wat verwys na tremors), kortasem en naarheid. Daar blyk ook 'n sterk band te wees tussen somatiseringsversteurings en kindertyd-traumas.

Derdens word persone in gevangenskap *adept practitioners of the arts of altered consciousness* (Herman, 1992:381). Hulle leer om realiteite wat vir hulle ondraaglik is, deur ontkenning te ontsnap. Kinders wat blootgestel is aan langdurige mishandeling ontwikkel ekstreme dissosiatiewe vermoëns. Kinders gebruik dissosiasie om veral delusies van sogenaamde goeie ouers in stand te hou. Die ontwikkeling van veelvoudige persoonlikheidsversteuring is gevolglik nie uitgesluit nie.

Vierdens word langdurige depressie aangewys as die mees algemene toestand wat by kronies getraumatiseerde persone gediagnoseer is. Elke aspek van die ervaring van langtermyntrauma kombineer om depressiewe simptome te versterk. Die kroniese hiper-opwekking en gedwonge simptome van PTSD versmelt met die woekerende simptome van depressie om die sogenaamde *survivors*-driehoek daar te stel (Krystal & Niederland, 1968:313). Vernedering is 'n verdere belangrike aspek wat tipies is van persone in gevangenskap, wat saam met onderdrukte woede, self-haat en kroniese selfmoordneigings voorkom. Kinzie *et al.* (1990:917) sê dat pasiënte *are incompletely treated when the traumatic origins of the intractable depression are not recognized*

- Die tweede is karakterologies, wat beteken dat slagoffers van langtermyntrauma karakteristieke persoonlikheidsveranderinge ontwikkel, wat insluit die deformasie van verhoudings en identiteit.

In gevangenskap word die oortreder die mees invloedryke en magtigste mens in die lewe van die

slagoffer. Die metode om kontrole oor die slagoffer te bewerkstellig, is gebaseer op sistematiese en herhaalde psigologiese trauma. Hierdie metodes is ontwerp om vrees en 'n gevoel van hulpeloosheid te bewerkstellig. Dit vermink en vernietig uiteindelik slagoffers se gevoelens van eiewaarde, veral in interpersoonlike verhouding – en in dié verband toon verslae van oorlewendes van langdurige mishandeling in gesinsverband (veral mishandelde vroue en kinders) en oorlewendes van konsentrasiekampe merkwaardige ooreenkomste.

Alhoewel geweld 'n universele metode is om beheer te verkry, speel dreigemente van dood en beserings egter 'n groter rol.

Afgesien van die bedoeling om vrees te internaliseer, wil oortreders ook hulle slagoffers se gevoel van outonomiteit vernietig. Dit word verkry deur beheer oor te neem van 'n slagoffer se liggaam en liggaamsfunksies. Weerhouding van voedsel, slaap, skuiling, oefening, persoonlike higiëne en privaatheid is algemene praktyke. As die oortreder dié vlakke van beheer verkry het, word hy *a potential source of solace as well as humiliation* (Herman, 1992:383).

Solank as wat slagoffers egter sterk emosionele bande met ander het, is die beheer van die oortreder beperk. Daarom word enige kommunikasie en hulpverlening van buite so ver as moontlik ondermyn. Die slagoffer se emosionele bande met ander word stelselmatig afgetakel totdat die slagoffer gedwing word om self alle bande na buite te verbreek deur deel te word van die oortreder se misdadige bedrywighede, soos byvoorbeeld om te help met die seksuele molestering van die slagoffers se kinders, of getuie te wees van die molestering of uitlokking van ander kinders.

As die slagoffer eers geïsoleer is, word hy toenemend afhanklik van die oortreder, nie net vir oorlewing nie, maar ook vir inligting en emosionele ondersteuning. 'n Sterk band van identifikasie kom uiteindelik tussen die slagoffer en die oortreder tot stand. Hierdie sogenaamde traumatiese binding wat ontstaan, verhoed uiteindelik effektiewe stappe van buite om die slagoffer te bevry. Bevryders word dan sogenaamde vyande.

Herman (1992:384) haal die ouer navorsing van Symonds in 1982 aan (*Victim responses to terror: Understanding and treatment*), wat hierdie emosionele reaksie 'n gedwonge regressie na psigologiese infantilisme noem - *which compels victims to cling to the very person who is endangering their life*. Dieselfde traumatiese binding mag ook tussen 'n mishandelde vrou en haar mishandelaar tot stand kom.

Inisiatief en beplanning word beperk, en kroniese getraumatiseerde persone word dikwels as passief en hulpeloos beskryf. Flannery (1987:217-232) verwys na dié karakteristieke reaksie by

mishandelde vroue as *learned helplessness* - en kom tot die gevolgtrekking dat langdurige gevangenskap die relatiewe veilige sfeer waarin inisiatief ontwikkel, kan ondermyn.

Oorlewendes van huishoudelike en seksuele gevangenskap sit dikwels ná bevryding die verhouding met die oortreder voort in 'n meer ambivalente vorm. Hulle leef in permanente vrees dat die oortreders weer sal toeslaan en hulle vermoor, terwyl hulle aan die ander kant weer leeg, verward en waardeloos voel sonder hulle oortreders. Dit is nie moontlik om dadelik weer normale verhoudings buite die situasie van gevangeskap aan te knoop nie - alle verhoudings word nou deur die bril van die ekstreme bekyk:

> *The survivors approaches all relationships as though questions of life and death are at stake, oscillating between intense attachment and terrified withdrawal.* (Herman, 1992:385).

By slagoffers van kindermishandeling is hierdie versteurings ten opsigte van verhoudings baie dieper gewortel. Hulle vorm dikwels sogenaamde spesiale verhoudings waarin gewone grense vir normale verhoudings nie bestaan nie.

Onderwerping aan gedwonge gesag bring diepgaande veranderings teweeg in 'n slagoffer se identiteit. Al die strukture van die self - die siening van die liggaam, die geïnternaliseerde beelde van betekenisvolle ander mense, en die waardes en ideale wat 'n gesonde selfbeeld voed, word binnegeval en sistematies afgebreek.

Dit bereik sy hoogtepunt as die slagoffer sy naam verloor.

Herman (1992:385-386) haal verskeie navorsers aan wat sê dat 'n slagoffer soms beweer dat hy *"nie homself is nie"* (cf. ook Krystal & Niederland, 1968:327-348). 'n Slagoffer van kroniese trauma *may lose the sense that she has a self.* Oorlewendes beskryf hulself as gestroop van menswees en gedegradeer tot 'n vorm van 'n nie-menslike bestaan. Sy haal die psigiater, W.G. Niederland, aan ten opsigte van oorlewendes van Nazi konsentrasiekampe wat oor hulself kla:

- Sommige sê:

  *I am now a different person.*

  Ander sê bloot:

  *I am not a person.*

Slagoffers van kindermishandeling is ook geneig om meer komplekse deformasies rondom identiteit te ontwikkel. 'n Ongekontroleerde gevoel van die self as vuil, skuldig en boos is algemeen aangemeld. Fragmentasie ten opsigte van die self is ook algemeen, met die meervoudige (gedissosieerde) persoonlikheidsversteuring as sy mees ekstreme piek.

- Die derde behels groter persoonlike kwesbaarheid. Die slagoffer se kwesbaarheid vir herhaalde mishandeling, óf self toegedien óf aan die hand van ander persone, is baie groter as in die geval van 'n enkele insident.

In gevalle van gewone PTSD is die verskynsel van 'herhalende beserings/pyn' in die reël beperk tot kort flitse van die geheue, ligaamlik-sensoriese herbelewing van traumatiese ervarings en die sogenaamde her-opvoer of afspeel van die trauma in sekere gedragspatrone.

Slagoffers van langdurige trauma loop egter die gevaar van fisiese herhaling van mishandeling. Dié verskynsels hoef nie verband te hou met die oorspronklike trauma nie. Soms word dit vermom in psigologiese versteurings soos 'n verskeidenheid van somatiese siektes of persoonlikheids- en/of identiteitsveranderings. Favazza en Conterio (1988:28) sê selfbeskadiging of selfskending *is a repetitive behavior which appears to be quite distinct from attempted suicide*. Die gedrag van patologiese herhaalde selfbesering word baie sterk met langdurige en herhaalde trauma geassosieer, veral in slagoffers waar die mishandeling al vroeg in die kinderjare begin het.

Herman (1992:387) haal navorsers aan wat bevind het dat die risiko vir verkragting, seksuele molestering, en mishandeling, by slagoffers van kindermishandeling en seksuele molestering dubbel so hoog is as wat die geval is met persone wat nie as kind gemolesteer is nie:

> *One clinical observer goes so far as to label this phenomenon the 'sitting duck' syndrome.*

In ekstreme gevalle kan 'n slagoffer van kindermishandeling hom selfs in die rol van mishandelaar bevind.

Herman (1992:387) bevind dat die navorsing, alhoewel ongesistematiseerd, uitgebreide empiriese ondersteuning verleen aan die verskynsel van gekompliseerde posttraumatiese stressindroom by slagoffers van langdurige, herhaalde viktimisasie.

> *The syndrome is characterized by a pleomorphic symptom picture, enduring personality changes, and high risk for repeated harm, either self-inflicted or at the hands of others.*

### 5.1.9 Gevolgtrekking

Daar is dus voldoende bewys vir twee sake:

- Dat die bestaande diagnostiese kriteria vir PTSD nie voldoende is vir gekompliseerde trauma nie.

- Dat die konsep van PTSD uitgebrei moet word om die volgende drie-deling van versteurings in te sluit:

  - 'n Kort, tydsbepaalde stresreaksie van 'n enkele akute trauma.

  - Gewone PTSD.

  - Die komplekse versteuring van ekstreme stres (DES of *Disorders of Extreme Stress*, en DESNOS of *Disorders of Extreme Stress Not Otherwise Specified*) wat volg op langdurige blootstelling aan herhaalde trauma.

Herman (2001:122) merk op dat die verskillende benaminge vir dié nuwe diagnose soms lomp mag lyk, *but practically any name that gives recognition to the syndrome is better than no name at all.* In die onderhawige studie word 'n keuse gemaak vir die benaming *gekompliseerde trauma.*

## 5.2 GEKOMPLISEERDE TRAUMA

### 5.2.1 Inleiding

Die oorwegings vir die gebruik van die benaming, *gekompliseerde trauma*, in hierdie navorsing is die volgende:

- Daar bestaan nie eenstemmigheid oor die benaming van dié sindroom nie. 'n Rede hiervoor is dat die sindroom nog nié in die huidige DSM-IV (*Diagnostic and Statistical Manuel of Mental Disorders, Fourth-edition*, van die Amerikaanse Psigiatriese Vereniging) opgeneem is nie. Die tipiese simptomatologie kom egter wel in DSM-IV voor onder die verwysing, *associated features of PTSD.*

- Roth *et al.* (1997:540) wys daarop dat dié trauma-verbandhoudende simptome onder verskillende name in navorsing voorkom, soos byvoorbeeld die benaming, *complicated PTSD, complex PTSD, disorders of extreme stress* en *disorders of extreme stress not otherwise specified.*

- Herman (2001:119) wat voorkeur gee aan die term, *complex PTSD*, gebruik die term egter self as 'n wisselterm, vir byvoorbeeld kroniese trauma. Daar is geen aanduiding in haar navorsing dat sy dit binne die spesifieke verwysingsraamwerk in sielkunde gebruik vir 'n samestel van onderdrukte gevoelens wat tot abnormale gedrag kan lei (of die sogenaamde oedipuskompleks) nie.

- As gevolg van die feit dat die studie oor die tema, *Pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma*, in die studieveld van Praktiese Teologie val, en wil poog om dié verskynsel wat in die gespesialiseerde veld van die psigiatrie en sielkunde val aan die praktiese teologie en pastorale sorg bekend te stel, word 'n keuse gemaak vir 'n meer inklusiewe en minder formele benaming van *gekompliseerde* trauma.

- Daar is geen aanduiding in die navorsing dat 'n spesifieke naam vir die emosionele reaksie wat volg op intense, langdurige en herhaalde trauma, wat in die onderhawige studie as gekompliseerde trauma aangegee word, voorkeur geniet en/of verkieslik gebruik behoort te word nie.

- In Afrikaans en Engels word die twee byvoeglike naamwoorde, kompleks/*complex* en gekompliseerd/*complicated*, as sinonieme gebruik vir een of meer van die volgende omskrywings (cf. HAT, 2005:601,602 en 273, en Oxford ALD: 1996:923):

  - Vir 'n verskynsel wat ingewikkeld is.

  - Vir 'n verskynsel wat as gevolg van sy samegestelde geheel moeilik is om te verstaan.

  - Vir 'n verskynsel wat as gevolg van bepaalde omstandighede sake bemoeilik.

  - Iets wat as gevolg van al die meewerkende faktore moeilik is om op te los.

### 5.2.2 Definiëring van gekompliseerde trauma

Die begrip, *gekompliseerde trauma*, word gebruik vir die sindroom wat volg op intense, langdurige en herhaalde trauma (cf. Herman, 2001:119). Dié konsep is na die navorsing en baanbrekerswerk van Judith Herman verder ontwikkel en verfyn.

Bessel van der Kolk, 'n Amerikaanse psigiater en navorser verbonde aan die mediese skool van die Universiteit van Boston in die VSA, se definisie van gekompliseerde trauma, 'n erkende term binne die veld van Amerikaanse traumatologie, kan soos saamgevat word (Van der Kolk, 2005:402):

- Die ervaring van veelvuldige en/of veelsoortige,
- kroniese en
- langdurige en/of verlengde,
- ontwikkeling-ongunstige (*developmentally adverse*) nadelige traumatiese gebeure,
- meestal van interpersoonlike aard, byvoorbeeld seksuele en/of fisiese mishandeling en gesinsgeweld,
- met 'n oorsprong in die vroeë kinderjare.

Hierdie nadelige blootstelling aan trauma vind dikwels in dieselfde omgewing plaas waarbinne die kind sy meeste tyd deurbring. Dit sal byvoorbeeld tipies plaasvind binne die omgewing van sy ouerhuis of skool wat veronderstel is om 'n veilige hawe te wees (Cook *et al.*, 2005:390 en Spinazzola *et al.*, 2005:433).

### 5.2.3 Tydsverloop as 'n belangrike faktor

Whealin (2005) maak die onderskeid tussen PTSD en kroniese traumas op grond van tydsverloop. Die diagnose van PTSD beskryf oor die algemeen die simptome wat die resultaat is van 'n persoon wat 'n trauma van korte lewensduur ervaar het, soos 'n verkragting wat vyf minute kan duur.

Kroniese trauma, aan die ander kant, hou aan vir maande en selfs jare, met gevangenskap (in verskillende vorme) wat in talle gevalle 'n sleutelrol speel (Herman, 1992: 377-378; Herman, 2001: 74-95; Roth *et* al., 1997:540-542; Whealin, 2005). Die slagoffer word fisies, onder die kontrole van die oortreder, in 'n staat van gevangenskap aangehou.

Voorbeelde van gevangenskap sluit die volgende :

- Konsentrasiekampe, vlugtelingkampe en krygsgevangenekampe.
- Bordele.
- Kinderprostitusie, ook in die vorm van georganiseerde, internasionale sindikate of netwerke vir kinderprostitusie, en internasionale handel in kinders.

- Langtermyn- huishoudelike geweld.

- Langtermyn, ernstige fisiese en seksuele mishandeling, asook seksuele molestering van kinders binne gesinsverband.

### 5.2.4 Gekompliseerde trauma en die DSM

Met die publikasie van DSM-I (1952) en DSM-II (1968) was daar nog nie 'n inskrywing van PTSD of posttraumatiese stressindroom nie. So 'n inskrywing is wel ingesluit in die derde uitgawe (DSM-III) wat in 1980 verskyn het.

Navorsers wat gewerk het aan voorstelle vir die insluiting van PTSD in DSM-III, het slegs toegang gehad tot skaars bronne oor sogenaamde traumatiese neuroses - en kon hoofsaaklik steun op navorsing oor getraumatiseerde manlike oorlogsveterane en oorlewendes van Duitse Nazi kampe (cf. Luxenberg *et al.*, 2001:374).

'n Groeiende aantal navorsingsmateriaal hét egter sedert 1980 begin verskyn, wat nie alleen die relevansie van PTSD as diagnostiese konstruksie bevestig het nie, maar ook die PTSD diagnose toepasbaar gemaak het op 'n groot verskeidenheid van getraumatiseerde groeperinge, soos byvoorbeeld slagoffers van verkragting, vlugtelinge, slagoffers van ongelukke (veral industriële en motorongelukke) en natuurrampe.

Die modifikasies in die PTSD-definisie in die hersiene uitgawe van DSM-III in 1987 (DSM-III-R) het berus op navorsing van 'n omvangryker aard, met meer navorsingsbevindinge en definisies met betrekking tot die traumatiese stressindroom as wat die geval was met DSM-111 in 1980. Navorsing *in the past two decades has firmly established the high prevalence of PTSD and its potentially debilitating impact on the lives of individuals* (Luxenberg *et al.*, 2001:371).

Tog het dié navorsing steeds 'n baie beperkte aspek van die posttraumatiese psigopatologie gedek (cf. Cook *et al.*, 2005:390 en Herman, 1992:377-391). Sekere kritiek belangrike elemente vir die bepaling van psigiese uitkomste het ontbreek, soos byvoorbeeld die volgende:

- Die ontwikkelingsfase of ouderdom van die slagoffers tydens die traumatiese gebeure.

- Die konteks van interpersoonlike verhoudings toe die traumatiese gebeure plaasgevind het. Wat was byvoorbeeld die verhouding van 'n tweejarige slagoffer van seksuele teistering met die oortreder?

Was dit een van die ouers, met of sonder toestemming van die ander ouer? Of was dit 'n grootouer, met of sonder toestemming van die ouers? Of was dit 'n ouer broer of was dit stiefbroer? Of 'n gereëlde besoeker aan huis, met of sonder toestemming? En was dit in ruil vir betaling of nie?

Navorsing wys op die kritieke belangrikheid van genoemde aspekte wat in die huidige PTSD-konstruksie ontbreek, omdat dit die verskil belig tussen byvoorbeeld 'n traumatiese ervaring wat as 'n ongeluk beskou word, soos 'n ontploffing by 'n gasaanleg, en 'n traumatiese ervaring wat as 'n oortreding of misdaad beskou word teenoor weerlose persone wat gewoonlik nie veronderstel is om in 'n posisie te wees om hulself te kan verdedig of self te kan handhaaf nie. Cook *et* al. (2005:390) kom tot die gevolgtrekking dat die diagnose van PTSD *does not capture the developmental effects of complex trauma exposure*. Die huidige omskrywing van PTSD in DSM-IV-TR (1994), binne 'n nóú band van relatiewe voorgeskrewe traumatiese gebeure, soos oorlog, natuurrampe en verkragting, laat beslis ná om die veelvormige gevolge van langdurige en herhaalde trauma uit te beeld.

In kontras tot dié traumatiese gebeure van PTSD wat in in DSM-IV-TR beskryf word, kan langdurige of langtermyn- herhaalde trauma net plaasvind in situasies waar slagoffers se vryheid beperk is - en waar hulle nie in staat is - of veronderstel is - om te vlug nie. Hierdie persone is op 'n uurlike basis, dag en nag, onder die direkte kontrole en mag van die oortreders of plegers van die wandade (cf. Saxe *et al.*, 1993 en Briere & Zaidi, 1989:1602-1606).

### 5.2.5 Verskille tussen PTSD en gekompliseerde trauma

#### 5.2.5.1 Voorvereistes vir die diagnose van PTSD

Vir 'n persoon om met PTSD gediagnoseer te word, geld sekere voorvereistes (American Psychiatric Association, 2000:467-468 [DSM-IV-TR]; cf. vir 'n in-diepte bespreking ook Wilson, 2004:10-40). Die slagoffer moes 'n gebeurtenis ervaar het waarin sy lewe en/of fisiese veiligheid en/of fisiese integriteit en/of dié van 'n ander persoon bedreig of werklik benadeel is. Hy moes intense vrees, hulpeloosheid, angs, en/of afgryse in reaksie tot die traumatiese gebeure beleef het.

Die herbelewing van die traumatiese moet minstens een maand na die gebeure plaasvind, en wel deur terugflitse en/of nagmerries en/of onaangenaamde herinneringe/gedagtes oor die gebeure, gewoonlik as gevolg van herinneringe (*intrusive thoughts*) wat nie langer onderdruk kan word nie. Ernstige emosionele ongemak word gewoonlik beleef wanneer slagoffers gekonfronteer word met iets of iemand wat herinner aan die gebeurtenis. Vermydingsgedrag behoort na vore tree, soos vermyding van herinneringe aan die gebeurtenis, vermyding van gedagtes, gevoelens en gesprekke oor die gebeurtenis,

en vermyding van mense, plekke en aktiwiteite wat geassosieer word met die trauma.

Probleme om sekere aspekte van, of die totale prentjie, te onthou, tree na vore. Verlore belangstelling in vroeëre aangename aktiwiteite tree in, met gevoelens van afsnyding/afsondering/losmaking en uitsigloosheid. Bewyse van hiper-opwekking, soos probleme met slaap, toenemende geïrriteerdheid, probleme met konsentrasie, aanhoudende verkenning van omgewing vir gevare, en verhoogde skrik-response, word gerapporteer.

- **Kriteria vir gekompliseerde trauma**

In die waarneming van die uiteenlopende aanpassings by gekompliseerde trauma het die DSM-IV se PTSD-taakspan verstellings/veranderings in ses areas van menslike funksionering vir die diagnose van gekompliseerde trauma geïdentifiseer (Cook *et al.*, 2005:392; cf. ook Pelcovitz *et al.*, 1997:3-16). Dié areas/aspekte behels die regulering van affek, die aandagspan, selfpersepsie, verhoudings met ander, liggaamlike gesondheid en die waardesisteem.

Navorsers suggereer dat affek-disregulering die hoofdisfunksie van gekompliseerde trauma is (cf. Ford, 1999:3-13; en Van der Kolk, 1996a:182). Opsommend kan die versteurings, gekoppel aan gekompliseerde trauma, in 'n verwerkte vorm soos volg getabuleer word:

| Emosionele Versteurings | Bewussyns-versteurings | Selfbeeld-versteurings | Versteurings in beeld van oortreder | Verhoudings-versteurings | Versteurde sinsbelewing |
|---|---|---|---|---|---|
| Angs | Geheueverlies | Hulpeloosheid | Pre-okkupasie | Onderbreking /Opskorting | Geloofs-Verlies |
| Kroniese rusteloosheid | Dissosiasie | Skaamte | Onrealistiese gedrag | Isolasie/ Onttrekking | Hopeloosheid |
| Depressie | Herbelewings-Ervarings | Skuld/ Selfblaam | | Wantroue | Wanhoop |
| Selfmoord pre-okkupasie | Depersonalisasie | Stigma | | Herhaalde Mislukkings | |
| Selfbeserings | Derealisasie | Minimalisering | | | |
| Woede | | | | | |
| Ekstreme seksuele aktiwiteite | | | | | |

Alhoewel gekompliseerde trauma nie amptelik 'n diagnose is vir 'n spesifieke traumatiese ervaring nie, is daar konsensus, ondersteun deur wetenskaplike navorsing op dié terrein, dat daar 'n verband is tussen die gekompliseerde trauma-diagnose en interpersoonlike viktimisasie en/of meervoudige traumatiese gebeure en/of traumatiese blootstelling van uitgerekte duur. Slagoffers het gewoonlik 'n geskiedenis van 'n groot verskeidenheid van traumatiese gebeure oor jare, en selfs dekades. Hierdie persone *may not have had discrete traumatic experiences so much as ongoing, chronic exposure tot untenable environments* (Luxenberg *et al.*, 2001:375). 'n Geskiedenis van kroniese traumatisasie hoef egter nie altyd te lei tot die ontwikkeling van karakteristieke simptomatologie van gekompliseerde trauma nie.

### 5.2.6 Die medevoorkoms van PTSD en ander psigiatriese versteurings (*comorbidity*)

Kessler *et al.* (1995:1048-1060) het in 'n Amerikaanse studie bevind dat nie alleen 84% van hulle steekproef van psigiatriese pasiënte een of ander tyd in hul lewe 'n ander versteuring gehad het nie, maar dat persone met PTSD 'n 8% groter kans het om meer as drie addisionele versteurings te hê as persone sonder PTSD. Die navorsing word ondersteun deur ander navorsers (cf. Saxe *et al.*, 1993 en Roth *et al.*, 1997:539). Versteurings wat tipies saam met PTSD voorkom, is onder andere major depressie, angsversteurings, substansie-afhanklikheid, somatisasie, en 'n verskeidenheid van persoonlikheidsversteurings. Navorsers op dié gebied het opgemerk dat die suiwer weergawe van PTSD in werklikheid nie verteenwoordigend is van die tipiese kliniese beeld van PTSD nie (Herman & Van der Kolk, 1987:111; Luxenberg, 2001:374).

Hulle beskryf PTSD as 'n versteuring wat geassosieer word met 'n toenemende risiko vir sekondêre versteurings (Luxenberg *et al.*, 2001:376). Dié kwessie van die kliniese betekenis van die medevoorkoms van PTSD en ander versteurings het die PTSD-navorsing vanaf 1985 begin oorheers en het gelei tot kliniese konsepte náás gewone PTSD, soos die volgende:

- *Complex Post-traumatic Stress Disorder* (Herman, 1992:377-391; cf. ook Herman, 1991:115-129).

- *Disorders of extreme stress* (Herman & Van der Kolk, 1987:111-126; en Pelcovitz *et al.*, 1997:3-16).

Luxenberg (2001:376) verwys na die Wêreldgesondheidsorganisasie wat in 1992 gekompliseerde trauma in die handleiding, *Classification of Mental and Behavioral Disorders: Clinical Descriptions and Guidelines*, omskryf het as *lasting personality changes following catastrophic stress* (ICD-10). Ook hierdie beskrywing in die ICD-10 gaan verder as die klassieke beskrywing van die sogenaamde suiwer PTSD-kriteria, en Luxenberg *et al.* (2001:376) sê dat navorsing dit wyd ondersteun.

Van der Kolk en andere rapporteer in die *DSM-IV Field Trail* dat PTSD, dissosiasie, somatisasie, en affek-deregulering almal onderling sterk met mekaar verband hou (cf. Van der Kolk *et al.*, 1996a:83-93).

Hulle het bevind dat baie persone met PTSD óók ander simptome het wat nie opgeneem is in die PTSD diagnostiese kriteria nie (cf. verbandhoudende navorsing, gerapporteer in Van der Kolk *et* al., 1996a:83-93 en Roth *et al.*, 1997:539-555). Hierdie bevindinge bevind dat trauma sy grootste nadelige impak het in die vroeë kinderjare en adolessensie, en daarna afneem.

Veral interpersoonlike trauma kan 'n sterk impak op die hele persoonlikheid en sosiale ontwikkeling hê. Die gevolg daarvan is kroniese affek disregulering of gebrekkige beheer oor emosies en gemoedstemminge, aggressie of destruktiewe aanvallende gedrag (teenoor self of ander), dissosiatiewe simptome, somatisasie, en persoonlikheidsversteurings.

Kessler *et al.* (1995: 1048-1060) bevind dat net een uit vyf pasiënte wat gediagnoseer is vir PTSD nié aan die kriteria beantwoord het om vir 'n ander psigologiese versteuring gediagnoseer te word nie Die oorblywende 79% het voldoen aan die vereistes vir minstens een addisionele versteuring, terwyl 'n volle 44% voldoen het aan die kriteria vir minstens drie ander diagnoses.

Vir 'n beduidende persentasie van getraumatiseerde pasiënte is dit so dat die diagnose van gewone PTSD *captures only limited aspects of their psychological problems*, terwyl 'n kombinasie van posttraumatiese simptome, wat verteenwoordig word deur sowel DESNOS en PTSD-kriteria, *rather than by PTSD alone, causes people to seek psychiatric treatment* (Luxenberg *et al.*, 2001:376) .

Hierdie navorsingsresultate word ondersteun deur 'n studie van die National Centre for PTSD in die VSA (Cloitre, 1997). Sy rapporteer dat vanuit 'n 100 pasiente wat by geleentheid in 'n kliniek wat spesialiseer in die behandeling van vroue met 'n geskiedenis van onsedelike aanranding en kindermishandeling opgeneem is, 'n gemiddelde van 3 DSM-IV-versteurings gehad het, saamlopend met PTSD.

Die mees algemene van hierdie saamlopende versteurings (*comorbid disorders*) was major depressie (35%), sosiale fobies (27%), angstoestande (27%) en paniek (22%). Addisioneel het 33% van hierdie vroue 'n diagnose gehad van vorige substansie-afhanklikheid.

Dié navorsing wys veral drie probleme uit wat verband hou met en ontstaan het uit die bestudering van die saamlopende versteurings in vroue met 'n trauma-geskiedenis:

- Eerstens die tendens om die potensiële verbintenis tussen die dikwels oorheersende saamlopende DSM-IV versteurings aan die een kant en PTSD aan die ander kant bloot mis te kyk, *leading to*

*the underdiagnosis of PTSD and overdiagnosis of other disorders*, soos algemene angsversteurings waarmee PTSD sommige simptome deel (Cloitre, 1997).

- ☐ Tweedens die baie belangrike probleem van die kompleksiteit van die PTSD-diagnose.

- ☐ Derdens die verskil van mening onder vakkundiges oor die toepaslikheid van die PTSD-diagnose op sigself.

Waar daar dan nie op 'n roetine-basis navrae gedoen word óór of ondersoek gedoen word ná die trauma-geskiedenis nie, word trauma nie maklik as 'n diagnose oorweeg as daar nie 'n stressor aangemeld word nie. Pasiënte word onder dié omstandighede makliker gediagnoseer vir versteurings soos major depressie, algemene angsversteuring en obsessiewe kompulsiewe versteuring as vir PTSD.

Cloitre (1997) wys op 'n kliniese studie van 409 agtereenvolgende opnames van vroulike binnepasiënte in 'n algemene psigiatriese fasiliteit wat duidelik die onsensitiwiteit blootlê om 'n aangemelde traumatiese lewenservaring te koppel aan PTSD (cf. Cloitre *et al.*, 1996:473-482):

- ☐ Alhoewel 45% van die opnames een of ander vorm van kindermishandeling gerapporteer het, en 22% een of ander vorm van seksuele geweld in hulle volwasse lewe, was daar geen inskrywing op die pasiënterekords van PTSD as primêre diagnose nie. By slegs 2 pasiënte is PTSD gediagnoseer as sekondêre diagnose.

Hierdie *'false negatives'* (Cloitre, 1997) in mediese rekords skep dan ernstige probleme, nie net vir langtermynbehandelingsplanne nie, maar ook vir navorsing oor die verskynsel van PTSD en saamlopende versteurings.

Daar is konsensus dat die bestaande DSM-IV-kriteria vir PTSD nie voldoende is om die voorkoms van 'n reeks van posttraumatiese stressimptome, wat die resultaat is van kroniese huishoudelike traumas, wat veral onder vroue voorkom (soos seksuele mishandeling as kinders, fisiese mishandeling en gesinsgeweld), voldoende te ondervang nie. Data van die DSM-IV- vakkundige ondersoek vir PTSD was van groot hulp om dié bedenkinge aan te spreek (cf. Van der Kolk *et al.*, 1996a:83-93). Resultate van die ondersoek toon aan dat PTSD inderdaad 'n uitstaande komponent (indien nie 'n hoofkomponent nie) is van die kompleks van simptome wat verband hou met gekompliseerde trauma.

Wetenskaplike ondersoeke toon dan duidelik dat addisioneel tot die kardinale kenmerke van herbelewing van trauma, vermydingsgedrag, en toenemende fisiese opwekking, die simptome van dissosiasie, somatisering en affek-regulering saamlopend is met betrekking tot die meerderheid van getraumatiseerde persone in kliniese en gemeenskapsproewe, *leading to the formulation of a variation of PTSD called*

*'complex trauma'* (Cloitre, 1997).

### 5.2.7 Spesifieke kliniese aspekte van gekompliseerde trauma

#### 5.2.7.1 Affektiewe disregulering

Persone met gekompliseerde trauma het probleme om hul emosionele ervarings in die beste belang van hulself te bestuur. Daar bestaan dan ook 'n sterk mening dat affek-disregulering die hoof disfunksie is wat spruit uit psigologiese trauma (Van der Kolk, 1996a:182-213). Sulke persone sal byvoorbeeld totaal oorreageer wanneer hulle met kleiner stressors gekonfronteer word, gou oorweldig en/of verpletter word, op ekstreme wyse reageer op neutrale stimuli, en probleme hê om hulself te kalmeer. Hulle kan gevolglik van ekstreme, self-vernietigende maatreëls gebruik maak, soos byvoorbeeld selfbeserings, substansiemisbruik, eetversteurings, en/of kompulsiewe seksuele aktiwiteite, in 'n poging om hul emosies te bestuur (cf. Linehan *et al.*, 1994:1771-1776).

Hulle het ook tipies 'n groot probleem om hul woede uit te druk en/of te moduleer, en navorsing het bevind dat hul woede 'n betekenisvolle impak kan hê op en kan inmeng in die gang van behandeling. Verder vertoon sulke persone 'n sterk pre-okkupasie met selfmoord, het óf 'n seksuele preokkupasie óf probleme om seksuele impulse te moduleer, asook 'n verhoogde risikoverskuiwing. Luxenberg *et al.* (2001:377) sê dat affek-disregulering is *one of the most problematic aspects of working with chronically traumatized patients and should be a central focus of treatment, as it can interfere with the therapy process itself if not explicitly addressed.*

#### 5.2.7.2 Versteurings in aandag of bewussyn

Persone leer gou om traumatiese ervarings te hanteer met dissosiasie, of om hierdie ervarings te skei van hulle alledaagse vlak van bewussyn. In die normale gang van sake is mense se kennis van 'n ervaring min of meer verbandhoudend met en geïntegreer in die werklikhede van die daaglikse lewe, en redelik toeganklik. In dissosiasie ontbreek hierdie integrasie van feite egter in 'n mindere of meerdere mate.

Persone ervaar dikwels dat hulle nie traumatiese gebeure kan versoen met wie hulle is en hoe hulle die wêreld verstaan nie. Sulke gebeure word dan geregeer tot aparte aspekte van die bewussyn wat nie 'n inbreuk maak op die individu se dag-tot-dag-vlak van bewussyn nie (cf. Draijer & Langeland, 1999:379-385, oor die verband tussen trauma in die kinderjare en waargenome ouerlike disfunksie in die etiologie van dissosiatiewe simptome by traumapasiënte).

Wanneer die totale ervaring van 'n traumatiese gebeure te oorweldigend is, word verskeie elemente daarvan, byvoorbeeld die emosionele en/of visuele, gedissosieer (óók van die individu se eie verhaal van die gebeure) (cf. Van der Kolk, 1996:279-302 en Luxenberg *et al.*, 2001:377). Die gevolgtrekking word gemaak dat getraumatiseerde persone dikwels leer om hulle liggaamlike sensasies en ervarings te dissosieer, omdat dit dikwels die verbintenis word met die gevaar en ongemak van die trauma. Sulke slagoffers *may actually not have a sense of what it feels like to be in a body* (in Luxenberg *et al.*, 2001:377).

Die traumatiese emosionele geheue word nie in narratiewe vorm gestoor nie, maar in die vorm van sensuele indrukke. Gedurende trauma of stres word sekere stowwe (*glucocorticoids)* vrygestel wat lei tot die verbreking tussen die normale geheue en die traumatiese geheue. Coetzer ( 2004:33) sê dat enige abnormale reaksie hieruit kan voortspruit. Dit is dan ook volgens hom die rede waarom die persoon in sy liggaam of deur sy eie gedrag sekere leidrade begin ontvang wat aantoon dat iets verkeerd is, alhoewel hy nie bewustelik die detail daarvan kan terugroep nie.

Kroniese getraumatiseerde persone mag net wisselvallige toegang hê tot sekere inligting, mag baie vergeetagtig wees, die indruk skep dat hulle soms op 'n ander planeet is, en hulle mag in hulself terugtrek wanneer gekonftonteer met herinneringe aan hulle traumatiese ervarings. Luxenberg (2001:378) wys daarop dat dié persone van 'n enkele insident tot jare kan "verloor" waarvan hulle nie normaalweg rekenskap van kan gee nie.

Die hoogste vlakke van dissosiasie kom voor in persone wat veelvoudige traumas beleef het. Dissosiasie in sy ekstreme vorm kan lei tot meervoudige persoonlikheidsversteuring. Saxe *et al.* (1993:1037-1042) het bevind dat 15% van 110 psigiatriese binnepasiënte beduidende simptome van dissosiasie vertoon het.

### 5.2.7.3 Versteurde verhoudings

Dit is tipies van slagoffers van kroniese trauma om 'n geskiedenis van disfunksionele verhoudings te hê. Bryer *et al.* (1987:1426-1430) wys in hulle navorsing op die belangrike invloed van seksuele mishandeling en fisiese geweld in die vroeë kinderjare met betrekking tot die psigiatriese diagnose van 'n verskeidenheid van persoonlikheidsversteurings in volwasse oorlewendes.

Mishandeling in die kinderjare kan konsekwent gekoppel word aan faktore soos die volgende (cf. Luxenberg *et al.* (2001:378):

- 'n Gebrek om ander te vertrou (en respek te betoon) wat 'n wortel-oorsaak van wanverhoudings is.

- Herviktimisasie.

- Die viktimisasie van ander.

Sulke slagoffers het dan ook die geneigdheid om dikwels 'af te skakel' - wat dan lei tot 'n verdere stimulering van hierdie negatiewe gedragspatrone. Hulle is byvoorbeeld nie in staat om hul eie gedragspatrone, wat vir ander persone lankal gevaarseine sou uitstraal, reg te interpreteer nie. Voorbeelde van sulke gedrag, waarin hulle géén insig het nie, is eerstens hulle eie gevoelens van ongemak in interpersonlike verhoudings, hulle eie seer en eie ongekontroleerde of ongemoduleerde woede. Tweedens sluit dit ook ander persone se misplaasde gedrag teenoor hulle in, soos afjakke, disrespek en liggaamlike leed in die vorm van sogenaamde tugtiging en emosionele uitbuiting (cf. ook Luxenberg *et al.*, 2001:378).

Lisak *et al.* (1996:721-743) wys in hul navorsing op die rol wat die siklus van geweld of die instandhouding van 'n traumatiese milieu speel in ernstige verhoudingsprobleme as gevolg van faktore soos die volgende:

- Geslagsrigiditeit, wat gaan oor die onvermoë van 'n persoon om 'n rigiede geslagsrol te wysig wat in 'n gewelddadige gesinsmilieu, wat gekenmerk was deur geslagstereotipes, aangeleer is. 'n Tipiese voorbeeld is dié van die onderdanige vrou wat gesien maar nie gehoor word nie, wat die huiswerk sonder 'n skoonmaker moet behartig, op 'n 24 uur-basis beskikbaar moet wees vir seksuele gemeenskap en "haar gereelde pak slae moet vat soos 'n man."

- Emosionele gestremdheid en affektiewe versteurings, wat die slagoffer weerloos laat teen herviktimisering.

Hierdie ongelukkige slagoffers van gekompliseerde trauma ervaar gewoonlik 'n verskeidenheid van probleme wat vreemd is vir mense wat nie aan trauma blootgestel was nie. Luxenberg *et al.* (2001:378), wat dié probleme opsom, wys op voorbeelde van gedragspatrone wat hierdie slagoffers dikwels nie net wéér in 'n opvolgende siklus van geweld laat beland nie, maar hulle ook nie in staat stel om terapie ten volle te benut nie (cf. ook Chu, 1998: 18-27):

- 'n Onvermoë om te veg of te vlug in gevaar. Slagoffers sit dikwels verhoudings wat 'n verleentheid is, wat groot emosionele ongemak skep en hulle verwar, vrywillig voort.

- 'n Weerloosheid teen manipuleerders, omdat hulle nie kan onderskei tussen spontane en gemanipuleerde emosionele gedrag nie.

- 'n Onvermoë om liggaamlike tekens reg te verstaan, soos byvoorbeeld 'n verhoogde hartklop of harder asemhaling of die fisiese drang om te vlug. Die gevaartekens kan vir hulle die korrekte seine uitstuur, maar hulle kan magteloos voel om daarop te reageer en/of bang wees vir die konsekwensies as hulle reageer, omdat die verhouding skade kan ly en/of dat hulle leefmaats hulle sal verlaat of sal seermaak.

- 'n Vermoë om net van konflik te leef.

- Die aanvaarding van herviktimisasie as deel van 'n naby verhouding.

- 'n Wantroue in ander, wat verhoed dat daar 'n ondersteunende sosiale verhouding kan ontwikkel.

- 'n Selfbeeld wat so ontoereikend is, asook ernstige verhoudingsprobleme wat rééds ervaar is - 'n volwaardige verhouding van onderlinge deelgenootskap is gevolglik nie meer moontlik nie.

- 'n Neiging om te dissosieer van hul eie liggame, wat verder 'n ernstige beperking plaas op hulle vermoë om gesonde verhoudings aan te gaan omdat hulle ernstig met hul eie identiteit worstel en/of hulself nie ken nie.

Chu (1998:180) verwys na dié pasiënte as *the chronically disempowered survivors of childhood abuse*, wat hulle ook in terapie ontmagtig om te groei:

- Die komplekse en posttraumatiese simptome waaronder hulle kronies gebuk gaan, diskwalifiseer hulle ook om 'n betekenisvolle terapeutiese verhouding aan te gaan.

- Dit is tipies vir sulke persone *to reenact their interpersonal traumas in therapy*, soos die geval is in enige verhouding waarby hulle betrokke is.

Verhoudingsbou kan dus 'n stadige en baie moeisame pad wees vir terapeute wat worstel met, en aanpassings moet maak vir, hul pasiënte wat voel dat hulle in die terapeutiese verhouding getraumatiseer en geviktimiseer word. Hierdie verhouding met 'n terapeut veroorsaak sterk gevoelens by die '*survivors*' van nooit-in-beheer-wees nie, óók in terapie, en van slagoffer-wees van oortreders, en dit terwyl hulle sogenaamd veronderstel is om gehelp te word. Vir slagoffers is dit 'n repetisie van die mishandeling wat hulle moes verduur het toe hulle veronderstel was om beveilig te wees in 'n ouerhuis (Luxenberg *et al.*, 2001:379). Alternatiewelik kan dié slagoffers ook ander mense viktimiseer op maniere wat replikas is van hulle eie traumas. Hierdie viktimisasie van ander kan ook fisiese mishandeling en/of emosionele geweld in gesinsverband insluit.

#### 5.2.7.4 Somatisasie

Talle kronies getraumatiseerde pasiënte kla konstant van fisiese komplikasies wat nie deur medici verklaar of opgeklaar kan word nie. Coetzer (2004:38) toon aan dat navorsing daarop dui dat die denke tydens die trauma dissosieer, en later kan manifesteer as 'n fisiese pyn. Herhaalde traumatiese ervarings het dus 'n sterk impak op mense, veral op biologiese vlak. Die liggaam skei endogene stresresponsiewe hormone af as ernstige lewensgevaar dreig, om die liggaam voor te berei om hulpbronne te mobiliseer om vinnig en effektief te kan reageer. Kroniese blootstelling aan stres verminder die effektiwiteit van die sisteem aansienlik, omdat die liggaam in 'n kroniese staat van gereedheid is (Van der Kolk, 1996b; cf. Chu, 1998:18-27,162-179; Van der Kolk, 2001).

Trauma het ook 'n neuro-anatomiese impak, met die hippokampus-volume wat kleiner is in getraumatiseerde individue - met tipiese negatiewe impak op inligtingsprosessering (cf. Bremner, 1995:973-981 en Van der Kolk & Saporta, 1993:25-33). Kronies getraumatiseerde indvidue het probleme met hulle vlakke van fisiologiese opwekking. Die senustelsel het oor-responsief geword ten opsigte van vroeëre onskadelike stimuli en dit verklaar dan ook die oordrewe skrikreaksie wat eie is aan PTSD.

Talle kronies getraumatiseerde persone vertoon veelvoudige somatiese probleme, soos byvoorbeeld kroniese pyn, rug- en hoofpyne, bekkenpyn, asma, allergiese reaksies, reumatoïde artritis, hypochondriasis en uitputting (cf. Coetzer, 2004:38, 51-55; Van der Kolk & Saporta, 1993:27; en Saxe *et al.*, 1994:1329-1335).

#### 5.2.7.5 Versteurings in waardestelsels

Kronies getraumatiseerde persone verloor vertroue in die wêreld, en ontwikkel 'n fatalistiese siening van hulself en van ander rondom hulle. Hulle bevraagteken die waardestelsel en godsdienstige beskouings waarmee hulle groot geword het. Herman (2001:51) gebruik in hierdie verband die term, *disconnection,* wat volgens haar nie slegs dui op die basiese wantroue by slagoffers van trauma nie, maar ook op die beskadigde self wat dit vir die betrokkenes baie moeilik maak om hul lewens te herbou.

Hulle verwag ook nié positiewe veranderinge in hulself nie.

Luxenberg *et al.* (2001:380) verwys in hierdie verband na die *profound, persistent, and physical sense of learned helplessness that dramatically affects the capacity to formulate options, make choices, act on one's own behalf, or implement changes in one's life* - almal faktore wat die effektiwiteit van terapie verder kan ondermyn, en aangespreek behoort te word.

## 5.3 BEHANDELING VAN SLAGOFFERS VAN GEKOMPLISEERDE TRAUMA

### 5.3.1 Inleiding

#### 5.3.1.1 Psigometriese meetinstrument vir gekompliseerde trauma

In die VSA is twee kliniese meetinstrumente ontwikkel en gestandaardiseer vir die kliniese assessering van DESNOS (cf. Pelcovitz *et al.*, 1997:3-16):

- ☐ *Structured Interview of Disorders of Extreme Stress* (bekend as SIDES).
- ☐ *Self Report Inventory for disorders of Extreme Stress* (bekend as SIDES-SR).

Die SIDES is ontwikkel gedurende die DSM-IV Veldondersoek vir PTSD, en is die enigste gestandaardiseerde meetskaal vir die doel van diagnostiese assessering van DESNOS. Die SIDES-SR is 'n self-verslag wat gebruik word om drie dinge te meet:

- ☐ Die omvang van DESNOS (*baseline severity).*
- ☐ Die omvang van die simptome (*baseline symtom severity)* van elkeen van die ses individuele simptomegroepe.
- ☐ Die verandering (*symptom change)* wat oor tyd ingetree het.

### 5.3.2 Driefasebenadering

#### 5.3.2.1 Inleiding

Die behandeling van slagoffers van gewone of sogenaamde suiwer PTSD en dié van gekompliseerde trauma vereis verskillende benaderings vanweë die uiteenlopende aard van die onderskeie simptomatologieë (Luxenberg, 2001:396). Ford (2005:412) verwys spesifiek na die effek van *abuse-related* PTSD vir slagoffers van gekompliseerde trauma. Dit raak veral veranderde affek-reguleringsprosesse sowel as verswakking van die vermoë om aandag te fokus, en inligting te prosesseer. Die effektiwiteit van behandeling van hierdie tipe slagoffers kan, volgens Ford (2005:410-419), byvoorbeeld verhoog word deur assessering van die disregulering van emosies en/of

inligtingprosesssering.

Navorsers is dit eens dat daar in die afgelope twee dekades nie groot, nuwe deurbrake in die klassieke struktuur van begeleiding en berading of behandeling gekom het nie. Die klassieke driefasebenadering van

- stabilisasie,
- prosessering van die traumatiese geheue en rou, en
- herintegrasie

word steeds deurgaans in die praktyk gevolg (cf. Briere, 1996). In fase 1 val die klem op die identifikasie van traumatiese, mishandeling-gebaseerde gebeure, en veiligheid en stabilisasie. In fase 2 word gefokus op die stelselmatige her-blootstelling aan die affek en stimuli, geassosieer met 'n herinnering aan die mishandeling, en dan volg fase 3 waar dit gaan oor die kognitiewe en affektiewe prosessering, en herintegrasie.

Die fase-georiënteerde behandeling word vir meer as 'n eeu lank deur terapeute gepropageer (Van der Kolk, 2001). Die pas waarteen die behandeling sal geskied, hang hoofsaaklik af van die omvang en aard van die herbelewenisse van die trauma. Herman (2001:133-236) gebruik ook die driefasestruktuur, maar sê dat daar sonder veiligheid en stabiliteit geen vordering gemaak kan word nie. Sy hanteer die aspek van rou in fase 2 as die sleutel tot herstel, voordat daar sprake kan wees van herintegrasie en 'n nuwe lewe.

Die oorkoepelende doelwit van herstel, wat in elkeen van die drie fases moet realiseer in ooreenstemming met die doelwitte van elke fase, plaas sy binne 'n verwysingsraamwerk van 'n genesende verhouding, wat net bereik kan word deur genesende interaktiewe gemeenskap.

Herstel behoort verder gebaseer te wees op die uitdruklike bemagtiging van die slagoffer tot herverbintenis. Die slagoffer behoort ook die outeur en arbiter te wees van sy eie herstel. Herman (2001:133) haal die woorde aan van Tani, 'n slagoffer van mishandeling, tydens 'n onderhoud met haar:

> *Good therapists were those who really validated my experience and helped me to control my behavior rather than trying to control me.*

'n Belangrike deel van dié genesende gemeenskap is die realisering van 'n verhouding tussen die slagoffer en die terapeut waarbinne herstel kan plaasvind. Sy maak dié aspek egter nie 'n addisionele fase nie, omdat dit geïntegreer is met elke fase van behandeling.

#### 5.3.2.2 Basiese vertrekpunt

In die lig van die bespreking tot dusver kan vervolgens gekonstateer word dat die behandeling van gekompliseerde trauma vanuit 'n psigo-analitiese perspektief met drie basiese uitgangspunte werk:

- Die driefasebenadering.
- Herstel in en deur genesende verhoudings.
- Die slagoffer as die outeur en arbiter van sy eie herstel.

#### 5.3.2.3 Belangrikheid van die terapeut

Herman (2001:134-136) noem verskeie redes waarom die terapeutiese verhouding belangrik is:

- In die bereiking van dié oorkoepelende doelstelling van terapie, naamlik die promovering van herstel in en deur verhoudings, word die terapeut die slagoffer se bondgenoot wat al sy bronne van kennis (opleiding), vaardighede en ervaring tot die beskikking van die slagoffer stel.
- Tweedens word die slagoffer beskerm deur kontraksluiting met die terapeut, en wel *regarding the use of power* (Herman, 2001:1340).
- Die slagoffer wat hulp soek omdat hy in nood is, word in terapie in 'n ongelyke situasie geplaas ten opsigte van status en mag. Gevoelens van afhanklikheid, wat verwant is aan die kinderjare-ervaring, kom sterk na vore. Deur die oordrag of verplasing van affek in terapie word die dispariteit in mag verder verhoog. Dit plaas die terapeut in 'n sleutelposisie om in en deur die terapeutiese verhouding die slagoffer te bekerm teen uitbuiting.
- Dit is die terapeut se verantwoordelikheid om die magsposisie wat aan hom oorgedra is, te gebruik tot herstel van die slagoffer. Die belofte om nie mag te misbruik nie, *which is sentral to the integrity of any therapeutic relationship, is of special importance to patients who are already suffering as the result of another's arbitrary and exploitative exercise of power* (Herman, 2001:135).
- In die helpende verhouding belowe die terapeut om die outonomiteit van die slagoffer te eerbiedig in en deur 'n verhouding waarin die terapeut geen eiebelange nastreef nie, en waarin hy neutraal bly.

- Die terapeutiese verhouding is uniek omdat dit 'n verhouding is wat bestaan terwille van die beste belange van die slagoffer en nie terwille van die belange van die terapeut nie.

- Herman (2001:135) verwys na tegniese neutraliteit waarin nie kant gekies word betreffende die slagoffer se innerlike konflikte nie. Daar word ook nie vír slagoffers lewenskeuses gemaak nie. Dit wat die berader daarvan weerhou om 'n persoonlike agenda te ontwikkel, is die wete dat die slagoffer in beheer van sy eie lewe behoort te wees - en bemagtig moet word om die beoogde doelwitte van terapie te bereik.

- Vir Herman (2001:135) is tegniese neutraliteit egter nie dieselfde as morele neutraliteit nie. Werk met persone met komplekse trauma vra 'n morele keuse vir en solidariteit met die slagoffer. Die terapeut word gevra om as't ware 'n getuie van 'n oortreding te word, byvoorbeeld van seksuele mishandeling van 'n slagoffer wat oor 'n tydperk van 15 jaar plaasgevind het en in die proses van behandeling stuk vir stuk na vore kom.

- Die terapeut se rol in die terapeutiese verhouding is beide intellektueel en relasioneel, en dit bevorder insig en empatiese verbintenis.

- Hierdie alliansie van terapie kan nie as vanselfsprekend aanvaar word nie. Die unieke samewerkende verhouding van twee vennote kan slegs slaag as dit berus op die beginsels van oorreding eerder as dwang, idees eerder as mag, en gemeenskaplikheid eerder as outoritêre kontrole.

Briere (1996) wys daarop dat die etiese kwessies in behandeling van gekompliseerde trauma dieselfde is as vir enige ander kliëntepopulasie. Etiese riglyne *may be even more salient in work with abuse survivors, however, since sexual abuse can produce a variety of interpersonal difficulties, significant boundary confusion, and greater vulnerability to client-therapist dynamics*.

Vertroulikheid is veral belangrik in berading met slagoffers van seksuele mishandeling, sowel as inligting oor hóé die proses sal verloop, en watter struikelblokke daar mag wees, soos hiper-opwekking en die rol van negatiewe emosies tydens blootstelling aan snellers (*triggers*) van óf herinneringe aan die traumatiese ervarings.

Die terapeut moet ook bewus wees van sy eie beperkinge, sy kennis van die betrokke emosionele probleme en/of versteurings asook sy eie ervaringe.

### 5.3.2.4 Fase 1: Veiligheid en stabiliteit

- **Inleiding**

Navorsers is dit eens dat veiligheid en stabilisasie die eerste oogmerk is wat nagestreef moet word. Raphael *et al.* (1996:466) begin heel voor met die proses as hy sê dat *psycological first aid* vanselfsprekend is. Dit kom gewoon neer op 'n terapeut se

- medemenslike gebare van vertroosting van 'n emosioneel ontstelde mens,
- van beveiliging teen verdere ontsteltenis en
- waar nodig, voorsiening in basiese fisiese behoeftes.

Voordat daar nie na die veiligheid van die *survivor* omgesien is nie, kan daar nie met enige werk aangegaan word nie. Herman (2001:155), wat die aanvanklike suksesvolle hantering van die kwessie van veiligheid as van die grootste belang beskou vir die herstelproses in geheel, beklemtoon die feit dat sekere kwessies, veral veiligheid, nie werklik in fase 1 afsluit nie. Die slagoffer word van tyd tot tyd her-blootgestel aan die oortreder. Dié feit kan sowel die slagoffer as die terapeut frustreer. Herman (2001:155) se insig, dat vordering deur die fases van herstel eerder as 'n spiraal gesien moet word *in which earlier issues are continually revisited on a higher level of integration*, kan baie groter rustigheid bring vir sowel die slagoffer as die terapeut. Sy sê dat daar egter wel in die eerste fase 'n beduidende skuif móét kom van *unpredictable danger to reliable safety* om sukses te verseker.

- **Psigo-opvoeding**

Luxenberg *et al.* (2001:396) sê dat psigo- opvoeding die primêre doelwit in fase 1 is.

Slagoffers moet bygestaan word om sin uit hulle ervaring te maak deur die voorsiening van basiese inligting met betrekking tot die kort- en langtermyneffek van trauma op individue. In hierdie verband behoort psigo-opvoeding byvoorbeeld die nodige verduidelikings te bied ten opsigte van spesifieke simptome soos affekdisregulering, dissosiasie, terugflitse en hiperopwekking. Van der Kolk *et* al. (1996a:417-440) gee insiggewende riglyne wat spesifiek verband hou met die behandeling van hiperopwekking asook hulp aan slagoffers van trauma met behulp van die evaluering van spesifieke gemoedstemminge deur, wat hulle *mood logs* noem. Dit help byvoorbeeld met die identifisering van plek, tyd, aktiwiteite, gedagtes en gevoelens wat slagoffers emosioneel ontsteld/bekommerd en angstig laat raak het. So 'n identifikasie *allows patients to begin to evaluate realistically the amount of danger actually present in their current environment, rather than continually being at the mercy of their hyperarousal* (Luxenberg *et al.*, 2001:396).

▪ **Fisiese welstand**

Naas psigo-opvoeding is dit belangrik dat aandag gegee sal word aan die slagoffer se fisiese welstand en liggaamsfunksies. Dit sluit die nodige mediese aandag in, asook die regulering van liggaamsfunksies soos slaap, eet en oefening. Hierdie grondwerk is belangrik omdat dit die grondslag vorm vir die regulering van affek, en die aanspreek van sake soos somatisasie en ontwrigting van liggaamsfunksies.

Om verantwoordelikheid te begin neem vir sy liggaam, is 'n belangrike stap vir die slagoffer om in beheer te voel. Dit verander sy siening van homself as hulpeloos. Kroniese getraumatiseerde slagoffers kan nie 'n volgende stap in die herstelproses hanteer as hulle nie ten minste 'n elementêre familiariteit en gemak met hulle eie liggame en liggaamsfunksies het nie.

▪ **Omgewing**

Turnbull & McFarlane (1996:480-490) wys daarop dat 'n slagoffer se onmiddellike omgewing vir hom veilig moet wees, dat afbrekende of verkeerde verhoudings beëindig moet word, en dat hy toegang moet hê tot mediese versorging, geld en werksgeleenthede. Herman (2001:168) sê dat die taak *of establishing safety is particulary complex when the patient is still involved in a relationship that has been abusive in the past.*

Luxenberg *et al.* (2001:397) wys daarop dat dit juis in die geval van gekompliseerde trauma of DESNOS vir slagoffers baie noodsaaklik is om disregulering in hulle lewens te bekamp met struktuur. Roetine, en skedules, wat 'n mate van voorspelbaarheid in slagoffers se lewens terugbring, behoort geïmplementeer te word. Die regulering van die omgewing wat in fase 1 'n sentrale saak is, sal egter ook deurlopend in die herstelproses aandag geniet.

▪ **Vertroue**

Vertroue, wat óók nie in fase 1 afsluit nie, maar deurlopend deel van die herstelproses bly, behoort in die geval van kronies getraumatiseerde slagoffers spesiale aandag in fase 1 te geniet. Die rede hiervoor is die komplekse interpersoonlike aard van gekompliseerde trauma, en die traumatiese ervarings van kronies getraumatiseerde persone met gesagsfigure of ander persone wat veronderstel was om 'n betekenisvolle rol in hulle lewens te speel.

Hierdie slagoffers gaan op hulle hoede wees - omdat hulle dieselfde behandeling in die terapeutiese verhouding verwag. Hulle ervaar ernstige probleme om veilig te voel in verhoudings en om gekalmeer te word deur interpersoonlike werkswyses. Hulle tree op 'n wyse op wat spesiaal ontwerp is *to minimize the potential for further harm* (Luxenberg *et al.*, 2001:397). Die konsekwensie van sulke gedrag is

dikwels interpersoonlike behoedsaamheid of versigtigheid en afstand, wat verhoudingsbou in terapie 'n uitgerekte proses kan maak.

Luxenberg *et al.* (2001:397) som die probleme wat daar is in sinvolle verhoudingbou met kronies getraumatiseerde persone op as iets wat tipies is van die interaksie tussen twee domeine, verwant aan die *DESNOS*-konstruksie, naamlik probleme met verhoudings en versteurings in selfpersepsie.

Hierdie twee domeine reageer sinergisties op mekaar, met sekere gevolge vir slagoffers:

- ☐ Vrese ontstaan dat hulle nie verstaan of waardeer kan word nie.
- ☐ Sien ander as potensiële bronne van verdere mishandeling.
- ☐ Gebruik interpersoonlike waaksaamheid as 'n primêre middel om hulself te beskerm teen toekomstige seerkry - in die lig van hul eie siening van hulself as ontoereikend, met gepaardgaande skuldgevoelens, selfblamering en beskamende selfbeeld.

- **Krisisingryping**

Depressie en angs kan baie akuut wees in die aanvangsfase van herstel. Dit manifesteer ook dikwels in selfmoordneigings en selfbeskadiging in die vorm van selfbeserings, substansie-afhanklikheid en eetversteurings. Affek-regulering en die hantering van PTSD simptome soos terugflitse, nagmerries en slaapversteurings gaan daarom in hierdie fase belangrik wees, maar daar gaan krissise opduik wat tipies is van die simptomatologie van gekompliseerde trauma.

Familie of naby vriende wat hulle ontferm oor die slagoffer kan dus verwag dat hulle lewens tydelik baie ontwrig kan word ás hulle die regte keuses wil maak in belang van die slagoffer. Herman (2001:164) verwys na opofferings wat gemaak moet word - en wat gewoonlik nie net die mobilisasie van familie of vriende behels om 'n veilige omgewing te help skep nie, maar ook die ontwikkeling van 'n langtermynplan vir toekomstige beveiliging, groei en herstel.

Die antwoord lê egter nie net in krisisingryping nie. Selfs in die geval van 'n enkele traumatiese gebeurtenis, soos 'n verkragting, gaan die hele herstelproses nie op in krisishantering nie. In 'n geval van gekompliseerde trauma sal krisisingryping, alhoewel dit baie deurslaggewend van aard kan wees vir suksesvolle herstel, net 'n onderdeel vorm van die herstelproses.

Die volgende gevallestudie dien as voorbeeld van die langtermynaard van berading met slagoffers van gekompliseerde trauma:

- 'n Vrou, 30 jaar oud, getroud met 2 kinders, se donker geheim van twintig jaar gelede, toe sy op 13 jarige ouderdom sonder verduideliking vir die laaste keer deur haar vader verkrag is - na 'n verkragtingshel wat 10 jaar geduur het - kom op die lappe toe sy gehospitaliseer word na 'n mislukte selfmoordpoging, sogenaamd uit die bloute, die aand voor haar oudste dogter se inhuldiging as hoofmeisie van haar hoërskool.

Hospitalisasie was in haar geval die aangewese noodmaatreël om haar fisiese en emosionele toestand te stabiliseer. Dit was egter nié die finale oplossing van die probleem nie.

Luxenberg *et al.* (2001:398) sê dat die herstel nie net gemik sal wees op beveiliging en verandering van gevaarlike, negatiewe gedrag nie, maar ook vir die slagoffer om insig te kry in die psigologiese betekenis van die gedrag. Dit kan egter nie in belang van die slagoffer wees om dié insigte in die eerste fase van berading direk met hom te deel nie. Alhoewel dit later nuttig en noodsaaklik sal wees, kan te veel inligting in die aanvangsfase destabiliserend wees, spesifiek in die geval van slagoffers wat baie onstabiel is, hoogs defensief optree, hulself beseer of op ander destruktiewe wyses selfhandhawend probeer optree.

Die terapeutiese verhouding is egter self in fase 1 van die behandelingsproses nie beskerm teen destruktiewe gedrag van slagoffers nie. Chu (1998:75-91) sê die rede hiervoor is te vind in die dinamika van 'n kombinasie van tipiese 'verdedigingsmeganismes' van slagoffers van interpersoonlike trauma, soos die volgende voorbeelde:

- 'n Psigologiese 'herhaling' *(reenactment)* van vorige mishandeling.
- Deur 'n proses van internalisering maak die slagoffer sake soos houdings, waardes en menings van die pleger van die wandade teen hom, deel van sy eie persoonlikheid. Hy identifiseer dus met die negatiewe boodskappe van die oortreder, en reageer asof hy in werklikheid byvoorbeeld sleg of vuil is.
- Pogings van die slagoffer om voortydig in fase 1 dissosiatiewe grense te deurbreek net met die doel om hoegenaamd iets te voel.

- **Verantwoordelikheid van die slagoffer**

Dit is nodig dat die slagoffer reeds in die eerste fase van die herstelproses verantwoordelikheid sal neem vir sy eie herstel. Daar behoort ook duidelike ooreenkomste tussen die slagoffer en terapeut te wees oor hoe krisisse hanteer word. Grense sal dus daargestel moet word wat 'n sekere afstand tussen die slagoffer en die terapeut bring, sodat die terapeut nie onder verpligting is om die slagoffer telkens inderhaas, na 'n dringende 'noodoproep', sogenaamd te kom red nie. Hierdie sogenaamde noodoproepe kan ook in die vorm van self-destruktiewe optrede wees, wat selfmoordpogings insluit.

> *It is important for patients to be expected to take responsibility in the management of their affect ... to understand that suicidal, self-harming, or out of control behavior serves the crucial function, for the patients diagnosed with DESNOS, of regulating intolerable feeling states in the absence of more adaptive self-soothing strategies.* (Fisher in, *Recognizing and treating patients with dissociative disorders* - 'n voordrag gelewer by die psigologiese trauma konferensie in Boston, VSA (1999), soos aangehaal deur Luxenberg *et al.*, 2001:398.)

- **Self-kalmerende kapasiteitsbou**

Slagoffers moet in die eerste fase van herstel geleer word hoe om vir hulle eie emosies en gedragspatrone, wat dikwels ook aangeleerde gedrag is, verantwoordelikheid te neem. Die aanleer van nuwe gedragspatrone is een van die doelwitte van fase 1. Slagoffers het tydens die trauma geleer om hulle van hul liggaamsreaksies te distansieer, en sal daarom beperkte kennis hê van wat om te doen as hulle ontsteld of beangs raak.

Nuwe kapasiteite moet gevolglik aangeleer word hoe om emosies te hanteer. Slagoffers behoort gehelp te word om sover as moontlik self na antwoorde te soek deur navrae te doen by erkende instansies, soos byvoorbeeld Alkoholiste Anoniem, of self aanbevole boeke of internet-webblaaie te raadpleeg. Op 'n tref-en-trap-basis kan lyste van selfhelp-tegnieke deurgewerk en uitgetoets word. Kalmerende klassieke musiek mag vir sekere slagoffers vanweë onbekendheid van geen nut wees nie, terwyl dieselfde persone baat kan vind by meer generiese tegnieke soos om die buitelug op te soek, te draf of asemhalingsoefeninge te doen. Iemand wat buite die huis verkrag is, mag aan die ander kant weer oop ruimtes buite die woonhuis baie ontstellend vind. 'n Persoon wat as kind seksueel misbruik is, kan erg ontstel word deur tegnieke wat die liggaam 'blootstel', soos 'n lyfmassering en 'n warm aromatiese bad, of tegnieke wat afsondering skep, soos toe deure en toegetrekte gordyne.

Luxenberg *et al.* (2001:399) sê dat pasiënte ondersteuning nodig het om hul emosionele toleransie te versterk. Slagoffers kan ook gevra word om hulle eie vordering neer te skryf, hulleself te monitor en

seker te maak dat dit wat vir hulle goed werk, ingeoefen en verder verfyn word tot 'n tegniek wat goed onder die knie gekry word. Tog betaan die gevaar *that both patients and clinicians may ultimately use self-soothing skills as a means of avoiding patients' distressing emotions*.

Soms kan ontspanne toestande egter getraumatiseerde persone 'onkant betrap' en paniek of angs ontketen. Daarom moet slagoffers bewus bly van negatiewe emosies, en ook leer om dit in hulle gedagtes te beheer deur verbeeldingstegnieke. Beraders leer slagoffers byvoorbeeld om negatiewe emosies, as hulle verskyn, sorgvuldig een vir een in 'n denkbeeldige houer (van 'n skoendoos tot 'n bankkluis) in te gooi en toe te sluit. Die houers kan ook verbrand of in die diepste dieptes van die see gegooi word (cf. Luxenberg *et al*., 2001:399).

Van der Kolk en Fisler (1995:607-627) wys daarop dat traumatiese geheue nie noodwendig in verbale formaat gestoor word nie, maar eerder in somaties-sensoriese formate. Verbale tegnieke gaan dus in sekere gevalle baie minder effektief wees om met herinneringe en pynlike emosies te werk en resultate te kry.

Dit mag dan nodig wees om met nie-verbale tegnieke te werk, soos die beoefening van 'n kunssoort, soos skilder of teken of spelterapie, en beweging, soos byvoorbeeld dans (cf. Luxenberg *et al*., 2001:399. Die uiteindelike doel van hierdie selfkalmerende tegnieke is om slagoffers met die volgende kwessies te help:

- ☐ Om hul emosies weer in hulle lewens 'toe te laat'.
- ☐ Om te leer hoe om hul emosies te tolereer.
- ☐ Om suksesvol deur hul emosies te werk.
- ☐ Om te ervaar dat hul emosies nie langer die bedreiging is wat dit was nie.
- ☐ Om te help met affek-regulering.
- ☐ Om te leer om self hul emosies effektief te bestuur.

▪ **Ondersteuningsnetwerke**

Slagoffers moet aangemoedig/geleer word om ná beveiliging uit te reik na ander mense vir ondersteuning. In hierdie verband sê Herman (2001:162) dat *considerable care must be taken to ensure that she chooses people whom she can trust*. Intervensie is daarop gemik om die getraumatiseerde

individue en hulle families te help om met die onmiddellike trauma te handel, maar somtyds word 'n famile ook gedwing om na kwessies te kyk wat nog nooit voorheen aangespreek was nie. Dit kan kwessies wees wat óf ontken óf geïgnoreer was.

Die ondersteuningsnetwerke kan ook ondersteuningsgroepe insluit. Die slagoffer moet aangemoedig word om self persone en groepe te identifiseer wat hom kan bystaan. Die bystand lê op veral drie vlakke:

- Vir afleiding en om sy aandag van sy onmiddellike probleem af te trek.
- Om ervarings mee te deel en verligting/bemoediging te ondervind sonder om diep in besonderhede in te gaan.
- Om ervarings op 'n meer intieme vlak te deel en bemoedig te word.

- **Fokus op stabiliteit**

Navorsing beklemtoon die baie belangrike feit dat daar in die eerste fase van behandeling gefokus moet word op die omringende kwessies van fisiese behoeftes, vertroue, veiligheid, ontwikkeling van kapasiteite vir self-kalmering, en die bou van ondersteuningsnetwerke, en nié op die trauma self nie.

In hierdie verband sê Herman (2001:172) dat dit dikwels 'n versoeking is *to overlook the requirements of safety and to rush headlong into the later stages of therapeutic work.* Dit beteken nie dat traumatiese meteriaal vermy word nie, maar die moontlikheid bestaan om 'n algemene fout in terapie te maak deur te vroeg of te oorhaastig te begin met eksplorasiewerk.

Luxenberg *et al.* (2001:400) kom ook tot die gevolgtrekking dat terapeutiese werk in die eerste fase van berading beslis eerder reparerend as eksplorerend moet wees om sukses in die latere stadiums van berading te waarborg:

- Slagoffers beskik oor die algemeen nie oor die vermoë om in dié fase werk wat trauma-gefokus is, te hanteer of te verduur nie.

- Om hulle gevolglik te dwing om te vroeg dié blootstelling te tolereer, kan daartoe lei dat simptome vererger word, met 'n eskalering van self-beserings, selfmoordpogings, voortydige beëindiging van behandeling en hertraumatisering.

Dit mag selfs aan die begin soms nodig wees om slagoffers te stop om te diep in hulle trauma te delf en aan hulle te verduidelik dat dit nodig is om eers seker te maak dat hulle toegang het tot al die vaardighede

en ondersteuning voordat hulle met hierdie proses verder gaan.

*This stage may be quite brief for acutely traumatized individuals, but it can be quite lengthy, sometimes spanning years in treatment, for patients who meet the criteria for DESNOS.* (Luxenberg *et al*., 2001:400, wat aanhaal uit Fisher, *Recognizing and treating patients with dissociative disorders,* voordrag by Psychological Trauma Conference, Boston, 1999.)

### 5.3.2.5 Fase 2: Verwerking van, en treur oor, traumatiese herinneringe

- **In-diepte eksplorasie**

Waar in fase een gefokus word op verstelling en instandhouding, word in hierdie fase gewerk aan 'n in-diepte eksplorasie van traumatiese herinneringe. Van der Kolk *et al*. (1996a:417-418) beklemtoon die noodsaaklike stap van die integrering van die traumatiese geheue in 'n samehangende lewensverhaal van die slagoffer, saam met 'n desensitisering of ongevoeligmaking van die intense emosies wat geassosieer word met dié herinnering.

In hierdie verband laat Herman (2001:175-195) die klem val op die volgende aspekte:

- ☐ Die rekonstruksie van die traumatiese verhaal.
- ☐ Die transformering van die traumatiese herinnering.
- ☐ Rou oor verliese.

Sy sê dat die slagoffer in dié fase in staat gestel moet word om sy verhaal te kan vertel, iets wat hy nog nie in fase 1 kon doen nie. Die bemagtiging van die slagoffer deur die ondersteuning van die terapeut om self te besluit dat dit veilig is vir hom om sy verhaal te vertel, bly deurgaans in fase 2 van krag. Die keuse *to confront the horrors of the past rest by the survivor*. Die berader speel dán die rol van getuie tot die verhaal van trauma, en bondgenoot, in wie se teenwoordigheid die slagoffer kan praat oor die onuitspreeklike óf gehoor kan word oor die ongehoorde.

In dié fase van herstel, waar die slagoffer sy verhaal van die trauma vertel, het die herkonstruksie in werklikheid die funksie om die traumatiese geheue te transformeer. Op dié wyse, sê Herman (2001:175), word dit weer in die slagoffer se normale geheue/lewensverhaal geïntegreer. Sy haal Janet aan wat normale geheue beskryf het as '*the action of telling a story*'. In kontras daarmee is die traumatiese geheue woordeloos en staties. Die trauma-verhaal, in sy ongetransformeerde staat, funksioneer in

werklikheid as 'n *prenarrative* (cf. Herman, 2001:175). Dié aanvanklike verhaal van die slagoffer kan dan herhalend, stereotiep en emosieloos wees.

Van der Kolk (1996:279-302) wys op die feit dat die transformasie van die traumatiese geheue daarop neerkom dat dit daarvan

- wegbeweeg om in 'geheime operasies' die fokuspunt van 'n individu se lewe te wees,
- na 'n situasie waar dit 'n reeks van ervarings word wat binne 'n groter konteks van die normale geheue en die lewensverhaal voorkom.

Dit gee die individu hoop dat sy toekoms weer betekenis sal kry as sy lewe nie meer verstrengel is met sy traumatiese verlede nie. Baie slagoffers se persepsie van ander, en hulle verwagtings ín verhoudings, verander betekenisvol gedurende hierdie proses. Hulle laat hulself toe om meer gesonder verhoudings te bou as in die verlede.

Dit is egter van belang om rekening te hou met 'n moontlike verskil wat deur navorsing uitgewys is, naamlik dat waar blootstelling/trauma-prosessering in fase 2 van die herstelproses noodsaaklik is vir PTSD-slagoffers, dit in die geval van slagoffers van gekompliseerde trauma minder duidelik is. Luxenberg *et al.* (2001:403) wys in dié verband na die voorbeeld van 'n bejaarde wat terminaal siek was aan kanker, maar wat ook DESNOS gehad het as gevolg van 'n aantal ernstige traumatiese ervarings in die kinderjare:

- In dié geval was dit beter om te volstaan met stabilisasie en die bestuur van angs - en is daar nie aangedring op traumaprosessering nie.

Chu (1998:86) sê dat slagoffers met uitstekende hanteringsmeganismes (*coping skills)* vinnig na die tweede fase van berading beweeg, maar dat ander weer maande en selfs jare se voorafgaande werk van die terapeut mag vereis.

Dit is onseker watter persentasie van slagoffers van gekompliseerde trauma in staat sal wees om verligting van spanning te kry deur die veroorsakende omstandighede in woord, daad of verbeelding te herleef en sodoende suksesvol deur fase 2 van die behandelingsplan te werk. Plug *et al.* (1987:4) sê dat katarsis gewoonlik dui op handelinge wat 'n positiewe terapeutiese effek het. Dit kan wees dat slagoffers net minimale of gedeeltelike sukses mag hê in dié fase, en dat daar in sulke gevalle 'n baie sterker fokus op veiligheid en stabilisering sal wees. Vir laasgenoemde groep bly *stabilization and symptom management ... the long-term (and sometimes life-long) goals of treatment* (Chu, 1998:86). Beduidende regressie kan by hierdie slagoffers manifesteer, wat katarsis kompliseer en vordering vertraag.

- **Doelstellings**

Luxenberg *et al.* (2001:404) maak dit baie duidelik dat die werk in die middelfase van berading nie aangepak sal kan word deur individue wat nie kwalifiseer om traumatiese geheue, en die intense affek en gedrag wat mag voorkom, te hanteer nie. Hy som die doel van die middelfase en die primêre rede vir dié werk onderskeidelik soos volg op:

☐ Doel: Om die slagoffer toe te laat om die emosies en kognitiewe aspekte, geassosisieer met die trauma, te erken, te ervaar, en te normaliseer *at a pace that is safe en managable.*

Primêre rede: Om die slagoffers verligting van simptome te laat ervaar, integrasie van die afgesplete aspekte (*split-off aspects*) van die self en die traumatiese ervaring te laat plaasvind - en om hom toe te laat om sy fokus te verskuif na nie-traumatiese aspekte van sy lewe.

- **Gekombineerde behandelingstegnieke**

Cloitre *et al.* (2002:1067-1074) bespreek 'n tweefasebehandelingsprogram vir slagoffers van gekompliseerde trauma, met spesifieke verwysing na kindermishandeling:

☐ Dit behels eerstens vaardigheidsgebaseerde opleiding in affek, en interpersoonlike regulering.

☐ Tweedens bied dit kognitiewe gedragsgebaseerde blootstelling en emosionele prosessering.

Hierdie program word soos volg geëvalueer (Cloitre *et al.*, 20002:1073):

*The study results support a widely advocated model of intervention for CA survivors ... that includes three principal components: the strengthening of management and interpersonal effectiveness, an established therapeutic relationship, and emotional processing of the trauma memories.*

Volgens Luxenberg *et al.* (2001:405) moet daar ruimte gemaak word vir die behoefte om tydens die behandelingsprogram heen en weer tussen stabilisasie en prosessering te beweeg. Dit is nie vreemd aan dié middelfase van herstel dat die kwessie van veiligheid en stabilisasie byvoorbeeld weer na vore kom nie - veral nie wanneer sleutelherinneringe aangespreek word soos geweld en skending van vertroue nie.

- **Die rol van dissosiasie**

Navorsers wys op die betekenisvolle invloed van slagoffers se vlakke van dissosiasie op die balansering van stabilisasie en prosessering. Dissosiasie is vir slagoffers 'n manier om sekere aspekte van hulle

traumatiese ervarings af te splits, en die groter sisteem te isoleer van die emosies, oortuigings, veronderstellings, en sensoriese en somatiese ervarings, en van sekere gebeure wat hulle as negatief ervaar. Dit sluit aspekte in soos gedrag, affek, sensasie en kennis.

Kronies-getraumatiseerde slagoffers ervaar beduidende vlakke van dissosiasie, wat kan wissel tussen kroniese vergeetagtigheid tot gedrag waarvan pasiënte later geen kennis dra nie - *and this can have a critical impact on treatment as patients who are dissociated are not emotionally available for the interactive work of therapy* (Luxenberg *et al*., 2001:406).

- **Rou**

Herman (2001:188-195) maak die stelling dat trauma onlosmaaklik verbind is aan verlies. Daarom speel die fantasie van wraak soms 'n belangrike rol in die lewe van slagoffers. Dit word algemeen geglo dat wraak verligting van pyn sal bring. In die rouproses moet die slagoffer egter vrede maak met die feit dat dit onmoontlik is om in die gelyk gestel te word. Geregverdigde verontwaardiging, of protes, is 'n veiliger en meer bevredigende vorm van wraakneming omdat dit die slagoffers in die posisie stel om weer beheer te neem.

Herman (2001:190) maak 'n aantal belangrike stellings oor die rol van kwessies soos wraak, vergifnis, berou en kompensasie:

- Wraak, vergifnis, berou en kompensasie word dikwels as verdedigingsmeganismes ingespan om pyn te vermy.

- Soms systap slagoffers die hele kwessie van wraak deur wat sy 'n fantasie van vergifnis noem. Dit is egter nie moontlik om die trauma uit te ban deur fantasieë van óf haat óf liefde nie. Die fantasie van vergifnis werk net met uiterstes van onvoorwaardelikheid en absoluutheid - en is daarom, volgens haar, 'n wrede eis omdat dit buite bereik van die meeste mense is.

- Selfs goddelike vergifnis is nie onvoorwaardelik nie, omdat ware vergifnis nié toegestaan kan word voordat die oortreder dit nie verdien het met erkenning van skuld, belydenis en restitusie nie.

- Ware gewetenswroeging of berou by die oortreder beskou sy as 'n baie skaars wonderwerk. Dit is volgens haar ook nie nodig nie, omdat die slagoffers nie daarvan afhanklik behoort te wees om ware genesing te vind nie:

  *Her healing depends on the discovery of restorative love in her own life; it does not require that this love be extended to the perpetrator.* (Herman, 2001:190.)

- Sy sê dat dit verbasend is hoe gou 'n slagoffer, wat klaar gerou het oor die trauma, belangstelling verloor in die oortreder.

- Ook die fantasie van kompensasie, soos in die geval van wraak en vergifnis, word 'n beduidende struikelblok in die pad van genesing. Alhoewel kompensasie 'n billike verwagting is, ontaard dit dikwels in 'n langdurige en nuttelose gestoei wat aangevuur word deur die begeerte om 'n oorwinning te behaal oor die oortreder, en ook soms vir finansiële gewin. Dit plaas ook net weer die lot van die slagoffer terug in die hande van die oortreder wat dit kan laat ontaard in 'n baie lang én finansieel onbekostigbare proses.

Oor die herstelproses maak Herman (2001:190) die baie belangrike stelling, wat ook haar standpunt oor wraak, vergifnis en kompensasie in die regte perspektief plaas, naamlik dat rou die enigste manier is *to give due honor to loss; there is no adequate compensation.*

Vir slagoffers van kroniese kindermishandeling wag daar dus twee werklike uitdagings wat kan uitloop op ware genesing:

- Dit is eerstens die taak om te rou oor dit wat hulle verloor het, byvoorbeeld goeie ouers wat hulle basiese veiligheid kon waarborg.

- Tweedens is dit 'n rouproses oor dit wat hulle nooit gehad het om te verloor nie, byvoorbeeld 'n kindertyd.

Die kindertyd wat van hulle gesteel is voordat hulle dit nog gehad het om te verloor, is onvervangbaar. Niks kan dit terugbring nie. Hulle moet ook rou oor die verlies van die grondslag van basiese vertroue, naamlik:

- Die geloof in 'n goeie ouer.

Herman (2001:193) haal Leonard Shengold aan wat (in *Soul murder: The effects of childhood abuse and deprivation,* 1989) dié volgende retoriese vraag vra:

> *Without the inner picture of caring parents, how can one survive? ... Every soul-murder victim will be wracked by the question 'Is there life without father and mother'*

Die konfrontasie met hierdie wanhoopsvrae in die middelfase van berading veroorsaak 'n groter risiko vir selfmoord. Meestal fantaseer hierdie slagoffers dat hulle reeds onder die dooies tel omdat hulle kapasiteit vir liefde vernietig is. Die 'tydloosheid' van hierdie fase stel groot uitdagings aan beide

terapeute en slagoffers om dit reg te benut.

Die rekonstruksie van trauma vereis ook 'n teruggaan na 'n vorige ervaring van sogenaamde gevriesde tyd (*frozen time*). Die rouproses word dan ervaar as 'n oorgawe aan sogenaamde eindelose trane. Dié proses sal langer neem as wat die slagoffer graag wil, maar sal nie vir altyd aanhou nie. Na baie herhalings van die 'eindelose' rou, 'n proses wat nié omseil of afgejaag kan word nie, kom die momente dat die vertel van die verhaal van trauma nie langer meer presies dieselfde intense emosies opwek nie:

- Dit word nou 'n deel van die slagoffer se verlede, maar net 'n deel daarvan. Die verhaal is 'n herinnering soos enige ander herinnering van die gewone geheue.

- Die slagoffers se rou begin mettertyd sy helderheid/ kragtigheid/lewendigheid verloor, en dit begin oorbeweeg na 'n fase waar *perhaps the trauma is not the most important, or even the most interesting, part of her life story* (Herman, 2001:195).

- 'n Fase word dus betree waar die trauma nie langer meer die sentrale plek in die slagoffer se lewe inneem nie.

Die rekonstruksie van die trauma is in 'n sekere sin nooit volledig afgehandel nie. Nuwe konflikte en uitdagings van elke nuwe lewensfase sal dit weer na vore laat kom, maar die doel van die tweede fase van berading is bereik wanneer die slagoffer sy eie verlede vir homself teruggeneem het, daarvoor verantwoordelikheid aanvaar dat hy dit verloor het, maar nou daarmee vrede kan maak. Dit beteken dat hy nie meer deur die verlede beheer word nie, en 'n vernuwing van hoop en energie beleef vir 'n verbintenis tot lewe.

*Time starts to move again* (Herman, 2001:195).

Wanneer die verhaal vertel is, word die slagoffer voor die uitdaging gestel om sy lewe in die hede te herbou - en homself oor te haal vir sy aspirasies vir die toekoms.

### 5.3.2.6 Fase 3: Herverbintenis tot lewe in oorvloed

- **Inleiding**

Hierdie fase word, volgens Luxenberg *et al.* (2001:409), ingerig volgens meer algemene beginsels van psigoterapie. Los van al die na-skokke van kroniese trauma kan daar nou aandag gegee word aan die wêreld van verhoudings. Nuwe fokuspunte van opvoedkundige en beroepsaangeleenthede,

vriendskappe, en godsdienstige en ontspanningsaktiwiteite en stokperdjies kan ontwikkel word op wyses wat vantevore onmoontlik was. Intimiteit en seksualiteit word gewoonlik op hierdie stadium dan ook 'n fokuspunt van terapie vir individue wat seksuele trauma ervaar het.

- **Nuwe verbintenisse**

Dit is nou die tyd vir die slagoffer om betrokke te raak by 'n lewe wat hy verloor het. Hy moet sy wêreld herontdek, ook dié deel wat nooit bestaan het nie. Dit is nou die tyd vir take soos die volgende:

- ☐ Nuwe verbintenisse.
- ☐ Herverbintenisse met ou vriende.
- ☐ Persoonlikheids- en vaardigheidsontwikkeling.
- ☐ Buitemuurse betrokkenheid (cf. Luxenberg *et al*., 2001:409).

> *Having come to terms with the traumatic past, the survivor faces the task of creating a future.* (Herman, 2001:196.)

- **"Finding a survivor mission"**

Die perspektief van 'n *survivor mission* word deur (Herman, 2001:175) geopen. Daarmee bedoel sy dat daar altyd 'n handjievol slagoffers (*survivors*) is wat nie die oplossing van hulle traumatiese ervaring (of herstel) net binne die grense van hulle eie persoonlike lewensgeluk soek nie, maar ook uitreik - en betrokke raak by fasette soos sosiale aksies en noodleniging.

- **Gevolgtrekking**

'n Baie belangrike gevolgtrekking van navorsing is die dinamiek van die terapeutiese verhouding of alliansie van terapie wat in die laaste fase van behandeling/herstel aan 'n nuwe geboorte van 'n individu beslag gee, wat as 'n slagoffer en as 'n oorlewende (*slagoffer*) vir baie lank die fantasie gehad het dat hy onder die dooies tel.

Hierdie sleuteltaak behels 'n nuwe perspektief of lewensinstelling wat soos volg opgesom word:

- ☐ Om 'n individu te help of toe te laat om 'n siening van homself te ontwikkel as iets anders as 'n slagoffer óf selfs 'n trauma-oorlewende (*slagoffer*) (cf. Herman (2001:194).

Hierdie sleutelelement in die beradingsproses word die beste beskryf in die woorde van 'n slagoffer (cf. Luxenberg, 2001:410):

> *Well, yes, I was abused, but that's not who I am! I'm a mother and a wife and student and a runner and an artist and someone with a great sense of humor and adventure, and an appreciation of nature and beauty! That's who I am!*

## 5.4 SAMEVATTING

Judith Herman, 'n Amerikaanse psigiater het 'n dekade gelede begin met baanbrekerswerk oor die teorie en behandeling van trauma. In haar navorsing het sy gekonsentreer daarop dat trauma die beste verstaan kan word as as 'n spektrum van toestande eerder as 'n enkele versteuring. Sy het 'n drie-deling voorgestel, naamlik 'n kort stresreaksie, wat sy gewone trauma noem, klassieke PTSD en komplekse PTSD.

Haar navorsing sluit aan by verskeie ander navorsers in die psigiatriese veld, en daar is wye eenstemmigheid oor haar definisie van gekompliseerde trauma, wat soos volg geformuleer is:

- Gekompliseerde trauma is 'n sindroom wat volg op intense, langdurige en herhaalde trauma.

Hierdie navorsing het deel geword van 'n ondersoek na die insluiting van die sindroom van gekompliseerde trauma in die DSM, in onderskeiding van die sindroom van PTSD wat reeds in DSM-III ingesluit was. Die voorgestelde naam vir gekompliseerde trauma vir die volgende uitgawe van DSM is: Versteuring van Ekstreme stres nie andersinds vermeld nie (of DESNOS: *Disorder of extreme stress not otherwise specified*). Die kenmerkende kriteria vir DESNOS is die geskiedenis van die totalitêre beheer/staat van langdurige gevangenskap, veranderings in affek, in bewussynsvlakke, in selfpersepsie, in die persepsie van die oortreder, in interpersoonlike verhoudings en in sinsbelewing.

Kliniese observasies identifiseer hoofsaaklik drie areas van versteuring wat verskil van gewone PTSD, naamlik simptomaties, karakterologies en groter persoonlike kwesbaarheid. Die simptomatiese gevolge van langtermynviktimisasie is eerstens 'n veelvuldigheid van simptome, met somatisering, dissosiasie en affektiewe veranderings wat sterk op die voorgrond staan.

Patalogiese veranderinge as gevolg van gekompliseerde trauma is patologiese persoonlikheidsveranderinge, patologiese veranderinge in identiteit en kwesbaarheid vir herhaalde mishandeling. Navorsing oor DESNOS het tot die bevinding gekom dat daar uitgebreide empiriese

ondersteuning is vir die verskynsel van gekompliseerde, posttraumatiese stressindroom in slagoffers van langdurige, herhaalde viktimisasie.

Daar bestaan genoegsame bewyse dat die bestaande diagnostiese kriteria vir PTSD nie voldoende is vir gekompliseerde trauma nie. Die konsep van PTSD moet uitgebrei word om 'n spektrum of drie-deling van versteurings in te sluit - wat wissel van kort, tydbepaalde stresreaksie van 'n enkele akute trauma, tot gewone PTSD, tot die komplekse versteuring van DES (*Disorders of Extreme Stress*) of DESNOS (*Disorders of Extreme Stress Not Otherwise* Mentioned) (laasgenoemde twee versteurings beide versteurings wat volg op langdurige blootstelling aan herhaalde trauma.

Gekompliseerde trauma, 'n wisselterm vir komplekse PTSD, kroniese trauma, DES en DESNOS word deur navorsers wat op Judith Herman se werk voortgebou het, soos volg gedefinieer: Gekompliseerde trauma is 'n emosionele versteuring as gevolg van

- die ervaring van veelvuldige en/of veelsoortige,
- kroniese en
- langdurige en/of verlengde,
- ontwikkeling-ongunstige (*developmentally adverse*) nadelige traumatiese gebeure,
- meestal van interpersoonlike aard, byvoorbeeld seksuele en/of fisiese mishandeling en gesinsgeweld,
- met 'n oorsprong in die vroeë kinderjare.

Gekompliseerde trauma is nog nie in die DSM opgeneem nie. Die kritiek-belangrike elemente wat by die PTSD diagnostiese kriteria ontbreek om dit geskik te maak vir die diagnose van gekompliseerde trauma, is die ontwikkelingsfase van die slagoffer tydens die traumatiese gebeure asook die konteks van interpersoonlike verhoudings gedurende die tydperk van traumatisering.

In die onderhawige studie oor die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma, word die konsep van DESNOS, wat nog nie as 'n inskrywing in DSM-IV verskyn nie, maar 'n simptomatologie het wat onder aparte diagnosis in DSM-IV gelys is as A*ssociated Features of PTSD*, byvoorbeeld dissosiasie, affek-disregulering en somatisasie, spesifiek ondersoek.

Beduidende verskille kom voor tussen die diagnostiese kriteria vir gewone PTSD en gekompliseerde trauma. Die gewone PTSD-diagnose hou verband met 'n enkele gebeurtenis waar die veiligheid of lewe van 'n persoon bedreig word - en waar vrees, hulpeloosheid, angs en afgryse tipies is van dié ervaring. Tipiese simptome is onwelkome terugflitse, nagmerries, negatiewe gedagtes of onaangename herinneringe aan die gebeure. Vermyding van die onaangename prikkels lei tot 'n verskeidenheid van simptome soos vergeetagtigheid, geheueverlies, gevoelens van afstomping en verlore belangstelling in

vroeëre aangename aktiwiteite en uitsigloosheid.

Die kriteria vir gekompliseerde trauma is egter baie meer kompleks - en hou verband met disregulering van affek, dissosiasie, depersonalisasie, minimalisering, herviktimisering en gevoelens van hopeloosheid, wanhopigheid en verlies van geloof in 'n goeie wêreld.

'n Kenmerk van gekompliseerde trauma is die medevoorkoms van PTSD en ander psigiatriese versteurings, die verskynsel van *comorbidity*. Die versteurings wat tipies saam met PTSD voorkom, is major depressie, angsversteurings, substansie-afhanklikheid, somatisasie, en 'n verskeidenheid van ander ernstige persoonlikheidsversteurings. Die afleiding wat gemaak word op grond van navorsing, is dat die gewone vorm van PTSD of klassieke PTSD in werklikheid nie verteenwoordigend is van die tipiese kliniese beeld van PTSD nie. Daarom ook die onderskeid wat Judith Herman tref tussen gewone trauma, klassieke PTSD en gekompliseerde PTSD.

Persone met gekompliseerde trauma ervaar oor die algemeen spesifieke probleme met betrekking tot die bestuur van hul emosionele ervarings. Uiterstes van woede-uitbarstings kom voor, en woede-modulering is gerem. Dit het 'n betekenisvolle impak op die behandelingsprogram.

Dissosiasie as verdedigingsmeganisme funksioneer baie sterk, en kroniese getraumatiseerde persone mag net wisselvallige toegang tot sekere inligting hê. Dit kan selfs lei tot die sindroom van meervoudige persoonlikheidsversteuring. Versteurde verhoudings spruit uit kroniese wantroue en kan ook die terapeutiese verhouding nadelig raak.

Verhoudingsbou kan 'n baie stadige proses wees en affektiewe versteurings belemmer die slagoffer se natuurlike vermoë om te veg of te vlug as gevaar dreig. Dit maak dié persone weerloos en bevorder herviktimisering.

Somatisasie kom algemeen voor. Addisioneel tot 'n neuro-hormonale disregulering wat verhoed dat die persoon vinnig en effektief kan optree wanneer nodig, het trauma ook 'n betekenisvolle impak op die limbiese sisteem. Dit lei tot byvoorbeeld emosionele wanfunksionering en gebrek aan motivering. Kronies getraumatiseerde persone vertoon veelvoudige somatiese probleme wat kan wissel van kroniese pyne tot asma.

Tipies van gekompliseerde trauma is slagoffers se kroniese gebrek aan vertroue in 'n goeie wêreld en 'n God wat omgee.

'n Driefasebehandelingsprogram van beveiliging/stabiliteit, verwerking van traumatiese herinneringe en rou, en herverbintenis, is die klassieke behandelingsmodel wat wye erkenning geniet. Die terapeut speel

'n sleutelrol in die daarstelling van 'n terapeutiese verhouding van wedersydse vertroue, wat herstel promoveer. Die hoofdoel van die behandelingsproses is herstel in en deur genesende verhoudings.

Kontraksluiting is essensieel vir grense, stabiliteit en groei.

Sonder stabiliteit en beveiliging kan daar nie sprake wees van behandeling en genesing nie. Dit staan voorop, en sluit sowel 'n veilige fisiese omgewing as 'n stabiele emosionele ruimte in. Krisisingryping is daarom dikwels nodig om 'n situasie van veiligheid te skep.

Die verantwoordelikheid en self-werksaamheid van die slagoffer staan voorop, self-kalmerende kapasiteitsbou is essensieel, en ondersteuningsnetwerke is nodig om stabiliteit te bring en groei te help fasiliteer.

Verwerking van, en treur oor, traumatiese herinneringe is die hooffunksie van fase 2 van die herstelproses. Die prosessering van die traumatiese geheue skep dikwels ernstige probleme, en kan die herstelproses lank vertraag. In gevalle van ernstige interpersoonlike trauma mag dit selfs nie aanbeveel word voordat 'n lang pad van stabilisering en beveiliging wat jare kan duur, deurloop is nie.

Rou fasiliteer genesing - omdat verlies die uitstaande kenmerk van kroniese traumatisering is. Deur dissosiasie kan 'n slagoffer ook enige gedagte aan 'n sinvolle lewe en sinvolle lewensmoontlikhede verbeur. Soms moet slagoffers nie net rou oor verbeurde geleenthede nie, maar ook rou oor 'n verlore lewe wat hulle nooit gehad het nie. Deur rousmart *time starts to move again* (Herman, 2001:195).

Herverbintenis is 'n nuwe verbintenis tot lewe, selfontwikkeling, vriendskappe en betekenisvolle medemenslike verhoudings, sowel as 'n verbintenis tot goeie waardes, hoop en geloof in God.

# HOOFSTUK 6

# EMPIRIESE NAVORSING TEN OPSIGTE VAN DIE PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA

## 6.1 INLEIDING

### 6.1.1 Ondersoek na gekompliseerde trauma

Die empiriese navorsing is gedoen aan die hand van 'n kwantitatiewe sowel as 'n kwalitatiewe ondersoek. Die kwantitatiewe ondersoek is onderneem by die Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom, van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Wes-Transvaal. Die kinderhuis huisves 200 gekommitteerde kinders van alle rassegroepe, dit wil sê kinders wat ingevolge die Wet op Kindersorg na 'n inrigting verwys is. Die empiriese ondersoek aan die hand van 'n kwalitatiese ondersoek is gedoen waar met respondente wat blootgestel was aan gekompliseerde trauma onderhoude gevoer is.

Die rede vir dié navorsing is omdat Herman (2001:96-114) naas die langdurige trauma wat persone in gevangenisse en in konsentrasie- en vlugtelingekampe ervaar, die "gevangenskap" wat kinders in huisgesinne kan ervaar as gevolg van mishandeling en molestering, uitsonder as een van die natuurlike oorsake van gekompliseerde trauma by volwassenes.

Die persoonlikheid wat in die kinderjare deur langdurige trauma gevorm is, pas nie goed aan in die volwase lewe nie. Die slagoffer van langdurige trauma *is left with fundamental problems in basic trust, autonomy, and initiative* (Herman, 2001:110).

- **Verband tussen kindermishandeling en –molestering en gekompliseerde trauma by volwassenes**

Wieland (1997:1-51) verwys na die oorheersende effek van kindermishandeling as interne trauma. Ook Roos (2005) sê dat die algemeenste ouderdom waarop dit begin, is wanneer die slagoffers tussen vyf en elf jaar is, maar kan ook vroeër wees. Molestering hou dikwels twee jaar of meer aan en stop normaalweg wanneer die kind adolessensie bereik of dreig om dit openbaar te maak. Oor die algemeen is die volwassenes wat worstel met gekompliseerde trauma die ongelukkige slagoffers van kindermishandeling en –molestering.

### 6.1.2 Beginsels en resultate van ondersoek

Die navorsing bevestig dat persone met gekompliseerde trauma kinders insluit. Dit is nie 'n sindroom wat eers in die volwasse lewe ontwikkel nie.

Die beginsels en resultate van die navorsing met kinders gaan daarom uiteindelik op alle persone wat worstel met gekompliseersde trauma van toepassing wees.

Ten opsigte van volwassenes wat worstel met gekompliseerde trauma het die proses in die meeste gevalle tydens die kinderjare begin.

## 6.1 KWANTITATIEWE EN KWALITATIEWE NAVORSING

### 6.1.1 Inleiding

'n Kwantitatiewe en kwalitatiewe empiriese studie sal aan die orde gestel word wat gebruik maak van onderskeidelik

- kwantitatiewe navorsing deur 'n gestruktureerde vraelys aan die hand van 'n wetenskaplike verantwoorde steekproef en
- kwalitatiewe navorsing deur onderhoude

ten einde vas te stel watter vernuwende insigte na vore kom met betrekking tot hierdie tema.

### 6.1.2 Verskille tussen die kwantitatiewe styl en die kwalitatiewe styl

Wanneer daar 'n empiriese studie van hierdie aard gedoen word, is dit noodsaaklik dat 'n spesifieke styl gebruik word.

Die twee hoofstyle van navorsing wat tans bestaan, die kwantitatiewe navorsing en die kwalitatiewe navorsing, word beide in die onderhawige navorsing aangewend om tot 'n bepaalde resultaat te kom.

Dit is noodsaaklik om na die vergelyking tussen die twee style te kyk:

- **Diagram van Neuman (1997:14)**

| KWANTITATIEWE STYL | KWALITATIEWE STYL |
|---|---|
| Meet objektiewe feite.<br>Fokus op veranderlikes.<br>Betroubaarheid is die sleutelfaktor.<br>Afhanklik van die konteks.<br>Is waardedevry.<br>Het baie gevallestudies.<br>Die navorser staan los van die situasie. | Konstrueer kulturele betekenis.<br>Fokus op interaktiewe gebeure.<br>Getrouheid is die sleutefaktor.<br>Waarde is teenwoordig en eksplisiet.<br>Is situasiegebonde.<br>Het min gevallestudies.<br>Werk met 'n tematiese analise.<br>Die navorser is in diepte betrokke. |

### 6.2.3 Die doel van die empiriese ondersoek

Die doel van die empiriese ondersoek is dan om op 'n wetenskaplike wyse ondersoek in te stel na die huidige stand van pastorale berading van gekompliseerde trauma by die Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom.

Die ondersoek het twee hoofdoelstellins:

- Eerstens om ondersoek te doen na
  - die oorsprong en tipiese simptome van gekompliseerde trauma,
  - waarvan die beginsels en resultate dan ook op volwassenes van toepassing is.
- Tweedens om vas te stel
  - hoe persone wat worstel met gekompliseerde trauma, begelei kan word tot emosionele genesing, stabiliteit en geestelike groei,
  - waarvan die beginsels en resultate insgelyks ook van toepassing op volwassenes wat worstel met gekompliseerde trauma.

### 6.2.4 Metodologiese verantwoording van empiriese ondersoek

In die kwantitatiewe navorsing is al 200 lêers van die kinderhuis ondersoek. Die aanvanklike verwerking van die 200 lêers se inhoud het volgens kwantitatiewe maatstawwe geskied. Daar is telkens gekonsentreer op die kinderhofverslag wat deur 'n maatskaplike werker van 'n kinder- en gesinsorganisasie opgestel is met die oog op aanbevelings aan die kinderhof met betrekking tot die beveiliging van 'n beweerde sorgbehoewende kind. Dit is gedoen om vas te stel met watter maatskaplike, emosionele en geestelike probleme die kinders worstel, soos byvoorbeeld seksuele molestering en/of emosionele verwaarlosing, en watter soort hulp kinders voor en na opname ontvang het.

'n Wetenskaplike vraelys is ontwerp wat fokus op inligting oor die rede vir verwydering uit die ouerhuis, oor terapie voor en tydens die verwydering, sowel as terapie tydens die verblyf in die kinderhuis. Die vrae is so ontwerp dat inligting oor gekompliseerde trauma bekom kon word, dit wil sê vrae oor 'n geskiedenis van intense, langdurige en herhaalde trauma in die kinders se lewe. Hierdie vrae is spesifiek gestel na aanleiding van die meta-teoretiese navorsing oor die sindroom van gekompliseerde trauma, met spesifieke verwysing na die navorsing van Judith Herman (2001:115-132).

Daarna is in die onderhoude met vyf adolessente (kinders van die Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom), en twee volwassenes met gekompliseerde trauma (wat na die navorser verwys is vir traumaberading) is meer kwalitatief te werk gegaan.

Hierdie kwalitatiewe navorsing beklemtoon volgens Denzin & Lincolm (2003:13)

- die sosiaal-gekonstrueerde aard van die werklikheid, en
- die intieme verhouding tussen die navorser en die respondent (die situasie-bepaaldheid van navorsing).

Kwalitatiewe metodes is dus volgens Ragin (1994:120)

- meer beskrywend en holisties van aard,
- terwyl aspekte van die saak hanteer word in die lig van die hele saak.

Die doel van kwalitatiewe navorsing is gewoonlik om by 'n egte verstaan van mense se ervarings uit te kom. Daar is dus van oop vrae gebruik gemaak om die ervaarde werklikheid van 'n respondent, of die werklikheid waaruit die respondent kom, ernstig op te neem (Joubert, 1992:171). Kwalitatiewe navorsing gee dus aan respondente die geleentheid om op 'n eie unieke manier die werklikheid te

beskryf. Daar is ook dan in die onderhoude van die ongestruktureerde aangesig-tot-aangesig metode van onderhoudvoering gebruik gemaak.

Onderhoude is dán 'n ontmoeting tussen mense in 'n poging om groter begrip vir mekaar te hê. (Silverman, 2001:92).

Die vrae waarop gekonsentreer is (cf. Janesick, 1998:30), is basiese beskrywende vrae, byvoorbeeld: "sien jy kans om jou verhaal vir my te vertel?" of "hoekom het jy in die kinderhuis beland? of "ek sien in jou lêer dat jy nie verwyderingsangs ervaar het toe jy kinderhuis toe gekom het nie. Wil jy my daarvan vertel?" Ook opvolgvrae is gebruik: "jy sê jou ma is 'n 'bitch' Wil jy nie 'n bietjie daarop uitbrei nie?"

Voorbeeldvrae wat gebruik is, was met die oog op verdere toeligting: "jy sê jy is gereeld oormatig gestraf deur jou stiefpa. Watter soort straf was dit presies?" Verduidelikende vrae het die proses verder aangehelp: "jy sê dat jy nie eintlik agterkom dat jy van die huis af weg is nie. Hoekom sê jy so?"

Die kinders is deur 'n vakkundige span van die kinderhuis geselekteer met die oog op blootstelling van die navorser aan kinders wat vanweë 'n verskeidenheid van redes uit die ouerhuis verwyder is, byvoorbeeld seksuele mishandeling, langtermyn- fisiese en emosionele verwaarlosing, fisiese mishandeling en onbeheerbare gedrag.

Elke ontmoeting is hanteer as poging tot 'n egte ontmoeting met die oog op medemenslike en professionele hulpverlening (cf. Silverman, 2001:92 en Neuman, 2000:344).

### 6.2.5 Beperkings

'n Beperking van die empiriese navorsing aan die hand van 'n kwalitatiewe ondersoek is die feit dat die kinderhof nie eenvormige riglyne het vir die opstel van kinderhofverslae nie. Dit beteken dat die formaat, die fokus en die standaard van die verslae verskil. Die inligting op lêers was dus nie altyd bevredigend nie.

'n Verdere beperking is die feit dat daar soms net toepaslike inligting vir die kinderhof in die kinderhofverslae voorkom. Dit beteken dat die kinderhofverslae nie noodwendig 'n volledige verhaal van die kind se lewe vertel nie. Slegs die kinderhofverslag van die maatskaplike werker is byvoorbeeld in die lêer van 'n kind ingebind, asook die bevel van die hof. Ander verslae van byvoorbeeld sielkundiges of forensiese deskundiges van die polisie is nie ingebind nie. Kinderhofverrigtinge is vertroulik en inligting kan alleen bekom word as daar by die betrokke hof aansoek gedoen word, met redes. Dit was met betrekking tot die onderhawige navorsing nie moontlik nie. Die getuienis van partye

in die hof - en die kruisverhoor - is glad nie beskikbaar nie omdat kinderhowe nie verbatim op band opgeneem word nie.

## 6.3 OPSOMMENDE VERSLAG VAN EMPIRIESE NAVORSING

### 6.3.1 Erkenning ten opsigte van kwantitatiewe ondersoek

Die vraelyste vir insameling van die data, sowel as die elektroniese verwerking daarvan, is gedoen in samewerking met die Statistiese Konsultasiediens van die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit.

### 6.3.2 Kwalitatiewe ondersoek

#### 6.3.2.1 Onderhoude met inwoners van Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom

- **Inleiding**

Die opsommende verslag oor die onderhoude met die vyf respondente, kinders in die Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom, het die beperking dat die identiteit van die kind ten volle beskerm moet word. Die aard van die gekompliseerde trauma waaraan die kinders blootgestel is/was, met ander woorde die langtermyn- fisiese, emosionele en seksuele mishandeling en/of fisiese en emosionele verwaarlosing van kinders, hou die gevaar in dat van die respondente aan openbaarmaking blootgestel kan word. Baie van die inligting het reeds in die pers verskyn tydens sommige van die hofsake teen mense wat vir beweerde wandade in hegtenis geneem is. In baie gevalle is kinders ook bewus van mekaar se trauma. Die navorser is 'n geregistreerde maatskaplike werker in diens van die NG Kerk se sinodaal-georganiseerde welsynsdienste en het vervolgens die nodige magtiging om met die lêerinhoud van die kinders te werk, sowel as om met hulle onderhoude te voer.

Die vyf verhale word so aangebied dat dit uiteindelik die verhaal van enige ander kind in die kinderhuis kan wees omdat 80% van die kinders blootgestel was aan een of ander vorm van fisieke, emosionele of seksuele mishandeling asook langtermyn- fisiese en/of emosionele verwaarlosing (cf. navorsingsverslag in Bylaag A).

Die vyf respondente is deur die vakkundige bestuurspan van die kinderhuis geselekteer op grond van gekompliseerde trauma en die onderhoude is gedoen met die uitdruklike toestemming van die

respondente. Alhoewel die navorser die lêerinhoud van die kinders deurgewerk het, word geen deel van die lêerinhoud hier gepubliseer nie.

Die doel van die onderhoude was om die respondente die geleentheid te gee om hul eie lewensverhaal te vertel. Daaruit sal sekere gevolgtrekkings gemaak word ten opsigte van hulle belewenis en verwerking van kroniese of gekompliseerde trauma. Sekere aanbevelings sal ook in hoofstuk 6 van die proefskrif gemaak word met betrekking tot die pastorale berading van kinders met gekompliseerde trauma.

As gevolg van die dinamika van elke individuele onderhoud verskil die lengte van die verhale. Aan die einde van die vyf verhale sal daar ook 'n kort opsomming gemaak word met gevolgtrekkings en aanbevelings met betrekking tot pastorale berading van kinders in die kinderhuis met gekompliseerde trauma.

- **Opsomming van individuele onderhoude:**

### ☐ RESPONDENT 1

Respondent 1 is 'n tiener wat sê dat sy gemiddeld op skool vaar en uitblink in sport. Sy is reeds tussen drie en ses jaar in die kinderhuis - en vertel dat die rede vir haar opname die feit is dat sy by haar ouerhuis aan mishandeling en pogings tot seksuele molestering blootgestel was. Sy is gereeld deur haar pa fisies aangerand as 'n vorm van lyfstraf.

Sy kommunikeer spontaan, en kom vriendelik en innemend voor.

Die berader wys haar die bruin omslag van haar persoonlike lêer en 'n foto van haar wat geneem is met haar opname. Hy sê dat hy haar nie kan leer ken uit dit wat in die lêer staan nie en of sy haar nie aan hom wil voorstel nie. Sy stem toe om haar lewensverhaal kronologies te vertel.

Die berader vra haar wat die vroegste insident in haar kinderlewe is wat sy kan onthou. Sy dink 'n rukkie en antwoord dat dit 'n pak slae van haar vader was. Sy onthou ook 'n lenteskou wat sy saam met haar vader bygewoon en baie geniet het. Die inligting oor haar vader dra sy sonder 'n wrok oor - en beskou dit as 'n interessante brokkie geskiedenis ... ***terwyl sy nou daaraan dink.***

Sy sê dat sy die beweringe van seksuele molestering wat in verband met haar gemaak word, goed ken, maar ontken dat sy ooit seksueel gemolesteer was. Sy was na haar mening meer 'n toeskouer van molestering, maar verwys met 'n mate van verbittering (stemtoon) na haar vader se fisiese mishandeling van haar moeder. Sy het 'n baie goeie verhouding gehad met haar

moeder en sê dat sy voorgetrek was. Watter voordele het dit vir haar ingehou? Dit was nie altyd tot haar voordeel nie, sê sy, omdat dit baie keer veroorsaak het dat sy oormatige lyfstraf ontvang het. Haar pa en ma het nie 'n goeie verhouding gehad nie.

Sy het die uitplasing in die kinderhuis nié as negatief beleef nie en sy was ook nie bang vir die skeiding nie. Op 'n stelling van die berader dat hy gelees het dat sy geen skeidingsangs gehad het nie, en graag wil weet of sy wel gelukkig is in die kinderhuis, antwoord sy bevestigend. Sy verduidelik dat die skuif na die kinderhuis toe nie werklik saak gemaak het nie: ***omdat ek eintlik nooit hier is nie.***

Die berader vra haar om dié stelling te verduidelik. Moet hy aanneem dat sy baie weg is as gevolg van gereelde sportbyeenkomste? Sy sê nee. Die rede, volgens haar, is die feit dat die kinderhuislewe so 'n roetine van skoolgaan, huiswerk, buitemuurse bedrywighede, etenstye en slaaptyd is ***dat ek nie werklik agterkom dat ek hier is nie.*** Sy voeg by dat sy dit verwelkom dat dit so is - en dit nie anders wil hê nie.

'n Vraag van die berader na wat sy in stil oomblikke doen wanneer daar nie iets op die "program" is nie, het sy skynbaar nie goed verstaan nie. Sy is huiwerig om te antwoord en kom effens verward voor. Die berader besluit om haar "geprogrammeerdheid" en die feit dat sy nie agterkom dat sy "hier" is nie, nie in dié onderhoud verder te eksploreer nie. Dit mag te bedreigend wees - en kan later saam met haar verder ondersoek word. Dit kan 'n verdedigingsmeganisme van ontkenning wees. Die berader bespreek nie dié voorlopige gevolgtrekking met haar nie.

Op 'n laaste vraag hoe sy met haar negatiewe omstandighede vrede gemaak het, antwoord sy: ***ek bêre dit vir die verlede.***

Sy vertel van haar goeie verhouding met die res van die gesin, wat vir haar baie belangrik is aangesien haar moeder oorlede is in die tyd wat sy in die kinderhuis is. Sy sê dat sy haar vader met wie sy die afgelope ses jaar geen kontak het nie, ***nooit weer wil sien nie.*** Sy het geen verlange na hom nie en kan sy hantering van haar moeder nie vergeet nie. Op 'n vraag of sy dit nie verder wil verduidelik nie, ontvou 'n verhaal van gesinsgeweld waar haar moeder die slagoffer was van fisiese en emosionele mishandeling. Die rede wat haar egter vasbeslote maak om hom nie weer te sien nie, was die feit dat hy, toe hy in kennis gestel is van haar ma se dood, nie eens dít wou aanvaar nie.

Sy het hoë naskoolse ideale vir haarself, wat studies insluit.

- **Evaluering**

Sy pas baie goeie selfbeheersing toe - wat deels te wyte kan wees aan 'n gedissiplineerde sport-oefenprogram (waarvan die besonderhede ter wille van haar identiteit nie bekend gemaak kan word nie). Sy toon ook nie ooglopend baie negatiewe emosies nie. Haar lyftaal verklap egter 'n duidelike spanning by haar as sy oor haar vader se lyfstraf praat wat hy op haar toegepas het - en die insidente van gesinsgeweld waar haar moeder die direkte slagoffer was. Oor die insidente van seksuele molestering beweer sy dat sy te jonk was (op laerskool) om iets daarvan te onthou. Sy skep 'n indruk, deur haar lyftaal en woorde: ***dit het mý nie geraak nie, ek was nog te klein***. Sy kan/wil nie daaroor praat nie. Volgens haar ***weet ek bloot niks nie, want ek moes net staan en kyk***.

Die maatskaplike werker het die kinderhuis se besorgdheid oor die kind se skynbare onvermoë om nuwe vriendskappe te behou - ten spyte van haar spontane en vriendelike geaardheid - teenoor die berader in 'n onderhoud uitgespreek. Nuwe verhoudings met maats én naweek- en vakansie-ouers ontwikkel skynbaar baie goed, maar plat gou weer af, en mense verdwyn gou in die niet. Sy sluit haar moontlik emosioneel af en handhaaf slegs oppervlakkige verhoudings. Die kinderhuis is bekommerd dat die kind se skynbare goeie funksionering - en vriendelike, innemende geaardheid, 'n verdedigingsmeganisme teen seerkry kan wees wat baie sterk ontwikkel is. Dit laat haar tans wel goed funksioneer, maar mag haar in die steek laat wanneer sy persoonlike vriendskappe - met die oog op 'n liefdesverhouding - gaan begin aanknoop. Sy mag dán te veel blootgestel word, en in 'n krisissituasie beland waar haar gewone/bekende verdedigingsmeganismes ontoereikend en/of ontoepaslik gaan wees.

Die feit dat sy sê dat sy nie werklik agterkom dat sy "hier" is nie, mag dui op ontvlugting en/of ontkenning van die werklikheid. Die vraag is hoekom ontvlugting en/of ontkenning hier so sterk aanwesig is. Sy ken al die redes vir haar verwydering, alhoewel sy ontken dat sy seksueel aangerand is. Dié opmerkings van haar is nie verder geëksploreer nie, maar die berader verstaan uit die trant van die onderhoud dat sy beweer dat haar vader nie seksuele gemeenskap met haar gehad het of haar liggaam betas het nie. Die moontlikheid bestaan dat 'n aanvaarding dat die kinderhuis haar nuwe tuiste is, vir haar kan neerkom op 'n konfrontasie met die seer van die verlede. Die moontlikheid bestaan ook dat sy die beweerde seksuele molestering wat teen haar vader ingebring is, dissosieer. Uit die lêerinhoud waarvan besonderhede nie hier bekend gemaak kan word nie, blyk dit dat haar vader in die hof skuldig bevind is aan baie ernstige oortredings. Navorser het dit ook nie met haar in sy eerste onderhoud bespreek nie, omdat dié blootstelling haar angsvlakke kan verhoog bokant 'n vlak wat sy emosioneel kan hanteer. Navorser was ook nie in 'n posisie

om haar gedrag ná die onderhoud te monitor nie maar sal in hoofstuk 6, wat handel oor die riglyne vir 'n praktykmodel, dié beperking op die prosessering van die traumatiese geheue in gevalle van gekompliseerde trauma, verder hanteer.

- **Beplanning**

Navorser het sy voorneme om verdere onderhoude te voer met haar bespreek - en sy het toegestem dat dit kan gebeur. Haar ontkenning/ontvlugting vir die seer in haar lewe, by wyse van 'n vol akademiese en sportprogram, moet verder geëksploreer word. Dit sluit ook haar verhouding/kontak met haarself in, sowel as die rol van godsdiens in haar lewe. Sy het op 'n vraag oor die plek van godsdiens in haar lewe baie positief reageer: sy heg baie waarde aan daaglikse stilword-tyd in gebed. Dit bring volgens haar vir haar groot vrede.

- **RESPONDENT 2**

Die tweede respondent, 'n sterk geboude seun in sy laat tienerjare, vaar volgens hom van tyd tot tyd onder-gemiddeld op skool, en het besluit om nie ***hierdie jaar rugby te speel nie***. Hy het nie werklik 'n verduideliking vir sy "onpopulêre" besluit nie. Dit ***is nou maar so***, sê hy, dat hy hierdie jaar nié aan buitemuurse bedrywighede gaan deelneem nie. Hy het reeds een jaar op hoërskool herhaal en dit was glad nie vir hom lekker nie. Uit die lêer blyk dit dat sy skoolwerk beslis verbeter het na 'n besluit om skouer aan die wiel te sit. Die berader wys hom daarop dat dit dividende opgelewer het om met selfdissipline hard te werk aan sy eie toekoms. Hy beaam met oortuiging dat hy ***nou probeer om dinge te verander***.

Hy vertel sonder huiwering van enige aard - en blyke van skaamte - dat hy uit 'n ***saamleef-verhouding van sy ouers gebore*** is. Sy ouers het in die huwelik getree toe hy ongeveer ses jaar oud was. Die rede vir sy opname in die kinderhuis, vertel hy, was eintlik na aanleiding van 'n baie ***simpel insident***. Was dit nie daarvoor nie, ***was ek nie vandag in die kinderhuis nie***. Die berader vra hom of hy hom van dié insident wil vertel. Hy het blykbaar nie probleme om daaroor te praat nie, alhoewel hy op dié stadium in die onderhoud baie gespanne en aggressief (lyftaal) voorkom. Hy verduidelik presies wat gebeur het. Volgens hom het dit gegaan oor 'n ***baie onnodige*** ernstige fisiese aanranding ***deur sy moeder*** (waaroor verdere inligting nie gegee kan word nie, omdat dit die kind se identiteit kan openbaar). As hy sy lewensverhaal vertel, is dit tipies van baie kinders in die kinderhuis. Hy het hom verskeie versorgingsposisies bevind vanaf sy kindertyd - en is primêr deur sy ouma en oupa (paterne grootouers) grootgemaak. Omdat sy paterne grootouers nie as pleegouers goedgekeur is nie, is hy op vyfjarige ouderdom in pleegsorg geplaas by sy vader se broer en skoonsuster.

Die kind vertel verder spontaan dat hy geen probleme daarmee het om gewoond te raak aan verskillende blyplekke nie. Hy sê dat dit hom nie baie gepla het nie omdat hy baie gou aanpas. Op 'n vraag deur navorser oor sy verblyf in die kinderhuis, antwoord hy: ***dit pla my glad nie***. Volgens hom is hy hier so gelukkig as op enige ander plek.

Op 'n vraag oor sy verhouding met sy moeder deur dit alles heen, reageer hy weer gespanne en aggressief - en antwoord dat dit ***baie swak*** is. Soveel so dat hy ***glad nie met haar praat nie***. Hy sê dat hy ook in sy kinderjare by sy grootouers en later by sy oom nooit met sy ma gepraat het nie.

Hy beskuldig haar daarvan dat sy ***nie van hom hou nie, omdat sy voortdurend op hom skree***. Op 'n vraag antwoord hy dat hy vir haar gedrag teenoor hom ***absoluut géén rede*** kan gee nie. Hy verduidelik dat die bogenoemde aanranding op hom deur sy ma plaasgevind het in dié tyd toe hy teruggeplaas was by sy ouers. Dit het net 'n week gehou. Die navorser vra of die respondent nie vir hom meer detail wil gee oor wat presies aanleiding gegee het tot die aanval deur sy moeder nie. Die navorser besef egter dadelik, uit die seun se baie gespanne houding, dat dit vir hom 'n baie sensitiewe saak is. Hy vertel met inspanning van sy jonger broer ***wat nog by die huis is*** - en wat die direkte oorsaak van die aanranding op hom was. Hy wou net probeer keer dat sy broer met sy selfoon speel. Sy ma het sy boetie se protes gehoor, die deur oopgeruk en hom (die respondent) begin slaan. Hy sê dat sy pa ook nie van sy boetie hou nie.

Hy begin vertel van sy probleme om óók in die kinderhuis uit die moeilikheid te bly. Hy het probleme met sy humeur wat maklik die oorhand kry as iemand ***sy besittings wil hê***. Hy sê dat hy besef sy woede sy probleem is. Die navorser vra dat hy dit in besonderhede sal verduidelik. Dit blyk dat hy nie self gewelddadig raak nie, maar baie gou geïrriteerd en hewig ontsteld raak - en in opstand kom ***as ek gepla word***.

Hy vertel van sy probleem oor sy besittings, maar kan nie verduidelik hoekom hy so daaroor voel nie. Hy voel ook dat sy jonger broer aandadig is aan sy kinderhuis-verblyf omdat hy die betrokke dag ***net sy goed wou beskerm***. Sy botsing met gesagsfigure by die kinderhuis (veral huismoeders) spruit ook almal uit insidente waar kinders vir hom vra om iets met hom te deel - soos byvoorbeeld om sy selfoon te vat om daarna te kyk. Hy verklaar baie driftig: **my goed is my goed!**

Die navorser besluit om die fokus te verskuif - en vra hom uit oor sy negatiewe en vyandige houding teenoor huismoeders, wat in sy lêer opgeteken is. Hy bevestig dat dit tot hom begin deurdring dat hy 'n probleem het, maar dat hulle vir hom bloot net sonder enige rede 'n irritasie is. Op 'n vraag teenoor wie hy nog so optree, antwoord hy dat dit ook verlede jaar met sy eerste

meisie die geval was. Hy het haar voortdurend gevloek en op haar geskree omdat ***sy so aan my loop en stamp as ons iewers heen moes stap.***

Die navorser sê dat hy oplet dat die respondent iets aan sy gedrag doen. Hy reageer deur te sê dat hy begin sien dat dit nie die moeite werd is om so gou met almal fout te vind nie. Hy het al begin om anders op te tree en behaal sukses. Sluit dit sy ma in? Hy huiwer lank, en antwoord dat hy nie so dink nie. ***Sy skree steeds nog op my.***

Hy sê dat hy partykeer voel dit is sy skuld - ander kere weer nie. Hy **probeer nou vergeet** en gaan met sy lewe aan. Hy wil nie dat dít hom telkens in die moeilikheid laat beland nie. Partykeer kom dit weer op - veral as sy ma op hom skree. Die berader stel hom gerus dat sy lewe nie as gevolg van ernstige verhoudingsprobleme met sy ma in 'n doodloopstraat hoef te beland nie. Hy begin insig ontwikkel dat dit moet verander - en baie positiewe dinge is reeds besig om uit dié besluit te ontwikkel - veral met sy verhoudings by die kinderhuis. Hy het nou 'n ander meisie, vertel hy, en dit gaan baie goed. Die rede vir dié sukses is die feit dat sy ***stil en rustig is - en daar nooit konflik is nie.***

Op 'n vraag hoe dikwels hy naweke uitgaan, vertel hy dat hy nooit gewone naweke uitgaan nie - net langnaweke en vakansies. ***Naweke is te kort en ek hou nie daarvan om al Sondae weer terug te kom nie.***

- **Evaluering**

Die respondent kom baie onseker voor. Hy het 'n baie lae selfbeeld - wat sy oorsprong kan hê in die langtermyn- emosionele mishandeling van die kant van sy moeder - en haar gewelddadige optrede. Sy woede, humeur, afknouerigheid en hiperaktiwiteit, waarvan sy lêer spesifiek melding maak, kan simptome van kroniese/gekompliseerde trauma wees. Tans is sy moeder en sy jonger broer sý rede vir sy gedrag. Hy begin gedragsbeheer toepas, met goeie resultate, maar die woede teenoor sy moeder en broer is steeds deel van sy lewe.

- **Beplanning**

Die respondent moet deur voortgaande terapie ondersteun word om gedragsbeheer toe te pas. Daar moet in spanverband besluit word oor hoe en wanneer die verhouding tussen die kind en sy ma (en jonger broer) - en die bepaalde insidente van trauma wat in die gesin plaasgevind het (en nog naweke plaasvind) - verder geëksploreer moet word.

## ☐ RESPONDENT 3

Respondent 3, 'n tiener, is tussen drie en vyf jaar in die kinderhuis. Sy reageer aanvanklik baie huiwerig, kyk glad nie op nie, en skep die indruk dat sy glad nie daar wil wees nie, alhoewel haar lyftaal nie aggressie openbaar nie. Sy skep die indruk van baie bang te wees. Die navorser vra haar of sy wil voortgaan met die onderhoud. Sy knik haar kop bevestigend en hy versoek haar om hom te help om die foto voor in haar lêer uit te ken. 'n Skynbaar baie jonger foto van haar laat haar fyntjies glimlag - en die navorser vra haar of sy nie vir hom die verhaal van haar lewe wil vertel nie. Wat is die vroegste gebeurtenis wat sy kan onthou? Sy vertel dat sy onthou hoe sy van haar fiets af geval het en dat 'haar gesigsvelle gewaai het'. Sy sê baie pertinent, sonder dat sy daaroor 'n vraag gevra is, dat dit in die tyd was toe ***ek nog by my regte ma was***. Sy onthou ook verder dat haar broer se babahondjie oorlede is - en hoe 'n hond haar gebyt het. Sy is verskriklik bang vir honde, vertel sy.

Dit is alles wat sy onthou by haar regte ma. Verder onthou sy geen ander vroeë insidente nie. Die berader vra haar of sy nie wil vertel hoekom sy praat van 'n tyd saam met haar regte ma nie. Sy reageer nie juis spontaan nie, maar begin deur te sê dat haar regte ma haar verlaat het toe sy nog nie skool toe gegaan het nie. Sy moes by haar pa agterbly - en dié het so baie rondgetrek dat sy weer na haar regte ma toe teruggebring is. Haar ma kon haar ook nie versorg nie, en het haar kinderhuis toe gebring. Volgens haar wou haar ma haar van die begin af kinderhuis toe gebring het, maar haar pa het geweier.

Sy is steeds baie apaties, en half afwesig. Op 'n vraag wat sy onthou van haar regte ma, antwoord sy: ***ek kan nie regtig onthou van my ma nie***. Sy kan net onthou ***hoe 'funny' my boetie altyd was***. Volgens haar het haar vader haar gereeld fisies mishandel, haar gereeld as 'n vorm van straf vasgebind én weerhou van kos. Wat kan sy onthou van ander lelike dinge wat haar pa gedoen het? Sy sê dat sy nie iets daarvan kan onthou nie. Sy dink vir 'n rukkie en antwoord: ***o ja, hy wou my mos op my verkeerde plek vat***. Sy kom baie gespanne voor - en ontken, sonder 'n vraag aan haar in dié verband, dat sy gemolesteer is. Sy is baie driftig daaroor dat haar pa niks aan haar kon doen nie. Sy het hom gekeer.

By wie kuier sy nou vakansies?

Sy vertel dat sy by haar pa en stiefma kuier - en dat sy dié vakansie weer soontoe gaan. Sy het ook intussen by ander mense gekuier, maar dit is gestop omdat die oom ook aan haar verkeerde plekke wou vat. Sy het ook gekeer - en niks het gebeur nie.

Sonder enige waarskuwing vertel sy dat haar regte ma haar verlede week gebel het. En sy wil

haar ma sien, maar weet nie waar sy bly nie. Die kinderhuis moet die adres probeer opspoor. Die gesprek rafel uit - en sy bly eentonig herhaal dat sy haar regte ma wil sien. Die navorser onderneem om dit met haar maatskaplike werker op te neem. En haar broer? Sien sy hom? Sy vertel dat hy by haar pa en stiefma bly. Sy kuier graag by hom in sy kamer, maar moet eers toestemming vra. Haar pa en stiefma moet die hele tyd weet waar sy is as haar broer ook in die huis is. Sy verduidelik dat hy niks doen wat verkeerd is nie, en dat sy hom mag soen omdat hy haar broer is. Sy herhaal egter dat sy haar regte ma nou wil sien - en wel die eerskomende naweek omdat sy die vakansie by haar pa en stiefma is. Die navorser bevestig sy onderneming en beëindig die gesprek. Sy staan op, gee die navorser 'n drukkie - en verlaat die kantoor.

- **Evaluering**

Die respondent is baie verward. Haar lêerinhoud bevestig dat sy apaties is, min emosie toon, aggressief is, en aan enuresis ly. Sy word ook nie deur haar portuurgroep aanvaar nie. Uit die onderhoud en lêerinhoud kan afgelei word dat sy nie die erge traumas van die verlede verwerk het nie. Haar maatskaplike werker bevestig dat haar biologiese ma die afgelope paar jaar onopspoorbaar was. As sy wel nou skielik kontak gemaak het, gaan die respondent baie meer verwar word.

Sy dissosieer moontlik ook (soos respondent 1) seksuele molestering. In haar geval is dit seksuele molestering van haar vader, broer en van 'n naweek-ouer. Ook in dié onderhoud, soos in die geval van respondent 1, wou die berader nie die aspek van dissosiasie verder eksploreer nie. Respondent was ook nog baie minder gereed as respondent 1 om so 'n gesprek te voer en só blootgestel te word aan die gekompliseerde trauma van die verlede.

- **Beplanning**

Die professionele span moet die respondent evalueer en op toepaslike optrede besluit. Daar sal rekening gehou moet word met die feit dat sy oor 'n lang termyn intens getraumatiseer is en dat haar emosionele toestand en gedrag aan gekompliseerde trauma toegeskryf kan word.

- **RESPONDENT 4**

Die respondent kom vrolik en vriendelik voor tydens haar "oorhandiging" aan die navorser deur haar maatskaplike werker. Sy is 'n senior tiener, skep die indruk van 'n ekstrovert en is bereid om haar lewensverhaal aan die navorser te vertel. Sy kom impulsief voor en sê dat sy graag sal wil saamwerk.

Die navorser stel haar gerus dat dit nie 'n ondervraging is nie, maar dat die doel van die onderhoud is om die mens agter die lêer te leer ken. Wil sy my iets vertel van haar kinderjare? Sy verduidelik dat sy in die sorg van haar ouma geplaas is toe sy ongeveer vier jaar oud is. Maar vóór die jare by haar ouma? Haar ouers is geskei en haar moeder kon nie verder vir haar en haar broer sorg nie. Sy verdedig haar ma en sê dat sy hulle in die kinderhuis wou plaas - haar pa wou egter niks weet nie. Oor haar lewe die eerste vier jaar by haar ouers ***kan ek nie so mooi onthou nie*** (in die lêer word daaroor ook niks gemeld nie - ook die andersins baie volledige kinderhofverslae bevat nie veel inligting in hierdie verband nie).

Die navorser besluit om die respondent nie onnodig bloot te stel aan dié periode wat sy nie kan/wil onthou nie.

En by haar ouma? Sy vertel vir die navorser dat sy ten spyte daarvan dat hulle ***verskriklik baie*** in dorp A rondgetrek het, net in een laerskool was. Sy was egter in vier hoërskole, die laaste een waar sy nou skoolgaan, vanuit die kinderhuis. Van haar skoollewe vertel sy niks. Sy verduidelik egter in detail oor haar ouma se ***kort humeur***. Sy sê (sonder baie emosie, asof sy net 'n blote feit konstateer) dat haar ouma haar ***erg mishandel het. Sy het my gereeld met 'n tuinslang geslaan en my woedend teen mure vas gegooi***. Met 'n bietjie meer gevoel maak sy die stelling: ***ek het altyd bang gevoel, en nooit lekker daar gebly nie***. Dit is 'n tyd wat ***ek nie so lekker onthou nie***.

Sy onthou dat haar pa haar daar kom wegvat het - tog was sy baie teleurgesteld in hom. ***Hy was vieslik met my, en het dieselfde met my gedoen as met my ma. Hy noem my 'n hoer, en dat ek net so 'n slegte ding soos my ma is***. Hierdie insidente het haar verhouding met haar pa, volgens haar, finaal vernietig. Sy is toe by verskeie plekke in pleegsorg geplaas, maar haar pa het haar telkens daar kom verwyder. Hulle het haar daarvan beskuldig dat sy gedros het, maar ek ***het geen ander keuse gehad as om saam met my pa te gaan nie. Ek kan egter nie lekker onthou nie.***

Die navorser sê vir die respondent dat hy in haar lêer lees dat sy in dié tyd gearresteer is vir aanranding op 'n meisie (in 'n nagklub). Sien sy kans op hom daarvan te vertel? (Sy lyk vir die navorser baie rustig. Mis hy iets?) Sonder om te huiwer, deel sy met navorser dat sy baie impulsief is - en dat haar humeur vir haar al baie probleme gegee het. Sy sê dat sy 'n baie lojale mens is - en dat haar vriendin beledig is. Die navorser vra of iemand haar al daarmee probeer help het. 'n Verhaal ontvou hom voor die navorser. Sy sê sy het twee probleme. Haar humeur laat haar ***vieslik*** optree met almal en sy het aan die einde van 2005 begin besef dat dit vir haar net al hoe meer moeilikheid veroorsaak omdat almal dan vieslik is met haar. ***Niemand "like" my nie - daarmee bewys ek niks.*** Sy vertel dat die toppunt van moeilikheid was toe sy by die kinderhuis gedros het saam met 'n vriendin. Sy het besef ***tot hier toe en nie verder nie.*** Sy het

haar voorneme om te verander met haar maatskaplike werker gaan bespreek. Sy het ook in haar hele lewe, tot verlede jaar, nog nie 'n Bybel in haar hand vasgehou nie. 'n Vriendin by die skool het haar geleer hoe om Bybel te lees. ***Alles werp vrugte af. Ek is nou hierdie jaar 'n prefek. Almal hou van my!*** (Respondent straal).

Toe vertel sy vir die berader haar tweede probleem.

Kalm en selfbeheersd sê sy dat sy haarself sny. Die navorser vra (uit onkunde!) waarmee sy dit doen. Sy antwoord, amper uit die veld geslaan: ***met 'n skeermeslemmetjie***. Die navorser vra haar om dié prosedure volledig vir hom te verduidelik. Sy wys hom die letsels aan haar arms. Sy sê dat die letsels aan haar bobene is baie leliker - en dat sy nou baie spyt is daaroor omdat sy nie meer 'n kortbroek kan dra nie. Van die snye aan haar bobene was tot 5cm diep, sê sy, maar die ***bloed laat die pyn ophou. Om die bloed te sien opkom uit die sny, is 'n baie wonderlike ervaring.*** 'n Sielkundige help haar met die probleem. Sy sny haarself glad nie meer nie. Wat is die pyn waarvan sy praat? Volgens haar het sy 'n verterende jaloesie. Haar ouma het haar geleer om totaal onverdraagsaam te wees met enige iemand wat iets regkry. Sy is op 'n daaglikse basis gekontroleer wie beter as sy gedoen het op skool en sy is daaroor mishandel. ***Ek raak mal as iemand iets beter doen***, sê sy.

Waar het sy geleer om haarself te sny? Sy het dit by 'n ander dogter gesien. ***Ons wou mense laat weet van ons seer.*** Watter metode gebruik die sielkundige om haar te help? Sy het haar geleer om te vra wat die presiese doel was wat sy wou bereik met 'n sny. Dan moes sy presies vasstel wat lekker was in die prosedure. Laastens moet sy dan vir haarself vra presies hóé die sny haar gehelp het met haar probleme. Sy het gou uitgevind, sê sy, dat dit haar net opsaal met meer probleme, soos byvoorbeeld die letsels, weerstand en kritiek.

Dit los nie moeilikheid op nie, maar bring moeilikheid.

Die navorser reageer en sê dat hy bly is dat sy self, uit haar eie, sekere mikpunte wat sy vir haarself stel, bereik. Sy moet volhou met haar terapie en nie verwag alles sal oornag verander nie. Dit is egter baie belangrik dat sy die mikpunte wat sy vir haarself stel, sal bereik - teen die pas waarop sy besluit. Dit is haar lewe en sy is reeds besig om haarself te help met behulp van die kinderhuis-omgewing.

- **Evaluasie**

  Die respondent ervaar reeds veiligheid en stabiliteit in die kinderhuis en voel veilig om blootstelling te ontvang aan haar traumatiese verlede. Sy het ernstige probleme met woede

en aggressie, wat sy egter begin verwerk deur terapie.

- **Beplanning**

Die respondent se behandelingsplan word voortgesit.

- **RESPONDENT 5**

Die respondent, 'n lang seun in sy tienerjare, kom stil en baie bedaard voor. Hy kommunikeer redelik spontaan en die navorser vra hom of hy nie sy lewensverhaal vir hom wil vertel nie.

Hy vertel dat sy stiefpa hulle baie swaar laat kry het.

Sy eie pa het hy nooit geken nie. Hy is dood in 'n skietongeluk. Hy vertel rustig van 'n lewe van baie ontberings. Hy en sy broer was nie toegelaat om op 'n bed te slaap nie - net op die grond. Daar was ook ***nooit kos in die huis nie.***

Hy vertel alles amper in een asem.

Hulle is dikwels as 'n straf uit die huis uitgesluit. Dan moes hulle buite slaap - en kon eers baie laat weer inkom. As 'n klein seuntjie is hy baie erg geslaan deur sy stiefpa.

Hy sê dat hyself ook verantwoordelik was vir sommige van die optredes teen hom. Die navorser vra of hy so 'n insident van mishandeling kan onthou. Die respondent vra of hy 'n verhaal kan vertel wat hy baie goed onthou. Hy was een middag na skool alleen by die huis. Die middag laat het dit begin reën, en was hy verplig om die deur van die huis oop te sluit met 'n stukkie draad. Hy onthou nog die besonderhede van dié insident baie presies. Die draad het met die oopsluit slag in die slot afgebreek. Hy kon dit nie uitkry nie, en het gaan slaap. Sy stiefpa het toe hy by die huis kom, en die slot ontdek, vreeslik op hom geskree en hom baie geslaan.

Op 'n vraag van die navorser of sy stiefpa die saak eers met hom bepreek het, het hy baie beslis gesê: nee, daarvan was daar geen sprake nie. Hy het net onmiddellik op hom begin skree, hom gestorm en begin slaan. Die navorser besluit om die hele kwessie van die langtermyn- fisiese mishandeling van die respondent verder te eksploreer. Hoe het hy destyds daaroor gevoel as 'n sewejarige? Hy kom weer terug na die stelling dat alhoewel dit vir hom baie erg was, 'n mens verantwoordelik is om die gevolge van jou dade te dra. Vir watter gevolge was hy verantwoordelik? Hy antwoord dat dit hy was wat die deur oopgesluit en die draadjie in die slot afgebreek het. Die respondent skep die indruk dat 'n feit 'n feit is. Hy het dit gedoen en sy

stiefpa het hom daaroor geslaan. Hy het sy ma ook lelik behandel, haar gevloek, en nie vir hulle gesorg nie. Hy was 'n motorwag, maar ook vir lang tye werkloos.

Die navorser vra hom verder uit oor hoe 'n mens voel as jy so geslaan word, al is jy ook verantwoordelik om gevolge te dra. Vir die eerste keer kom die respondent gespanne voor. ***Iemand wat so optree, het geen respek vir my nie. My stiefpa het nie respek vir my gehad nie. 'n Mens rand nie iemand so aan nie. 'n Mens skree ook nie so op iemand nie.*** Op 'n vraag of hy steeds daaraan blootgestel is, antwoord hy dat sy stiefpa uit hulle lewe is. Sy ma se vriend is 'n wonderlike vriend vir hulle. Hy is baie "***nice***" . Op 'n vraag van die navorser wat hom anders maak as sy stiefpa, antwoord hy dat ***hy vir ons sorg, dat hy 'n vaste werk het, dat hy sy ma respekteer en haar begin vertrou dat sy hom nie sal benadeel soos sy vrou van wie hy geskei is nie.*** Hy kan hom en sy broer ook as ambagsmanne laat oplei. Omdat dit die geval is, is hulle toekoms nie meer so 'n probleem nie. Nou kan hulle na hulle klaar is met skool, behoorlike opleiding ontvang.

En in die kinderhuis? Hoe gaan dit hier? Respondent 5 is die eerste kind wat baie spesifiek antwoord ***dat die Here ons hier gesit het.*** Waar het hy van die Here geleer? Tannie Makkie, 'n huismoeder, het hom geleer om die Bybel te verstaan. Hy glo dat die Here goed is vir hom - en hom versterk. En in die afdeling? Hy sê hy is gelukkig, alhoewel hy nie so baie kinders gewoond is nie. As hy nie sy lekkergoed wil deel nie, vloek die kinders sy ma. Hy kom ernstig in opstand daarteen. ***Hulle moenie my ma vloek nie.***

Die berader sê dat hy graag weer 'n onderhoud met hom wil voer. Hy stem toe en die gesprek word beëindig. Hy het op dié stadium geen dringende probleem wat hy onder die berader se aandag wil bring nie. Inteendeel, hy is baie hoopvol omdat sy ma se vriend 'n groot werkgewer is - en hy en sy broer het nou die geleentheid om as ambagsmanne opgelei te word.

***Ons het nou 'n toekoms omdat hy in ons lewens ingekom*** **het** - is die hoop van 'n tiener met gekompliseerde trauma.

- **Evaluasie**

    Die respondent is steeds baie onseker van homself en het 'n lae selfbeeld. Hy handhaaf 'n lae profiel by die kinderhuis, en dit is onseker of die trauma van fisiese en emosionele mishandeling verwerk is. Die feit dat die nuwe vriend van sy ma haar en haar kinders begin vertrou en omgee, bring vir hom hoop.

- **Beplanning**

  Die situasie rondom die vriend van sy ma hou risiko's in omdat hertraumatisering van die respondent baie maklik kan plaasvind as sy beloftes op sand gebou is. Die situasie behoort gereeld gemonitor te word.

- **Gevolgtrekkings**

In die onderhoude met die 5 respondente het dit in hul onderskeie verhale na vore gekom dat hulle blootgestel was een of meer van die volgende traumatiese ervarings:

- Langtermyn- fisiese mishandeling (5x).
- Langtermyn- seksuele mishandeling (2x).
- Langtermyn- emosionele mishandeling (4x).

- **Simptome van gekompliseerde trauma**

Die volgende simptome van gekompliseerde trauma is by die 5 respondente waargeneem:

- **Respondent 1:**
  - Ontvlugting van die werklikheid.
  - Ontkenning.
  - Rasionalisasie.
  - Tydelike episodes van moontlike dissosiasie.
  - Veranderinge in verhoudings: oppervlakkige verhoudings.

- **Respondent 2:**
  - Veranderinge in selfpersepsie: lae selfbeeld.
  - Veranderinge in affek: woede-uitbarstings.
  - Rasionalisasie.
  - Jaloesie.

- **Respondent 3:**

  - Ontkenning.
  - Dissosiasie.
  - Apatie.
  - Herviktimisering

- **Respondent 4**

  - Veranderings in affek: baie woede en sterk aggressie.
  - Selfbeserings.
  - Depressie.
  - Rasionalisasie.

- **Respondent 5**

  - Lae selfbeeld.
  - Rasionalisasie.
  - Skuld.

- **Aanwesigheid van gekompliseerde trauma**

Hierdie simptome bevestig die aanwesigheid van gekompliseerde trauma by kinders in die Abraham Krielkinderhuis (cf. par. 4.1.6.2 - diagnostiese kriteria vir gekompliseerde trauma). 'n Algemene tendens by die respondente is dat hulle die omstandighede van die oortredings teen hulle baie goed ken. Hulle huiwer ook nie om dit in besonderhede te bespreek nie. Die fisiese en emosionele mishandeling word nie ontken nie, alhoewel rasionalisasie soms gebruik word om die persoonlike impak daarvan te verminder. Seksuele mishandeling word baie sterk ontken.

- **Aanbevelings**

'n Aspek wat verder ondersoek behoort te word, is in hoeverre die kinders wat worstel met gekompliseerde trauma - en wat die feite van hulle traumatiese ervarings goed ken en wat bereid is om dit te bespreek met wisselende vlakke van angs en emosionele ongemak - gereed is om in pastorale berading blootgestel te word aan die prosessering van die traumatiese geheue.

'n Tweede aspek wat verder geëksploreer behoort te word, is in hoeverre kinders die oortredings teen

hulle sien as genoegsame rede om hulle "straf", naamlik die verblyf in die kinderhuis, te regverdig.

Wat saamhang met die eerste twee aanbevelings, is die nodigheid om die aspek van hertraumatisering wat deur 'n verwydering uit die ouerhuis en die plasing in 'n kinderhuis mag plaasvind, verder te ondersoek.

Wat met die derde aanbeveling saamhang, is die nodigheid om die aspek vanhertraumatisering wat in die geval van mislukte pleegplasings mag plaasvind, verder te ondersoek.

**6.3.2.2 Onderhoude met twee volwasse respondente**

- **Inleiding**

Vanweë die handhawing van vertroulikheid kan net beperkte inligting weergegee word.

- **Opsomming van onderhoude:**

☐ **RESPONDENT 6**

Die respondent is na die navorser verwys deur die werkgewer.

Die probleem waarmee hy tans worstel is depressie. Dit is aan sy werkgewer bekend – en die rede vir sy verwysing. Die onderhoudvoerder sê dat hy nie die werkgewer verteenwoordig of enige terugvoering aan die werkgewer gee nie. Die respondent kan verseker wees van die handhawing van vertroulikheid.

Hy word gevra of hy bereid is om te vertel hoekom hy sover gekom het om sy probleem te kom bepreek.

**Wil hy nie sy storie vertel nie?**

Vir die eerste keer vertel hy van die seksuele molestering waaraan hy vir 18 jaar onderwerp was deur sy vader. Hy is woedend vir sy vader, maar begin verstaan dat hy 'n persoon is met ernstige psigiatriese probleme. **Bring hierdie bietjie "verstaan" nie verligting nie?** Hy vertel 'n verhaal van verraad teenoor hom in familieverband. Hulle wie hom moes beskerm het, ***het hom nie geglo nie***. Sy woede, besef hy vandag, is nie teen sy vader nie, maar teen die een persoon wat die naaste aan hom was en net voorgegee het dat hy ook iets beteken. Hy kry terugflitse, wat baie verwarrend is en depressie in die hand werk.

Hierdie verhaal binne die groter verhaal van sy molestering deur sy vader moet verder ondersoek word. Hy stem toe dat dit hy vir verdere sessies kom, en vermeld dat hy nou vir die eerste keer werklik sy woede begin verstaan – maar dat ... ***dít my nog meer woedend maak omdat hulle my lewe vandag nog beheer en my in alles laat misluk.***

- **Gevolgtrekking**

Die respondent is depressief en magteloos. Hy voel of sy lewe "gevries" het. Hy is 'n goeie voorbeeld van depressie was as "gevriesde woede" beskryf kan word.

- **Beplanning**

Opvolgsessies word beplan om aandag te gee aan die rouproses – en losmaking van die negatiewe emosies deur begrip vir die rol wat die ander betekenisvolle persone in sy lewe gespeel het toe hy 'n kind was – hoe hy dit destyds beleef het as kind en wat die situasie vandag is.

- **RESPONDENT 7**

Die respondent is verwys deur 'n familielid wat bekommerd is oor haar herhaalde selfmoordpogings.
Sy vertel van haar magteloosheid om ***iets van haar lewe te maak.*** **Wil sy nie vir onderhoudvoerder probeer vertel hóé haar pad geloop het dat sy vandag nie kans sien om aan te gaan nie?** Sy vertel 'n verhaal van gesinsgeweld waaraan sy as kind onderwerp was. En van die egskeiding van haar ouers. En van 'n verkragting. Sy voel verneder en vuil. Sy is misbruik ... en dié gesinslede wat sy vertrou het met die trauma van die verkragting wil haar nie glo nie. Sy is woedend en depressief. Haar lewe is verwoes en sy weet nie hoe op weer op haar voete te kom nie. **Is daar enige aanleiding tot die herhaalde selfmoordpogings?** Sy vertel dat dit net gebeur.

- **Gevolgtrekking**

Die respondent is verward, depressief en kwaad. Sy is blootgestel aan herviktimisering en is geneig tot herhaalde selfbeserings (selfmoordpogings).

- **Beplanning**

  Sy moet verwys word vir 'n vigstoets en vigsberading.

- **Tipiese simptomatologie van gekompliseerde trauma**

Soos in die geval van die eerste vyf respondente is die volgende tipiese simptome van gekompliseerde trauma by die respondente aanwesig:

- Depressie
- Woede
- Selfmoordneigings
- Herviktimisering
- Lae selfbeeld
- Gevoelens van hopeloosheid en hulpeloosheid


### 6.3.3 Empiriese ondersoek na aanleiding van die lêerinhoud van die kinders in die kinderhuis (Bylaag A )

#### 6.3.3.1 Statistiese resultate

- Minstens 72% van die 200 kinders was blootgestel aan een of ander vorm van fisiese verwaarlosing.
- Minstens 32% was aan een of ander vorm van langtermyn- emosionele verwaarlosing blootgestel.
- Minstens 32% van die kinders was blootgestel aan een of ander vorm van langtermyn- emosionele mishandeling.
- Minstens 24% van die 200 kinders was blootgestel aan een of ander vorm van seksuele mishandeling.

- Minstens 22% was aan een of ander vorm van langtermyn- fisiese mishandeling blootgestel.

Uit die totaal van 200 kinders in die kinderhuis kan die onderskeie redes vir die verwydering van die kinders soos volg grafies voorgestel word:




☐ **Meervoudige traumatiese ervarings**

- Minstens 70% van die kinders wat fisies mishandel was, was ook emosioneel mishandel.
- Minstens 48% van die kinders wat emosioneel mishandel was, was ook fisies mishandel.
- Minstens 40% van die kinders wat seksueel mishandel was, was ook emosioneel mishandel.

- Minstens 30% van die kinders wat emosioneel mishandel was, was ook seksueel mishandel.

- Van die 153 kinders wat op een of ander wyse mishandel was, is minstens 9 kinders of 6% tegelykertyd fisies, emosioneel en seksueel mishandel.

- Van die 26 kinders wat gedragsprobleme manifesteer, was 27% seksueel mishandel.

- 7 of 15% van die 47 kinders wat seksueel mishandel was, manifesteer gedragsprobleme.

- 3 of 7% van die 43 kinders wat fisies mishandel was, manifesteer gedragsprobleme.

- 3 of 12% van die 26 kinders wat gedragsprobleme manifesteer, was fisies mishandel.

- 6 of 10% van die kinders wat emosioneel mishandel was, manifesteer gedragsprobleme.

- 6 of 23% van die kinders wat gedragsprobleme manifesteer, was emosioneel mishandel.

- Minstens 61 of 95% van die 64 kinders wat emosioneel verwaarloos was, was ook fisies verwaarloos.

- Minstens 61 of 42% van die 144 kinders wat fisies verwaarloos was, was ook emosioneel verwaarloos.

**Redes vir terapie**

Verder bevestig die empiriese navorsing dat ten opsigte van die redes vir terapie direk voor opname, daar in 26% van die gevalle een of ander vorm van geweld/mishandeling/trauma ter sprake was:

- Verwydering (130)

- Gesinsgeweld (31)
- Mishandeling (11)
- Seksuele mishandeling (7)
- Mislukte pleegsorg (7)
- Onbeheerbare gedrag (7)
- Trauma (3)
- HIV (3)
- Aggressie (1)
- Die res van die redes vir terapie voor en tydens die verwydering van die kinders uit hulle ouers/voogde se sorg slaan op voorbereiding vir die verwydering uit die ouers of voogde se sorg.

### 6.3.3.2 Gevolgtrekkings

Die resultate van die empiriese navorsing bevestig dat die Abraham Krielkinderhuis 'n baie spesifieke groepering van kinders het, naamlik kinders op wie die diagnostiese kriteria vir gekompliseerde trauma in 'n baie hoë mate van toepassing is. By al die kinders word 'n geskiedenis aangetref van totalitêre kontrole oor 'n uitgerekte tydperk wat wissel van maande tot jare, met spesifieke verwysing na persone wat onderwerp was aan totalitêre gesinsisteme, insluitende slagoffers van onder andere gesinsgeweld en/of langdurige fisiese en/of langdurige emosionele en/of langdurige seksuele mishandeling en/of langdurige fisiese en/of langdurige emosionele verwaarlosing. Die resultate van die empiriese navorsing bevestig verder dat 10% van die kinders tydens verblyf in die kinderhuis verwys word vir terapie, waarvan minstens 90% van dié verwysings verband hou met ernstige simptome en/of gedragsprobleme wat spruit uit 'n geskiedenis van geweld/mishandeling/trauma. Die res van die redes vir terapie slaan op stabilisering van die kinders in die nuwe veilige versorgingsmilieu van die kinderhuis.

### 6.3.3.3 Aanbeveling

Dit word aanbeveel dat pastorale berading ten opsigte van die kinders in die kinderhuis ingestel word as 'n prioriteitsdiens om emosionele en geestelike probleme en behoeftes aan te spreek wat direk of indirek verband hou met 'n geskiedenis van gekompliseerde trauma.

## 6.4 GEVOLGTREKKING

In die lig van die empiriese navorsing in geheel kan die gevolgtrekking gemaak word dat minstens 65% tot 75% van die kinders van die kinderhuis ly aan gekompliseerde trauma. Dié navorsing bevestig dat persone met gekompliseerde trauma kinders insluit. Dit is nie 'n sindroom wat uitsluitlik eers in die volwasse lewe ontwikkel nie. Die beginsels en resultate van die navorsing met kinders gaan daarom uiteindelik op alle persone wat worstel met gekompliseersde trauma van toepassing wees. Ten opsigte van volwassenes wat worstel met gekompliseerde trauma het die proses in die meeste gevalle tydens die kinderjare begin.

In die lig van die feit dat dit uit die empiriese navorsing blyk dat nie meer as 10% van die kinders verwys word vir terapie nie, en dat die terapie van die kinderhuis se maatskaplike werkers hoofsaaklik net slaan op stabilisering in die veilige kinderhuis-omgewing, kan afgelei word dat daar 'n leemte bestaan ten opsigte van die berading van kinders met gekompliseerde trauma.

'n Spesifieke probleem wat in die empiriese navorsing geïdentifiseer is, is die tendens dat 'n kind deur elke terapeut wat hom hanteer, geïsoleer word. Dit beteken dat inligting oor 'n kind nie sinvol gekommunikeer word nie, en dat elke terapeut as't ware van vooraf begin met 'n betrokke kind asof daar nie vantevore reeds terapie was nie.

Dit beteken verder dat daar "gapings" in sy/haar behandelingsprogram is. 'n Voorbeeld is 'n kind wat in isolasie van die kinderhuis verwyder word deur die maatskaplike werker van 'n betrokke gesinsorgorganisasie. As die kind ernstige probleme manifesteer, verwys dié maatskaplike werker hom na 'n sielkundige. Die kind word oorgeplaas na die kinderhuis, maar sonder volledige verslae. Indien die kind (toevallig) ernstige probleme manifesteer, word hy deur die kinderhuis verwys vir sielkundige. Daar word hy weereens in isolasie hanteer. Die rede vir dié praktyk is die skynbare gebrek aan 'n langtermyn- behandelingsplan vir elke kind.

## 6.5 AANBEVELINGS

Dit word aanbeveel dat 'n langtermyn- ontwikkelingsplan ten opsigte van kinders wat worstel met gekompliseerde trauma opgestel sal word - wat sal fokus op die volgende doelwitte:

- 'n Program van pastorale of pastoraal-maatskaplike of sielkundige berading van al die kinders in

die kinderhuis met die oog op die verwerking van gekompliseerde trauma.

- Die geestelike, maatskaplike en sielkundige voorbereiding van kinders om na die voltooiing van die kinderhuisverblyf op die ouderdom van 18 jaar, as jong volwassenes wat bemagtig is om tot eer van die Here te leef, die volwasse lewe te betree.

## 6.6 SAMEVATTING

'n Kwantitatiewe en kwalitatiewe empiriese studie is onderneem waarin daar gebruik gemaak is van 'n gestruktureerde vraelys aan die hand waarvan al 200 lêers van die huidige kinders in die kinderhuis ondersoek is - en wat al die inligting oor 'n kind bevat - om vas te stel watter vernuwende insigte na vore kom met betrekking tot die pastorale berading van kinders met gekompliseerde trauma.

Die belangrikste beperking ten opsigte van die empiriese navorsing was die feit dat die kinderhof nie eenvormige riglyne het vir die opstel van kinderhofverslae nie. Dit beteken dat die formaat, die fokus en die standaard van die verslae verskil het.

Die onderhoude met vyf respondente is so aangebied dat dit uiteindelik die verhaal van enige ander kind in die kinderhuis kan wees omdat ten minste 75% van die kinders blootgestel was aan een of meer van die volgende traumatiese ervarings:

- Langtermyn- fisiese mishandeling.
- Langtermyn- seksuele mishandeling.
- Langtermyn- emosionele mishandeling.

Die simptome van gekompliseerde trauma by die 7 respondente is

- ontvlugting van die werklikheid;
- ontkenning;
- rasionalisasie;
- tydelike episodes van moontlike dissosiasie;
- teranderinge in verhoudings: oppervlakkige verhoudings;
- veranderinge in selfpersepsie: lae selfbeeld;

- veranderinge in affek: woede-uitbarstings en aggressie;
- jaloesie;
- dissosiasie;
- apatie;
- herviktimisering;
- selfbeserings;
- depressie; en
- skuld.

Hierdie simptome bevestig die aanwesigheid van gekompliseerde trauma by kinders in die Abraham Krielkinderhuis. 'n Algemene tendens by die respondente is dat hulle die omstandighede van die oortredings teen hulle baie goed ken. Hulle huiwer ook nie om dit in besonderhede te bespreek nie. Die fisiese en emosionele mishandeling word nie ontken nie, alhoewel rasionalisasie soms gebruik word om die persoonlike impak daarvan te verminder. Seksuele mishandeling word baie sterk ontken.

Die empiriese ondersoek na die lêerinhoud van al die kinders bevestig dat minstens 24% van die 200 kinders blootgestel was aan een of ander vorm van seksuele mishandeling, 32% aan een of ander vorm van langtermyn- emosionele mishandeling en 22% aan een of ander vorm van langtermyn- fisiese mishandeling.

Die hoofgevolgtrekking van die navorsing is dat ten minstens 65% tot 75% van die kinders van die kinderhuis ly aan gekompliseerde trauma. Die navorsing bevestig dat persone met gekompliseerde trauma kinders insluit. Dit is dus nie 'n sindroom wat (uitsluitlik) eers in die volwasse lewe ontwikkel nie. Die beginsels en resultate van die navorsing met kinders gaan daarom uiteindelik op alle persone wat worstel met gekompliseersde trauma van toepassing wees. Ten opsigte van volwassenes wat worstel met gekompliseerde trauma het die proses in die meeste gevalle tydens die kinderjare begin.

Ten opsigte van Abraham Krielkinderhuis word aanbeveel dat 'n langtermyn- ontwikkelingsplan ten opsigte van kinders wat worstel met gekompliseerde trauma opgestel sal word - wat sal fokus op 'n program van pastorale/maatskaplike/sielkundige berading van al die kinders in die kinderhuis met die oog op die verwerking van gekompliseerde trauma. Die geestelike, maatskaplike en sielkundige voorbereiding van kinders om ná die voltooiing van die kinderhuisverblyf op die ouderdom van 18 jaar, as jong volwassenes wat bemagtig is om tot eer van die Here te leef, die volwasse lewe te betree.

# HOOFSTUK 7

# FORMULERING VAN PRAKTYKGERIGTE MODEL VIR PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA

## 7.1 INLEIDING

### 7.1.1 Die doelstelling van die studie

Die doelstelling van die onderhawige studie oor die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma is soos volg geformuleer (paragraaf 1.4.1: 9):

- Om ondersoek te doen na die wyse waarop persone wat worstel met gekompliseerde trauma pastoraal begelei kan word tot emosionele genesing, stabiliteit en geestelike groei.

### 7.1.2 Die doelwitte van die studie

Die doelwitte van die studie is soos volg beskryf (paragraaf 1.4.2: 9):

- **Doelwit 1 in hoofstuk 2**
  Om toepaslike prakties-teologiese perspektiewe na te vors wat lig kan werp op die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma.

- **Doelwit 2 in hoofstuk 3**
  Om toepaslike Skriftuurlike gegewens en beginsels na te vors oor die pastorale berading aan persone wat worstel met gekompliseerde trauma.

- **Doelwit 3 in hoofstuk 4**
  Om Bybelse beradingsperspektiewe na te vors wat lig kan werp op die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma.

- **Doelwit 4 in hoofstuk 5**

  Om die bydraes van ander vakdissiplines soos maatskaplike werk, sosiologie, psigologie en ook die mediese wetenskap rondom hierdie tema te verdiskonteer.

- **Doelwit 5 in hoofstuk 6**

  Om vas te stel watter vernuwende insigte na vore kom met betrekking tot hierdie tema deur 'n empiriese ondersoek aan die hand van gestruktureerde vraelyste.

- **Doelwit 6 in hoofstuk 7**

  Om 'n praktykgerigte model vir pastorale berading van persone met trauma te formuleer.

### 7.1.3 Die verskillende invalshoeke van die studie

Die doelstelling van die studie het direk en indirek in al die genoemde hoofstukke aan die orde gekom en is vanuit verskeie invalshoeke benader.

- Eerstens vanuit 'n prakties-teologiese en pastorale invalshoek (hoofstuk 2).

- Tweedens vanuit 'n eksegetiese invalshoek (hoofstuk 3), met besondere aandag aan Ps 22 en Markus 5:25-34.

- Derdens vanuit 'n Bybelse beradingsperspektief (hoofstuk 4), met besondere aandag aan die verhalende pastorale gespreksvoering, die "gees-gesentreerde" gespreksbenadering van Larry Crabb en die lydenspastoraat.

- Vierdens vanuit 'n meta-teoretiese invalshoek (hoofstuk 5) en vanuit 'n empiriese invalshoek (hoofstuk 6).

### 7.1.4 Die doelstellings van hoofstuk 7

#### 7.1.4.1 Inleiding

Die doelstelling van hierdie hoofstuk is om uit die bostaande inligting in 7.1.3 'n praktykgerigte model vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma te formuleer. Dit sal dan ook as uiteindelike resultaat dien van die interaksie tussen basis- en meta-teoretiese perspektiewe (volgens die navorsingsmodel van Zerfass, par. 1.6.1.2: 10).

#### 7.1.4.2 Die struktuur van hoofstuk 7

Die onderhawige hoofstuk sal aan die hand van die volgende struktuur geformuleer word:

- Eerstens sal 'n keuse in die lig van die navorsing tot dusver in die verskillende hoofstukke gemaak word vir 'n Skrif-gefundeerde hermeneutiese sleutel of 'n stel eiesoortige Bybelse beginsels waarsonder die dinamiek van pastorale berading (om verandering of emosionele genesing en/of stabiliteit en/of geestelike groei teweeg te bring of te bevorder) nie verstaan kan word nie (cf. par. 2.2: 18 en 2.4: 28).

- Tweedens sal 'n Skriftuurlike antropologie as vertrekpunt van pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma aan die orde gestel word.

- Derdens sal in die lig van basis-teoretiese en meta-teoretiese insigte wat in dié verskillende hoofstukke na vore gekom het 'n praktykgerigte model vir die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma geformuleer word.

## 7.2 DIE HERMENEUTIESE SLEUTEL VAN PASTORALE BERADING

### 7.2.1 Vier beginsels as vaste merkers

#### 7.2.1.1 Beginsel 1

- **In die pastorale berading aan persone met gekompliseerde trauma gaan dit om God en sy koninkryk (par. 3.3.2.2: 74).**

Pastorale berading staan in die teken van die realisering van die koninkryk van God in die bediening van Jesus die Messias. In Mark 5:25-34 word die verband gelê tussen genesing en die koms van die koninkryk van God. Die toesegging van Jesus dat geloof lei tot redding - met vrede en vrymaking as resultaat van die nabyheid van God se koninkryk in die wêreld - is die sekerheid waarmee die pastorale berader en die beradene, in die konteks van sý situasie, voor God worstel om sy wil te ken en aan Hom gehoorsaam te wees óók in die werk van genesing.

#### 7.2.1.2 Beginsel 2

- **God se koninkryk is 'n verlossende heerskappy deur geloof (par. 3.2.4: 56 en 3.3.2.2: 74).**

In Ps 22:22b verander klaaglied in loflied omdat Gód die noodlydende gehoor het:

*Die nood van die hulpelose*
*het Hy nie verontagsaam*
*en gering geskat nie,*
*Hom daarvoor nie teruggetrek nie,*
*maar die hulpgeroep na Hom*
*het Hy gehoor.* (Ps 22:25.)

Psalm 22:22b maak melding van die *gebed* van die noodlydende wat verhoor is. Dit is die wyse waarop God red. Hy gee soos Hy wil: verlossing vir sy kinders. Die tipiese wending van klagte tot lof in Ps 22:22 weerspieël dus 'n vaste oortuiging/geloof dat die klaaggebed verhoor word: *... not beyond suffering, but precisely in the midst of and even from the suffering* (par. 3.2.5.7: 61). Dié hermeneutiese sleutel van verlossing deur geloof, waarmee daar dan in die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma gewerk word, word saamgevat in die volgende basisteoretiese afleiding na aanleiding van Ps 22: *U het my gebed verhoor!* God kán vertrou word in lyding. Hy is die betroubare Een wat uitkoms gee op sý tyd. Mense in nood moet hul klag voor Hom uitstort. Gebed en smeking is 'n sleutel tot uitkoms. Gelowiges kan hul vertroue in Hom bely wat uitkoms gee, en hulle kan volhardend op die Here wag. God moet geloof en geprys word vir uitkoms - en van sy uitkoms moet in die gemeente en teenoor die wêreld getuig word.

Die vrou wat twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, het van Jesus gehoor. Sy het 'n geloofstap geneem en nie gehuiwer om aan sy klere te raak nie, selfs ongesiens. Sy het gedink: *as ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word* (Mark 5:28).

Die bron van haar bloedvloeiing het dadelik opgedroog. Die reaksie wat God verwag na aanleiding van die koms van sy koninkryk in die wêreld - deur die verlossende heerskappy in Christus - is dat mense hulle lewe moet heroriënteer in die lig van die goeie nuus dat Hy red. Mense moet die evangelie glo: hulle moet God op sy Woord neem en blymoedig aanvaar dat sy goeie nuus ook in húlle situasie volledig waar is (par. 3.3.2.2: 74-77)

### 7.2.1.3 Beginsel 3

- **In die pastorale berading aan persone met gekompliseerde trauma gaan dit om God se Woord in die Skrifopenbaring (par. 2.3: 25-28)**

Die studieveld van die Praktiese Teologie word onder andere omskryf as die bestudering van die kommunikatiewe handelinge van God in die Skrifopenbaring, én van die normatiewe en konkrete bediening van dié handelinge in die kerk. Dit word kortweg omskryf as die kommunikasie van die evangelie of die bemiddeling van die heil in Christus. Verder word daar ook in die onderhawige studie uitgegaan van die koninkryksperspektief wat die fokus nié net laat val op die kerklike dienslewering via die "besondere" ampte van diaken en van die lerende en regerende ouderling nie, maar ook op die samelewing in die breedste sin van die woord (par. 2.4.1: 28).

Dit gaan dus in die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma oor bepaalde mediale gebeure: die handelinge van God deur die diens van mense. Die konteks waarin die handelinge plaasvind is 'n dinamiese konteks waarin mense en groepe binne die samelewing hulself in religieuse en ander opsigte op 'n bepaalde wyse gedra en sekere doeleindes nastreef (par. 2.2.1: 18-23).

Die Skrif is 'n instrument van pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma (cf. 2 Tim 3:16b, par. 2.3.1: 25).

- Eerstens leerstellig: om te onderrig en dwaling te bestry.
- Tweedens pastoraal: om verkeerdhede reg te stel en om 'n regte lewenswyse te kweek.

Verder wys Paulus in Rom 1:16 daarop dat die evangelie *'n krag van God is tot redding van elkeen wat glo*. Louw & Nida (1993:379) wys daarop dat die sinsnede: *elkeen wat glo,* ook vertaal kan word met: "'n krag van God tot redding van gelowiges".

Pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma gaan dus binne die raamwerk van 'n Bybelse gespreksmodel (par. 2.3.4: 28 en 4.4.2.2: 102-109) gepaard met Skrifgebruik, met gebed, en met geloof, hoop en liefdevolle vertroosting ín die beradingproses.

- **Gevallestudie na aanleiding van Mark 5:25-34 (par. 3.3.2.8: 82-88):**

Markus 5:25-34 vertel die verhaal van 'n vrou wat vir twaalf jaar aan 'n ongeneeslike, kroniese siektetoestand gely het. Dit het aanhoudende *bloedvloeiing* tot gevolg gehad: 'n menstruele of urinêre probleem wat weer daartoe gelei het dat sy volgens wet onrein en van die gemeenskap met God en medegelowiges uitgesluit was (cf. Lev 15:25-27). Haar toestand was skynbaar onverklaarbaar. Sy het baie onder doktersbehandeling gely - en ernstige finansiële skade was haar lot. Niks het vir hierdie vrou gewerk nie, en haar toestand het progressief versleg. Boonop was sy vir die hele tyd van siekte ritueel onrein en 'n gevangene in haar eie huis (Par. 3.3.2.8: 82-88).

Sy het van Jesus gehoor.

Daarom kon sy Hom gaan opsoek - en tussen 'n groot menigte mense wat om Jesus saamgedrom het, maar net in geloofsverwagting aan sy klere raak. Haar geloof het haar gered - en Jesus stuur haar weg in vrede. Hierdie kronies siek vrou wat van Jesus gehoor het - 'n vrou sonder 'n toekoms - het Hom vertrou en sy is genees.

Jesus die Seun van die Mens wat nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sý lewe weg te gee as 'n losprys vir baie mense, stuur haar weg mét 'n toekoms. Sy word die teken van God se heerskappy óór siekte en lyding - Sy bevryding.

Hy gee haar haar lewe terug (par. 3.3.2.8: 82-88).

Jesus praat met die vrou - se vir haar dat haar geloof haar gered het, dat sy in vrede moet gaan en dat sy vir goed van haar kwaal genees moet wees. Sy tree 'n splinternuwe lewenshoedanigheid binne.

Haar foltering is verby.

Haar vonnis opgehef.

Sy is waarlik bevry om vry te leef - dié siek en kronies getraumatiseerde vrou van Markus 5:25-34 wat langdurig onderhewig was aan 'n versteuring van ekstreme of buitengewone stres - 'n kombinasie van fisiese, ekonomiese, sosiale en sielkundige gevangenskap (cf. par. 3.3.2.8: 82-88).

Sy het die woorde gehoor wat oor Hom versprei is - en die Woord het haar gered.

#### 7.2.1.4 Beginsel 4 (paragraaf 4.4.2.2: 102-110).

- **In pastorale berading word die heil in Christus - die vertroosting, die onderrig, die bemoediging en die ondersteuning - bemiddel deur die Heilige Gees *wat saam met ons getuig dat ons kinders van God is* (Rom 8:16).**

Beradenes kan van een saak seker wees:

- ☐ *God gebruik elke ding wat in ons lewe gebeur om sy doel te bereik. Vir ons wat vir God liefhet, werk alles tot ons beswil uit.* (Rom 8:16 en 28.)

Pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma werk met die sleutel van liefde: dit is God wat sy kinders in elke moeilikheid bemoedig. Omdat Jesus aan versoekings onderwerp was, is Hy die regte persoon om vir mense by God in te tree. Pastorale berading werk daarom met die perspektief van die Christelike geloof, en vind sy eiesoortigheid binne die verhouding: God en mens. Die aspek van heil, naamlik die verlossing, beïnvloeding, verandering, vernuwing, herstel en groei van die nuwe mens van God in Christus - op grond van God se genade binne 'n pastorale verhouding - is uiteindelik die primêre uitgangspunt en fokuspunt van pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma (hoofstuk 4: 104-105).

Die sleutel van liefde en geloof hou die sleutel van hoop. Pastorale berading is onlosmaaklik gekoppel aan die versoeningswerklikheid in Christus Jesus: die oorwinningsdimensie van Jesus se opstanding en die hoopdimensie van sy Vader se koninkryk (hoofstuk 4: 106).

Pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma kan gevolglik nie funksioneer sonder gebed nie. Beradenes met gekompliseerde trauma word daarom ook geleer om hoopvol te bid met die oog op 'n lewe wat hóóp met hom sal saambring (hoofstuk 4: 106).

### 7.2.2 Samevatting

In pastorale berading aan persone met gekompliseerde trauma gaan dit om God en sy koninkryk. Sy koninkryk is 'n verlossende heerskappy deur geloof - waar dit gaan om God se woord in die Skrifopenbaring. Die heil in Christus - die vertroosting, die onderrig, die bemoediging en die ondersteuning - word bemiddel deur die Heilige Gees wat saam met gelowiges getuig dat hulle kinders van God is.

Gelowiges kan van een saak seker wees, naamlik dat God elke ding wat in hulle lewens gebeur, gebruik

om sy doel te bereik. Vir hulle vir wie God liefhet, werk alles tot hulle beswil uit.

## 7.3 'N SKRIFTUURLIKE ANTROPOLOGIE VIR DIE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA

### 7.3.1 Inleiding

'n Bybelse antropologie is nodig vir pastorale berading omdat dit in die pastoraat basies gaan om die kommunikasie van die evangelie (aan mense in nood) deur die vertolking van die troos in Christus sodat God se sorg 'n sin-horison ontsluit wat aanleiding gee tot hoop vir mense in krisis (par. 2.4.1: 28-31).

Dit gaan dus om 'n hermeneutiese aangeleentheid: 'n kombinasie van geloofstaal oor God en die mens se daaglikse lewenservaring rakende die vraagstuk na sin. Daarom werk pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma basies met drie vrae wat uit die Skrif en teologie beantwoord moet word (par. 2.6.1:34-36):

- ☐ Wat is die wesentlike aard van die mens as mens van God?
- ☐ Watter kwaliteite bepaal die mens se menswaardigheid as mens van God?
- ☐ Wat is die doel, rigting, bestemming en sin van menslike bestaan?

Die antwoorde op dié vrae bepaal hoe daar na die mens in nood uitgereik word- en hoe hy hanteer sal word. Die uitgangspunt oor, of siening van die mens kan soos volg geformuleer word:

- ☐ Die mens is 'n skepsel van God, deur die sondeval vir ewig vervreem van God en verlore.
- ☐ Die mens word verlos deur die soenverdienste van Jesus Christus. Deur die wedergeboorte, geloof en bekering word hy uit genade 'n nuwe skepsel om te leef tot Sy eer.
- ☐ Die mens rig sy hele lewensbestaan of hart op God of 'n afgod.
- ☐ Die Heilige Gees as Gees van lewe woon in gelowiges wat hulleself aan God oorgee in aanbidding en diens.

### 7.3.2 Wat is die mens?

In Ps 8 bring hy lof aan God die Skepper met die eerbiedige aanroep van die verbondsnaam van God. Die grootheid en glansrykheid van die skepping van God oorweldig hom as mensekind - 'n swakke sterweling, maar tog 'n meesterstuk van God (par. 2.6.3: 37).

Die liggaam behoort aan die Here. Dit is sý skepping. Die Heilige Gees woon in die liggaam - sý Gees. Die liggaam is sý tempel. Al is die liggaam sterflik, sal die natuurlike liggaam wat gesaai word, as 'n geestelike liggaam opgewek word.

In pastorale berading word die mens benader as beeld en gelykenis van God (par. 2.6.3.1: 38-41). Die mens wat as mens in nood na die berader kom, het dus as mens van God 'n unieke bestaan, is 'n wese wat van God alleen afhanklik is - en met 'n bestaansbestemming wat alleen uit sy verhouding tot God geïnterpreteer kan word.

Die mens weerspieël die heerlikheid van God en heers oor sý skepping.

Die mens as lewende wese is uit die stof van die aarde gemaak. Sy menswees word dus die beste beskryf as *lewendwees-in-liggaamlikheid* (cf. die mens as eenheidswese, par. 2.6.3.2: 41-44).

Die Heilige Gees woon in die liggaam - en getuig saam met *ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename van God. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid* (Rom 8:16-17).

Die mens is so gemaak dat hy met God, met ander mense en met homself kan kommunikeer (cf. die mens as verhoudingswese (par. 2.2.6.3: 44-49).

Dit is die vaste basis van pastorale berading - wat sonder kommunikasie as unieke kenmerk van die mens as mens van God in 'n doodloopstraat is. Hierdie "kommunikasievaardigheid" geld vir beide die berader en beradene as mense van God wat voor God in afhanklikheid buig om Hom te eer as die Bron van alle goeie dinge.

Die opstanding van Christus is die waarborg dat die mens 'n toekoms het (cf. die mens as toekomswese (par. 2.6.3.4:49-50) As die evangelie dan verkondig dat Christus uit die dood opgewek is, hoe kan party dan nog beweer dat daar geen opstanding van die dooies is nie?

Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die Bybelse mensbeeld van deurslaggewende belang is vir die pastorale verhouding van persone met gekompliseerde trauma.

Die kinders van Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom, is mense van God - met 'n toekoms. Sonder hierdie toekomsvisie is dié werk in 'n doodloopstraat. Die beradenes moet dus met respek benader word - mense met die Goddelike "potensiaal" om te verander en te groei - en te leef uit geloof en hoop, in liefde.

## 7.4 INLEIDING TOT 'N PRAKTYKGERIGTE MODEL VIR DIE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA

### 7.4.1 Kroniese trauma

Uit die navorsing (par. 5.1.8.3: 154-159 blyk dit baie duidelik dat die persone met gekompliseerde trauma nie net bepaalde trauma-verbandhoudende simptome soos byvoorbeeld depressie, dissosiasie, gevoelens van angs en hulpeloosheid ervaar nie. Dié slagoffers worstel by uitstek met 'n sindroom wat as gekompliseerd of kompleks geklassifiseer kan word: 'n emosionele toestand wat ingewikkeld is as gevolg van sy samegestelde geheel, wat moeilik is om te verstaan en om op te los.

'n Alternatief wat dan in die navorsing gebruik word vir gekompliseerde trauma is kroniese trauma. Waar eersgenoemde term meer op die hoedanigheid van die sindroom fokus, wil kroniese trauma meer op die etiologie of oorsake van die sindroom fokus.

Die sindroom is dus nie net gekompliseerd, ingewikkeld en moeilik om te verstaan en op te los nie, maar het ook 'n baie spesifieke oorsprong: dit volg op intense, langdurige en herhaalde trauma (cf. spesifiek die verwysing na Judith Herman in par. 5.1.6: 150).

Vir doeleindes van die onderhawige hoofstuk wat handel oor 'n pastorale model vir die begeleiding van gekompliseerde trauma, word gekompliseerde of kroniese trauma, 'n erkende term binne die veld van Amerikaanse traumatologie, dan soos volg omskryf:

- Kroniese trauma is die ervaring van veelvuldige en/of veelsoortige, kroniese en langdurige en/of verlengde, ontwikkeling-ongunstige (*developmentally adverse*) nadelige traumatiese gebeure. Dit is meestal van interpersoonlike aard, byvoorbeeld seksuele en/of fisiese mishandeling en/of

gesinsgeweld, en met 'n tipiese simptomatologie wat kronies van aard is. Dit het 'n oorsprong in die vroeë kinderjare, wat dikwels in dieselfde omgewing plaasvind waarbinne die kind die meeste van sy tyd deurbring: binne die omgewing van sy ouerhuis of skool wat veronderstel is om vir die kind 'n veilige hawe te wees (par. 5.2.2: 160-161).

Hierdie omskrywing, wat wye erkenning geniet (cf. par. 5.2.3-5.2.4: 161-163), is dan ook as riglyn gebruik in die ondersoek na die omvang van dié sindroom by die kinders van Abraham Krielkinderhuis in Potchefstroom.

### 7.4.2 Diagnostiese profiel van persone met gekompliseerde trauma

Daar is veral sewe diagnostiese kriteria vir gekompliseerde trauma (par. 1.2.4: 6 en 5.1.8.2: 153-154):

- 'n Geskiedenis van ernstige fisiese, emosionele en geestelike benadeling deur gesinsgeweld en/of langdurige fisiese en seksuele mishandeling en/of ernstige langtermyn fisiese, emosionele en geestelike verwaarlosing.

- Veranderinge in affek, wat insluit 'n algemene gevoel van angs, rusteloosheid en neerslagtigheid, kroniese selfmoordpreokkupasie, selfbeserings, woede-uitbarstings óf ekstreme geïnhibeerde woede en kompulsiewe óf ekstreme geïnhibeerde seksuele gedrag.

- Veranderinge in bewussynsvlakke, wat toestande insluit van geheueverlies óf hipermnesie ('n buitengewone skerp geheue) ten opsigte van traumatiese gebeure waaraan hulle blootgestel was, kortstondige dissosiatiewe episodes, depersonalisasie of derealisasie, en herbelewingservarings van traumatiese gebeure.

- Veranderinge in selfbeelding, wat toestande insluit van gevoelens van hulpeloosheid of totale ineenstorting van inisiatief, skaamte, skuld, selfblaam, gevoelens van vuilheid of stigma, van totaal anders wees as ander persone (óf spesiaal óf eensaam of 'n gevoel dat niemand hom verstaan nie) en gevoelens van 'n nie-menslike identiteit.

- Veranderinge in die beeld van die molesteerder, wat toestande insluit soos 'n pre-okkupasie met die oortreder (wat preokkupasie met wraak kan insluit) en/of onrealistiese oordrag van totale mag aan die oortreder en/of idealisering van die oortreder en/of paradoksale erkentlikheid aan die oortreder en/of gevoelens van 'n spesiale of bonatuurlike verhouding met die oortreder en/of aanvaarding van die geloofsoortuigings van die oortreder.

- Veranderinge in verhoudings, wat insluit die onderbreking van intieme verhoudings, van isolasie en onttrekking, van herhaalde soektogte na 'n bevryder, van hardnekkige wantroue en van herhaalde mislukkings met self-beskerming.

- Veranderinge in sinsbelewing, met insluiting van 'n verlies van volhoubare geloof, gevoelens van hulpeloosheid en hopeloosheid, en wanhoop.

### 7.4.3 Diagnostiese profiel van die kinders van Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom

#### 7.4.3.1 Redes vir verwydering

Die redes vir die verwydering van kinders uit hulle versorgingsposisies in terme van die Wet op Kindersorg, No 74 van 1983 (soos gewysig), word gereël deur Artikel 14(4)(aB). Dit is kinders wat verlaat is of geen sigbare bestaansmiddele het nie; gedrag openbaar wat nie beheer kan word deur sy of haar ouers of die persoon in wie se bewaring hy of sy is nie; in omstandighede woon wat waarskynlik sy of haar verleiding, ontvoering of seksuele uitbuiting kan bevorder; woon in of blootgestel word aan omstandighede wat die fisiese, geestelike of maatskaplike welsyn van die kind ernstig kan skaad; in 'n toestand van fisieke of geestelike verwaarlosing is; fisies, emosioneel of seksueel deur sy of haar ouer of voog of die persoon in wie se bewaring hy of sy is misbruik of mishandel is; of in stryd met artikel 10 onderhou word.

In die empiriese ondersoek by die Abraham Krielkinderhuis (par. 6.3.3: 217-220) is bevind dat kinders wat gewoonlik ingevolge dié betrokke wet sorgbehoewend bevind word, kinders is wat sonder beskerming is as gevolg van 'n mislukte pleegplasing; of verwaarloos en/of gemolesteer en/of mishandel en/of onbeheerbaar en/of ouerloos is. In dieselfde empiriese navorsing (cf. Bylaag A) is verder bevind dat die verwydering van kinders uit hulle ouers se sorg te wyte is aan veral die volgende traumatiese omstandighede:

- Fisiese mishandeling.

- Seksuele mishandeling.

- Emosionele mishandeling.

- Langtermyn- of kroniese emosionele verwaarlosing.
- Langtermyn- of kroniese fisiese verwaarlosing.

### 7.4.3.2 Opsomming van die tipiese simptomatologie van mishandeling en seksuele molestering

Die simptome van gekompliseerde trauma (par. 6.3.2.1: 200-217) kan soos volg opgesom word:

- Emosionele versteurings, soos woede en depressie.
- Bewussynsversteurings, soos byvoorbeeld dissosiasie en derealisasie.
- Selfbeeldversteurings, soos byvoorbeeld kroniese skuldgevoelens en stigma.
- Versteurings in beeld van die oortreder.
- Verhoudingsversteurings.
- Psigo-somatiese siektetoestande.
- Versteurde sinsbelewing.

## 7.4.4 Uitwerking van gekompliseerde trauma

Langtermyn- fisiese, emosionele en seksuele mishandeling kan 'n vernietigende uitwerking op slagoffers hê. Daar word in par. 5.1.8.3: 154-158 verwys na patologiese persoonlikheidsveranderinge in slagoffers van langdurige mishandeling in gesinsverband:

- sommige sê dat hulle ander persone geword het, maar ander sê dat dit bloot voel asof hulle dood is (hoofstuk 5: 157).

## 7.5 'N PRAKTYKGERIGTE MODEL VIR PASTORALE BERADING VAN PERSONE MET GEKOMPLISEERDE TRAUMA

### 7.5.1 Inleiding

In die lig van feit dat navorsing oor gekompliseerde trauma redelik resent is (cf. Herman, 2001:115-129 en par. 1.2.2: 2) sal daar in die formulering van 'n praktykgerigte model vir die pastorale berading van persone met dié sindroom naas die basis-teoretiese insigte, ook swaar geleun word op die meta-teoretiese insigte asook die resultate van die empiriese ondersoek. Met betrekking tot die basis-teoretiese insigte sal daar naas die geformuleerde riglyne vanuit die eksegesegedeeltes (hoofstuk 2: 17-52) ook gefokus word op die basis-teoretiese beradingsperspektiewe (hoofstuk 3: 53-89) asook die algemene beginsels van gees-gesentreerde gesprekke (par. 4.6.5.2: 138) en die vyf stappe van sielsorg (par. 4.6.5.3: 139).

### 7.5.2 Die fase-benadering in pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma (par. 5.3.2: 173)

#### 7.5.2.1 Inleiding

Daar is in 'n groot mate konsensus oor die feit dat daar nie gedurende die afgelope twee dekades groot, nuwe deurbrake in die klassieke benadering tot berading gekom het nie. Die fasebenadering word ook nog deurgaans in die psigiatrie, sielkunde en maatskaplike werk nagevolg. Die spesifieke breë oogmerke van berading word dan gewoonlik ook bepaal deur die spesifieke fases waarop besluit word. In die klassieke driefasebenadering word gefokus op die volgende drie oogmerke, naamlik stabilisasie, prosessering van traumatiese geheue en rou, en herintegrasie

Psalm 22, 'n klaaglied van die enkeling, is 'n goeie voorbeeld van 'n tipiese Bybelse terapeutiese struktuur - en verteenwoordig 'n klassieke vyffasestruktuur (par. 3.2.1.2: 68-71):

- 'n Klagte.
- 'n Vertrouensuitspraak.
- 'n Beskrywing van persoonlike leed.
- 'n Dringende smeekgebed.

- 'n Gebedsverhoring.

- 'n Lofprysing.

Die Bybelse beginsels van die klaaglied van die verbondsvolk van die Here verteenwoordig vier belangrike lesse vir pastorale berading:

- Vlug na God toe in 'n noodsituasie en nie weg van Hom af nie.

- Vertroue maak nuwe perspektiewe oop óp nood tydens 'n noodsituasie.

- Vertrou God daadwerklik.

- As God vertrou word, verander klag in lof.

In die verhaal van Markus 5:25-34 oor die vrou met bloedvloeiing, is die belangrike beginsel met betrekking tot pastorale berading die feit dat Jesus mense wat aan die einde van húlle pad bereid is om Hom te vertrou, red om saam met Hom 'n nuwe pad van verlossing te stap (par. 3.3.2.8: 82). In pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma word mense deur die berader begelei om Bybelse beginsels soos hierdie in 'n terapeutiese verhouding in hulle lewens waar te maak.

Die sleutel tot verandering binne 'n terapeutiese situasie is verhoudings. Die verhoudingskapasiteit van die beradene bepaal dan ook die pas waarteen in pastorale berading gevorder word. In par. 5.3.2.2: 175 word na Judith Herman se standpunt verwys dat *herstel in en deur genesende verhoudings* 'n basiese vertrekpunt van die psigo-analitiese benadering is. Hierdie benadering verskil nie van die pastorale perspektief op herstel in Christus nie (par. 4.4.2.2-4.4.2.8: 102-115).

In die beradingsperspektiewe van die Nuwe Testament word 'n persoonlike benadering deurgaans bepleit. In 1 Tess 5:14 word dit gelowiges op die *hart* gedruk om mekaar met pastorale berading by te staan. Dit gaan in pastorale berading om die bemiddeling van vertroosting (cf. Ef 6:22) en van hulpverlening/bemoediging. In 2 Kor 1:4 sê Paulus omdat God die gelowige in elke moeilikheid bemoedig, kan hy/sy weer ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer.

Pastorale berading werk met die perspektief van die Christelike geloof. Dit beteken dat dit sy eie identiteit moet soek binne die verhouding: God en mens (cf. Louw, 1999:14). Die aspek van heil, naamlik die verlossing, beïnvloeding, verandering, vernuwing, herstel en groei van die nuwe mens in Christus binne 'n pastorale, terapeutiese God-mens verhouding is van deurslaggewende belang vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma.

'n Geloofsverhouding kan egter nie funksioneer sonder gebed nie:

- Daarom moet die berader bid vir die beradene in sy nood, en die beradene tot God bid om verlossing van sy nood. Die berader en die beradene bid saam tot God om Hom te loof en te prys vir genade en uitkoms (hoofstuk 4: 106; cf. 4.4.2.2: 102-110).

Geen denkbare bedreiging kan God keer om sy plan van verlossing in mense se lewens uit te werk nie: God lááť alles ten goede uitwerk vir die wat Hom liefhet.

- In Christus is mense meer as oorwinnaars deur God se bestemming vir hulle lewens (Rom 8:28-30).

- Daarom word pastorale berading bedien binne die konteks van ondersteuning van die swakkes (1 Tess 4:14) - om trou bly en vas te hou aan iemand, om lojaal, lankmoedig en geduldig te wees.

### 7.5.2.2 Fase 1 - Veiligheid en stabiliteit (par. 5.3.2.4: 177-184)

- **Inleiding**

Niks kan gebeur om die situasie van slagoffers van gekompliseerde trauma te verbeter voordat hulle nie in veiligheid gebring en daar stabiliteit is wég van die oortreder/molesteerder af nie. Daar is al by geleentheid verwys na die primêre doelwit van fase 1 as "psigologiese noodhulp". In hierdie fase is dit van primêre belang om toe te sien dat die slagoffer beveilig is. Dit mag byvoorbeeld nodig wees dat 'n vrou en/of kinders tydelik elders gehuisves moet word. Hier het die pastorale berader ook die geleentheid om, afgesien van die tradisionele een-tot-een terapeutiese verhouding, ook praktiese ondersteuningsdienste aan die beradene te lewer (hoofstuk 5: 179).

Hierdie aanvanklike toetrede van die pastorale berader tot die fisiese, maatskaplike, emosionele en geestelike leefwêreld van 'n slagoffer is egter nie 'n terloopse aangeleentheid nie. Die slagoffer se belewenis van geloof, hoop en liefde in aksie sal perspektief bring ten opsigte van die feit dat daar nóg mense is wat omgee en wat kan help. Pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma moet in die teken staan van Jesus se "versorgingsbenadering" (par. 4.5: 117-121). Terapie en diens word in die Nuwe Testament as wisselterme gebruik vir dienslewering (cf. Louw & Nida, 1993:460). Dit gee blyke van betrokkenheid in die beweging van heil soos dit in die Persoon en werk van Jesus Christus na vore tree.

As pastorale berading en die pastorale berader self nie iets weerspieël van die "ontferming" van God nie - as teken van opofferende liefde nie (Rom 12:1) - kan berading en die optrede van die pastorale berader niks oordra van die werklikheid dat Jesus nié 'n skynliggaam aangeneem het nie, maar werklik mens geword het vir mense (cf. Vosloo & J van Rensburg, 1999:1587).

Paulus sonder die *swakkes* spesifiek uit vir pastorale berading (1Tess 5:14). Louw en Nida (1993:679) sê dat dié Griekse term onder andere gebruik word as 'n aanduiding vir 'n toestand van beperkte kapasiteit om te funksioneer.

Alhoewel die situasie by die kinderhuis wesenlik verskil van 'n gewone beradingspraktyk waar persone aanmeld vir berading, bied die fasiliteit 'n geleentheid tot veiligheid en stabiliteit. Dié ongelukkige slagoffers van trauma word deur 'n bevel van die hof ingevolge die Wet op Kindersorg, No 74 van 1983 (soos gewysig) uit hul ouerlike sorg of dié van hul voog verwyder en aan die kinderhuis toegewys as plek van veiligheid of plek van veilige bewaring. Die kind is dus op 'n plek waarvoor hy nie gevra het nie, maar deur pastorale berading kan daar uitgereik word tot elke kind om ook emosionele veiligheid en geborgenheid hulle besitting te maak. Dit is 'n huidige leemte in die stelsel dat kinders in isolasie van die kinderhuis verwyder word deur 'n gesinsorg-organisasie wat daarvoor aangewys word. Hierdie toedrag van sake het die kinderhuis in 'n posisie van agterstand geplaas ten opsigte van pastorale berading met die kinders wat in hulle sorg geplaas is, omdat die kinderhuis nie weet in watter mate die psigiese trauma van die mishandeling/molestering (wat gelei het tot hulle verwydering) én die traumatiese gebeure van die verwydering uit die ouerhuis, verwerk is nie.

- **Beradingsdoelwitte in fase 1**

Beskerming van 'n persoon met gekompliseerde trauma is die eerste, maar óók een van die belangrikste take van pastorale berading (cf. beskerming, hoofstuk 5: 177). Hierdie "psigologiese noodhulp", wat deur navorsers as 'n vanselfsprekende deel van die beradingsproses beskou word, kom gewoonlik neer op medemenslike gebare van vertroosting van 'n emosioneel ontstelde/ontwrigte mens (wat psigies baie diep en baie ernstig, en soms permanent verwond is deur herhaalde trauma); mediese versorging en/of hospitalisasie waar nodig van 'n mens wat ook fisies ernstig verwond is deur mishandeling; beveiliging teen verdere ontsteltenis, ontwrigting, en fisiese en/of psigiese verwonding; en waar nodig, voorsiening in basiese lewensbehoeftes.

As 'n slagoffer nie bekerm kan word nie, kan daar nie enige verdere vordering wees op pad na herstel nie (par. 4.3.2.4: 168):

- 'n Persoon met gekompliseerde trauma moet in 'n posisie gestel word om te kán genees.

Jesus het hierdie naastediens vergelyk met 'n barmhartige Samaritaan wat 'n ernstig verwonde mens langs die pad ontdek het, hom innig jammer gekry het, na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind het, hom op sy rydier gehelp en hom na 'n herberg toe geneem en hom daar verder versorg het (Matt 10:30-37). Pastorale berading vind binne hierdie Bybelse verwysingsraamwerk van die evangelie sy vaste punt - met die belydenis dat Jesus Christus nie net die voorbeeld gestel het deur sy eie offervaardigheid nie: Hy is die Verlosser van die wêreld, die opgestane Here wat deur sy Gees in gelowiges woon (Rom 8:9-11).

In die kinderhuis word fase 1: beskerming en stabiliteit, volledig verreken ten opsigte van elke kind wat ingeneem word. Prioriteit nommer een is dat kinders beveilig word en geborge moet voel in die Naam van Jesus Christus die opgestane en lewende Here. Dit is waarvoor die kinderhuis as plek van veiligheid en beskerming opgerig is - en wat deel is van die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Wes-Transvaal se professionele barmhartigheidsdienste.

Beveiliging en stabiliteit is 'n spanbenadering waarby die betrokke kinderversorgers in die huiseenhede, die maatskaplike werkers en die pastorale berader by betrokke is. Versorging, beveiliging en stabiliteit geniet deurlopend aandag, want dit is nooit afgehandel voordat die kind nie uit die kinderhuis ontslaan word nie. Die rede vir die voortgaande beveiliging is dat kinders van tyd tot tyd her-blootgestel word aan die siek gesinsisteem van oorsprong. Dit is onvermydelik as gevolg van vakansie- en naweekreëlings wat spruit uit die rekonstruksiedienste wat by die biologiese ouers gelewer word met die oog op die rehabilitasie van die gesin en die terugplasing van die kind in die ouerhuis.

Die plek van gebed, en die belewing van die kind dat hy in die hand van die Here veilig is, moet in die eerste fase van pastorale berading met kinders in die kinderhuis voorkeuraandag kry. Pastorale beraad en onderrig in die Skrif - om die kinders ook geestelik te bemagtig om te vorder op 'n pad van herstel - behoort hand aan hand te gaan in 'n kinderhuis wat bedoel is om 'n vorm van kerklike versorging aan te bied aan kinders in nood.

'n Kroniese wantroue by die kind met gekompliseerde trauma, sowel as 'n gebrekkige verhoudingsbou-kapasiteit, kan reeds in die eerste fase van pastorale berading 'n kompliserende faktor wees wat kan veroorsaak dat die proses van berading met dié groep kinders beduidend langer mag neem as byvoorbeeld berading van persone met klassieke/gewone trauma.

Verder is psigo-opvoeding 'n primêre doelwit in fase 1 (cf. psigo-opvoeding, hoofstuk 5: 177):

- Slagoffers moet in berading bygestaan word om sin uit hulle ongelukkige ervaring(s) te maak deur die voorsiening van die basiese inligting met betrekking tot die kort- en langtermyneffek van die trauma op individue. Soos in die geval van beskerming, geniet psigo-opvoeding dan ook

deurlopend aandag deur die hele proses van pastorale berading.

Psigo-opvoeding sluit voorligting in oor die tipiese simptome van gekompliseerde trauma, soos gevoelsdisregulering, die rol van woede, depressie, wantroue, selfbeserings en selfmoordgedagtes, asook terugflitse, hiper-opwekking en dissosiasie, en uitsigloosheid.

Die slagoffer se onmiddellike fisiese welstand is ook belangrik, veral in gevalle van mishandeling en seksuele molestering, omdat hy verantwoordelikheid moet neem vir sy liggaam (cf. fisiese welstand, hoofstuk 5: 178). Dit is 'n belangrike stap vir die slagoffer om in beheer te voel.

Die bou van 'n vertrouensverhouding (hoofstuk 5: 178) is van deurslaggewende belang in terapie:

- Slagoffers is op hulle hoede vir gesagsfigure wat volgens hulle voorgee om hulle beste belange op die hart te dra. Hulle ervaar ernstige probleme om veilig te voel in verhoudings vanweë agterdog dat hulle beste belange nie in die verhouding gedien gaan word nie. Hulle word ook nie maklik gekalmeer deur middel van interpersoonlike werkswyses nie.

- In par. 5.1.8: 152-153) is daar 'n bespreking van die diagnostiese kriteria vir kroniese trauma, waaronder veranderinge in verhoudings, wat insluit isolasie van en onttrekking aan mense, 'n ontwrigting/verbreking/onderbreking van intieme verhoudings, herhaalde soektogte na die oortreder (wat isolasie en ontrekking kan afwissel), kroniese wantroue en herhaalde mislukte pogings tot selfbeskerming. Tipiese simptome van gekompliseerde trauma kan ook verhoudingsbou en vordering met terapie aansienlik belemmer.

Depressie en angs kan baie akuut wees in die aanvangsfase van herstel. Daarom is krisisingryping (hoofstuk 5: 179) dikwels noodsaaklik. Selfmoordneigings en selfbeskadiging in die vorm van selfbeserings kan voorkom. In ernstige krisisse wat opduik kan familie of naby vriende "gekontrakteer" word om hulle te ontferm oor die slagoffer in sy uur van nood.

Herman (2001:164) word verwys dan na aanvanklike opofferings wat gemaak moet word wat dan dikwels ook deel word van 'n langtermynplan vir toekomstige beveiliging, groei en herstel.

Slagoffers moet ook so gou as moontlik reeds in fase 1 van die herstelproses verantwoordelikheid neem vir hulle eie herstel (hoofstuk 5: 181). In die werk met kinders in die kinderhuis kan byvoorbeeld langtermyn- ontwikkelingsverwante kapasitietsboudoelwitte daargestel – wat beteken dat die terapie ook fokus op langtermyndoelwitte. Persone met gekompliseerde trauma moet verder reeds in die eerste fase geleer word om vir hulle eie emosies en gedragspatrone verantwoordelikheid te neem deur die aanleer van nuwe gedragspatrone.

Die aanleer van self-kalmerende kapasiteitsbou-tegnieke, soos kalmerende klassieke musiek, asemhalingsoefeninge of die beoefening van 'n buitelug-sportsoort soos fietsry, het die volgende ten doel:

- Om slagoffers te leer om weer toepaslike emosies in hul lewens toe te laat.
- Om slagoffers te help om suksesvol deur negatiewe emosies te werk.
- Om slagoffers te leer dat emosies nie langer die bedreiging is wat dit was nie.
- Om hulle te help met die bestuur van emosies.

Inskakeling by ondersteuningsnetwerke (hoofstuk 5: 182) word ook aanbeveel vir afleiding, om ervarings te deel en op meer intieme vlak te deel en bemoedig te word.

Die oorhoofse doelwit in fase 1 is dan dié van veiligheid - wat stabiliteit in die lewe van 'n slagoffer bring (hoofstuk 5: 183). Dit beteken

- 'n deurlopende fokus op fisiese behoeftes van slagoffers,
- veiligheid vir slagoffers,
- die daarstel van 'n klimaat van vertroue,
- kapasiteitsbou vir selfkalmering
- en die bou van effektiewe ondersteuningsnetwerke waarby die gesins- en familielede en vriende betrek word.

### 7.5.2.3 Fase 2: Verwerking van traumatiese herinnering en rou (par. 5.3.2.5: 184)

- **Inleiding**

Fase 2 behoort te fokus op 'n in-diepte eksplorering van traumatiese herinneringe met die uiteindelike doelstelling van die integrering van die traumatiese geheue in 'n samehangende lewensverhaal van die slagoffer. Dit sal beteken dat die intensiteit van emosies wat geassosieer word met die traumatiese gebeure begin afplat sodat dit mettertyd sy negatiewe krag verloor in die lewe van die slagoffer.

- **Doelwitte**

Pastorale berading gaan in dié fase prosesmatig fokus op die afhandeling van drie doelwitte, naamlik die

rekonstruksie van die traumatiese verhaal, die prosessering van die traumatiese geheue en rou oor verliese. Dit is belangrik dat beraders moet luister voordat hulle praat. Hulle moet die menslike begeerte om dadelik in te spring met raad en daad, met baie beslistheid weerstaan. Hulle moet met onderskeiding bly luister - só luister dat die bedoeling om 'n verskil te maak terwille van die eer van God nie sal ontspoor nie (cf. Crabb. 2003:16, soos na verwys in par. 4.6.2.2: 125).

Gees-gesentreerde gesprekke is die taal van sielsorg.

Daarmee stel hy die uitdaging aan pastorale berading - omdat dit pastorale optrede is - dat die "hoe" van Jesus se gesprekke met sy volgelinge, en tussen sy volgelinge onderling, die antwoord is vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma:

- Dít moet die nodige platform skep vir berading waarop die bonatuurlike kragte van God vertoon word, waar lewe is en waar lewe werklik geniet word, waar liefde vrygestel word, en waar mense sielsgenote word en mekaar vind.

Die vyf stappe van sielsorg (par. 4.6.5.3: 139-140) is daarom die hartklop van pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma as dit die bedoeling is dat God se eer in die eerste en laaste plek gesoek word - en gees-gesentreerde gesprekke nie ontaard in selfgesprekke ("selftalk") nie: waar mense by mekaar verby praat met woorde wat nie bedoel om 'n verskil te maak, en daarom géén betekenis het nie.

Dié vyf noodsaaklike stappe behels eerstens die verantwoordelikheid van die berader om te dink wat agter mense se probleme lê: die ware oorlog tussen lig, wat lewe bring, en donker, wat die geestelike dood bring in mense se siele. Tweedens beteken dit dat "visie" gedink moet word: die "omhelsing" van die plan van die Heilige Gees waarmee Hy in mense se lewens binne kom.

Crabb (2003:31) sê dat dit bonatuurlike verbeelding sal vra om 'n visie te kry van dit wat die Heilige Gees verlang om in iemand se lewe te doen. Daarom moet daar "passie" gedink word, want dit sal bonatuurlike moed en oortuiging vra om te erken dat eiebelang gekruisig moet word ter wille van God se beste belang, én die beste belang van ander mense.

Daar moet dan vierdens "storie" gedink word, omdat die ware persoon met wie in gesprek getree word, ontmoet moet word. Vyfdens, dink "beweging". Volg die Heilige Gees getrou as Hy elke verdedigingsmeganisme teen gebrokenheid en elke laag van selfvoldoening binnedring totdat die ware self waarmee Hy kan werk, vrygestel word - terwille van Jesus Christus namens wie Hy optree. Dit vra *supernatural listening to become a safe enough person that another will want to be explored by you.* (Crabb (2003:31.)

- **Verhalende pastorale gespreksvoering (par. 4.6.4: 132-136)**

In die middelfase van berading moet die slagoffer in staat gestel word om sy verhaal te kan vertel - iets wat normaalweg nie in fase 1 moontlik (of wenslik) is nie. Dit bly egter die keuse van die slagoffer om sy verhaal te vertel, met die ondersteuning van die berader. Dit sluit ook die verhaal van die oortreder in. In hierdie fase van die pastorale beradingsproses is dit die berader se taak om die slagoffer die geleentheid te gee om sy/haar lewe as't ware oop te maak. In dié proses is hy (die berader) 'n getuie tot die verhaal van trauma - en 'n bondgenoot - in wie se teenwoordigheid die slagoffer kan praat oor die onuitspreeklike of gehoor kan word oor die ongehoorde. Die eerste beweging van fase 2 het dus te doen met die noodverhaal van die slagoffer. Dit wat hier bereik wil word, word in par. 5.3.2.5: 184 opgesom as die taak van transformasie van die traumatiese geheue. Dit kom daarop neer dat die slagoffer wégbeweeg daarvan dat dié geheue, in "geheime operasies", die fokuspunt van sy lewe is, na 'n nuwe situasie waar die traumatiese geheue 'n reeks ervarings word wat binne 'n groter konteks van die normale geheue en die lewensverhaal geposisioneer word. Wat pastorale berading dus wil bereik met kinders met gekompliseerde trauma, is om aan hulle die geleentheid te gee dat hulle lewens weer nuwe hoop en 'n nuwe fokus kry. Dit kan slegs realiseer wanneer hul lewens nie meer verstrengel is met hul traumatiese verledes nie.

- **Die wenslikheid van blootstelling**

Die vraag na die wenslikheid van blootstelling kan nou in fase 2, met 'n hooffokus op die prosessering van die traumatiese geheue, beantwoord word. Die kompleksiteit van die diagnostiese profiel van persone met gekompliseerde trauma speel 'n rol in die besluit oor die wenslikheid van blootstelling. Dit kan kortliks soos volg opgesom word:

- ☐ Persone met 'n geskiedenis van ernstige fisiese, emosionele en geestelike benadeling deur geweld en/of molestering, met 'n tipiese simptomatologie van veranderings in affek, in bewussynsvlakke, in selfbeeld, in die siening van die oortreder/molesteerder, in verhoudings, en in sinsbelewing.

- ☐ Tipiese simptome soos byvoorbeeld kroniese angs, preokkupasie met selfmoord, woedeuitbarstings, depressie, geheueverlies, kortstondige dissosiatiewe episodes, gevoelens van hulpeloosheid, skaamte, skuld, selfblaam, preokkupasie met die oortreder, rasionalisasie, onderbreking van intieme verhoudings, sosiale en emosionele ontrekking, hopeloosheid, wanhoop, verlies aan volhoubare geloof en selfmoordgedagtes.

- ☐ Navorsers wys op die "verswarende" omstandighede van die simptomatologie van gekompliseerde trauma wat meer kompleks, diffuus en volhardend is as posttraumatiese

stresversteuring (PTSD), en gepaard gaan met karakteristieke persoonlikheidsveranderinge, wat insluit die deformasie van verhoudings en identiteit, en groter kwesbaarheid vir herhaalde mishandeling (par. 5.1.8.2: 153).

- Die posisie van die kinderhuiskind word nog verder verswak deur beduidende blootstelling aan herhaalde mislukte pleegplasings, wat kroniese wantroue in die hand werk en die behandelingsplan/terapie ernstig vertraag as gevolg van onder andere die verdere verswakking van kinders se verhoudingsbou-kapasiteite.

- Slagoffers is op hulle hoede vir gesagsfigure, en ervaar ernstige en kroniese probleme om in verhoudings veilig te voel. Interpersoonlike behoedsaamheid / versigtigheid en die doelbewuste skep van afstand belemmer die terapeutiese ideaal van genesende verhoudings.

Terwyl daar beduidende onsekerheid bestaan oor die wenslikheid om die driefasebenadering as sodanig en ook ongetoets te implementeer, soos dit byvoorbeeld geld vir die berading van persone met klassieke trauma en posttraumatiese stresversteuring (PTSD), word aanbeveel dat elke situasie op sy eie meriete beoordeel word. Angs kan byvoorbeeld so 'n oorheersende rol begin speel dat dit daartoe kan lei dat die beradene óf die terapie termineer óf in ou emosionele patrone en denkwyses verval óf dissosieer, wat 'n kritiese impak op berading kan hê omdat beradenes dan nie emosioneel beskikbaar is vir die interaktiewe werk van terapie nie. Die noodverhaal sal dan die invalshoek bly en 'n groter terapeutiese funksie vervul as wat aanvanklik beplan was.

- **Die noodverhaal (hoofstuk 4: 134)**

Die noodverhaal bestaan uit meer as een faset. In fase 1 sal die beradene sekerlik wel vertel waarom hy hulp soek. Die noodverhaal is reeds 'n eerste verledeverhaal, 'n verhaal binne 'n verhaal - maar die eerste verhaal van die slagoffer in die eerste onderhoud, kan as 'n noodverhaal binne die noodverhaal gesien word. Die berader sit nie net gereed om probleme so gou as moontlik opgelos te kry nie.

Die noodverhaal wat nie net uit baie fasette bestaan nie, maar ook oor meer as een onderhoud ontvou, moet met deernis "uitgeluister" word - en in die proses moet die slagoffer ondersteun word deur liefdevolle kommunikasie van die liefde van God en die ontferming en vertroosting van Christus. Die pastorale berader moet met respek en ontsag na die storie van nood luister.

Dit is nie sý storie nie.

Die berader is ook in die aanvangstadium van fase 2 nie in 'n posisie om te interpreteer nie. 'n Kind, byvoorbeeld, wat sy storie van nood vertel, moet nié kort-kort deur die volwasse terapeut onderbreek

word met sogenaamde korreksies om die slagoffer óf te berispe óf met gerusstellings om hom beter te laat voel nie. Dit wat 'n gemolesteerde kind byvoorbeeld as sý besitting het - wat niemand van hom kan wegvat nie - is sý storie van nood.

Larry Crabb sê dat 'n baie eenvoudige Gees-gesentreerde beginsel vir die noodverhaal geld:

> *No self-serving agenda,*
> *no points to make,*
> *no jobs to do,*
> *just being,*
> *with holy passion*
> *and spritual wisdom* (cf. hoofstuk 4: 142; en par. 4.6.5.4: 140-142):

Die pastorale berader moet 'n kind deur *waarom-vrae* en *wat-vrae* help om sý verhaal te vertel. Waarom-vrae help om die betekenisse wat hy aan gebeure heg, te verwoord, byvoorbeeld: Waarom het die polisie saam met die maatskaplike werker in die middel van die nag opgedaag om hom en sy sussie te verwyder? Hy moet die geleentheid kry om self die betekenis wat die gebeure vir hom het, te verwoord. Die wat-vrae help om 'n stukkie werklikheid in die verhaal ingebou te kry, byvoorbeeld: Wat het gebeur net nadat die polisie die deur van julle kamer wat toegesluit was, oopgebreek het?

Verhale maak deure oop:

- ☐ Daar moet nie te gou by *storymaking* uitgekom word voor die *storytelling* nie eers genoeg aandag geniet het nie. Die beste houding vir die pastorale berader in dié fase is 'n *not knowing*-posisie (par. 4.6.4.2: 132) om reg te laat geskied aan die noodverhaal.

- **Die verledeverhaal (hoofstuk 4: 134)**

Die rede vir die noukeurige aandag aan die noodverhaal is die plek van verhale in terapie: die noodverhaal maak deure oop na die verledeverhaal en die verledeverhaal maak deure oop na 'n beter toekomsverhaal. Die verledeverhaal maak veral voorsiening vir die verskillende fasette van die nood, byvoorbeeld 'n vader wat 'n dogter gemolesteer het (faset 1), 'n moeder wat wegkyk en nie die kind beskerm nie (faset 2) en maatjies wat kom kuier het, wat by die molestering betrek is (faset 3). Dit is die verledeverhaal wat al die paaie toegemaak het.

- **Die hervertelde verledeverhaal (hoofstuk 4: 135)**

Die interpretasie van die verledeverhaal begin deure oopmaak na 'n verbeelde toekomsverhaal. Mense se identiteit word versterk deur 'n positiewe herformulering van die lewensverhaal. Mense moet gehelp kan

word om deur eksternalisering van hulle probleme, saam met die terapeut, anders na hulle probleme te kyk - en dit van buite af te bespreek asof dit nie hulle probleme is nie. Op die manier kyk slagoffers meer objektief na hulleself en na ander mense wat deel van hulle was - en na die oortreder(s).

- **Die rol van dissosiasie (hoofstuk 5: 186-187)**

Dissosiasie is vir slagoffers 'n manier om sekere aspekte van hul traumatiese ervarings af te splits, en die groter sisteem (byvoorbeeld die normale geheue en die van dag tot dag belewenisse) te isoleer van sekere kennis, emosies, en sensoriese en somatiese ervarings, van gebeure wat hulle as negatief ervaar (het). Kronies getraumatiseerde slagoffers ervaar beduidende vlakke van dissosiasie wat kan wissel van kroniese vergeetagtigheid tot geheueverlies. Dit het 'n belangrike impak op behandeling omdat slagoffers wat dissosieer nie emosioneel beskikbaar is vir terapie nie.

- **Die rouproses (hoofstuk 5:187)**

Judith Herman onderstreep die feit dat trauma, in enige vorm, nie losgemaak kan word van verlies nie. Indien 'n beradene deur die noodverhaal uiteindelik al die fasette van die komplekse verlede oopgebreek het, en hy die verhaal van trauma kan integreer in sy lewensverhaal - as deel van sy verhaal waarvoor hy verantwoordelikheid neem - moet daar vir hom die geleentheid wees om te rou oor die verliese van die verlede. Die noodverhaal en die verledeverhaal skep die platform vir die rouproses. In die verledeverhaal kry die slagoffer die geleentheid om oor sy verliese te praat en te rou - teen die pas waarop hy besluit en met die verstandhouding dat hyself besluit waaroor hý wil rou.

Terwyl pastorale berading van die kinderhuiskind met gekompliseerde trauma egter nié die verledeverhaal ten volle in fase 2 sal kan akkommodeer nie, moet die rouproses so bestuur word dat die kind ten minste met sy lewe kan aangaan en die geleenthede wat hom gebied word, kan benut om fisies, emosioneel en geestelik te groei. In latere stadia van sy volwasse lewe kan hy baat vind by verdere terapie, en sy verledeverhaal vertel en die rouproses afhandel. Alleen dán sal hy 'n herverbintenis kan maak tot 'n lewe van oorvloed, los van al die na-skokke van gekompliseerde trauma, en iets begin herwin van die lewe wat hy verloor het:

- Hy kan dan sy aandag fokus op 'n nuwe wêreld van verhoudings.

### 7.5.2.4 Fase 3: Herverbintenis tot lewe in oorvloed (par. Par. 5.3.2.6: 189)

Los van al die na-skokke van kroniese trauma kan daar nou aandag gegee word aan die wêreld van verhoudings. Nuwe fokuspunte van 'n skoolloopbaan, vriendskappe, en godsdienstige en

ontspanningsaktiwiteite en stokperdjies kan ontwikkel word op wyses wat vantevore onmoontlik was.

- **Nuwe verbintenisse**

Dit is nou die tyd vir die slagoffer om betrokke te raak by 'n lewe wat hy verloor het. Hy moet sy wêreld herontdek, ook dié deel wat nooit bestaan het nie. Dit is nou die tyd vir take soos die volgende:

- ☐ Herverbintenisse met ou vriende.
- ☐ Persoonlikheids- en vaardigheidsontwikkeling.
- ☐ Buitemuurse betrokkenheid.

### 7.5.2.5 Gevolgtrekking

Die fasebenadering skep vir die berader 'n bepaalde terapeutiese struktuur vir berading. Die aanwending van hierdie struktuur berus nie net op ervaring of bruikbaarheid nie. Dit sluit aan by die struktuur van die klaaglied in die Ou Testament en die verlossingsfeite in die bedieningsverhale van Jesus, onder andere in Markus 5:25-34.

Dit bied aan 'n beradene die geleentheid om in die terapeutiese verhouding te groei van klag tot lof - deur 'n proses van beveiliging en stabilisering, die vertel van die noodverhaal en die verledeverhaal, die verwerking van traumatiese herinnering en rou - en 'n herverbintenis tot 'n nuwe lewe in oorvloed:

- ☐ Dit is 'n demonstrasie van die krag van Jesus as teken van God se heerskappy van hoop (par. 3.3.2.7:82).

## 7.6 AANBEVELING TEN OPSIGTE VAN ABRAHAM KRIELKINDERHUIS, POTCHEFSTROOM

Vir die situasie by die Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom word 'n vierfasebenadering aanbeveel vir pastorale berading van kinders met gekompliseerde trauma:

- [ ] **Fase 1: Voor-fase**

Dit word aanbeveel dat die kinderhuis reeds betrokke raak by die verwydering van die kind uit sy ouers/voogde se sorg. Dit sal beteken dat die kinderhuis reeds voor die aanvang van die kinderhofverrigtinge geraadpleeg sal word met die oog op 'n plasing. Die terapeutiese span van die kinderhuis behoort dan betrokke te wees by die situasie - en dit word aanbeveel dat die pastorale berader minstens vir een sessie by die betrokke kind(ers) betrokke sal raak in die kind(ers) se tuisomgewing. Die in ontvangs neem van die kind(ers) in die tuisomgewing, sowel as die ontvangs van die kind by die kinderhuis moet in samewerking met die gesinsorganisasie geskied.

Die kind(ers) moet tydens die eerste beradingsessie deur die pastorale berader voorberei word op die verwydering, en ook voorsien word van die nodige inligting met betrekking tot die kinderhuisomgewing. Dit is verder van groot belang dat die kind emosioneel ondersteun sal word en gehelp sal word om steeds in kontak met die werklikheid te wees.

- [ ] **Fase 2: Veiligheid en stabiliteit**

Die kinderhuis se program moet voorsiening maak vir gereelde beradingsessies, ten minste vier maal per jaar. Hierdie sessies moet afgewissel word op 'n basis van voor 'n tuisbesoek en ná 'n tuisbesoek.

Fase 1 fokus op veiligheid en stabiliteit in die kinderhuis, dit wil sê in die betrokke afdelings, in samewerking met die kinderversorgers; in die skool, in samewerking met die onderwyspersoneel; op die kinderhuisterrein, in samewerking met die prefekte; en Sondae in die kategeseskool. Kinders moet instaat gestel word om 'n perspektief te ontwikkel dat hulle met hulle lewe kan aangaan. Dit sluit aan by fase 3.

- [ ] **Fase 3: Noodverhaal**

In fase 3 word gefokus op die noodverhaal. Die beradene moet die geleentheid gegee word om sy noodverhaal so goed as moontlik te vertel. Kinders moet ook gehelp word om die noodverhaal as deel van hulle hele lewensverhaal te integreer. Fase 3 sal 'n mediumtermyndoelwit wees wat vir ten minste twee tot drie jaar vooruit beplan sal word. Die kind se verhaal sal voortdurend aangepas word namate sy omstandighede verander.

- **Fase 4: Bestuur van emosies**

Fase 4 is deel van 'n langtermynbeplanning, en fokus veral op die hulp aan kinders ten opsigte van die bestuur van hul emosies. Die doelstelling van hierdie fase is om kinders in staat te stel om met die minste angs hulle skoolopleiding te voltooi en om oor die vermoë te beskik om met 'n mate van sinvolheid hulle lewens te beplan. Van die belangrikste emosies wat kinders in die kinderhuis se lewens kan ontwrig, is angs, kroniese rusteloosheid, depressie, selfmoordpre-okkupasie, selfbeserings, woede en gesekulariseerde gedrag.

Slagoffers moet in die eerste fase van herstel geleer word hoe om vir hulle eie emosies en gedragspatrone, wat dikwels ook aangeleerde gedrag is, verantwoordelikheid te neem. Die aanleer van nuwe gedragspatrone is een van die doelwitte van hierdie fase. Kinders het tydens die trauma geleer om hulle van hul liggaamsreaksies te distansieer, en sal daarom beperkte kennis hê van wat om te doen as hulle ontsteld of beangs raak.

Nuwe kapasiteite om emosies te hanteer moet gevolglik aangeleer word.

## 7.7 SAMEVATTING

Hoofstuk 7, 'n praktykgerigte model vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma, is vanuit verskillende invalshoeke benader:

- vanuit 'n eksegetiese invalshoek,
- vanuit 'n pastorale invalshoek, en
- vanuit 'n meta-teoretiese invalshoek.

In die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma moet daar veral met die volgende vier grondliggende beginsels rekening gehou word:

- Dit gaan basies om God en sy koninkryk.

- Dit gaan om God se koninkryk wat 'n verlossende heerskappy deur geloof is.

- Verder gaan dit om die deurslaggewende funksie van God se woord in mense se lewens.

- Laastens gaan dit om die heil in Christus, dit is die bemiddeling van die vertroosting, die onderrig, die bemoediging en die ondersteuning van Christus deur die Heilige Gees.

Beradenes moet van een saak seker wees:

- *God gebruik elke ding wat in ons lewe gebeur om sy doel te bereik. Vir ons wat vir God liefhet, werk alles tot ons beswil uit* (Rom 8:16 en 28).

Pastorale berading benader die mens as mens van God. Die mens is beelddraer van God – ook iemand met 'n unieke bestaan, en in wese van God alleen afhanklik met 'n bestaansbestemming wat slegs uit sy verhouding tot God geïnterpreteer kan word.

Die mens word verder benader as 'n eenheidswese, met liggaam, siel en gees wat onderskei maar nie geskei kan word nie. Laastens is die mens as unieke skepping van God 'n verhoudingswese met 'n toekoms wat aan God behoort.

Gekompliseerde trauma word omskryf as die ervaring van veelvuldige en/of veelsoortige, kroniese en langdurige en/of verlengde, ontwikkeling-ongunstige (*developmentally adverse*) nadelige traumatiese gebeure. Hierdie gebeure is meestal van interpersoonlike aard, byvoorbeeld seksuele en/of fisiese mishandeling en/of gesinsgeweld, met 'n oorsprong in die vroeë kinderjare, wat dikwels in dieselfde omgewing plaasvind waarbinne die kind meeste van sy tyd deurbring, tipies binne die omgewing van sy ouerhuis of skool wat veronderstel is om vir die kind 'n veilige hawe te wees. Verder het dit 'n tipiese simptomatologie wat kronies van aard is.

Gekompliseerde trauma word uitgeken aan sewe diagnostiese kriteria:

- 'n Geskiedenis van trauma, veral fisiese, emosionele en seksuele mishandeling.

- Veranderinge in affek.

- Veranderinge in bewussynsvlakke.

- Veranderinge in selfbeelding.

- Veranderinge in die beeld van die molesteerder.

- Veranderinge in verhoudings.

- Veranderinge in sinsbelewing.

Die empiriese navorsing bevestig dat kinders van Abraham Krielkinderhuis uit hulle ouerhuise verwyder is omdat hulle aan en of ander vorm van langtermynmishandeling en/of -verwaarlosing blootgestel was, met name fisiese mishandeling en/of emosionele mishandeling en/of seksuele mishandeling en/of emosionele verwaarlosing en/of fisiese verwaarlosing.

Die empiriese navorsing dui verder daarop dat minstens 75% van die kinders in die kinderhuis gekompliseerde trauma het.

In die formulering van riglyne vir 'n praktykgerigte model vir die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma sal daar, spesifiek in die lig van die komplekse aard van die sindroom, 'n eklektiese benadering gevolg moet word.

Die driefasebenadering word gevolg, met 'n fokus op stabilisasie, prosessering (van traumatiese geheue) en rou, en herintegrasie.

Psalm 22: 'n klaaglied van die enkeling, is 'n goeie voorbeeld van 'n Bybelse terapeutiese struktuur, geskoei op die volgende fasebenadering:

- 'n Klagte.

- 'n Vertrouensuitspraak.

- 'n Beskrywing van persoonlike leed.

- 'n Dringende smeekgebed.

- 'n Gebedsverhoring.

- 'n Lofprysing.

Die Bybelse beginsels vir die klaaglied bevestig vier belangrike lesse vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma:

- Vlug na God toe in 'n noodsituasie en nie weg van Hom af nie.

- Vertroue maak nuwe perspektiewe oop op nood tydens 'n noodsituasie.

- Vertrou God daadwerklik.

- As God vertrou word, verander klag in lof.

Die sleutel tot verandering binne 'n terapeutiese situasie is verhoudings. Ook binne die Nuwe Testament word 'n persoonlike benadering deurgaans gevolg:

- In 1 Tess 5:14 word dit gelowiges op die hart gedruk om mekaar met pastorale berading by te staan. Dit word deur verskeie ander Skrifgedeeltes bevestig, met die nadruk op die bemiddeling van troos en hulpverlening, binne die perspektief van geloof, hoop en liefde.

In die terapeutiese geloofsverhouding funksioneer die gebed

- as gebed van nood,
- as gebed van smeking en
- as gebed van lofprysing.

| |
|---|
| God laat alles ten goede uitwerk - en in Christus is mense meer as oorwinnaars deur God se bestemming vir hulle lewens. |

Fase 1 van die beradingsproses fokus op veiligheid en stabiliteit as voorvereiste vir enige ander terapeutiese werk met slagoffers van gekompliseerde trauma. Dit weerspieël die ontferming van God as teken van sy opofferende liefde.

Die doelwitte van fase 1 is naas beskerming/beveiliging ook gefokus op die volgende aspekte:

- Psigo-opvoeding.

- Die omsien na die fisiese welstand van slagoffers.

- Die bou van 'n vertrouensverhouding.
- Krisingryping.
- Die bemagtiging van die slagoffer om vir sy eie emosies en herstel verantwoordelikheid te neem.
- Die inskakeling by ondersteuningsnetwerk.
- Stabilisasie.

In fase 2 van die beradingsproses gaan dit om die eksplorering van die traumatiese geheue met die uiteindelike doelstelling van die integrering van die traumatiese geheue in 'n samehangende lewensverhaal van die slagoffer.

Die doelwitte van fase 2 word soos volg geformuleer:

- Die rekonstruksie van die traumatiese verhaal.
- Die prosessering van die traumatiese geheue.
- Rou oor verliese.

In die middelfase van berading moet die slagoffer instaat gestel word om sy lewensverhaal te vertel, wat begin met die noodverhaal. Die slagoffer se kapasiteit vir emosionele blootstelling moet in ag geneem word, gesien die kompleksiteit van die diagnostiese profiel van persone met gekompliseerde trauma en die neiging tot dissosiasie.

Die noodverhaal speel 'n deurslaggewende rol as platform vir die verledeverhaal, naamlik die rouproses. Larry Crabb maak die stelling dat egtheid 'n deurslaggewende rol speel in pastorale berading - en dat 'n baie eenvoudige gees-gesentreerde beginsel vir die noodverhaal geld, naamlik die heilige passie en Goddelike wysheid.

Fase 3 verteenwoordig die herverbintenis tot lewe in oorvloed, waarin nuwe verbintenisse aangegaan word.

Vir Krielkinderhuis, Potchefstroom, word 'n aangepaste vierfasebenadering voorgestel:

- 'n Voorbereidende voorfase.
- Veiligheid en stabiliteit.
- Die noodverhaal, wat dan kan lei tot die integrasie van dié verhaal in sy lewensverhaal.
- Die bestuur van emosies en uiteindelike voorbereiding op 'n lewe ná die kinderhuis.

# HOOFSTUK 8

# BEVINDINGE

Die navorsing oor die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma, is in ses hoofstukke ontwikkel, wat die inleidende hoofstuk insluit.

Psigiese trauma is voorlopig in die inleidende hoofstuk omskryf as 'n emosionele staat van ongemak en stres wat voortspruit uit herinneringe aan 'n buitengewone, katastrofiese ervaring - met moontlike vroeëre gedagtes by hierdie individu dat hy pyn en leed sal vryspring, wat deur hierdie ervaring verpletter is. Gekompliseerde trauma is voorlopig omskryf as 'n ingewikkelde sindroom wat verband hou met 'n spektrum van posttraumatiese versteurings wat volg op intense, langdurige en herhaalde trauma. Pastorale berading is voorlopig omskryf as 'n probleemgesentreerde asook gestruktureerde vorm van hulpverlening en gespreksterapie binne 'n helpende verhouding van wedersydse vertroue. Dit geskied met die oog op 'n professionele hantering van persone se probleme, en konstruktiewe geloofsgroei en vernuwing, gegrond op die versoeningswerk van Jesus Christus, soos geopenbaar in die Heilige Skrif. Pastorale beraad is dus daarop ingestel om die teorie rondom die terapeutiese hantering van menswees en persoonlikheid binne die raamwerk van die gemeenskap van die gelowiges toe te pas.

## 8.1 BASISTEORIE

Praktiese teologie word gedefinieer as 'n handelingswetenskap wat gerig is op die empiriese teologiese teorie van die bemiddeling van die Christelike geloof in die praksis van die (moderne) samelewing. 'n Keuse is gemaak vir die proses van wetenskaplike ondersoek volgens die basiese model van Zerfass. Die Skrif is die kenbron van die basisteorie - en dien as instrument in pastorale begeleiding en berading.

Die Evangelie is 'n krag van God tot redding.

In die praktiese teologie gaan dit in die breedste sin van die woord om die funksionering van die Christelike geloofsgemeenskap met die oog op die effektiewe kommunikasie van die evangelie. Die pastoraat wil die troos in Christus so vertolk dat God se sorg 'n sin-horison ontsluit wat aanleiding gee tot hoop vir mense in krisis. Sonde en beproewings is nie die wil van God nie - tog gee God uitkoms.

Daarom kan daar blydskap by gelowiges wees wanneer allerlei beproewings oor hulle kom.

Die ontwerp van 'n teologiese antropologie vir pastorale begeleiding en berading fokus dan op die mens van God as beeld en gelykenis van God.

Die mens se belewing van gekompliseerde trauma word aangrypend in Ps 22:2 uitgebeeld met die klem op God wat gebed verhoor. Die mens se emosies kom telkens in die Skrif aan die orde en die rol van die Psalms in dié verband is uniek as boek van menslike emosies. Die kernvers van Ps 22 (22b) verteenwoordig die tipiese struktuur van die klaaglied, naamlik van klag tot lof. Dit vervul die funksie van 'n mens se aanspraak op God in 'n situasie van nood en beproewing. God verbind Hom in heiligheid en trou aan sy volk. Hy verhoor gebede en verlos. So leer hy gelowiges om op Hom alleen te vertrou.

Die Here kán vertrou word in lyding. Hy is die betroubare God wat uitkoms gee op sy tyd. Daarom is gebedsverhoring ook so onverwags.

Die klaagpsalms het in die erediens sy oorsprong en het verband gehou met die reddingsdade van God in die heilsgeskiedenis van die verbondsvolk. Sekerheid oor persoonlike redding is gebaseer op deelname aan die erediens en verlossing in die verlede. Redding lei tot lofprysing - en het wêreldwye implikasies.

Gebed en smeking is die sleutel tot uitkoms. Daar moet volhardend op die Here gewag word.

Die hoop wat aan die mens met gekompliseerde trauma verkondig word, het reeds gedeeltelik in Ps 22 ter sprake gekom. Die eksegese van Mark 5:25-34 belig vanuit die Nuwe Testament die inhoud van die hoop. Die verhaal van *Die vrou met die bloedvloeiing* in Mark 5:25-34 is 'n demonstrasie van die krag van God as teken van die koninkryk van God wat naby gekom het.

Die hoop word as koninkryksgawe aan die mens met gekompliseerde trauma verkondig.

Mark 5:25-34 werp veral lig op die realisering van die koninkryk van God in die bediening van Jesus. Dit vertel die verhaal van 'n siek vrou wat van Jesus gehoor het - en op grond waarvan sy gelowig/met vertroue aan sy klere geraak het. Haar onmiddellike genesing word deur Jesus bevestig in sy verklaring dat haar geloof haar gered het.

Hy gee aan haar genesing en vrede - en haar lewe terug.

God se verlossende heerskappy is 'n werklikheid in Jesus se persoon én in sy optrede. Die reaksie wat God van mense verwag as hulle die boodskap van sy koninkryk wat naby gekom het, hoor, is dat hulle hul hele lewe moet heroriënteer in die lig van die goeie nuus.

Die vrou het haar hele donker verlede van lyding en beproewing aan Jesus oorgegee:

- Sy raak Jesus aan in vertroue dat Hy red (genees).
- Jesus bevestig haar geloof.
- Hy red haar deur sy krag.

Mense moet glo om gered te word. God red ‘n vrou wat in vertroue na Jesus toe gekom het. Hy maak haar gesond en gee haar lewe vir haar terug. Hy stuur haar gesond weg - in vrede, met die opdrag om voluit te gaan leef sonder enige van die fisiese, emosionele en geestelike belemmerings van die verlede. Sy tree in ‘n herstelde verhouding met God ‘n splinternuwe lewenshoedanigheid binne. Jesus red mense wat die einde van hulle pad bereik het - en bereid is om Hom te vertrou - en saam met Hom ‘n nuwe toekomspad te loop.

Pastorale berading word omskryf as ‘n probleemgesentreerde en gestruktureerde vorm van professionele pastorale hulpverlening wat beoog om deur beïnvloeding, verandering, en insig, groei en herstel/vernuwing/heling te weeg te bring. Geloofsgroei en sinsontdekking word as 'n primêre doelwit van pastorale berading nagestreef, eerstens met die oog op die ontwikkeling van beradenes se menswees, en tweedens om hulle te help om self spesifieke persoonlike probleme te hanteer en op te los. Christelike spiritualiteit is ‘n baie spesifieke tipe van Godservaring wat geloofsgroei en barmhartigheid insluit.

Die fokus in dié studie val op pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma – ‘n ingewikkelde sindroom wat verband hou met 'n spektrum van posttraumatiese versteurings wat normaalweg volg op intense, langdurige en herhaalde trauma. ‘n Verwarde of verdraaide Godsvoorstelling is dikwels aan die orde by beradenes met gekompliseerde trauma.

Suid-Afrika is ‘n buitengewoon gewelddadige gemeenskap. Ook kerke kry al meer te doen met gekompliseerde trauma soos gesinsgeweld, kindermishandeling en -molestering. Dit is belangrik dat kerkleiers en Christelike beraders hulself deeglik sal vergewis van die onrusbarende verskynsel van geweld in Suid-Afrika - en die hoë voorkoms van gesinsgeweld met gepaardgaande gekompliseerde trauma.

Pastorale dialoog is essensieel vir die bou van ‘n Christelike gemeenskap asook die vorming van gewone menslike gemeenskappe. Dit vind binne verhoudinge plaas, is daarop ingestel is om iets gemeenskapliks met mekaar te deel, is gerig op verandering en word gesien as deel van die uiteindelike oplossing vir gekompliseerde trauma. Gespesialiseerde pastorale bediening is ‘n dienswerk in die Naam van Jesus Christus waar een persoon ‘n ander help om sy probleme met die nodige insig self op te los in

ooreenstemming met die Woord van God. Dit verskaf bemoediging en leiding aan mense wat verliese en teleurstellings in die gesig staar en wat hulle lewens weer aan die gang wil kry.
Verskillende aspekte van Christelike berading word belig deur die Skrif. 'n Sleutelteks vir pastorale berading is 1 Tess 5:14b. Gelowiges word basies versoek om met geduld na mekaar om te sien deur berading as teregwysing, bemoediging en hulp. Met betrekking tot 'n tema soos gekompliseerde trauma is daar dan ook besonder toepaslike insigte wat vanuit 1 Tess 5:14 na vore kom.

Die eerste Griekse werkwoord van belang is *παρακαλέω* - en handel oor die kommunikasie van die heil deur pastorale berading. Dié werkwoord word verder gebruik vir vertroosting in liefde. Van belang vir die beradingsproses is ook die verband tussen παρακαλέω en *παράκλητος*. Laasgenoemde is 'n eienaam van die Heilige Gees, die bemiddelaar van die heil in Christus, die groot Hoëpriester wat met mense se swakhede medelye het. Liefde, geloof en hoop, is onlosmaaklik deel van pastorale berading. Daarom kan Christelike berading ook nie apart funksioneer van gebed as die sleutel van hoop nie. Die term *παρακαλέω* laat op 'n besondere wyse reg geskied aan die inhoud en styl van die pastorale troosfunksie en sorghandelinge en is niks anders as liefde in aksie deur Christelike berading nie. Daar is geen noodsituasie in die lewe van kinders van die Here waarin Hy nie in beheer bly en hulle toekomsbestemming nie in Sy hand is nie. Die aard van Paulus se traumatiese ervaringe word opgesom deur die slagskaap-metafoor wat op 'n besondere wyse van toepassing gemaak kan word op gekompliseerde trauma. Dit verwys na uiterste weerloosheid en uitgelewerdheid aan wrede mense - met 'n doodsvonnis wat daagliks oor sy kop gehang het. In Christus ervaar mense egter selfs ook onder sulke omstandighede innerlike sekuriteit omdat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet.

'n Tweede term van belang is *νουθετέω*. Die klem val hier op onderlinge vermaning. Met betrekking tot Christelike berading val die fokus veral op persoonlike verandering asook gedragsveranderinge.

Die derde Griekse werkwoord is *παραμυθέομαι*. Dit word in Afrikaans vertaal met bemoedig of om iemand te vertroos. Dié werkwoord kan ook slaan op hulpverlening.

Die vierde term is ἀντέχομαι. Dit gee aan pastorale berading die dimensie van ondersteuningshulp.

'n Laaste term van belang vir Christelike berading is *μακροθυμέω*. In Afrikaans word dit met lankmoedigheid en geduld vertaal. Heb 6:15 leer gelowiges om geduld te hê ten spyte van moeilikhede, en om só die oorwinning te behaal.

In 1 Tess 5:14 word daar dan na twee groepe persone wat probleme ervaar, verwys:

- ☐ Die kleinmoediges ('n term wat dui op 'n negatiewe houding of emosies by mense wat moed

verloor het en nie kans sien vir die lewe nie). Dit slaan waarskynlik op 'n groep mense binne die Christelike gemeenskap wat negatief of selfs vreesbevange was oor die uitdagings van Christenskap in 'n heidense omgewing.

- Die swakkes dui op enige persoon wat nie oor die fisiese en/of psigiese en/of geestelike kapasiteit beskik om op daaglikse basis self in eie fisiese en/of emosionele en/of geestelike behoeftes te voorsien nie. Gemeentes het gevolglik die roeping om deur pastorale berading sulke persone te bemoedig, te ondersteun, en te help en te begelei tot geestelike groei en vernuwing. Persone wat worstel met gekompliseerde trauma sou in verskeie opsigte onder hierdie kategorie kon ressorteer.

Jesus wat uit liefde vir God vrywillig afstand gedoen het van sy bestaan op Godgelyke wyse, het vir mense se sondes gesterf. Hy is verheerlik by God (sit aan sy regterhand) en tree vir mense in by sy Vader. Jesus alleen kan die mens se mees kritiese eksistensiële behoeftes genees – waarby gekompliseerde trauma dan ook ingesluit is.

Pastorale berading wil die mens as skepsel van God verander in 'n nuwe mens met die oog daarop dat hy as 'n nuwe mens elke dag sinvol en gelowig vanuit die Christelike hoop kan leef. Dit geld vir alle pastorale probleme. Pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma fokus in Christus onder andere op die moontlikhede van sinvolle lewe, identiteit, aanvaarding, sekuriteit en betekenisvolheid. Dit blyk verder dat die doelwitte van pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma vinniger bereik kan word indien beradenes hul identiteit in Christus vind - en in vryheid (in Christus) die regte keuses kan maak.

Pastorale terapie aan persone met gekompliseerde trauma is daarop gefokus om beradenes te begelei tot 'n nuwe geborgenheid in Christus. Met die oog op die spesiale eksistensiële behoeftes van persone met gekompliseerde trauma (soos byvoorbeeld sekuriteit, aanvaarding, identiteit, betekenisvolheid en 'n sinvolle lewe) word tegnieke soos luister, vraagstelling, bemoediging en gerusstelling binne 'n klimaat van vertroue as krities belangrik beskou.

Die beginsels wat oor die algemeen toegepas word in lydenspastoraat gee aan die persoon met gekompliseerde trauma die unieke geleentheid om sy (bestaans)nood op 'n Skriftuurlike en gestruktureerde wyse voor die Here te bring in die klagformule (cf. byvoorbeeld Ps 22:2-3 en Job 3:1).

Lydenspastoraat bied 'n unieke model om beradenes met gekompliseerde trauma te help met die dikwels oënskynlike sinlose verband tussen God en lyding. Tweedens bied dit ook die geleentheid om Jesus Christus sakramenteel in die gesprek teenwoordig te stel. Die Klaagpsalms kan verder ook dien as 'n teken van hoop, as deel van die lydenspastoraat, terwyl die klagformule ook gebruik kan word as 'n

instrument om emosionele pyn aan God te kommunikeer. Dit alles kan gebeur omdat die klag voortvloei uit 'n basiese vertroue op God.

Gelowiges het 'n adres vir hulle lyding en Iemand wat omgee.

Die lydenspastoraat kan persone met gekompliseerde trauma help om hulle pyn op 'n eerlike wyse aan God te kommunikeer en hoop te vind. Die beginsels van die verhalende pastorale gespreksvoering bied aan beradenes met gekompliseerde trauma die geleentheid om hulle verhale te vertel in 'n beradingsituasie waar die berader en die beradene op gelyke en vrye kommunikasie ingestel is. Die verhalende pastoraat werk met die formule dat uit vier verhale, die noodverhaal, die verledeverhaal, die verduisterde toekomsverhaal en die hervertelde verledeverhaal, daar weer rigting in beradenes se lewens kan kom. Die verbeelde toekomsverhaal as laaste fase van die verhalende pastoraat sal in pas moet wees met die realistiese hoop van die evangelie, wat Jesus se eie verledeverhaal van vergifnis en hoop insluit.

Die beginsels van die gees-gesentreerde gespreksbenadering bied aan die berader en beradene die geleentheid om die "eerste dinge" eerste te stel. Dit impliseer eerstens dat die pastorale berader, wat die Gees van God in sy binneste het, met die krag van hierdie Gees ('n bonatuurlike krag) inspreek in mense se lewens. Tweedens beteken dit dat die beradene toelaat dat die heilige passie van die Gees van God in sy lewe vrygestel word.

Beradenes moet ín lyding groei na God toe - en glo dat die pad van genesing dan eers begin het.

## 8.2 METATEORIE

Judith Herman, 'n Amerikaanse psigiater, het 'n dekade gelede begin met baanbrekerswerk met betrekking tot die teorie en behandeling van gekompliseerde trauma. Sy het besonder klem gelê op die feit dat trauma die beste verstaan kan word as 'n spektrum van toestande eerder as 'n enkele versteuring - en staan 'n drie-deling van 'n kort stresreaksie, (wat sy gewone trauma noem), klassieke PTSD en komplekse PTSD voor. Herman se navorsing sluit aan by verskeie ander navorsers in die psigiatriese veld - en haar volgende omskrywing van gekompliseerde trauma geniet wye aanvaarding:

- Gekompliseerde trauma is 'n sindroom wat volg op intense, langdurige en herhaalde trauma.

Hierdie navorsing het deel geword van 'n ondersoek na die insluiting van die sindroom van gekompliseerde trauma in die DSM, in onderskeiding van die sindroom van PTSD wat reeds vanaf die

derde uitgawe (DSM-III) ingesluit was. Die voorgestelde naam vir gekompliseerde trauma vir die volgende uitgawe van DSM is: Versteuring van Ekstreme stres nie andersins vermeld nie (of DESNOS: *Disorder of extreme stress not otherwise specified*).
Die kenmerkende kriteria vir DESNOS is die geskiedenis van die totalitêre beheer/staat van langdurige gevangenskap, veranderinge in affek, bewussynsvlakke, selfkonsep, die persepsie van die oortreder, interpersoonlike verhoudings en in sinsbelewing.

Kliniese observasies identifiseer hoofsaaklik drie areas van versteuring wat verskil van gewone PTSD: simptomaties, karakterologies en groter persoonlike kwesbaarheid. Die simptomatiese gevolge van langtermynviktimisasie is eerstens 'n veelvuldigheid van simptome, met somatisering, dissosiasie en affektiewe veranderings wat sterk op die voorgrond staan. Patologiese persoonlikheidsveranderinge, patologiese veranderinge in identiteit en kwesbaarheid vir herhaalde mishandeling is verder tipies van gekompliseerde trauma. Navorsing oor DESNOS kom tot die bevinding dat daar uitgebreide empiriese ondersteuning is vir die verskynsel van gekompliseerde, posttraumatiese stresversteuring in slagoffers van langdurige, herhaalde viktimisasie.

Daar bestaan genoegsame bewyse dat die bestaande diagnostiese kriteria vir PTSD nie voldoende is vir gekompliseerde trauma nie. Die konsep van PTSD moet uitgebrei word om 'n spektrum of drie-deling van versteurings in te sluit - wat wissel van kort, tydbepaalde stres reaksie van 'n (enkele) akute trauma, tot gewone PTSD, tot die komplekse versteuring van DES (*Disorders of Extreme Stress*) of DESNOS (*Disorders of Extreme Stress Not Ontherwise* Mentioned). Beide DES en DESNOS is versteurings wat volg op langdurige blootstelling aan herhaalde trauma.

Gekompliseerde trauma - 'n wisselterm vir komplekse/gekompliseerde PTSD, kroniese trauma, DES en DESNOS - word deur navorsers wat op Judith Herman se werk voortgebou het, omskryf as

- die ervaring van veelvuldige en/of veelsoortige,
- kroniese en
- langdurige en/of verlengde,
- ontwikkeling-ongunstige (*developmentally adverse*) nadelige traumatiese gebeure,
- meestal van interpersoonlike aard, byvoorbeeld seksuele en/of fisiese mishandeling en gesinsgeweld,
- met 'n oorsprong in die vroeë kinderjare.

Die ontwikkelingsfase van die slagoffer tydens die traumatiese gebeure, asook die konteks van interpersoonlike verhoudings gedurende die tydperk van traumatisering is van kritiese belang vir die intensiteit van gekompliseerde trauma en die prognose vir herstel.

Beduidende verskille kom voor tussen die diagnostiese kriteria vir gewone PTSD en gekompliseerde trauma. Die gewone PTSD-diagnose hou oor die algemeen meer verband met 'n enkele gebeurtenis waar die veiligheid of lewe van 'n persoon bedreig word - en waar vrees, hulpeloosheid, angs en afgryse tipies is van dié ervaring. Tipiese simptome is onwelkome terugflitse, nagmerries, negatiewe gedagtes of onaangename herinneringe aan die gebeure. Vermyding van die onaangename prikkels lei tot 'n verskeidenheid van simptome soos vergeetagtigheid, geheueverlies, gevoelens van afstomping en verlore belangstelling in vroeëre aangename aktiwiteite asook uitsigloosheid. Die kriteria vir gekompliseerde trauma is baie meer kompleks - en hou verband met disregulering van affek, dissosiasie, depersonalisasie, minimalisering, her-viktimisering en gevoelens van hopeloosheid, wanhopigheid en verlies van geloof in 'n goeie wêreld.

'n Besondere kenmerk van gekompliseerde trauma is die medevoorkoms van PTSD en ander psigiatriese versteurings, die sogenaamde verskynsel van *comorbidity*. Die versteurings wat tipies saam met PTSD voorkom, is major depressie, angsversteurings, substansie-afhanklikheid, somatisasie, en 'n verskeidenheid van ander ernstige persoonlikheidsversteurings.

Persone met gekompliseerde trauma ervaar oor die algemeen spesifieke probleme met betrekking tot die bestuur van hul emosionele ervarings. Uiterstes van woede-uitbarstings kom voor, en woede-modulering is gerem. Dit alles het gewoonlik dan ook 'n betekenisvolle impak op die behandelingsprogram. Dissosiasie as verdedigingsmeganisme funksioneer baie sterk by gevalle van gekompliseerde trauma. Dit kan weer lei tot die sindroom van meervoudige persoonlikheidsversteuring.

Versteurde verhoudings wat spruit uit kroniese wantroue, 'n tipiese simptoom van gekompliseerde trauma, kan die terapeutiese verhouding nadelig raak as dit nie in die beradingsproses reg hanteer word nie. Verhoudingsbou kan 'n baie stadige proses wees en affektiewe versteurings belemmer die slagoffer se natuurlike vermoë om te veg of te vlug as gevaar dreig. Dit maak dié persone weerloos en bevorder her-viktimisering.

Somatisasie kom algemeen by persone met gekompliseerde trauma voor. Addisioneel tot 'n neuro-hormonale disregulering wat verhoed dat die persoon vinnig en effektief kan optree wanneer nodig, het trauma ook 'n betekenisvolle impak op die limbiese sisteem. Dit lei tot emosionele wanfunksionering en gebrek aan motivering. Kronies getraumatiseerde persone vertoon veelvoudige somatiese probleme wat kan wissel van kroniese pyne tot 'n probleem soos asma.

Tipies van gekompliseerde trauma is slagoffers se kroniese gebrek aan vertroue in 'n goeie wêreld en 'n God wat omgee.

'n Driefasebehandelingsprogram van beveiliging/stabiliteit, verwerking van traumatiese herinneringe en

rou, en herverbintenis, is die klassieke model wat wye erkenning geniet. Die terapeut speel 'n sleutelrol in die daarstelling van 'n terapeutiese verhouding van wedersydse vertroue. Dit bevorder herstel. Die hoofdoel van die beradingsproses is herstel in en deur genesende verhoudings. Kontraksluiting in berading is essensieel vir grense, stabiliteit en groei.

Sonder stabiliteit en beveiliging kan daar nie sprake wees van behandeling en genesing nie. Krisis-ingryping is dikwels nodig in die berading van persone met gekompliseerde trauma. Die verantwoordelikheid en self-werksaamheid van die slagoffer staan voorop in die berading van gekompliseerde trauma. Self-kalmerende kapasiteitsbou is daarom essensieel terwyl ondersteuningsnetwerke ook nodig is om stabiliteit te bring en groei te fasiliteer.

Verwerking van, en treur oor traumatiese herinneringe is die hooffunksie van fase 2 van die beradingsproses op pad na herstel. Die prosessering van die traumatiese geheue skep dikwels ernstige probleme, en kan die herstelproses lank vertraag. In gevalle waar ernstige interpersoonlike konflik deel van die oorspronklike trauma was, word die prosessering van die traumatiese geheue nie aanbeveel voordat 'n lang pad van stabilisering en beveiliging, wat jare kan duur, deurloop is nie. Rou fasiliteer genesing - omdat verlies oor die algemeen een van die uitstaande kenmerke van kroniese traumatisering is. Deur dissosiasie kan 'n slagoffer ook enige gedagte aan 'n sinvolle lewe en sinvolle lewensmoontlikhede verbeur. Soms moet slagoffers nie net rou oor verbeurde geleenthede nie, maar ook rou oor 'n verlore lewe wat hulle nooit gehad het nie.

Deur rousmart begin die lewe weer sin maak.

Herverbintenis in die laaste fase van die beradingsproses van persone met gekompliseerde trauma is 'n nuwe verbintenis tot lewe, 'n verbintenis tot selfontwikkeling, vriendskappe en betekenisvolle medemenslike verhoudings, sowel as 'n verbintenis tot goeie waardes, hoop en geloof in God.

### 8.3 EMPIRIESE NAVORSING

'n Gekombineerde kwantitatiewe/kwalitatiewe empiriese studie is onderneem waarin daar gebruik gemaak is van 'n gestruktureerde vraelys. Met behulp van laasgenoemde is al 200 lêers van die huidige kinders in die Abraham Krielkinderhuis in Pothchefstroom deurgewerk ten einde vas te stel watter vernuwende insigte na vore kom met betrekking tot die pastorale berading van kinders met gekompliseerde trauma. Die belangrikste beperking ten opsigte van die empiriese navorsing was die feit dat die kinderhof nie eenvormige riglyne geformuleer het vir die opstel van kinderhofverslae nie. Dit beteken dat die formaat, die fokus en die standaard van die verslae verskil.

Vanuit die 200 lêers is uiteindelik vyf kinders geïdentifiseer met die oog op persoonlike gesprekke vanuit 'n meer kwalitatiewe vertrekpunt. Die onderhoude met die vyf respondente is so aangebied dat dit uiteindelik die verhaal van enige ander kind in die kinderhuis kan wees omdat ten minste 75% van die kinders blootgestel was aan een of meer van die volgende traumatiese ervarings:

- langtermyn- fisiese mishandeling.
- Langtermyn- seksuele mishandeling.
- Langtermyn- emosionele mishandeling.
- Langtermyn- emosionele en/of fisiese verwaarlosing.

Die volgende simptome van gekompliseerde trauma is by die 5 respondente waargeneem:

- Ontvlugting van die werklikheid.
- Ontkenning.
- Rasionalisasie.
- Tydelike episodes van moontlike dissosiasie.
- Veranderinge in verhoudings: oppervlakkige verhoudings.
- Veranderinge in selfpersepsie: lae selfbeeld.
- Veranderinge in affek: woede-uitbarstings en aggressie.
- Jaloesie.
- Dissosiasie.
- Apatie.
- Herviktimisering
- Selfbeserings.
- Depressie.
- Skuld.

Hierdie simptome bevestig die aanwesigheid van gekompliseerde trauma by kinders in die Abraham Krielkinderhuis. 'n Algemene tendens by die respondente is dat hulle die omstandighede van die oortredings teen hulle baie goed ken. Hulle huiwer ook nie om dit in besonderhede te bespreek nie. Die fisiese en emosionele mishandeling word nie ontken nie, alhoewel rasionalisasie soms gebruik word om die persoonlike impak daarvan te verminder. Seksuele mishandeling word baie sterk ontken.

Die kwantitatiewe ondersoek met betrekking tot die lêerinhoud van al die kinders bevestig dat minstens 24% van die 200 kinders blootgestel was aan een of ander vorm van seksuele mishandeling, 32% aan een

of ander vorm van langtermyn- emosionele mishandeling, en 22% aan een of ander vorm van langtermyn- fisiese mishandeling.

Die hoofgevolgtrekking van die empiriese navorsing ten opsigte van Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom, is dat tot 75% van die kinders van die kinderhuis waarskynlik in mindere of meerdere mate aan gekompliseerde trauma ly. Dit word aanbeveel dat 'n langtermynontwikkelingsplan ten opsigte van kinders wat worstel met gekompliseerde trauma opgestel sal word, wat fokus op

- 'n program van pastorale/maatskaplike/sielkundige berading van al die kinders in die kinderhuis met die oog op die verwerking van gekompliseerde trauma,
- sowel as die geestelike, maatskaplike en sielkundige voorbereiding van kinders om ná die voltooiing van die kinderhuisverblyf op die ouderdom van 18 jaar, as jong volwassenes wat bemagtig is om tot eer van die Here te leef, die volwasse lewe te betree.

Dié navorsing bevestig dat persone met gekompliseerde trauma kinders insluit. Dit is nie 'n sindroom wat uitsluitlik eers in die volwasse lewe ontwikkel nie. Die beginsels en resultate van die navorsing met kinders gaan daarom uiteindelik op alle persone wat worstel met gekompliseersde trauma van toepassing wees. Ten opsigte van volwassenes wat worstel met gekompliseerde trauma het die proses in die meeste gevalle tydens die kinderjare begin.

## 8.4 PRAKTYKTEORIE

Die ontwikkeling van 'n praktykgerigte model vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma is vanuit verskillende invalshoeke benader, naamlik 'n eksegetiese invalshoek, 'n pastorale invalshoek en 'n meta-teoretiese invalshoek.

In die pastorale berading aan persone met gekompliseerde trauma moet daar veral met vier grondliggende beginsels rekening gehou word, naamlik

- dat dit basies gaan om God en sy koninkryk,
- wat 'n verlossende heerskappy deur geloof is,
- met 'n deurslaggewende funksie van God se Woord in mense se lewens, en
- waar die proses van pastorale berading die heil in Christus, dit is die vertroosting, die

onderrig, die bemoediging en die ondersteuning van Christus deur die Heilige Gees, bemiddel.

Beradenes moet in pastorale berading van een saak seker wees, naamlik dat God elke ding wat in ons lewe gebeur, gebruik om sy doel te bereik.

Vir ons wat vir God liefhet, werk alles tot ons beswil uit. (Rom 8:16 en 28.)

Pastorale berading benader die mens as mens van God. Die mens is beelddraer van God - wat 'n unieke bestaan het, en in wese van God alleen afhanklik is, met 'n bestaansbestemming wat slegs uit sy verhouding tot God geïnterpreteer kan word. Die mens word verder benader as 'n eenheidswese, met liggaam, siel en gees wat onderskei maar nie geskei kan word nie - 'n mens van God wat ook 'n verhoudingswese is met 'n toekoms wat aan God behoort.

Gekompliseerde trauma is die ervaring van veelvuldige en/of veelsoortige, kroniese en langdurige en/of verlengde, ontwikkeling-ongunstige (*developmentally adverse*) nadelige traumatiese gebeure.

Die traumatiese gebeure wat lei tot gekompliseerde trauma is meestal van interpersoonlike aard, byvoorbeeld seksuele en/of fisiese mishandeling en/of gesinsgeweld, met 'n oorsprong in die vroeë kinderjare, wat dikwels in dieselfde omgewing plaasvind waarbinne die kind meeste van sy tyd deurbring.

Kinders word dus blootgestel aan gekompliseerde trauma binne 'n omgewing wat veronderstel is om vir 'n kind 'n veilige hawe te wees.

Gekompliseerde trauma het 'n tipiese simptomatologie wat kronies van aard is. Dit word uitgeken aan sewe diagnostiese kriteria - en behels onder andere

- 'n geskiedenis van trauma, veral van fisiese en/of emosionele en/of seksuele mishandeling en/of kroniese emosionele en fisiese verwaarlosing met gepaardgaande
- veranderinge in affek,
- veranderinge in bewussynsvlakke,
- veranderinge in selfbeelding,
- veranderinge in die beeld van die molesteerder,
- veranderinge in verhoudings, en
- veranderinge in sinsbelewing.

Die empiriese navorsing dui verder daarop dat minstens 75% van die kinders in die kinderhuis

gekompliseerde trauma het.

Dié navorsing bevestig dat persone met gekompliseerde trauma kinders insluit. Dit is nie 'n sindroom wat uitsluitlik eers in die volwasse lewe ontwikkel nie. Die resultate van die navorsing met kinders gaan daarom uiteindelik op alle persone wat worstel met gekompliseersde trauma van toepassing wees. Ten opsigte van volwassenes wat worstel met gekompliseerde trauma het die proses in die meeste gevalle tydens die kinderjare begin.

In die formulering van 'n praktykgerigte model vir die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma is daar spesifiek in die lig van die komplekse aard van die sindroom 'n eklektiese benadering gevolg. Die driefasebenadering word gevolg, met 'n fokus op stabilisasie, prosessering (van traumatiese geheue) en rou, en herintegrasie.

Psalm 22: *U het my gebed verhoor*, wat 'n klaaglied van die enkeling is, is 'n goeie voorbeeld van 'n Bybelse terapeutiese struktuur, geskoei op die fasebenadering van

- 'n klagte,
- 'n vertrouensuitspraak,
- 'n beskrywing van persoonlike leed,
- 'n dringende smeekgebed,
- 'n gebedsverhoring, en
- 'n lofprysing.

Die Bybelse beginsels vir die klaaglied bevestig vier belangrike lesse vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma:

- Vlug na God toe in 'n noodsituasie, en nie weg van Hom af nie.
- Tydens noodsituasies maak vertroue op God nuwe perspektiewe oop op nood.
- Vertrou God daadwerklik.
- As God vertrou word, verander klag in lof.

Die sleutel tot verandering binne 'n terapeutiese situasie is verhoudings. In die Nuwe Testament word 'n persoonlike benadering deurgaans gevolg. In 1 Tess 5:14 word dit gelowiges op die hart gedruk om mekaar met pastorale berading by te staan. Dit word deur verskeie ander Skrifgedeeltes bevestig, met die nadruk op die bemiddeling van troos en hulpverlening, met die perspektief van geloof, hoop en liefde. In

die terapeutiese geloofsverhouding van pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma funksioneer die gebed as gebed van nood, smeking en lofprysing. God laat alles vir mense wat op Hom vertrou, ten goede uitwerk. In Christus is mense meer as oorwinnaars deur God se bestemming vir hulle lewens.

In fase 1 van pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma (beveiliging en stabiliteit) word gefokus op beskerming as voorvereiste vir enige ander terapeutiese werk met dié slagoffers. Dit weerspieël die ontferming van God as teken van sy opofferende liefde.

Die doelwitte van fase 1 is naas beskerming/beveiliging, óók

- psigo-opvoeding,
- die omsien na die fisiese welstand van slagoffers,
- krisisingryping,
- die bou van 'n vertrouensverhouding,
- die bemagtiging van die slagoffer om vir sy eie emosies en herstel verantwoordelikheid te neem,
- die inskakeling by 'n ondersteuningsnetwerk, en
- stabilisasie.

In fase 2 van die beradingsmodel vir gekompliseerde trauma word gefokus op die eksplorering van die traumatiese geheue - met die uiteindelike doelwit van die integrering van die traumatiese geheue in 'n samehangende lewensverhaal van die slagoffer.

Die doelwitte van fase 2 is geformuleer as

- die rekonstruksie van die traumatiese verhaal,
- die prosessering van die traumatiese geheue, en
- rou oor verliese.

In die middelfase van berading moet die slagoffer instaat gestel word om sy lewensverhaal te vertel, wat begin met die noodverhaal. Die slagoffer se kapasiteit vir emosionele blootstelling moet in ag geneem word, gesien die kompleksiteit van die diagnostiese profiel van persone met gekompliseerde trauma en die neiging tot dissosiasie. Die noodverhaal speel 'n deurslaggewende rol as platform vir die verledeverhaal, wat die rouproses insluit.

Larry Crabb maak die stelling dat egtheid 'n deurslaggewende rol speel in pastorale berading - en dat 'n baie eenvoudige gees-gesentreerde beginsel: die heilige passie vir God en sy wysheid, onvoorwaardelik

vir pastorale berading in die algemeen en die noodverhaal in die besonder geld.

Fase 3 van die praktykgerigte model vir pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma verteenwoordig die herverbintenis tot lewe in oorvloed, waarin nuwe verbintenisse aangegaan word.

Vir die kinders van Abraham Krielkinderhuis Potchefstroom word 'n aangepaste vierfasebenadering voorgestel, met die fokus in fase 1 op veiligheid en stabiliteit, in fase 2 op die noodverhaal van die kind, in fase 3 op die integrasie van die noodverhaal in sy lewensverhaal, en in fase 4 op die bestuur van emosies en uiteindelike voorbereiding op 'n lewe ná die kinderhuis.

## 8.5 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN AREAS VIR VERDERE NAVORSING

1. Verdere empiriese navorsing ten opsigte van die wyse waarop 'n beradene met gekompliseerde trauma sy nood op Skriftuurlike en gestruktureerde wyse voor die Here bring in die klagformule.

2. Verdere empiriese navorsing ten opsigte van die verhalende pastoraat, veral die plek van die noodverhaal en die verledeverhaal in die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma.

3. Verdere empiriese navorsing ten opsigte van die diagnostiese kriteria vir gekompliseerde trauma, ook met verwysing na die sogenaamde verskynsel van *comorbidity* of medevoorkoms van PTSD en ander psigiatriese versteurings.

4. Verdere empiriese navorsing oor die driefasebehandelingsprogram ten opsigte van pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma, met besondere verwysing na die verband tussen fase 1: beveiliging/stabilisasie en die prosessering van die traumatiese geheue, veral ten opsigte van die moontlike negatiewe rol van dissosiasie in fase 2.

5. Verdere teoretiese en empiriese navorsing oor 'n langtermynontwikkelingsplan vir elke kind in die Abraham Krielkinderhuis, Potchefstroom.

6. Verdere teoretiese en empiriese navorsing oor die formulering van 'n praktykgerigte model vir die pastorale berading van persone met gekompliseerde trauma, veral ten opsigte van die negatiewe rol van dissosiasie in fase 2 van die beradingsproses.

7. Verdere teoretiese en empiriese navorsing oor 'n aangepaste vierfasebenadering vir die kinderhuis.

## SLEUTELTERME

- Psigiese trauma
- Gekompliseerde trauma
- Pastorale berading

## KEY TERMS

- Psychical trauma
- Complex trauma
- Pastoral counseling

# BYLAAG A: VERWERKING VAN DATA DEUR DIE STATISTIESE KONSULTASIEDIENS VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT

Dr R Lindeque, frekwensies per vraag:

The FREQ Procedure

| Vraag1 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 99 | 49.50 |
| 2 | 101 | 50.50 |

| Vraag2 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 3 | 1.50 |
| 2 | 81 | 40.50 |
| 3 | 116 | 58.00 |

| Vraag3 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 45 | 22.50 |
| 2 | 154 | 77.00 |
| 3 | 1 | 0.50 |

| Vraag4_1 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 13 | 6.50 |
| 2 | 187 | 93.50 |

| Vraag4_1_1_1 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| . | 187 | 93.50 |
| 1 | 2 | 1.00 |
| 2 | 11 | 5.50 |

| Vraag4_1_1_2 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| . | 187 | 93.50 |
| 2 | 13 | 6.50 |

| Vraag4_1_1_3 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| . | 187 | 93.50 |
| 2 | 13 | 6.50 |

| Vraag4_1_1_4 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| . | 187 | 93.50 |
| 1 | 3 | 1.50 |
| 2 | 10 | 5.00 |

The FREQ Procedure

| Vraag4_1_1_5 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| . | 187 | 93.50 |
| 2 | 13 | 6.50 |

| Vraag4_1_1_6 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| . | 187 | 93.50 |
| 1 | 1 | 0.50 |
| 2 | 12 | 6.00 |

| Vraag4_1_2_1 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| . | 187 | 93.50 |
| 1 | 1 | 0.50 |
| 2 | 12 | 6.00 |

| Vraag4_1_2_2 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 187 | 93.50 | |
| 1 | 1 | 0.50 |
| 2 | 12 | 6.00 |

| Vraag4_1_2_3 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| . | 187 | 93.50 |
| 1 | 6 | 3.00 |
| 2 | 7 | 3.50 |

| Vraag4_1_2_4 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| . | 187 | 93.50 |
| 1 | 1 | 0.50 |
| 2 | 12 | 6.00 |

| Vraag4_1_2_5 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| . | 187 | 93.50 |
| 1 | 1 | 0.50 |
| 2 | 12 | 6.00 |

The FREQ Procedure

| Vraag4_1_2_6 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| . | 187 | 93.50 |
| 1 | 8 | 4.00 |
| 2 | 5 | 2.50 |

| Vraag4_2 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 43 | 21.50 |
| 2 | 157 | 78.50 |

| Vraag4_3 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 63 | 31.50 |
| 2 | 137 | 68.50 |

| Vraag4_4 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 47 | 23.50 |
| 2 | 153 | 76.50 |

| Vraag4_5 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 26 | 13.00 |
| 2 | 174 | 87.00 |

| Vraag4_6 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 64 | 32.00 |
| 2 | 136 | 68.00 |

| Vraag4_7 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 144 | 72.00 |
| 2 | 56 | 28.00 |

| Vraag5_1 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 200 | 100.00 |

| Vraag5_1_1rede_ indien_ja | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| Aggressie | 1 | 0.50 |
| Gesinsgeweld | 31 | 15.50 |
| HIV | 3 | 1.50 |
| Mishandeling | 11 | 5.5 |
| Onbeheerbare gedrag | 7 | 3.50 |
| Pleegsorg-mislukking | 7 | 3.5 |
| Seksuele mishandeling | 7 | 3.50 |
| Trauma | 3 | 1.50 |
| Verwydering | 128 | 64.00 |

| Vraag5_1_1_1 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 200 | 100.00 |

| Vraag5_1_1_2 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 2 | 1.00 |
| 2 | 198 | 99.00 |

| Vraag5_1_1_3 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 5 | 2.50 |
| 2 | 195 | 97.50 |

| Vraag5_1_1_4 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 1 | 0.50 |
| 2 | 199 | 99.50 |

| Vraag5_2 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 200 | 100.00 |

| Vraag5_2_1rede_indien_ja | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| Aggressie | 1 | 0.50 |
| Angs | 1 | 0.50 |
| Emosionele geweld | 8 | 4.00 |
| Emosionele verwaarlosing | 5 | 2.50 |
| Enurese | 1 | 0.50 |
| Fisiese, emosionele, seksuele mish. | 1 | 0.50 |
| Gedragsprobleme | 1 | 0.50 |
| Kroniese leuens | 1 | 0.50 |
| Mislukte pleegsorg | 1 | 0.50 |
| Onbeheerbare gedrag | 2 | 1.00 |
| Seksuele mishandeling | 10 | 5.00 |
| Stabilisering | 165 | 82.50 |
| Swak selfbeeld | 1 | 0.50 |
| Woede | 2 | 1.00 |

| Vraag5_2_1_1 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 200 | 100.00 |

| Vraag5_2_1_2 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 6 | 3.00 |
| 2 | 194 | 97.00 |

| Vraag5_2_1_3 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 1 | 23 | 11.50 |
| 2 | 177 | 88.50 |

| Vraag5_2_1_4 | Frequency | Percent |
|---|---|---|
| 2 | 200 | 100.00 |

# BYLAAG B: VOORBEELD VAN VRAELYS

VRAELYS

**1. Geslag:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Manlik | 1 | Vroulik | 2 |

**2. Ouderdom**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3-11 | 1 | 12-18 | 2 |

**3. Datum van opname**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1995-1999 | 1 | 2000-2006 | 2 |

**4. Redes vir opname**

**4.1 Mislukte pleegplasing**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**4.1.1 Indien ja by 4.1, rede vir mislukte pleegplasing**

**4.1.1.1 Fisiese mishandeling**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**4.1.1.2 Emosionele mishandeling**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**4.1.1.3 Seksuele mishandeling**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**4.1.1.4 Onbeheerbare gedrag**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**4.1.1.5 Langtermyn emosionele verwaarlosing**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**4.1.1.6 Langtermyn fisiese verwaarlosing**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**4.1.2 Indien ja by 4.1, rede vir oorspronklike verwydering**

**4.1.2.1 Fisiese mishandeling**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**4.1.2.2 Emosionele mishandeling**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

4.1.2.3 **Seksuele mishandeling**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

4.1.2.4 **Onbeheerbare gedrag**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

4.1.2.5 **Langtermyn emosionele verwaarlosing**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

4.1.2.6 **Langtermyn fisiese verwaarlosing**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

4.2 **Fisiese mishandeling**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

4.3 **Emosionele mishandeling**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

4.4 **Seksuele mishandeling**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

4.5 **Onbeheerbare gedrag**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

4.6 **Langtermyn emosionele verwaarlosing**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

4.7 **Langtermyn fisiese verwaarlosing**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

5. **Terapie**

5.1 **Terapie voor opname**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

5.1.1 **Rede vir terapie**

| |
|---|
| |

5.1.1.1 **Maatskaplike werker**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

5.1.1.2 **Berader**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

5.1.1.3 **Sielkundige**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

5.1.1.4 **Psigiater**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**5.2 Terapie na opname**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**5.2.1 Rede vir terapie**

**5.2.1.1 Maatskaplike werker**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**5.2.1.2 Berader**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**5.2.1.3 Sielkundige**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

**5.2.1.4 Psigiater**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ja | 1 | Nee | 2 |

# BIBLIOGRAFIE


ACKERMANN, D. 1996. On hearing and lamenting: Faith and truth-telling. (*In* Botman, H.R. & Petersen, R.M., *eds*. To remember and to heal. Cape Town : Human & Rousseau. p. 47-56.)

ADAMS, J.E. 1970. Competent to council. Michigan : Baker.

ADAMS, J.E. 1979. More than redemption. Grand Rapids : Baker.

À KEMPIS, T. 2004. Die navolging van Christus. Rigtingwysers vir die opregte geloofslewe. Nuwe Afrikaanse verwerking, met medewerking van Piet Venter en Willem Nicol. Wellington : Lux Verbi.BM.

AKIN, D.L. 2001. 1, 2, 3 John An exegetical and theological exposition of Holy Scripture. The New American Commentary, volume 38. Nashville, Tennessee : Broadman & Holman.

AMERICAN PSYCHIATRIC ASSOCIATION. 2000. Diagnostic and statistical manual of mental disorders. 4th ed. Washington : American Psychiatric Press.

ANDERSON, A.A. 1995. The book of Psalms (1-72). New century Bible commentary. Grand Rapids, Michigan : William B. Eerdmans Publishing Co.

ANDERSON, H. 1997. Conversation, language, and possibilities: A postmodern approach to therapy. New York : Basic Books.

ANDERSON, N.T. 1993. Living free in Christ. California : Regal.

ANDERSON, N.T., ZUEHLKE, T.E. & ZUEHLKE, J.S. 2000. Christ centered therapy. The practical integration of theology and psychology. Grand Rapids, Michigan : Zondervan Publishing House.

ANTHONISSEN, K. 2005. Luister na die lig. Wellington : Lux Verbi.BM.

AUNE, D.E. 1998. Revelations. Word Biblical Commentary, volume 52C. Nashville : Thomas Nelson Publishers.

BARTON, B., COMFORT, P., OSBORNE, G., TAYLOR, L.K., & VEERMAN, D. 2001. Life application New Testament commentary. Wheaton, Illinois : Tyndale House Publishers, Inc.

BEASLEY-MURRAY, G.R. 1999. John. Word Biblical Commentary, volume 36. 2nd ed. Nashville : Thomas Nelson Publishers.

BERLIN, A. 2005. Psalms and the literature of exile: Psalms 137, 44, 69, and 78. (*In* Flint, P.W., & Miller, P.D., *eds*. The book of Psalms. Composition and reception. Leiden : Brill. p. 65-86.)

BIBLE. 1985. NIV study Bible. Grand Rapids, Michigan : Zondervan Bible Publishers.

BLAUSTEIN, M. 2005. Survey evaluates complex trauma exposure, outcome, and intervention among children and adolescents. *Psychiatric Annals*, 35(5):433-439, May.

BLOMBERG, C.L. 1992. Matthew. An exegetical and theological exposition of Holy Scripture. NIV text. The New American Commentary, volume 22. Nashville, Tennessee : Broadman & Holman.

BOODSKAP. 2002. Die boodskap. Die Bybel in hedendaagse Afrikaans. Vereeniging P: Christelike Uitgewersmaatskappy.

BORCHERT, G.L. 1996. John 1-11. An exegetical and theological exposition of Holy Scripture. The New American Commentary, volume 25A. Nashville, Tennessee : Broadman & Holman.

BORCHERT, G.L. 2002. John 12-21. An exegetical and theological exposition of Holy Scripture. NIV text. The New American Commentary, volume 25B. Nashville, Tennessee : Broadman & Holman.

BORING, M.E. 1995. The Gospel of Matthew. Introduction, commentary, and reflections. (*In* The new interpreter's bible. General articles and introduction, commentary, and reflections for each book of the Bible, including the apocryphal/deuterocanonical books in twelve volumes. Volume VIII. Nashville : Abingdon Press. p. 89-505.)

BOSS, P. 2000. Ambiguous loss. Learning to live with unresolved grief. London : Harvard University Press.

BOTHA, P. 1993. Maleagi. (*In* Vosloo, W., & J van Rensburg, F., *reds*. Die Bybel in praktyk. Nuwe vertaling. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1346-1352.)

BREMNER, J., RANDALL, P., SCOTT, T.M., BRONEN, R.A., SEIBYL, J.P., SOUTHWICK, S.M., DELANEY, R.C., MCGARTHY, G., CHARNEY, D.S. & INNIS, R.B. 1995. MRI-based measurement of hippocampal volume in patients with combat-related posttraumatic stress disorder. *American Journal of Psychiatry*, 152(7):973-981, July.

BREYER, J., NELSON, B., MILLER, J.B. & KROLL, P. 1987. Childhood sexual and physical factors in adult psychiatric illness. *American Journal of Psychiatry*, 144(11):1426-1430, November.

BRIERE, J. 1996. Treating Adults Who Were Sexually Abused As Children: Central Principles. [Web:] http://www.ncptsd.va.gov/scripts/handler.pl/documents/index.html [Datum van gebruik: 24 Nov. 2005].

BRIERE, J. & ZAIDI, L.Y. 1989. Sexual abuse histories and sequelae in female psychiatric emergency room patients. *American Journal of Psychiatry*, 146(12):1602-1606, December.

BROOKS, J.A. 1991. Mark. An exegetical and theological exposition of Holy Scripture. The New American Commentary, volume 23. Nashville, Tennessee : Broadman & Holman.

BROWN, D. & FROMM, E. 1986. Hypnotherapy and hypnoanalysis. Hillsdale : Lawrence Erlbaum.

BROYLES, C.C. 1999. Psalms. New International Biblical Commentary. Old Testament Series. Peabody, Massachusetts : Hendrickson Publishers.

BROYLES, C.C. 2005. Psalms concerning the liturgies of temple entry. (*In* Flint, P.W., & Miller, P.D., *eds*. The book of Psalms. Composition and reception. Leiden : Brill. p. 248-287.)

BRUEGGEMANN, W. 1984. The message of the Psalms. Minneapolis : Augsburg.

BRUEGGEMANN, W. 1994. The book of Exodus. Introduction, commentary, and reflections. (*In* The New Interpreter's Bible. General articles and introduction, commentary, and reflections for each book of the Bible, including the apocryphal/deuterocanonical books in twelve volumes. Volume I. Nashville : Abingdon Press. p. 675-981.)

BRUEGGEMANN, W. 2005. The psalms in theological use: On incommensurability and mutuality. (*In* Flint, P.W., & Miller, P.D., *eds*. The book of Psalms. Composition and reception. Leiden : Brill. p. 581-602.)

BURDEN, J. 1993. Psalms. (*In* Vosloo, W., & J van Rensburg, F., *reds*. Die Bybel in praktyk. Nuwe vertaling. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p.752-885.)

BURGER, C. 1991. Praktiese teologie in Suid Afrika. Pretoria : RGN Uitgewers.

BYBEL. 1954. Hersiene uitgawe van die Bybel in Afrikaans. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL. 1983. Die Bybel : nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

BYBEL, 1991. Die Bybel, nuwe vertaling, met Liedboek van die kerk, saam met die Drie Formuliere van Eenheid en die Ekumeniese Belydenisse. Wellington : NG Kerk-Uitgewers.

BYBEL. 1999. Die Bybellennium. Eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

BYBEL, 2004. Die multivertaling Bybel. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

CARLIER, I.V.E., VOERMAN, B.E. & GERSONS, B.P.R. 2000. Intrusive traumatic recollections and comorbid posttraumatic stress reaction in depressed patients. *Psychosomatic Medicine*, 62(1):26-32, January/February.

CARTER, J.D. & NARRAMORE, B. 1979. The integration of psychology and theology. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

CHU, J.A. 1998. Rebuilding shattered lives : The responsible treatment of complex post-traumatic and dissociative disorders. New York : John Wiley & Sons.

COETZEE, J.C. 1990. Die Skrif en die wetenskap: hermeneutiese reëls. (*In* Floor, L. & Coetzee, J.C., *eds*. Die Skrif en die wetenskap. Potchefstroom : PU vir CHO. p. 15-30.)

COETZER, W.C. 2004. Trauma berading. Ongepubliseerde studiegids. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

CLOITRE, M., TARDIFF, K., MARZUK, P., LEON, A.C. & PORTERA, L. 1996. Child abuse and subsequent sexual revictimization among female inpatients. *Journal of Traumatic Stress*, 9(3):473-482, July.

CLOITRE, M. 1997. Comorbidity of DSM-IV disorders among women experiencing traumatic events. *NCP Clinical Quarterly*, 7(3): Summer 1997.

CLOITRE, M., COHEN, L.R., KOENEN, K.C. & HAN, H. 2002. Skills training in effective and interpersonal regulation followed by exposure: A phase-based treatment for PTSD related to childhood aduse. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 70(2):1067-1074, October.

COLLINS, G.R. 2005. Die A tot Z van berading. Kaapstad : Struik Christelike Boeke.

COOK, A.., SPINAZZOLA, J., FORD., LANKTREE, C., BLAUSTEIN, M., CLOITRE, M., DEROSA, R., HUBBARD, R., KAGEN, R., LIAUTAUD, J., MALLAH, K., OLAFSON, E. & VAN DER KOLK, B. 2005. Complex trauma in children and adolescents. *Psychiatric Annals*, 35(5):390-398, May.

COTTINGHAM, J. 2003. On the meaning of life. London/New York : Routledge.

CRABB, L.J. 1977. Effective Biblical counseling. Grand Rapids : Zondervan Publishing House.

CRABB, L.J. 2002. Shattered dreams. God's unexpected way pathway to joy. Vereeniging : Christian Art Publishers.

CRABB, L.J. 2003. Soultalk. The language God longs for us to speak. Nashville : Integrity.

CRENSHAW, J.L. 2001. The Psalms. An introduction. Grand Rapids, Michigan : William B. Eerdmans Publ. Co.

CROWE, L.A. & OSBORN, R.E. 2004. Hippocampal volume and memory performance in a community-based sample of women with posttraumatic stress disorder secondary to child abuse. *Journal of Traumatic Stress*, 17(1):37-40, February.

DAMES, G.E. 2005. Die ontwerp van 'n godsdiens-pedagogiese kommunikatiewe metodologie. 'n Transformatief-wederkerige metodologie as 'n voorstel vir godsdiens-pedagogiese werk met gangsters. *Ned Geref teologiese tydskrif* (*NGTT*), 46(3 & 4):367-378, September en Desember 2005.

DAVIDS, P. 1996. James. (*In* Life application study Bible. New Living translation. Illinois : Tyndale House Publishers, Inc. p. 1984-1993.)

DECLAISSÉ-WALFORD, N.L. 2005. An intertextual reading of Psalms 22, 23, and 24. (*In* Flint, P.W., & Miller, P.D., *eds*. The book of Psalms. Composition and reception. Leiden : Brill. p. 139-152.)

DEIST, F.E. & BURDEN, J.J. 1980. 'n ABC van Bybeluitleg. Pretoria : Van Schaik.

DE KLERK, B.J., & J VAN RENSBURG, F. 2005. Preekgeboorte. 'n Handleiding vir Gereformeerde prediking toegepas op 1 Petrus 2:11-12, 18-25. Potchefstroom : Teologiese Publikasies.

DEN HEYER, C.J., & SCHELLING, P. 2001. Symbolen in de bijbel. Woorden en hun betekenis. Zoetermeer : Meinema.

DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.S. 2003. The discipline and practice of qualitative research. (*In* Denzin, N.K. & Lincolm, Y.S., *eds*. The landscape of qualitative research. Second edition. California : Sage Publications. p 1-45.)

DRAIJER, N. & LANGELAND, W. 1999. Childhood trauma and perceived parental dysfunction in the etiology of dissociative symtoms in psychiatric inpatients. *American Journal of Psychiatry*, 156(3):379-385, March.

DU PLESSIS, I.J. 1993. Lukas. (*In* Vosloo, W., & J van Rensburg, F., *reds*. Die Bybel in praktyk. Nuwe vertaling. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p.1501-1580.)

DU RAND, J.A. 1993a. Markus. (*In* Vosloo, W., & J van Rensburg, F., *reds*. Die Bybel in praktyk. Nuwe vertaling. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1448-1500.)

DU RAND, J.A. 1993b. Johannes. (*In* Vosloo, W., & J van Rensburg, F., *reds*. Die Bybel in praktyk. Nuwe vertaling. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1581-1637.)

DU RAND, J.A. 1993c. 1 Korintiërs. (*In* Vosloo, W., & J van Rensburg, F., *reds*. Die Bybel in praktyk. Nuwe vertaling. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. P. 1755-1783.)

DU RAND, J.A. 1993d. 2 Korintiërs. (*In* Vosloo, W. & J van Rensburg, F., *reds*. Die Bybel in praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1784-1803.)

DU RAND, J.A. 1993e. Openbaring. (*In* Vosloo, W., & J van Rensburg, F., *reds*. Die Bybel in praktyk. Nuwe vertaling. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. P. 1988-2025.)

EGAN, G. 1994. The skilled helper. 5th ed. California : Brooks/Cole Publishing Company.

EVANS, C.A. 2001. Mark 8:27-16:20. Word Biblical Commentary, volume 34B. Nashville : Thomas Nelson Publishers.

EVANS, C.A. 2005. Praise and prophecy in the psaltr and in the New Testament. (*In* Flint, P.W. &

Miller, D., *eds*. The book of the Psalms. Leiden : Brill. p. 224-247.)

FAVASSA, A. R. & CONTERIO, K. (1988). The plight of chronic self-mutilators. *Community Mental Health Journal*, 24(1):22-30, February.

FIRET, J. 1977. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen : Uitgewersmaatschappij J.H. Kok.

FLANNERY, R.B. 1987. From victim to survivor: a stress management approach in the treatment of learned helplessness. (*In* Van der Kolk, B, *ed.* Psychological trauma. Washington : American Psychiatric Press. p. 217-232.)

FORD, J. 1999. Disorders of extreme stress following war-zone military trauma: associated features of posttraumatic stress disorder or comorbid but distinct syndromes. *Journal of Consulting and Clinical Psychology*, 67(1):3-12, February.

FORD, J.D. 2005. Treatment implications of altered affect regulation and information processing following child maltreatment. *Psychiatric Annals*, 35(5):410-419, May.

FRANCE, R.T. 2002. The Gospel of Mark. The New International Greek Testament Commentary. Michican : William B Eerdmans Publishing Company.

FREDHEIM, T.E. 1994. The book of Genesis. Introduction, commentary and reflections. Genesis. (*In* The new interpreter's bible. General articles and introduction, commentary, and reflections for each book of the Bible, including the apocryphal/deuterocanonical books in twelve volumes. Volume I. Nashville : Abingdon Press. p.321-674.)

GOODWIN, J. 1990. Applying to adult incest victims what we have learned from victimized children. (*In* Kluft, R., *ed.* Incest-related syndromes of adult psychopathology. Washington : American Psychiatric Press. p. 55-74.)

GUELICH, R.A. 1989. Mark 1-8:26. Word biblical commentary. Texas : Word Book Publishers.

HAMILTON, V.P. 1991. The book of Genesis. Chapters 1-17. The New International Commentary on the Old Testament. Grand Rapids, Michigan : William B Eerdmans Publishing Company.

HANEKOM, B. 2004. Die Algemene Sinode van die NG Kerk op Hartenbos, 2 Oktober 2004 : 'n paar eenvoudige perspektiewe. [Web:] http://vryeafrikaan.co.za/lees.php/id=24.html [Datum van gebruik: 2 Jan. 2006].

HAT (Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal). 2005. Kaapstad : Maskew Miller Longman (Edms.) Bpk.

HEITINK, G. 1992. Pastoraat als hulpverlening. Inleiding tot de pastorale theologie en psychologie. Kampen : Uitgewersmaatschappij J.H. Kok.

HERMAN, J.L. 1992. Complex PTSD: A syndrome in survivors of prolonged and repeated trauma. *Journal of Traumatic Stress,* 5(3):377-391, July.

HERMAN, J.L. 2001. Trauma and recovery. From domestic abuse to political terror. With a new afterword by the author. London : Pandora.

HERMAN, J. & VAN DER KOLK, B. 1987. Traumatic antecedents of borderline personality disorder. (*In* Van der Kolk, B., *ed.* Psychological trauma. Washington : American Psychiatric Press. p. 111-126.)

HEYNS, J.A. 1976. Brug tussen God en mens. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

HEYNS, J.A. 1978. Dogmatiek . Pretoria : NG Kerkboekhandel Transvaal.

HEYNS, L.M., & PIETERSE, H.J.C. 1994. Eerste treë in die praktiese teologie. Pretoria : Gnosis Boeke & Uitgewers BK.

HICKS, R.M. 1996. Trauma. The pain that stays. Grand Rapids, Michigan : Fleming H. Revell.

HOMME, M. 2000. Eating disorders. (*In* Anderson, N.T., Zuehlke, T.E. & Zuehlke, J.S., *eds.* Christ centered therapy. The practical integration of theology and psychology. Grand Rapids, Michigan : Zondervan Publishing Company. p. 239-242.)

HOROWITZ, M. 1986. Stress response syndromes: personality styles and interventions. Northvale : Jason Aronson.

HUSAIN, S.A., NAIR, J., HOLCOMB, W., REID, JC., VARGAS, V. & NAIR, S.S. 1998. Stress reaction of children and adolescents in war and siege conditions. *American Journal of Psychiatry,* 155(12):1718-1719, December.

JANESICK, V.J. 1998. "Stretching" exercises fot qualitative research. London : Sage Publications Ltd.

J VAN RENSBURG, F. 1993a. Romeine. (*In* Vosloo, W., & J van Rensburg, F., *reds.* Die Bybel in praktyk. Nuwe vertaling. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1723-1754.)

J VAN RENSBURG, F. 1993b. Efesiërs. (*In* Vosloo, W. & J van Rensburg, F., *reds.* Die Bybel in praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1821-1835.)

J VAN RENSBURG, F. 1993c. 1 Tessalonisense. (*In* Vosloo, W. & J vanRensburg, F., *reds.* Die Bybel in praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1861-1870.)

J VAN RENSBURG, F. 1993d. 2 Timoteus. (*In* Vosloo, W. & J van Rensburg, F., *reds.* Die Bybel in praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1888-1896.)

J VAN RENSBURG, F. 1993e. Hebreërs. (*In* Vosloo, W. & J van Rensburg, F., *reds.* Die Bybel in praktyk. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p. 1908-1932.)

J VAN RENSBURG, F. 1993f. Jakobus. (*In* Vosloo, W., & J van Rensburg, F., *reds.* Die Bybel in praktyk. Nuwe vertaling. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p.1933-1943.)

J VAN RENSBURG, F. 1993g. 1 Petrus. (*In* Vosloo, W., & J van Rensburg, F., *reds.* Die Bybel in praktyk. Nuwe vertaling. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p.1944-1965.)

JOHNSON, H. 1999. Borderline personality disorder. (*In* Turner, F.J., *ed.* Adult psychopathology. New York : The Free Press. p. 430-456.)

JONKER, W.D. 1967. Die Brief aan die Romeine. Kaapstad - Pretoria : NG Kerk-Uitgewers.

JONKER, W.D. 1981. In diens van die Woord. Pretoria : NG Kerkboekhandel.

JOUBERT, D. 1992. Reflections on social values. Pretoria : Human Science Research Council Publishers.

JOUBERT, P. 2005. Die proses van geestelike selfverwesenliking. Ongepubliseerde lesing. Potchefstroom : Pieter Joubert.

JOUBERT, P. 2005. Trichotomous therapy: a proposed pastoral paradigm. Potchefstroom : Noordwes-Universiteit. (proefskrif - Ph.D.) 299 p.

KESSLER, R., SONNEGA, A., HUHGES, M. & NELSON, C. 1995. Posttraumatic stress disorder in the national comorbidity survey. *Arch Gen Psychiatry*, 52(1995):1048-1060.

KINZIE, J.D., BOEHNLEIN, J.K., LEUNG, P.K., MOORE, L.J., RILEY, C. & SMITH, D. 1990. The prevalence of posttraumatic stress disorder and its clinical significance among Southeast Asian refugees. *American Journal of Psychiatry*, 147(7):913-917, July.

KOLB, L.C. 1989. Letter to the editor. *American Journal of Psychiatry*, 146(6):811-812, June.

KROLL, J., HABENICHT, M., MACKENZIE, T., YANG, M., CHAN, S., VANG, T., NGUYEN, Y., LY, M., PHOMMASOUVANH, B & NGUYEN, H. 1989. Depression and posttraumatic stress disorder among Southeast Asian refugees. *American Journal of* Psychiatry, 146(12):1592-1597, December.

KRYSTAL, H. & NIEDERLAND, W. 1968. Clinical observations in the survivor syndrome. (*In* Krystal, H, *ed.* Massive psychic trauma. New York : International Universities Press. p. 327-348.)

KÜBLER-ROSS, E. 1997. On death and dying. New York : Simon & Schuster Adult Publishing Group.

KYTTA, K. 2000. Early recollections. (*In* Anderson, N.T., Zuehlke, T.E. & Zuehlke, J.S., *eds.* Christ centered therapy. The practical integration of theology and psychology. Grand Rapids, Michigan : Zondervan Publishing Company. p. 233-238.)

LEA, T.D. & GRIFFEN, JR, HP. 1992. 1, 2 Timothey. Titus. An exegetical and theological exposition of Holy Scripture. NIV text. The New American Commentary, volume 34. Nashville, Tennessee : Broadman & Holman.

LEE, S. 2005. Lament and the joy of salvation in the Lament Psalms. (*In* Flint, P.W., & Miller, D., *eds.* The book of the Psalms. Leiden : Brill. p. 224-247.)

LINCOLM, A.T. 1990. Ephesians. The Word Biblical Commentary, volume 42. Dallas, Texas : Word Book Publishers.

LINEHAN, M.N., TUTEK, D.A., HEARD, H.L. & ARMSTRONG, H.E. 1994. Inter-personal outcome of cognitive behavioral treatment for chronically suicidal borderline patients. *American Journal of Psychiatry*, 151(12):1771-1776, December.

LISAK, D., HOPPER, J. & SONG, P. 1996. Factors in the cycle of violence: gender rigidity and emotional constriction. *Journal of traumatic Stress*, 9(4):721-743, October.

LOCKYER, SR., H. 1993. Psalms. A devotional commentary.Grand Rapids, Michigan : Kregel Publications.

LOUW, D.J. 1999. Pastoraat as vertolking en ontmoeting. Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie. Nuwe hersiene uitgawe. Kaapstad : Lux Verbi.

LOUW, D.J. & BOSMAN, T. 2005. "Ek staan al met die een voet in die graf" - Psalm 88 as teken van hoop in lydenspastoraat? *Ned Geref Teologiese Tydskrif (NGTT)*, 46(1 & 2):180-190, Maart en Junie 2005.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1993. Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains. Volume 1 & 2. Cape Town : Bible Society of South Africa.

LUXENBERG, T., SPINAZZOLA, J. & VAN DER KOLK, B. 2001. Complex trauma and disorders of extreme stress (DESNOS) diagnosis, Part one: Assessment. *Directions in Psychiatry*, 21(2001):373-393, November.

LUXENBERG, T., SPINAZZOLA, J., HIDALGO, J., HUNT, C. & VAN DER KOLK, B. 2001. Complex trauma and disorders of extreme stress (DESNOS) diagnosis, Part two: Treatment. *Directions in Psychiatry*, 21(2001):395-415, November.

MANELSKI, J. 2004. Distinguishing characteristics of victims of domestic violence: Personality disorders and communication skill deficits. New York : New School University (Verhandeling - PhD.)

MARCUS, J. 2000. MARK 1-8. A New translation with introduction and commentary. The Anchor Bible, volume 27. New York : The Anchor Bible.

MARSHALL, I.H. 2004. The Pastoral Epistles. The International Critical Commentary. Edinburgh : T & T Clark.

MATSAKIS, A. 1996. I can't get over it. A handbook for trauma survivors. 2nd ed. Oakland : New Harbinger Publications.

MATTHEWS, K.A. 1996. Genesis 1-11:26. The New American Commentary, volume 1A. An exegetical and theological exposition of the Holy Scripture. NIV text. Nashville, Tennessee : Broadman & Holman Publishers.

McCANN, JR. 1996. The book of Psalms. Introduction, commentary, and reflections. (*In* The new interpreter's bible. General articles and introduction, commentary, and reflections for each book of the Bible, including the apocryphal/deuterocanonical books in twelve volumes. Volume IV. Nashville : Abingdon Press. p. 639-1280.)

McCANN, JR. 2005. The shape of Book 1 of the psalter and the shape of human happiness. (*In* Flint, P.W., & Miller, P.D., *eds*. The book of Psalms. Composition and reception. Leiden : Brill. p. 349-348.)

MEIER, P.D., MINIRTH, F.B., WICHERN, F.B. & RATCLIFF, D.E. 2000. Introduction to psychology and counseling. Christian perspectives and applications. Grand Rapids, Michigan : Baker Books.

MEYER, O., NELL, I. & VOSLOO, R. 2005. God se antwoord ... is 'n vraag. Oor God, lyding die lewe in die lig van die boek Job. Wellington : Lux Verbi.BM.

MINIRTH, F.B. & BYRD, W. 1994. Christian psychiatry. Revised, expanded edition. Grand Rapids, Michigan : Flemming H Revell.

MINNIE, F.G. 2003. Bybelse berading aan die persoon geaffekteer deur MIV/VIGS. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (Proefskrif - Ph.D.)

MOUNCE, R.H. 1995. Romans. An exegetical and theological exposition of Holy Scripture. NIV text. The New American Commentary, volume 27. Nashville, Tennessee : Broadman & Holman.

MOUNCE, R.H. 2000. Pastoral Epistels. Word Biblical commentary, volume 46. Nashville : Thomas Nelson Publishers.

MÜLLER, J. 2000. Reisgeselskap. Die kuns van die verhalende gespreksvoering. Wellington : Lux Verbi.BM.

MÜLLER, J. 2005. My teologiese geloof en gelowige teologie. *Kruisgewys*, 5 (2):19-21, Augustus.

NEUMAN. W.L. 1997. Social research methods. London : Allyn and Bacon.

NIV STUDY BIBLE. 1985. NIV study Bible. Grand Rapids, Michigan : Zondervan Bible Publishers.

OXFORD ALD (Oxford Advanced Learner's Dictionary). 1996. Oxford : Oxford University Press.

PEDERSON, C.L., MAURER, S.H., KAMINSKI, P.L., ZANDER, K.A., PETERS, C.M., STOKES-PELCOVITZ, D., VAN DER KOLK, B., ROTH, S., MANDEL., F., KAPLAN, S. & RESICK, P. 1997. Development of a criteria st and a structured interview for disorders of extreme stress (SIDES). *Journal of traumatic stress*, 10(1):3-16, January.

PERKINS, P. 2000. The letter to the Ephesians. Introduction, commentary, and reflections. (*In* The new interpreter's bible. General articles and introduction, commentary, and reflections for each book of the Bible, including the apocryphal/deuterocanonical books in twelve volumes. Volume XI. Nashville ; Abingdon Press. p. 351-466.)

PETERSON, E.H. 2002. The message. The bible in contemporary language. Colorado Springs, Colorado : Navpress.

PIETERSE, H. 1993. Praktiese teologie as kommunikatiewe handelinge. Pretoria : RGN-Uitgewers.

PLUG, C., MEYER, W.F., LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1987. Psigologie-woordeboek. Johannesburg : McGraw-Hill Boekmaatskappy.

RAGIN, C.C. 1994. Constructing social research. California : Pine Forge Press.

RAPHAEL, B., WILSON, J., MELDRUM, L. & Mcf.ARLANE, A. 1996. Acute preventive interventions. (*In* Van der Kolk, B.A., Mcf.arlane, A.C. & Weisaeth, L., *eds*. Traumatic stress: The effects of overwhelming experiene on mind, body, and society. New York : Guilford Publications, Inc. p. 463-479.)

RAPPORT. 2005. Vroue en kinders die slagoffers. [Web:] http//www.news24.com/Rapport/Nuus/0,,752-795 1857206,00.html [Datum van gebruik: 2 Feb. 2006].

RICHARDSON, K.A. 1997. James. An exegetical and theological exposition of Holy Scripture. NIV text. The New American Commentary, volume 36. Nashville, Tennessee : Broadman & Holman.

RIDGEWAY, C. 2005. Review: Soultalk (Paperback) by Lawrence J. Crabb. [Web:] http://www.amazon.com/gp/product/customer-reviews.html [Datum van gebruik: 2 Februarie 2006].

ROBERTS, J.H. 1991. The letter tot the Ephesians. Cape Town : Lux Verbi.

ROBERTS, J.J.M. 2005. Mowinckel's Enthronement Festival: A Review. (*In* Flint, P.W., & Miller, D., *eds*. The book of the Psalms. Leiden : Brill. p. 97-115.)

ROBERTSON, M. & DONALDSON, M. 1997. No place like home. Family Murder: The child victims. *Crime and conflict*, ?(8) Summer.

ROOS N. 2005. Praat daaroor. 'n Handleiding vir seksueel-gemolesteerde vroue. Pretoria : Lapa Uitgewers.

ROTH, S., NEWMAN, E., PELCOVITZ, D., VAN DER KOLK, B. & MANDEL, FS. 1997. Complex PTSD in victims exposed to sexual and physical abuse: Results from the DSM-IV field trial for posttraumatic stress disorder. *Journal of Traumatic Stress*, 10(4): 539-555, October.

SALSTON, M. 1994. Clinical treatment of survivors of homicide victims. (*In* Williams, M.D., *ed.* Handbook of post-traumatic therapy. Westport, Connecticut : Greenwood Press. p. 129-145.)

SAMPLEY, J.P. 2000. The first letter to the Corinthians. Introduction, commentary, and reflections. (*In* The new interpreter's bible. General articles and introduction, commentary, and reflections for each book of the Bible, including the apocryphal/deuterocanonical books in twelve volumes. Volume X. Nashville : Abingdon Press. p. 771-1004.)

SARIE. 2005. Maak vrede. *Sarie*, 2005:178-182, April.

SAXE, G., BERKOWITZ., R., CHINMAN, G., HALL, K., LEIBERG, G., SCHARTZ, J. & VAN DER KOLK., B.A. 1994. Somatization in patients with dissociative disorders. *American Journal of Psychiatry*, 151(9):1329-1334, September.

SCHOLTZ, E. 2005. Pastorale benaderings: 'n herbeskrywing vanuit 'n narratiewe perspektief. *Praktiese teologie in Suid-Afrika*, 20(2):140-152, Augustus.

SEAMANDS, D.A. 2004. Genesing van emosionele pyn. Vereeniging : Christelike Uitgewersmatskappy.

SILVERMAN, D. 2001. Interpreting qualitative data. Second edition. London : SAGE Publications.

SMITH, W.J. 2003. 'n Prakties-teologiese perspektief op hoop as pastorale bemagtiging en verryking in die rouproses. Pretoria : UP. (Verhandeling - PhD.)

SPINAZZOLA, J., FORD, J., ZUCKER, M., VAN DER KOLK., SILVA, S., SMITH, S.F. & SALSTON, M. 1994. Clinical treatment of survivors of homicide victims. (*In* Williams, M.B., *ed.* Handbook of post-traumatic therapy. Westport, Connecticut : Greenwood Press. p. 129-145.)

STEIN, R.H. 1992. Luke. An exegetical and theological exposition of Holy Scripture. NIV text. The New American Commentary, volume 24. Nashville, Tennessee : Broadman & Holman.

TERR, L.C. 1991. Childhood traumas: an outline and overview. *American Journal of Psychiatry*, 148(1):10-20, January.

TERRIEN, S. 2003. The Psalms. Strophic structure and theological commentary. Grand Rapids, Michigan : William B. Eerdmans Publishing Company.

TURNBULL, G. & McFARLANE, A. 1996. Acute treatments. (*In* Van der Kolk, B., McFarlane, C. & Weisaeth, L., *eds*. Traumatic stress: The effects of overwhelming experiene on mind, body, and society. New York : Guilford Publications, Inc. p. 480-490.)

VAN DER KOLK, B. 1993. Dissociative disorders in psychiatry inpatients. *American Journal of Psychiatry*, 150(7):1037-1042, July.

VAN DER KOLK, B.A. 1996. Trauma and memory. (*In* Van der Kolk, B., McFarlane, C. & Weisaeth, L., *eds*. Traumatic stress: The effects of overwhelming experiene on mind, body, and society. New York : Guilford Publications, Inc. p. 279-302.)

VAN DER KOLK, B. 2001. The assessment and treatment of complex trauma. [Web:] http://www.traumacenter.org/webarticles.html [Datum van gebruik: 1 Desember 2005].

VAN DER KOLK, B. 2005. Developmental trauma disorder. *Psychiatric Annals*, 35(5):401-408, May.

VAN DER KOLK, B.A. & FISLER, R. 1995. Dissociation and the fragmentary nature of traumatic memories: Overview and exploratory study. *Journal of Traumatic Stress*, 8(4):607-626, October.

VAN DER KOLK, B., McFARLANE, A.C. & VAN DER HART, O. 1996. A general approach to treatment of posttraumatic stress disorder. (*In* Van der Kolk, B., McFarlane, C. & Weisaeth, L., *eds*. Traumatic stress: The effects of overwhelming experiene on mind, body, and society. New York : Guilford Publications, Inc. p. 417-440.)

VAN DER KOLK, B., PELCOVITZ., ROTH, S., MANDEL, F., MCF.ARLANE, A. & HERMAN, J. 1996. Dissociation, affect dysregulation and somatization: the complex nature of adaptation to trauma. [Web:]
http://www.trauma-pages.co./vanderk.5.html [Datum van gebruik: 1 Desember 2005].

VAN DER KOLK, B.A. & SAPORTA, J. 1993. Biological response to psychic trauma. (*In* Wilson, J.P. & Raphael, B. *eds*. International handbook of trauma stress syndromes. New York : Plenum Press. p. 25-33.)

VAN DER WALT, B.J. 1990. Om mens te wees. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

VAN DER WALT, B.J. 1997. Being human in a Christian perspective. Potchefstroom : Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

VAN DER WATT, J. & JOUBERT, S. 2002. Die boodskap. Ou en Nuwe Testament. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

VAN GEMEREN, W.A., ed. 1997. New international dictionary of Old Testament theology and exegesis. Grand Rapids, Michigan: Zondervan. (5 vols.)

VELTKAMP, H.J. 1988. Pastoraat als gelijkenis. Kampen : Kok.

VENTER, C.J.H. 1988. Praktiese riglyne uit die Nuwe Testament vir die pastorale gesprekvoering. *Praktiese teologie in Suid-Afrika*, 5(1):29-38, Feb.

VENTER, C. 1996. Uitkringende liefdesbetoon. Kommunikatiewe handelinge in diens van die onderlinge liefdesgemeenskap in die kerk. Pretoria : RGN-Uitgewers.

VERSLAG. 2005. Crime statistics. [Web:]
http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2005/categories.html [Datum van gebruik: 2 Feb. 2006].

VERWYSINGSBYBEL. 1998. Verwysingsbybel. 1983-vertaling. Band 1. Teks met voetnote. Band 2. Naslaanmateriaal. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

VOSLOO, W. 1993. Genesis. (*In* Vosloo, W., & J van Rensburg, F., *reds*. Die Bybel in praktyk. Nuwe vertaling. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy. p.1-92.)

VOSLOO, W., & J VAN RENSBURG, F. 1999. Die Bybellennium. Eenvolumekommentaar. Die Bybel uitgelê vir eietydse toepassing. Vereeniging : Christelike Uitgewersmaatskappy.

VOUGHT, J. 2000. Physical, emotional, and sexual abuse. (*In* Anderson, N.T., Zuehlke, T.E. & Zuehlke, J.S., *eds*. Christ centered therapy. The practical integration of theology and psychology. Grand Rapids, Michigan : Zondervan Publishing Company. p. 250-256.)

WAMBUGU, S.N. 2000. Biblical teaching and bereavement and their application to crisis intervention. Pretoria: Unisa. (Verhandeling - DTh.)

WALTKE, B.K. 2001. Genesis. A commentary. Grand Rapids, Michigan : Zondervan.

WEISER, A. 1975. The Old Testament Library. The Psalms. London : SCM Press LTD.

WENHAM, G.J. 1987. Genesis 1-15. Word biblical commentary, volume 1.
Waco, Texas : Word Book Publishers.

WHEALIN, J.M. 2005. Complex PTSD. What are the differences between the effect of short-term trauma and the effects of chronic trauma. [Web:]
htpp://www.ncptsd.va.gov/facts/specific/fs complex ptsd.html [Datum van gebruik: 1 Des. 2005].

WIELAND, S.W. 1997. Hearing the internal trauma. London : SAGE Publications.

WILCOCK, M. 2001. The message of the psalms. 1-72. Songs for the people of God. Leicester : Inter-Varsity Press.

WILSON, J.P. 2004. PTSD and Complex trauma. Symtoms, syndromes and diagnosis. (*In* Wilson, J.P. & Keane, M., *eds*. Assessing psychological trauma and PTSD. New York : Guilford Publications. p. 7-44.)

WISMER, L.S. 2000. Grief and loss. (*In* Anderson, N.T., Zuehlke, T.E. & Zuehlke, J.S., *eds*. Christ centered therapy. The practical integration of theology and psychology. Grand Rapids, Michigan : Zondervan Publishing Company. p. 243-249.)

WRIGHT, N.T. 2002. The letter to the Romans. Introduction, commentary, and reflections. (*In* The new interpreter's bible. General articles and introduction, commentary, and reflections for each book of the Bible, including the apocryphal/deuterocanonical books in twelve volumes. Volume X. Nashville : Abingdon Press. p.239-770.)

WRIGHT, H.N. 2003. Crisis and trauma counseling. A practical guide for ministers, counselers and lay counselers. California : Regal.

ZERFASS, R. 1974. Praktische Theologie als Handlungswissenschaft. (*In* Klostermann, F.F. & Zervass, R., *eds*. Praktische Theologie heute. Munchen : Kaiser. p 164-177.)

ZODHIATES, S. 1992. The complete wordstudy New Testament. Tennessee : AMG International Publishers.

ZUEHLKE, T.E. 2000. Cognitive behavioral therapy. (*In* Anderson, N.T., Zuehlke, T.E. & Zuehlke, J.S., *eds*. Christ centered therapy. Michigan : Zondervan Publishing House. P. 223-232.)